


**Marginale en liminale karakters in die werk
van Lettie Viljoen/Ingrid Winterbach:
sosiale kommentaar en die ondermyning van
grense**

Petronella Hermina Foster (jr.)



Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes van die graad van
Magister in die Lettere en Wysbegeerte aan die Universiteit van Stellenbosch.

**Studieleier: Prof. L. Viljoen
Desember 2004**

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis vervat, my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê het nie.

Opsomming

In hierdie verhandeling word die moontlikheid ondersoek om die werk van Lettie Viljoen/Ingrid Winterbach te lees as uitgebreide sosiale kommentaar en kritiek op 'n konformistiese, normatiewe Suid-Afrikaanse samelewing. Hierdie ondersoek sal verrig word aan die hand van teorieë omtrent marginaliteit en liminaliteit. In 'n poging om te bepaal of Viljoen/Winterbach se werk wél as sosiale kommentaar en kritiek gelees kan word, word 'n aantal karakters uit haar hele oeuvre geklassifiseer as marginaal, liminaal, óf 'n kombinasie van beide hierdie kenmerke. Die konsepte marginaliteit en liminaliteit word in hoofstuk 1 omskryf. In hoofstuk 2 word die klassifikasiesisteen waarop hierdie ondersoek berus, bespreek en word daar ook aandag geskenk aan probleme rondom die klassifikasiesisteen (en rondom klassifikasiesisteme in die algemeen). In hoofstukke 3 tot 5 word Viljoen/Winterbach se werk bespreek, met 'n hoofstuk afgestaan aan elkeen van die volgende breë kategorieë: marginale karakters (haweloses, die proletariaat, swaksinniges en gekke), karakters wat sowel marginaal as liminaal is (mistici) en liminale karakters (sieners, tydelike bemiddelaars, sjamane en tricksters). Die hoofpunte word byeengebring in die samevatting.

Summary

In this thesis the possibility of reading the work of Lettie Viljoen/Ingrid Winterbach as extensive social commentary and criticism on a conformist, normative South African society, is investigated. This investigation will be conducted with the aid of theories about marginality and liminality. In an attempt to determine whether Viljoen/Winterbach's work can indeed be read as social commentary and criticism, a number of characters from her whole oeuvre are classified as either marginal, liminal or a combination of both these characteristics. The concepts marginality and liminality are described in chapter 1. In chapter 2 the classification system on which this investigation is built, will be discussed and attention will also be given to problems with the classification system (and problems with classification systems in general). In chapters 3 to 5 Viljoen/Winterbach's work will be discussed, with a chapter devoted to each of the following broad categories: marginal characters (the homeless, the proletariat, the mentally retarded and the insane), characters who are both marginal and liminal (mystics) and liminal characters (fortune tellers, temporary intermediaries, shamans and tricksters). The salient points will be gathered together in the conclusion.

Erkennings

Hiermee word erkenning gegee vir die geldelike bystand van die volgende instellings:

- die Nederlands-Zuid-Afrikaanse Vereniging
- die Nederlandse Taalunie
- die Universiteit van Stellenbosch se Internasionale Kantoor

vir finansiële steun tydens studie en verblyf in Nederland van Januarie tot Junie 2003 (ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes van die graad van Magister in die Lettere en Wysbegeerte aan die Universiteit van Stellenbosch).

Ook:

- die Harry Crossley-Stigting
- die Universiteit van Stellenbosch

vir finansiële steun tydens die voltooiing van hierdie M-tesis.

Die menings uitgespreek en gevolgtrekkings gemaak in hierdie verhandeling is dié van die outeur en kan nie noodwendig aan enige van bogenoemde instellings toegeskryf word nie.

Bedankings

My opregte dank aan my studieleier, prof. Louise Viljoen, vir die waardevolle insette wat sy gelewer het en vir haar geduld.

My dank en waardering aan my ouers, Ronel en Edward, aan wie ek hierdie tesis opdra. Ook aan my broer, John-Henry, en die vyfde lid van ons gesin, Maria Meyer. Dankie vir al julle liefde, onderskraging en aanmoediging.

Laastens, my dank aan alle vriende – te veel om by name te noem – wat gewillig was om te luister.

Inhoudsopgaaf

Hoofstuk 1

Konsepte en terminologie	1
1.1 Probleemstelling	1
1.2 Karakter	2
1.2.1 Karakters en ander karakters	6
1.3 Marginaliteit en liminaliteit	8
1.3.1 Marginaliteit	8
1.3.2 Liminaliteit	10

Hoofstuk 2

Groepering van karakters	13
2.1 Marginaal of liminaal?: die probleme van klassifikasie	13
Tabel 2.1 Indeling van tipes karakters in Viljoen/Winterbach se werk volgens terreine van marginalisasie (Indeling 1)	
Tabel 2.2 Indeling van tipes karakters in Viljoen/Winterbach se werk volgens terreine van marginalisasie (Indeling 2)	
Tabel 2.3 Indeling van tipes karakters in Viljoen/Winterbach se werk volgens terreine van marginalisasie (Indeling 3)	
2.2 Marginale karakters	17
Tabel 2.4 Indeling van karakters vir besprekingsdoeleindes (hoofstukke 3 en 4)	
2.3 Liminale karakters	19
Tabel 2.5 Indeling van karakters vir besprekingsdoeleindes (hoofstuk 5)	

Hoofstuk 3

Marginale karakters: op die rand van die afgrond	21
3.1 Sosiale uitgeworpenes: sosiale kommentaar by uitstek	23
3.1.1 Haweloses	23
3.1.1.1 Die miskenning van die haweloses: “Hy is tog nie ’n persoon nie”	25
3.1.1.2 Die verhouding tussen die <i>bourgeoisie</i> en die haweloses: “Ons kan hulle net ondersteun”	28
3.1.1.3 Negatiewe en positiewe inkorporasie: “[D]reigende belofte”	32
3.1.1.4 Mfazakhe Mhikize: “Pity has a human face”	35

3.1.2 Die proletariaat.....	38
3.1.2.1 Die verhouding tussen vroue: “Makhosikazi manyanani”.....	38
3.1.2.2 Mans en die verteenwoordigers van die sentrum: “[M]et die werkers betree ek reeds heilige grond!”.....	46
3.2 Swaksinniges en gekke: marginaliteit in die marge.....	51
3.2.1 Swaksinniges.....	51
3.2.2 Gekke.....	54
3.3 Die marginale karakters se taalgebruik en spraak: stemhebbend en stemloos.....	57
Hoofstuk 4	
Marginaal én liminaal: niemandsland.....	59
4.1 Mistici: wanneer die teenswoordige wêreld te veel word.....	59
4.1.1 Mistici in Viljoen/Winterbach se werk.....	60
Tabel 4.1 Werklike mistici in die werk van Lettie Viljoen/Ingrid Winterbach	
4.1.1.1 Liggaamlikheid en verbeelding: “Ekstatiese eensaamheid”.....	61
4.1.1.2 Martelaarskap: “Geëstetiseerde pyn”.....	64
4.1.1.3 Beheer oor liggaam en gees: “[S]uiwering van die siel”.....	67
4.1.2 Karakters as mistici.....	68
4.1.2.1 Mistieke ervaringe: “’n [S]oort religieuse manie byna”.....	68
4.1.2.2 Beperking van gehegtheid: “Met ’n leë kop, én aandagtig”.....	73
Hoofstuk 5	
Liminale karakters: ‘grensliteratuur’.....	77
5.1 Sieners en bemiddelaars: van die wal in die sloot?.....	78
5.1.1 Sieners.....	78
5.1.1.1 Diegene wat oë het om te sien: ““Ek sien, ek sien hier””.....	78
5.1.1.2 Die waarde van die visioen: ““Wat wóu hy hoor?””.....	83
5.1.1.3 Sieners en die dood: ““Dit was soos om by die dood in te gaan””.....	87
5.1.2 Tydelike bemiddelaars.....	90
5.1.2.1 Politieke bemiddelaars: ““Ons ondersoek tog die tussenterrein””.....	90
5.1.2.2 Uit die mond van die suigeling: ““Fok jou, Tante””.....	94

5.2 Sjamane en trieksters: gesanksioneerde liminaliteit	99
5.2.1 Sjamane.....	99
5.2.1.1 Bevestiging van grense?: “[D]ie grenservaring is belangrik”.....	100
5.2.2 Trieksters.....	105
5.2.2.1 Die triekster se geslag en gender: “Die ambivalensie van die natuur”.....	106
5.2.2.2 Kreatiwiteit en vernietiging: “[D]ie energie van die dood”.....	111
Samevatting	118
Bronnelys	127

Hoofstuk 1:

Konsepte en terminologie

Liminality, marginality, and structural inferiority are conditions in which are frequently generated myths, symbols, rituals, philosophical systems, and works of art. These cultural forms provide men with a set of templates or models which are, at one level, periodical reclassifications of reality and man's relationship to society, nature, and culture. But they are more than classifications, since they incite men to action as well as to thought.

Victor Turner. *The Ritual Process*: 128-129.

1.1 Probleemstelling

By die lees van Lettie Viljoen/Ingrid Winterbach se oeuvre is dit opvallend dat sy karakters herwin en hulle, in 'n effe veranderde vorm, gebruik in meer as een prosawerk. Soms is die hergebruik van karakters baie duidelik, aangesien dieselfde 'tipe' karakter gebruik word. Op hierdie manier figureer haweloses prominent in die novelles *Klaaglied vir Koos* en *Erf*, en verskyn daar 'n aantal swaksinnige karakters in romans soos *Buller se plan* en *Niggie*. In ander gevalle word die eienskappe van sekere karakters van een prosawerk na die karakters van 'n ander oorgedra. Mara Darboven (*Landskap met vroue en slang*) se seer rug herinner byvoorbeeld sterk aan Adelia Farber s'n (*Karolina Ferreira*).

Dit wil voorkom of hierdie soort 'herwonne' karakters in die meeste gevalle met grense en begreping te make het. Hulle is feitlik almal marginaal (die gebruik van hierdie term word hieronder geregtig). Binne die verhaal is hulle óf marginaal omdat hulle nie 'n groot rol speel in die plot nie, óf omdat hulle, wat die ruimte betref, verwyderd is of fisies afgesonderd is (in 'n mindere of meerder mate) van die ander karakters – óf hulle voldoen aan beide kriteria. Karakters kan ook as marginaal gesien word wanneer hulle behoort tot gemarginaliseerde (of voorheen gemarginaliseerde) groepe. Hiermee word nie geïmpliseer dat Viljoen/Winterbach 'n tipe regstellende aksie bedryf wat haar karakters betref nie, maar eerder dat karakters wat tot verskillende soorte gemarginaliseerde groepe behoort, telkens in haar werk verskyn. In hierdie tesis sal karakters wat tot gemarginaliseerde (of voorheen gemarginaliseerde) groepe behoort, ondersoek en bespreek word in 'n poging om te bepaal of hulle as deel van 'n program van sosiale kritiek gelees kan word. Indien dit die geval is, sou dit miskien moontlik wees om te argumenteer dat die groep liminale (die term word hieronder verklaar) of marginale karakters wat telkens teruggevind word in die werk van Lettie Viljoen/Ingrid Winterbach, 'n uitdaging van die konformistiese, normatiewe aard van die samelewing is en dat hulle derhalwe as sosiale kommentaar en kritiek gelees kan word. Of dit inderdaad die geval is, of so 'n lesing van Viljoen/Winterbach se werk regverdigbaar is, is die vernaamste vraagstuk in hierdie tesis.

Sommige van hierdie karakters wat telkens in 'n effe veranderde vorm in Viljoen/Winterbach se werk figureer, is egter meer as net begrensde, marginale karakters: hulle is grensoorskrydend en grensdeurbrekend. Hierdie liminale karakters sal spesiale aandag geniet in die volgende

hoofstukke omdat hulle verskillende grense (hetsy fisieke grense, hetsy konvensies) ondermyn of tot niet maak. Sodoende bevestig hulle dat die strukture waarvolgens die maatskappy funksioneer, slegs op konvensies berus, eerder as op wesenlike verskille of ooreenkomste. Die liminale karakters in Viljoen/Winterbach se werk ondermyn die rigiede gedragkode en stereotipes van die samelewing (of vestig ten minste die leser se aandag op daardie gedragkode en stereotipes), wat lei tot 'n eenduidige, duidelik vasgestelde identiteit vir elke individu, en vervang dit met vloeibare identiteite wat gekonstrueer en gebruik (of misbruik) kan word soos benodig.

In 'n poging om die marginale en liminale karakters te bespreek, sal daar egter 'n raamwerk geskep moet word waarbinne hierdie bespreking sinvol kan geskied. Vir die doeleindes van hierdie tesis is 'n aantal karakters in verskillende kategorieë verdeel op grond van bepaalde ooreenkomste. In hoofstuk 2 sal hierdie kategorieë uiteengesit word en die keuse van kategorieë sowel as die motivering agter die indeling van spesifieke karakters, sal bespreek word. Voordat daardie bespreking aan bod kan kom, moet daar eers aangedui word watter betekenis sekere terme in hierdie tesis sal hê.

1.2 Karakter¹

Terme soos 'verteller' en 'fokalisator' kan eenvoudig verklaar word as 'die instansie wat die gebeure in die verhaal aan die leser oordra' en 'die instansie deur wie die leser die gebeure in die verhaal ervaar' (vergelyk Bal 1990:114; sien egter ook Brink 1987:140 se kritiek op Bal). 'n Term soos 'karakter' kan egter nie op so 'n simplistiese wyse verklaar word nie; daar is nie één enkele definisie van die term wat alle teorieë omtrent karakters saamvat nie. Gevolglik sal die res van hierdie afdeling gebruik word om aan te dui hoe die term 'karakter' in hierdie tesis gebruik gaan word.

Teorieë wat poog om die term te omskryf, kan gerangskik word op 'n skaal waarvan die een punt gemarkeer word deur die uitgangspunt 'karakters is mense' en die ander uiterste opgesom word as 'karakters is woorde' (Mudrick 1961:210). Nie een van hierdie uiterstes is besonder aanneemlik nie en daar is weinig – indien enige – teoretici wat hul siening omtrent karakters so kru sal formuleer. Die leser se identifikasie (al dan nie) met 'n betrokke karakter sowel as die beeld van 'n karakter wat die leser behou na die lees van 'n verhaal, dui daarop dat 'n karakter meer is as nêr woorde (vergelyk Brink 1987:66, Chatman 1978:118 en Rimmon-Kenan 1983:33). Nietemin is dit ook nie wenslik om die karakters as selfstandige 'mense' te sien nie. Die leser moet dus onomwonde 'ja' antwoord wanneer Seymour Chatman (1978:117) vra:

¹ Hierdie bespreking moet nie gesien word as 'n breedvoerige bespreking van die term 'karakter' binne die literatuurwetenskap nie. Dit is 'n omskrywing en regverdiging van die wyse waarop die term in hierdie tesis gebruik gaan word.

“should we restrain what seems a God-given right to infer and even to speculate about characters if we like?” Daar moet perke wees aan spekulasies omtrent ’n karakter se ‘psige’ of ‘motivering’, aangesien die karakter primêr ’n tekstuele skepping is en enige besprekings wat nie die spesifieke teks as uitgangspunt gebruik nie, nie meer as literêr verantwoordbaar gesien kan word nie.

Hierdie tesis het as uitgangspunt dat karakters konstruksies is wat deur woorde geskep is. Dit beteken nie dieselfde as ‘karakters bestaan uit woorde’ nie. Wanneer daar beweer word dat die karakter uit woorde bestaan, word daar geïmpliseer dat die karakter nie enige substansie het benewens letters op papier nie. Die vermoë van die karakter om egter voort te leef in die verbeelding van die leser beteken dat dit meer is as net letters op papier (vergelyk Van Gorp, Delabastita en Ghesquiere 1998:s.v. “Personage”). Die leser hoef nie die presiese woorde te onthou waarmee ’n karakter beskryf word of die dialoog waarby ’n karakter betrokke is om ’n beeld van daardie karakter te hê nie (Chatman 1978:118). Die karakter is dus ’n konstruksie geskep deur middel van woorde (Rimmon-Kenan 1983:36), maar daardie konstruksie kan voortbestaan sonder dat dit nodig is dat die leser die woorde onthou. Die karakter is weliswaar geskep deur die outeur se woordkeuse en woordgebruik, maar ontwikkel daarna ’n byna onafhanklike bestaan in die verbeelding en geheue van die leser.

Hoe minder woorde die outeur gebruik om die karakter te beskryf of om ’n beeld van die karakter te skep deur middel van dialoog, hoe meer is die leser aangewese op sy of haar verbeelding om die beeld wat hy of sy van die karakter het, aan te vul. Hierdie inkleding berus dikwels op stereotipes of vooroordele wat die leser het (Van Gorp, Delabastita en Ghesquiere 1998:s.v. “Personage”). Die outeur kan dus karakters beskryf in terme van ’n spesifieke funksie of ’n minimum aan uiterlike (of psigiese) kenmerke vermeld, omdat die leser vooropgestelde idees het omtrent die betrokke ‘stereotype’ of ‘ideaaltipe’. Dit sluit aan by Chatman (1978:126) se argument dat karakters nie net sekere eienskappe (“traits”) het wat hulle geloofwaardig maak nie, maar dat hierdie eienskappe voorkom in verwante paradigmas. Die leser soek deur “the paradigm to find out which trait would account for a certain action, and, if we cannot find it, we add another trait to the list” (Chatman 1978:127).

Wanneer karakters ondersoek word, moet daar dus opgelet word na die wyse waarop die karakters beskryf word – nie alleen die teenwoordigheid of afwesigheid van gedetailleerde beskrywings nie, maar ook die verhouding tussen die verhaallyn en die beskrywings van karakters. Die beskrywing van die karakter dra by tot die beeld wat die leser van die betrokke karakter het en help sodoende die leser om die karakter binne ’n spesifieke paradigma van eienskappe te klassifiseer. Die klassifikasie van ’n spesifieke karakter is – soos reeds aangedui – nie alleen gegrond op beskrywings (hetsy blokbekrywings, hetsy enkele losstaande woorde) nie, maar geskied ook deur die karakter se optrede en dialoog – soos Chatman (1978:127)

aandui. Vir die kritiese leser van literatuur is dit ook van belang om sigself te vra waarom (relatief gesproke) baie aandag in 'n literêre werk aan 'n karakter bestee word wat nie sentraal staan tot die verhaallyn nie en wat nie 'n noue verwantskap met die fokalisator of verteller toon nie. Waarskynlik het dit te make met die paradigma van eienskappe waarbinne die outeur wil hê die leser die karakter moet plaas. Dit is moontlik dat die tipe karakter belangriker is as die karakter self en dat die outeur, deur middel van beskrywings, die teenwoordigheid van die tipe karakter in die prosawerk wil uitlig, eerder as om die fokus te plaas op 'n bepaalde karakter.

Die beskrywing (al dan nie) van 'n karakter dra by tot die wyse waarop die leser daardie betrokke karakter ervaar of met die karakter identifiseer. Die beskrywing van 'n karakter – die poging deur die outeur om die karakter as menslik voor te stel – lei daartoe dat die leser die karakter as 'n mens sien. Dit is dus nie vreemd dat die leser sal wonder wat met 'n betrokke karakter 'gebeur' nadat die verhaal geëindig het nie, net soos wat dit nie ongewoon is om op 'n gegewe moment te wonder hoe dit gaan met mense met wie jy in 'n lang tyd nie kontak gehad het nie. Die feit dat die karakter egter 'n konstruksie is wat uit woorde bestaan, wat nie buite die teks kan optree nie, beteken dat die kritikus nie die karakter kan bespreek asof 'hy' of 'sy' 'n lewende individu is nie. Die kritikus kan nie haar of sy bespreking van 'n karakter baseer op dinge wat nie in die teks genoem of geïmpliseer word nie (natuurlik is die kwessie van wat in die teks geïmpliseer word, 'n netelige een). Indien daar geen inligting omtrent 'n karakter se jeug verskaf word nie, is spekulاسie omtrent die karakter se 'kindertyd' ongeoorloof. Hiermee word nie bedoel dat verwysings in die teks na 'gebeure' wat buite die verhaal af(ge)speel (het), nie met vrug bespreek kan word nie. 'n Psigoanalitiese bespreking van 'n karakter wat steun op die kritikus se konstruksie van 'n 'kindertyd' – gebaseer op geen tekstuele verwysings nie, alleen die kritikus se eie teorieë – is egter nie besonder bevredigend nie. Dit lyk eerder na bewyse wat gefabriseer word om 'n tese te bewys. (Waar daar byvoorbeeld oor Karolina Ferreira se lewe, voor haar verblyf op Voorspoed, geargumenteer kon word na gelang van dit wat in die teks aan die leser gesuggereer word, kan daar nie oor Faith Mbatha se lewe voor haar indiensneming by Lena Bergh in *Landskap met vroue en slang* geargumenteer word nie, omdat daar geen tekstuele basis vir so 'n bespreking is nie.) Natuurlik is daar hier sprake van 'n kontinuum eerder as van 'n skeidslyn tussen die toelaatbare en die nie-toelaatbare.

'n Tweede punt waaroor daar gedebatteer word, is of karakters slegs konstruksies is wat uitsluitlik funksies van die plot is en of hulle 'menslike' eienskappe toon – eienskappe wat deur die verhaallyn geïllustreer word. Hierdie teenstelling word tradisioneel uitgebeeld deur prosawerke wat fokus op plot en prosawerke wat fokus op karakters (sielkundige romans, byvoorbeeld).

Teoretisering omtrent karakters in die laat negentiende en vroeë twintigste eeu weerspieël in 'n groot mate die literêre tendense van veral die vroeë negentiende eeu toe die "image of the

individual personality” (Mudrick 1961:213) vir die eerste keer byna die vernaamste kenmerk van ’n literêre genre (naamlik die roman) geword het (Mudrick 1961:213). Die term ‘karakter’ vir ‘persone’ in ’n geskrewe werk kan teruggelei word na hierdie klem op die karaktereienskappe en die ontwikkeling van die karakter, oftewel psige, van die (fiktiewe) literêre skepping. Henry James (1972:200-1) verwys na die belangrikheid van karakter – nie net in sy werk nie, maar in die werke van ander negentiende eeuse skrywers:

If he [Anthony Trollope] had taken sides on the droll, bemuddled opposition between novels of character and novels of plot, I can imagine him to have said ... that he preferred the former class, inasmuch as character in itself is plot, while plot is by no means character. [...] Character, in any sense we can get at it, is action, and action is plot, and any plot which hangs together ... plays upon our emotion, our suspense, by means of personal references. We care what happens to people only in proportion as we know what people are.

“Anthony Trollope” (1883)

The germ of a story, with him [Ivan Turgénieff (sic)], was never an affair of plot – that was the last thing he thought of: it was the representation of certain persons. The first form in which a tale appeared to him was as the figure of an individual, or a combination of individuals, whom he wished to see in action, being sure that such people must do something very special and interesting [...] He always made them do things that showed them completely.

“Ivan Turgénieff” (1884)

Dit spreek egter boekdele dat hierdie uitsprake van James nie in die psige van literêre teoretici vasgesteek het nie, maar eerder die middeweg wat hy (ook in 1884) geformuleer het: “What is character but the determination of incident?² What is incident but the illustration of character?”³ (James 1972:37). Hierdie meer ewewigtige benadering lei daartoe dat sowel teoretici as prosateurs nie vasgevang is in ’n bestel waar die klem op één element van die verhaal (plot, karakter, ruimte, ensovoorts) moet val nie, maar dat meer opsies en groter variasie moontlik is; dit dui ook op die verweefdheid van plot en karakter en die wyse waarop dit feitlik onmoontlik is om die twee ten volle te skei. Uiteindelik bepaal die fokus van die prosawerk in watter mate daar op karakterisering gefokus word in die teks.

Die detail waarmee karakters uitgebeeld word (met ander woorde, hoe ‘menslik’ hulle voorkom), lei daartoe dat sommige teoretici verskillende benaminge gee aan die verskillende grade van detail in karakterisering. Mieke Bal (1990:92) tref, in navolging van Algirdas Julien

² Viljoen/Winterbach gaan speels met hierdie idee om wanneer die historikus Truth Pascha in *Buller se plan*, tydens ’n gesprek in die Steynhuis, aan die ander vroue vra: “Wat beteken karakter is handeling?” (Winterbach 1999:122).

³ Marvin Mudrick (1961:207) argumenteer dat gebeure nie karakter(s) illustreer nie, maar dat dit die medium is waarbinne “processes are observed in the act of individuating those continuously changing phenomenon we call persons and things.”

Greimas,⁴ byvoorbeeld ’n onderskeid tussen “personages” en “acteurs”. Vir haar lyk “personages ... op mense”, al is hulle “nagemaakte, gefantaseerde, gemaakte mense” (1990:92-3). Hierteenoor is “acteurs” enigiets wat optree in ’n verhaal – ook nie-menslike wesens of abstrakte konsepte (Rimmon-Kenan 1983:34).

In hierdie tesis word die term *karakter* egter verkies, omdat die konstruksies wat die leser as “papierse mense” (Bal 1990:93) ervaar, as sodanig voorkom vanweë ’n reeks kenmerke of karaktereenskappe. ’n Ondersoek na die funksionering van abstrakte konsepte soos die noodlot is, myns insiens, iets anders as ’n ondersoek na die funksionering van ‘mensagtige’ konstruksies soos karakters – juis omdat die leser met ’n karakter kan identifiseer of daardie karakter as verwerplik kan ervaar. Lesers kan wel ’n konsep verwerp of aanvaar, maar identifiseer nie op dieselfde manier daarmee as met iets wat, volgens hulle, menslike kwaliteite openbaar nie. Cleanth Brooks en Robert Penn Warren (1971:170) argumenteer dat “[t]he domain of fiction is ... the world of credible human beings” waar “every character in fiction must resemble ourselves; that is, he must be recognizably human even as we are human” (Brooks en Warren 1971:168). Om hierdie rede word die term ‘karakter’ bo ‘acteur’ verkies.

Die term *karakter* word ook bo *personage* verkies omdat die term *karakter* reeds gevestig is in die Afrikaanse literatuurwetenskap. Die term beklemtoon ook die karaktereenskappe van die tekstuele, mensagtige konstruksies wat as *karakters* bekend staan. Kritici verwyt Lettie Viljoen/Ingrid Winterbach dikwels daarvan dat haar romans en novelle sonder ’n duidelike spanningslyn in die plot is, of dat daar nie ’n oormaat gebeure plaasvind nie.⁵ Gevolglik beklemtoon die gebruik van die term ‘karakter’ nie alleen wat die fokuspunt van hierdie tesis is nie, maar ook (sou geargumenteer kon word) wat die fokus van die prosawerke deur Viljoen/Winterbach is.

1.2.1 Karakters en ander karakters

Voordat konsepte soos marginaliteit en liminaliteit bespreek word, is dit raadsaam om die bespreking rondom karakters af te sluit met ’n vlugtige diskussie van die verskillende tipes karakters wat in ’n prosawerk kan voorkom. Soos reeds aangedui, sal terme soos *akteur* en

⁴ Greimas (1991) werk met die verskil tussen “actanten” en “acteurs”; “[d]e actanten behoren tot de narratieve syntaxis en de acteurs zijn terug te vinden in de concrete discours waarin zij gemanifesteerd worden [...] de relatie tussen *acteur* en *actant* [is] niet eenvoudig een inclusieverhouding ... van een element in een klasse ... Eén actant ... kan door verscheidene acteurs ... in het discours gemanifesteerd worden, maar het omgekeerde is ook mogelijk: één enkele acteur ... kan een combinatie zijn van verscheidene actanten” (Greimas 1991:67).

⁵ Vergelyk byvoorbeeld Venter (1999:13) se oordeel oor *Buller se plan*. Hy voer aan dat “’n groot aantal karakters” in die roman “optree”, maar “nie een word ’n werklik lewende individu nie”. Voorts is daar “die wag op dinge wat nie gebeur nie” en hy voeg hieraan toe: “Asof die vertelling van hierdie onopwindendheid bewus is, word baie gebeurtenisse of omstandighede tussen hakies vermeld. Die parentese-styl maak die vertelling ’n oninspirerende relaas: daar word volledigheidshalwe na iets verwys, maar regtig maak dit nie saak nie.”

personage nie gebruik word in hierdie tesis nie en word daar nie met die teoretiese onderskeidinge wat onderliggend is aan hierdie konsepte gewerk nie. Daar moet egter aangedui word hoe daar tussen ‘belangrike’ en ‘minder belangrike’ karakters onderskei sal word.

E.M. Forster (1974:46 en verder) se onderskeid tussen *plat* en *ronde* karakters is te problematies om te gebruik, omdat dit te simplisties en “byna formuleagtig” is (Smuts 1975:11). J.P. Smuts se eie voorstel dat karakters verdeel word in “die oorwegend kommunikatiewes en die oorwegend nie-kommunikatiewes” (1975:24) is ook nie ideaal vir ’n bespreking van marginale karakters in die werk van Lettie Viljoen/Ingrid Winterbach nie.⁶ Ten eerste is dialoog in Viljoen/Winterbach se werk selde mimeties-realisties en word dit dikwels gebruik om sekere filosofiese standpunte te stel. Dit is ook opmerklik dat die dialoog dikwels besonder ‘akademies’ van aard is en dat dit meestal mense is met bo-gemiddelde intellektuele ontwikkeling en stimulering (dus ’n baie klein persentasie van die bevolking) wat hierdie tipe dialoog besig. Dialoog in Viljoen/Winterbach se werk is wel mimeties-realisties ten opsigte van wie geleentheid gegun word om te praat – diegene wat in die Suid-Afrikaanse samelewing dikwels sonder enige stem voortgaan met hul bestaan, is diegene wat ook nie ’n spreekbeurt kry in Viljoen/Winterbach se werk nie. Dit is die tweede rede waarom kommunikasie nie as ’n kriterium vir die indeling en bespreking van karakters gebruik kan word nie. Indien veronderstel word dat Viljoen/Winterbach sosiale kritiek lewer en dat sy fokus op diegene wat gemarginaliseer word, is dit juis beduidend dat sommige karakters nie-kommunikatief is (vergeelyk byvoorbeeld Caminero-Santangelo 1998:16).

In hierdie tesis word die terme *marginale* en *sentrale karakters* verkies. Die term marginale karakters word bo randkarakters verkies, omdat dit dieselfde stam het as die begrippe marginalisering en marginaliteit – begrippe wat belangrik is in hierdie tesis.⁷ Smuts (1975:25) gebruik die terme *randkarakters* en *sentrale karakters* aangesien dit “die verhouding van die karakters tot die gebeure” beklemtoon en sodoende die (implisiete) hiërargie betrokke by ’n indeling van hoof- en bykarakters vermy. Smuts (1975:25) se argument dat “die gebeure ... ’n hoër orde as karakters” verteenwoordig⁸ lei steeds daartoe dat hy sentrale karakters van groter waarde skat as randkarakters en sodoende nie wegkom van die waardeoordele wat hy in Forster

⁶ Soos Forster se werk, bevat Smuts se indeling nie inherent ’n waardeoordeel nie, maar word ’n waardeoordeel tog daaraan toegevoeg deur die manier waarop die analitiese skema gebruik word, sodat kommunikatiewe karakters belangriker geag word as nie-kommunikatiewe karakters (sien ook die bespreking van die terme “sentrale” en “randkarakters” hieronder).

⁷ En, soos duidelik sal blyk in die volgende afdeling, is karakters wat tot gemarginaliseerde groepe behoort dikwels (hoewel nie noodwendig) ook marginaal vanuit ’n narratologiese perspektief.

⁸ ’n Duidelike aanduiding van hoe sieninge van die letterkunde tydens die twintigste eeu verander het.

se indeling van plat en rond kritiseer nie.⁹ In 'n tesis waarin marginale karakters (paradoksaal) sentraal staan, moet sulke waardeoordele so ver as moontlik vermy word. Om hierdie rede sal die term marginale karakter nie net van toepassing wees op karakters wat binne die normale raamwerk van prosa-analise (plot, ruimte, ensovoorts) marginaal is nie, maar op 'n verskeidenheid vlakke.

1.3. Marginaliteit en liminaliteit

Dit is belangrik om te onderskei tussen marginale en liminale karakters. Hoewel 'n karakter marginaal én liminaal kan wees, impliseer marginaliteit nie noodwendig liminaliteit nie (en omgekeerd). Soos duidelik sal blyk uit die volgende uiteensetting, kan karakters in een opsig marginaal wees en in 'n ander sentraal.

1.3.1 Marginaliteit

In hierdie tesis funksioneer die term *marginaliteit* op 'n verskeidenheid vlakke. 'n Hele aantal van hierdie vlakke het te make met narratologiese teorie. Ten eerste kan 'n karakter marginaal wees ten opsigte van die gebeure in die verhaal – hy of sy kan feitlik onbetrokke wees daarby óf weinig impak hê op die verloop van gebeure in die gevalle waar hy of sy wél betrokke is. Hier kom marginaliteit ooreen met Smuts (1975:25) se gebruik van die term *randkarakter*. In hierdie tesis sal die term *marginale karakter* egter gebruik word om verwarring te voorkom. Tweedens kan 'n karakter marginaal wees wat die gebeure betref, maar ook wat dialoog en beskrywings betref – min verteltyd word dus aan hom of haar afgestaan. Derdens kan 'n karakter ook marginaal wees binne die ruimte van die verhaal – die karakter kan in 'n afgeleë gebied woon of in die buitewyke van 'n dorp. In so 'n beskouing van sentrale en marginale ruimte, is dit miskien die eenvoudigste benadering om die tradisionele konvensie van die stads- of dorpskern as die middelpunt te neem. Dit kan lei tot paradoksale situasies – soos gevalle waar die plot afspeel in die buitewyke van 'n dorp¹⁰ – maar hou wel die voordeel in dat die begrippe 'sentrale ruimte' en 'marginale ruimte' nie telkens gedefinieer moet word nie. Die karakter kan egter ook marginaal wees omdat hy of sy deel vorm van 'n groep wat binne die samelewing (hetsy die werklike samelewing, hetsy die samelewing soos uitgebeeld in die prosawerk) gemarginaliseer is. Aangesien Viljoen/Winterbach realistiese fiksie skryf eerder as byvoorbeeld magies-realistiese fiksie, is die gemarginaliseerde groepe in die verhale soortgelyk aan dié wat in die

⁹ Forster self vel nie 'n waardeoordeel nie – intendeel, hy vind juis Dickens se gebruik van plat karakters prysenswaardig (1974:49) en hou vol dat plat karakters belangrik is vir romans aangesien “a novel that is complex often requires flat people as well as round, and the outcome of their collisions parallels life” (1974:48).

¹⁰ Die verval in die stadskern – soos wat dikwels gebeur in die Verenigde State van Amerika, waar sogenaamde *inner city ghettos* van die armste buurte is – lei natuurlik tot 'n meer problematiese definisie van sentraliteit en marginaliteit. Viljoen/Winterbach hou egter (oor die algemeen) by die standaardpatroon, waar die dorp- of stadskern die ekonomiese en politieke sentrum verteenwoordig.

nie-fiktiewe wêreld gemarginaliseer word. Hierdie groepe kan sosiaal, ekonomies of polities (of 'n kombinasie hiervan) gemarginaliseer wees. Die redes vir hierdie marginalisering verskil (meer sal in hoofstuk 2 hieroor gesê word). Dit is egter interessant dat karakters wat in Viljoen/Winterbach se werk tot hierdie gemarginaliseerde groepe behoort, ook oor die algemeen gemarginaliseer is wat narratologiese aspekte betref.

Hoewel Smuts (1975:25) randkarakters (marginale karakters in hierdie tesis) opstel teenoor sentrale karakters, is dit belangrik om te besef dat hierdie onderskeid net geldig is wat narratologiese kwessies (ruimte, verhaallyn, ensovoorts) betref – en dan slegs in 'n beperkte mate. Wat sosiale, ekonomiese of politieke aangeleenthede betref, impliseer 'n marge nie noodwendig 'n sentrum nie, maar slegs 'n afgebakende ruimte (Viljoen 1998:11). Marginale karakters (of persone) val buite of op die rand van die raamwerk wat 'die norm' identifiseer en afbaken. Aangesien hulle die uiterste perke van 'die norm' aandui, word hulle dikwels geassosieer met dit wat buite 'die norm' val (Viljoen 1998:16) en daarom word dit wat in die marge is, net so verwerplik as dit wat buite die raamwerk van 'die norm' val – ten minste vanuit die perspektief van diegene wat binne die afgebakende ruimte is (Moi 1988:166).

Indien Hein Viljoen (1998) se tese dat 'n marge nie 'n sentrum impliseer nie, toegepas kan word op verhalende tekste, kan daar gesê word dat marginale karakters nie maklik teenoor sentrale karakters of sentrale objekte opgestel kan word nie – waar eindig die sentrum en begin die marge, byvoorbeeld? In 'n samelewing wat geneig is om in binêre opposisies te dink, is dit egter besonder aantreklik om 'n sentrum op te stel teenoor 'n marge. Indien daar marginale karakters in 'n verhaal is, is daar dus dikwels vir die leser (wat sigself in 'n Westerse kultuur bevind) 'n geïmpliseerde sentrum, net soos wat daar 'n geïmpliseerde outeur is. Die hele verhaal kan gevul wees met marginale karakters en daar kan 'n algehele afwesigheid wees van dit wat 'die sentrum' van 'n betrokke raamwerk verteenwoordig, maar vir die leser is daar steeds 'n sentrum – ten minste *in potentia*.

'n Karakter wat in een opsig marginaal is, is ook nie noodwendig in alle opsigte marginaal nie en kan selfs binne sekere raamwerke sentraal staan terwyl hy of sy binne ander marginaal is. (Teorieë omtrent (literêre) polisisteme en verskillende subkulture maak hierdie verskynsel duidelik.¹¹) Dit is uiteindelik die wisselwerking tussen sisteme (en watter sisteme dominant is) wat 'n bepalende invloed het op die 'marginaliteit' van die karakter. Hiermee word nie bedoel dat daar 'n tipe vergelyking opgestel moet word om die netto marginaliteitswaarde van 'n spesifieke karakter te bepaal nie, maar wel dat daar opgelet moet word na die verskillende

¹¹ Vir 'n bondige bespreking van literêre polisisteme, sien byvoorbeeld Hein Viljoen (1992:s.v. "Sisteme (Literêre)") of Hendrik Van Gorp, Dirk Delabastita en Rita Ghesquiere (1998:s.v. "Polysisteme(theorie)").

arenas waarbinne 'n karakter funksioneer – hetsy binne die verhaal self (die karakter se sosiale, ekonomiese en politieke posisie), hetsy binne die drie-eenheid van verhaalanalise (tyd, ruimte en plot). Wanneer daar verwys word na marginale karakters in die werk van Lettie Viljoen/Ingrid Winterbach, word daar nie noodwendig verwys na die karakters wat op die rand van die verhaal bestaan nie. 'n Fokalisator of 'sentrale karakter' kan ook marginaal wees binne die wêreld wat in die verhaal gekonstrueer word, sonder dat hy of sy marginaal is in die wyse waarop die verhaal oorgedra word.

Philip John (1997:252) verwys na die “bewustheid van kwessies te make met marginaliteit” in die Afrikaanse letterkunde van die vroeë jare negentig, 'n bewustheid wat hy aflei uit die “aard van karakters wat in kontemporêre Afrikaanse tekste optree”. Hy argumenteer dat “die sosiale posisies beklee deur hierdie karakters [in kontemporêre Afrikaanse tekste] ... baie keer sprekend [is] van uiterste sosiale marginalisering” (John 1997:252). Hierdie klem op die marge binne die hoofstroom-literatuur (nie net in die negentigerjare nie, maar binne die Afrikaanse letterkunde as geheel) kan egter daartoe lei dat die sentrum hernu word omdat die agitatie vanuit die marge “knowledge as positive knowing” moontlik maak (Seshadri-Crooks 1995:53) binne die universele kennis-sisteem (Seshadri-Crooks 1995:52).¹² Die marge is dus nie net die stortingsterrein vir figure wat – om watter rede dan ook – deur die sentrum as ‘ongewens’ gesien word nie, maar kan ook as katalisator vir hernuwing en innovasie dien. Die gebruik van sosiaal gemarginaliseerde figure in Viljoen/Winterbach se werk sal in hoofstuk 2 aan bod kom. Daar sal ook geargumenteer word dat Viljoen/Winterbach se werk nie noodwendig en nie uitsluitlik bydra tot die hernuwing van die sentrum nie.

1.3.2 Liminaliteit

Indien daar 'n grens is wat 'n bepaalde raamwerk afbaken, moet dit ook moontlik wees om daardie grens te oorskry. Wanneer 'n karakter een of meer sulke grense oorskry, kan hy of sy as liminaal beskou word. Die term “liminaliteit” word afgelei van die Latyns vir drempel (*limen*). Dit is vir die eerste maal binne die konteks van sosiale antropologie gebruik deur Arnold van Gennep (1977) in sy studie van rituele praktyke wat in 1908 gepubliseer is en in 1960 in Engels vertaal is. Hy verdeel sogenaamde “rites of passage” in drie fases: “rites of separation” (“preliminal rites”), “transition rites” (“liminal rites”) en “rites of incorporation” (“postliminal rites”) en wys daarop dat enige van die drie fases teenwoordig kan wees in 'n bepaalde ritueel (Van Gennep 1977:11). Die definisie van liminale figure wat aan die begin van hierdie paragraaf verskaf is, verskil gedeeltelik van Van Gennep s'n en is 'n verruiming van dié wat

¹² So 'n uitbreiding van kennis kan as iets positiefs beskou word, maar daar is diegene wat argumenteer dat teoretisering omtrent die marge dit behoue laat as 'n “excluded and unintegrated other” (Seshadri-Crooks 1995:53). Hierdie kritiek op die posisie wat ondersoek na die marge in Westerse akademiese kringe beklee, sal bespreek word in hoofstuk 3.

Victor Turner (1969:95) verskaf. Hy noem liminale persone “threshold people” (Turner 1969:95); hulle staan dus op die skeidslyn. In hierdie tesis word die term gebruik vir karakters wat hulself nie net op die skeidslyn bevind nie, maar wat ook (heen en weer) oor daardie skeidslyn kan beweeg. Weereens is dit van uiterste belang om te besef dat ’n karakter nie deurgaans liminaal hoef te wees of in alle opsigte liminaal moet wees om as liminaal beskryf te word nie.

Wanneer liminaliteit bespreek word, moet twee punte in gedagte gehou word. Die eerste is dat die liminale figuur (hetsy karakter, hetsy persoon) grensoorskrydend is. Die liminale figuur kan dus, potensieel, inskakel by twee of meer verskillende groepe. Sommige liminale figure kan selfs heen en weer beweeg tussen verskillende groepe of verskillende punte aan weerskante van die grens. In die meeste gevalle waar liminaliteit betrokke is, kan die oorskryding van die grens slegs in een rigting geskied. In hierdie gevalle beweeg die liminale figuur deur “an area and period of social limbo” (Viljoen 1998:14). Soos Turner (1969:95) dit stel:

Liminal entities are neither here nor there; they are betwixt and between the positions assigned by law, custom, convention, and ceremonial [sic] [...] Thus, liminality is frequently likened to death, to being in the womb, to invisibility, to darkness, to bisexuality, to the wilderness, and to an eclipse of the sun or moon.

In hierdie posisie is die liminale figuur se status ambivalent. Enersyds is die liminale figuur – vry van die strukturele begrensing van die samelewing én van die voordele wat lidmaatskap van ’n sekere groep meebring (Turner 1969:94) – in ’n toestand van “passivity, powerlessness, humility” (Gilead 1986:183). In hierdie toestand is die liminale figuur kwesbaar – hy of sy is vry van die beperkinge wat lidmaatskap van ’n sekere groep inhou, maar geniet ook nie meer die beskerming van daardie groep nie (vergelyk Turner 1969:95). Andersyds is die liminale figuur bemagtig en ’n gevaar vir bestaande strukture aangesien mense (of karakters) in ’n liminale toestand die normale gang van sake bedreig deur wat ‘normaal’ is, in twyfel te trek (Viljoen 1998:15). Vanuit hierdie liminale posisie is liminale figure dus in staat daartoe om kritiek te lewer op ‘die norm’ (Gilead 1986:183). Die liminale figuur kan sodoende die status van morele verteenwoordiger van die gemeenskap verwerf (Gilead 1986:183-4) en as morele verteenwoordiger kan hy of sy óf ’n martelaarsfiguur word, óf ’n sondebok (Gilead 1986:185) indien hy of sy nie binne ’n bepaalde tydperk terugkeer tot een van die bestaande sosiale strukture nie.

Die ambivalensie van die liminale figuur kan ook anders uitgedruk word. Soos reeds aangedui, is liminale figure soms in ’n posisie om kritiek uit te spreek of mag uit te oefen oor dié wat binne die normale sosiale bestel as magtig beskou word (Turner 1969:102). Terselfdertyd kan die liminale figuur egter ook onderdanig en stil wees, aangesien die “neophyte in liminality” (Turner 1969:103) dikwels die *tabula rasa* is waarop ’n spesifieke groep se wysheid en kennis aangebring word sodat die liminale figuur voorberei kan word vir die lewe oorkant die ‘grens’.

In hierdie geval is die suggestie dat grensoorskryding slegs in een rigting werk – ná die ‘transformasie’ is dit onmoontlik om weer terug te keer na die ou status. Die liminale figuur is dus terselfdertyd meer bemagtig én meer ontmagtig as wat sy of hy in die normale samelewing sou wees. Aangesien die liminale figuur dikwels as ’n tussenganger tussen die waarneembare wêreld en die bonatuurlike of spirituele wêreld gesien word (vergelyk Iwatake 1992:83), is die mag of gesag waaroor die liminale figuur beskik, dikwels van ’n spirituele aard. Hiermee in gedagte is dit miskien nie vreemd dat so baie van Viljoen/Winterbach se liminale figure sieners, mistici of sjamaanagtige figure is nie.

In die volgende hoofstukke sal daar aandag geskenk word aan die wyse waarop Viljoen/Winterbach marginale en liminale figure in haar werk uitbeeld. In hoofstuk twee sal daar ’n uiteensetting wees van die tipes marginale en liminale figure wat in Viljoen/Winterbach se werk voorkom. In die daaropvolgende hoofstukke sal elkeen van hierdie groepe karakters bespreek word en sal daar telkens aangedui word hoe Viljoen/Winterbach hierdie groepe karakters gebruik om kritiek op die Suid-Afrikaanse maatskappy te lewer.

Hoofstuk 2:

Groepering van karakters

Do not all charms fly
At the mere touch of cold philosophy?
There was an awful rainbow once in heaven:
We know her woof, her texture; she is given
In the dull catalogue of common things.
Philosophy will clip an Angel's wings

John Keats. "Lamia" Part II 229 – 234.

The frame fits badly. This difficulty can be felt from the first paragraph of the book [...] The violence of framing multiplies.

Jacques Derrida. *The Truth in Painting*: 69.

2.1 Marginaal of liminaal?: die probleme van klassifikasie

Die groepering van karakters as marginaal en/of liminaal ten einde 'n bespreking moontlik te maak of te vergemaklik, lewer 'n hele aantal probleme op. Ten eerste is enige indeling of groepering van karakters kunsmatig – nie alleen omdat karakters uit verskillende prosawerke saamgegroepeer word nie, maar ook omdat 'n raamwerk toegepas word op karakters wat (volgens die begrippe uiteengesit in hoofstuk 1) buite die gewone raamwerk(e) val. Deur karakters wat in prosawerke verskyn in groepe in te deel oënskynlik juis omdat hulle a-tipies is (hoewel hulle soms as 'tipes' voorkom), word daar, deur sowel die skrywer van hierdie tesis as die leser daarvan, gemaak asof die karakters wel tipies is van 'n sekere groep. Sodoende word hulle in die kern van daardie spesifieke groep geplaas en kan daar geargumenteer word dat hulle nie meer marginaal is nie aangesien hulle in die sentrum van 'n spesifieke sisteem of groep is. Die indeling van karakters as marginaal en/of liminaal, is dus terselfdertyd selfondermynend en paradoksaal. Ten tweede kan sommige van die karakters in meer as een kategorie geplaas word. Uiteindelik bepaal hul vernaamste kenmerke hul posisie in 'n spesifieke groep. Hulle kan egter steeds as grensoorskrydend beskou word aangesien hulle tot meer as een groep kán behoort – hulle steek die grens tussen (kunsmatig gekonstrueerde) groepe oor. Derdens (as uitvloeisel van die vorige punt) is die indeling van die verskillende subgroepe ook problematies, aangesien die subgroep (net soos die individuele karakter) as marginaal of liminaal (of 'n kombinasie van die twee) ingedeel moet word ten einde die bespreking sinvol te maak. Nie alle groepe word egter ewe maklik geklassifiseer nie – 'n teregwyding vir die kategoriserende akademikus.

Die verdeling van karakters in marginale en liminale groepe geskied volgens die karakter se verhouding tot ander karakters, eerder as op grond van hul verhouding tot narratologiese elemente soos plot, tyd, ruimte en vertelperspektief. Dit beteken nié dat laasgenoemde elemente onbelangrik is nie, óf dat hulle geen verdere rol in die bespreking sal speel nie. Indien daar egter aanvaar word dat individue in die werklike lewe se marginale en liminale status beïnvloed

en bepaal word deur hul posisie in die sosiale netwerk, dan moet dieselfde kriteria gebruik word wanneer daar na die marginaliteit en liminaliteit van karakters gekyk word. Aangesien (net soos in die werklike lewe) tyd en ruimte ook 'n impak het op marginaliteit en liminaliteit, sal hierdie twee elemente ook ter sprake kom sowel as, in 'n mindere mate, kwessies soos die karakter(s) se verhouding met die fokalisator of verteller. Terreine waarop karakters marginaal kan wees, is geïdentifiseer (sien Tabele 2.1 tot 2.3), maar soos duidelik blyk uit hierdie tabelle, is 'n hele aantal permutasies in die indeling van groepe karakters moontlik.¹

	Terreine van marginalisasie		
	Ekonomies	Sosiaal	Polities
Tipe karakter	Haweloses	Diegene sonder geld / status	Almal wat nie wit is
	Inwoners van townships / krotbuurte	Vroue	Wit vroue betrokke by swart politiek
	Bedelaars / Kollektante	Swaksinniges / Gekke ²	Wit mans wat teen Apartheidsregime is
	Enkelouers	Mistici / Martelaars	

Tabel 2.1 Indeling van tipes karakters in Viljoen/Winterbach se werk volgens terreine van marginalisasie (Indeling 1).

	Terreine van marginalisasie		
	Ekonomies	Sosiaal	Polities
Tipe karakter	Inwoners van townships / krotbuurte	Enkelouers	Almal wat nie wit is
	Bedelaars / Kollektante	Vroue	Wit vroue betrokke by swart politiek
	Diegene sonder geld / status	Swaksinniges / Gekke	Wit mans wat teen Apartheidsregime is
		Mistici / Martelaars	
		Haweloses	

Tabel 2.2 Indeling van tipes karakters in Viljoen/Winterbach se werk volgens terreine van marginalisasie (Indeling 2).

¹ Dieselfde soort tabelle sou ook vir liminale karakters geskep kon word. Ter wille van 'n bondige bespreking word slegs dié reeks tabelle aangebied ter insae van die leser.

² Die term 'gek' het 'n negatiewe konnotasie en is alles behalwe polities korrek. Benewens die betekenis van 'sielsiek' of 'geestelik versteurd', aktiveer die term egter ook die assosiasie met die Engelse *fool* (wat ook gebruik kan word vir iemand wat as 'n intellektuele mindere gesien word). Om hierdie rede word die term wel gebruik in hierdie tesis; dit moet nie as neerhalende kommentaar op geestelik versteurde persone of hul familieledede gesien word nie.

	Tereine van marginalisasie		
	Ekonomies	Sosiaal	Polities
Tipe karakter	Haweloses	Enkelouers	Almal wat nie wit is
	Bedelaars / Kollektante	Vroue	Inwoners van townships / krotbuurte
	Diegene sonder geld / status	Mistici / Martelaars	Swaksinniges / Gekke
		Wit vroue betrokke by swart politiek	
		Wit mans wat teen Apartheidsregime is	

Tabel 2.3 Indeling van tipes karakters in Viljoen/Winterbach se werk volgens terreine van marginalisasie (Indeling 3).

Diegene sonder geld (die verskillende haweloses in Viljoen/Winterbach se eerste novelles en romans, byvoorbeeld) is vanweë hul gebrek aan geld sosiaal gemarginaliseer en hierdie sosiale en ekonomiese marginalisasie is te wyte aan hul politieke marginalisering. Gekke en swaksinniges is sosiaal gemarginaliseer, maar hulle word ook op ekonomiese terrein gemarginaliseer en word, weens hul verstandelike vermoëns, polities 'n stem ontsê.

'n Aantal van die gemarginaliseerde karakters kan, om sake verder te kompliseer, ook as liminaal beskou word – die 'mistici' (sowel die mistici wat werklik bestaan het en wat in die romans verskyn as karakters of wat slegs genoem word, as die mistici wat suiwer fiktiewe karakters is) is byvoorbeeld sosiaal gemarginaliseer omdat hulle hulself uit die gemeenskap verwyder (of verstoot word) en hul mistieke ervaringe maak hulle ook liminale figure. Aangesien die twee aspekte nie geredelik geskei kon word nie, word mistici as 'n tussengroep aangedui (sien Tabel 2.4). Hulle toon sowel sterk liminale as sterk marginale kenmerke en kan derhalwe nie in één van die twee kategorieë geplaas word sonder dat 'n belangrike gedeelte van die karaktergroep geïgnoreer word nie.

Die rigiditeit van die indeling wat in hierdie tesis gebruik word, doen afbreuk aan die vloeibaarheid wat met die konsepte marginaliteit en liminaliteit gepaard gaan. Die moeilikhede wat tydens die indelingsproses ervaar is, moet as 'n aanduiding gesien word dat marginale karakters nie maklik ingedeel kan word in een analitiese model nie, aangesien marginalisasie 'n proses is wat dikwels terselfdertyd op 'n verskeidenheid vlakke geskied. Dat liminale karakters moeilik ingedeel kon word, spreek vanself – dit is in hul aard om moeilik te wees wat kategorisering betref.

Soos blyk uit die drie tabelle hierbo, is die moontlike permutasies byna eindeloos. Feitlik enige klassifikasiesisteme is moontlik, afhangend van die kriteria wat as deurslaggewend beskou word vir die opstelling van 'n klassifikasiesisteme. Vir die doel van hierdie tesis, is daar gekyk na die tipe indeling van marginale en liminale karakters wat, binne die konteks van

Viljoen/Winterbach se oeuvre, tot 'n sinvolle bespreking kan lei. 'n Voorbeeld kan moontlik lig werp op hierdie uiters subjektiewe klassifikasiesistees. Hoewel haweloses se ekonomiese marginalisasie belangrik is (en eintlik deurslaggewend is in hul posisie as haweloses), is dit die sosiale interaksie tussen die haweloses en die (wit) fokalisator wat die meeste aandag geniet in Viljoen/Winterbach se werk. Soos duidelik sal blyk uit die uiteindelijke klassifikasiesistees wat voorgestel word, is die fokus van hierdie tesis grotendeels die sosiale marginalisering en (veral in Viljoen/Winterbach se vroeëre werk) die politieke marginalisering wat ten grondslag lê aan die sosiale marginalisering. Hierdie toedrag van sake is te wyte aan die invalshoek van hierdie tesis – naamlik die aan- of afwesigheid van *sosiale* kritiek en kommentaar in Viljoen/Winterbach se werk.

Die klassifikasiesistees wat ter wille van besprekingsdoeleindes in hierdie tesis ontwerp is, word nie voorgelou as 'n perfekte klassifikasiesistees nie en is ook nie die enigste moontlike klassifikasiesistees wat gebruik sou kon word nie (soos reeds aangedui). Die kriterium van 'sinvolheid' is natuurlik ook nie onproblematies nie, aangesien dit 'n hoogs subjektiewe term is. Die bespreking in hierdie tesis berus dus op 'n sistees wat, te eniger tyd, bevraagteken kan word. Die klassifikasiesistees maak dus die hele tesis moontlik, maar ondermyn dit terselfdertyd.

Enige klassifikasiesistees kan egter as arbitrêr beskryf word en enige klassifikasiesistees berus op die konsep van sinvolheid – dit word as sinvol beskou deur die samesteller en deur diegene wat gebruik maak van die sistees. Soos Jacques Derrida (1987:1) aandui, is 'n raam of raamwerk belangrik vir die toekenning van betekenis. Die toeskouer of aanhoorder moet weet watter perke daar gestel word op die interpretatiewe moontlikhede tot hul beskikking. “There are only ever points of view,” beweer Derrida (1987:50). Die betrokke invalshoek bepaal hoe sinvol, al dan nie, 'n interpretasie of lesing van 'n betrokke voorwerp (of onderwerp) is. Enige ponering van 'n raamwerk gaan natuurlik gepaard met 'n mate van geweld – “the violence of framing” (Derrida 1987:69) – en daar is reeds aangedui hoe daardie geweld aanwesig is in hierdie tesis: karakters wat bespreek word juis omdat hulle vloeibare identiteite het, word skielik vasgepen in 'n kategorie waarbinne daar slegs op sekere attribute gefokus word, waarbinne a-tipiese karakters getipeer word. Soos reeds aangedui is in die tweede sitaat wat hierdie hoofstuk ingelei het, is die raamwerk wat in hierdie tesis gebruik word, nie perfek nie. Dit is egter 'n raamwerk wat 'n sekere lig werp op Lettie Viljoen/Ingrid Winterbach se werk. Ander ondersoekers sal ander raamwerke gebruik en sodoende ander lig werp op dié spesifieke Afrikaanse outeur se oeuvre.

In die volgende twee afdelings sal daar 'n kort uiteensetting gegee word van die raamwerk wat in hierdie tesis gebruik gaan word, ten einde 'n sinvolle bespreking van marginale en liminale karakters in die werk van Lettie Viljoen/Ingrid Winterbach moontlik te maak.

2.2 Marginale karakters

Die marginale karakters word in twee hoofgroepe verdeel: die sosiale uitgeworpenes en die gekke en swaksinniges. Die rede vir die fokus op sosiale marginalisering is reeds in die vorige afdeling aangedui. Hierdie groep sluit die haweloses (wat veral in Viljoen/Winterbach se eerste aantal prosawerke voorkom), bedelaars en die proletariaat in.

	Kategorie	Subkategorie	Voorbeelde ³	Prosa-werk ⁴
Marginale karakters	Sosiale uitgeworpenes	Haweloses / Bedelaars	Frans en Betty	KK
			Nevil en vrou	
			Sylvia	
			Sam	
			Loe-wie	E
			Sally Williams en Cyril	
			Mfazakhe Mhikize	BP
		Die proletariaat	Joe G	E
			Mbuyisile	
			Township-inwoners	KF
Supermarkwaentjie-mans	BP			
Gekke en swaksinniges	Gekke	Jong Abraham	N	
		Swaksinniges	Dafnie	BP
	Seun	N		
Marginale EN liminale karakters	Mistici/ Geestelikes	Historiese mistici	María de San Joseph	KF
			H. Barbara	LVS
			H. Ignatius Loyola	
			H. Teresa van Avila	
			Artemesia Gentileschi	LVS & BP
			Jeanne d'Arc	BP
		Mistici-karakters	Die meester	LVS
			Boetie Karel	BP
			Fonny Alexander	

Tabel 2.4 Indeling van karakters vir besprekingsdoeleindes (hoofstukke 3 en 4).

Die proletariaat is 'n breë term wat alle karakters moet aandui wat sowel ekonomies as sosiaal gemarginaliseerd is – die *have nots*, om dit besonder kru te stel. Die keuse vir 'n term uit die Marxisme is doelbewus en geskied om verskeie redes. Eerstens is dit neo-Marxistiese (of strukturalistiese) teoretici wat die wêreld vir die eerste maal gekonseptualiseer het volgens 'n

³ Hierdie lys voorbeelde is slegs dit: voorbeelde. Die aandagtige leser sal ongetwyfeld met die name van ander karakters vorendag kom. Die name van karakters wat hier verstrek word, is slegs om die leser van hierdie tesis te oriënteer ten opsigte van die rigting wat die bespreking in die volgende drie hoofstukke sal neem en om die subkategorieë wat hier aangedui word, minder abstrak te maak. Dieselfde geld vir tabel 2.5.

⁴ Ter wille van bondigheid sal die volgende afkortings gebruik word wanneer daar na bladsye van 'n spesifieke teks verwys word: KK (*Klaaglied vir Koos*), E (*Erf*), B (*Belemmering*), KF (*Karolina Ferreira*), LVS (*Landskap met vroue en slang*), BP (*Buller se plan*) en N (*Niggie*).

sentrum-periferie (of marge) model,⁵ en Marxisme is ook een van die politieke en ekonomiese teorieë wat ekonomiese en sosiale uitbuiting met mekaar koppel. Tweedens kan die rol van die Marxisme (en kommunisme) in die omverwerping van Apartheid en die sosiale sisteem waarvoor Viljoen/Winterbach in haar twee novelles en eerste roman skryf, nie ontken word nie. (Die Marxisme is aangebied as dié alternatiewe ideologie tot die rasse-ideologie van Apartheid.) Derdens dui die term ook almal aan wat nie tot die bourgeoisie – die besittersklas⁶ – behoort nie en plaas dus die klem op die uitsluiting van die proletariaat uit die sisteme wat aan die bourgeoisie sosiale en ekonomiese mag besorg. Die term *proletariaat*⁷ word verkies bo die meer gebruiklike term *werkersklas*, aangesien werkersklas impliseer (of ten minste die konnotasie het) dat diegene wat deel vorm van dié klas, ’n werk het. Nie alle karakters wat deel vorm van hierdie subgroep het vaste werke nie en daarom is *werkersklas* nie die ideale term om hulle aan te dui nie.

Die tweede groep marginale karakters is die gekke en swaksinniges. Hierdie figure kom veral in Viljoen/Winterbach se latere werk voor en dui, myns insiens, aan dat Viljoen/Winterbach se fokus verskuif het van direkte sosiale kritiek na ’n ondersoek van dit wat as ‘normaal’ beskou word. Hierdie punt sal verder bespreek word in afdeling 3.2.

⁵ Die sogenaamde wêreldsisteemsteorie, ’n uitvloeisel van die afhanklikheidsteorieë en oorspronklik geformuleer deur Immanuel Wallerstein, is ’n strukturalistiese of neo-Marxistiese teorie wat die wêreld verdeel in ’n aantal kern- of sentrum-state wat die perifere (of marginale) state uitbuit; hierdie uitbuiting word gedeeltelik gefasiliteer en gereguleer deur die semi-perifere state. Die beeld van ekonomiese uitbuiting wat in klassieke Marxisme voorgestel word (die bourgeoisie wat die middele van produksie besit, die proletariaat wat slegs hul arbeid kan verkoop en die *petit bourgeoisie* wat die uitbuiting van die proletariaat fasiliteer en reguleer), word in die wêreldsisteemteorie op ’n globale skaal toegepas, met state of multinasionale korporasies (in plaas van as klasse) die vernaamste akteurs. (Vir bondige besprekings, sien Balaam en Veseth 1996:71-3, Heywood 1997:134 en 145, en Alford en Friedland 1992:294).

⁶ Die politieke mag wat wittes in Suid-Afrika tydens die Apartheidsjare gehad het, het daartoe gelei dat (middelklas) wittes oor die algemeen oor die middele van produksie beskik het, ongeag of hulle werklik self ’n myn of ’n fabriek besit het en gevolglik deel uitmaak van die bourgeoisie en die *petit bourgeoisie*. Wittes se betrokkenheid by die sisteem tydens die Apartheidsjare is ’n komplekse een wat slegs gedeeltelik in hierdie tesis aan bod sal kom. Sien Coetzee se kommentaar hierop in sy aanvaarding van die Jerusalem-prys in 1987 (Coetzee 1992b:96).

⁷ Binne ’n streng Marxistiese raamwerk is haweloses (en binne ’n baie breë definisie selfs gekke en swaksinniges) deel van die sogenaamde *lumpenproletariat*, diegene wat nie as arbeiders werk nie (haweloses, bedelaars, diewe, bordeeleienaars – Marx verskaf self ’n veel langer lys (1992:197)) wat nie weer hul arbeid wil of kan verkoop soos wat gewone lede van die proletariaat húl arbeid verkoop nie en verskil dit sodoende van die industriële proletariaat (sien Marx 1992:52). Waar die industriële proletariaat die potensiaal het om die revolusionêre voorhoede te wees, is die *lumpenproletariat* “[t]he ‘dangerous class’, the social scum, that passively rotting mass thrown off by the lowest layers of old society ... its conditions of life ... prepare it far more for the part of a bribed tool of reactionary intrigue” (Marx 1978:77). Om haweloses in Viljoen/Winterbach se werk as *lumpenproletariat* te benoem sal die aandag aflei van die potensiaal wat Viljoen/Winterbach se haweloses tot ondermyning van die bestaande regime het.

2.3 Liminale karakters

Die liminale karakters toon oor die algemeen sterk marginale kenmerke, maar hulle word as liminaal geklassifiseer omdat die groepe liminale karakters as gróepe nie marginaal hoef te wees nie. (Waar individuele karakters besonder sterk marginale kenmerke toon, sal dit natuurlik na behore bespreek word.) Die liminale karakters is, soos die marginale karakters, in twee subgroepe verdeel: die tydelike liminale karakters en die swerwende liminale karakters. Die tydelike liminale karakters se liminale status is presies dit: tydelik. Hulle dien tydelik as 'n snypunt tussen twee sisteme, maar funksioneer nie vir die hele roman op hierdie wyse nie. Hierteenoor staan die swerwende liminale karakters wat gedurig tussen twee of meer raamwerke beweeg en daardie raamwerke se funksionering op een of ander wyse aantas deur hul voortdurende mobiliteit.

	Kategorie	Subkategorie	Voorbeelde	Prosa-werk	
Liminale karakters	Tydelike liminale karakters	Sieners	Vrou in karavaan	<i>KF</i>	
			Kafka-vrou	<i>LVS</i>	
			Die <i>talking head</i>	<i>BP</i>	
			Siener van Rensburg		
			Die wanstaltige kind		
			Mevrou Kriek		
			Oompie	<i>N</i>	
			Anna		
		(Tydelike) Bemiddelaars	Wit vroue betrokke by politiek	<i>E</i>	
			Mbuyisile		
			Geelgert	<i>B</i>	
			Mirandah		
		Swerwende liminale karakters	Sjamane / Begeleiers / Bemiddelaars	Willie	<i>BP</i>
				Esegiël	<i>N</i>
	Niggie				
	Triekster		Akteur/ Aktrise in toneelstuk	<i>KF</i>	
			<i>Cross-dressing</i> moordenaar		
Shotsi Mendelsohn			<i>BP</i>		
Jan de Dood					
Bennie Potgieter					
Die triekstervrou	<i>N</i>				
Niggie					
Oompie					

Tabel 2.5 Indeling van karakters vir besprekingsdoeleindes (hoofstuk 5).

Sieners en tydelike bemiddelaars hoort tot die groep van tydelike liminale figure. 'n Kategorie soos die "Sieners" (sien Tabel 2.4 hieronder) vereis egter nie dat die siener marginaal moet wees om as liminale figuur op te tree nie, hoewel sommige van hierdie groep karakters sosiaal gemarginaliseerd is. Die tydelike bemiddelaars is karakters wat optree as bemiddelaarsfigure,

maar wat nie deurentyd daardie rol vervul nie of wat nie suksesvol is in hul bemiddelingshandelinge nie. 'n Karakter soos Geelgert verbind die mans in die berghut met die res van die wêreld in *Belemmering*, maar sy dood beteken dat hy nie die interaksie tussen die mans en ander mense kon vorm en reguleer nie. Die gevolg is dat die mans terugkeer na die samelewing waarvan hulle vir 'n tyd lank afgesonder was, sonder dat hulle beduidend veel verander het aan hulself of aan die verhouding met die res van die mense in die verhaal. Die gebrek aan sukses of die kortstondige aard van die bemiddelaarsrol lei daartoe dat dit as tydelik geklassifiseer word.

Die trieksters en sjamane, wat as swerwende liminale karakters geklassifiseer word (nie alleen omdat hulle dikwels reis nie, maar ook omdat hulle oor en om grense beweeg), is oor die algemeen meer suksesvol in hul bemiddelingstaak en hulle verrig hierdie funksie van bemiddeling meer gereeld en vir langer tye as die tydelike bemiddelaars. Dit is opmerklik dat die triekster-figuur nie in Viljoen/Winterbach se eerste drie prosawerke verskyn nie, maar eers vanaf *Karolina Ferreira*. Wat opmerklik is van die triekster-figuur, is dat hy of sy verskillende grense oorskry, terwyl die meeste ander liminale karakters slegs een grens oorskry (hoogstens twee). Hoewel die triekster-figuur dikwels marginaal is, val die marginaliteit van die karakters selde op – dit is aanloklik om te redeneer dat liminale status op 'n verskeidenheid terreine marginaliteit (feitlik) ophef – ten minste binne Viljoen/Winterbach se prosa. Of dit in werklikheid die geval is, sal in afdeling 5.2 bespreek word.

Hoofstuk 3:

Marginale karakters: op die rand van die afgrond

We can conceive of the margin/marginality in two ways: a) as subject position – the excluded other that must be coaxed into the centre through incorporation, inversion, hybridization, revolution; or b) margin as irreducible other – the condition for the production of our discourse (and all positive knowledge) that must be acknowledged as incommensurable and irrecoverable. The former speaks the positive discourse of rights, while the latter speaks the negative discourse of limits.

Kalpana Seshadri-Crooks. "At the Margins of Postcolonial Studies": 59.

Marginaliteit is op – ten minste – twee vlakke kontroversieel. Eerstens is daar die kwessie van hoé marginaliteit bepaal word en deur wíé dit bepaal word (vergelyk Moi 1988:166). Indien 'n groep sigself as marginaal beskou, geskied hierdie benoeming gewoonlik op grond van uitsluiting: die lede van die bepaalde groep (ongeach die homogeniteit van die groep) voel dat hulle op een of meer terreine uitgesluit word en dat hulle dus tot die marge uitgeskuif word. Indien daar egter vanuit die sentrum bepaal word dat 'n groep of individu marginaal is, geskied dit (dikwels) nie soseer om die uitgeslotenheid van sekere persone uit te wys nie, maar eerder om dit te beklemtoon. Deur iemand as marginaal te beskryf, word die aandag op die persoon se marginaliteit gevestig en word daar klem gelê op die verskille tussen individue of groepe, eerder as ooreenkomste. As uitvloeisel hiervan is die tweede kontroversiële punt die wyse waarop marginaliteit deur die sentrum hanteer word. Is daar pogings om die marge by die sentrum te integreer, of word die marge behou as 'n manier om die sentrum self in stand te hou? Die marge kan bydra tot die voortbestaan van die sentrum deur as 'n bron van nuwe idees te dien (soos reeds aangedui) en om as 'n uiteindelijke stortingsterrein vir onwelkome idees of persone te dien – diegene wat te veel veranderinge in die sentrum teweeg wil bring, word tot die marge gereleger.

Wanneer daar dus in 'n literêre werk op marginale figure gefokus word, óf indien daar marginale karakters in 'n literêre werk voorkom, moet daar ondersoek ingestel word of die uitbeelding van daardie marginale figure hul buitelanderskap beklemtoon en of daar gepoog word om hulle weer by die sentrum te integreer.¹ Die manier waarop daar met die karakters omgegaan word, sou geïnterpreteer kon word as 'n aanduiding van hoe die karakters (en die literêre werk as geheel) gelees kan word. Indien die marginale karakters slegs daar is om die positiewe eienskappe van die sentrum te belig, kan die werk kwalik as sosiale kritiek gelees word (tensy die sentrum wat uitgebeeld word, as 'n alternatief voorgestel word tot die bestaande

¹ Sodanige integrasie is natuurlik ook nie onproblematies nie. Die integrasie kan geskied omdat die betrokke karakter konformeer tot die ideale, doelstellinge en diskursiewe raamwerk van die sentrum (in welke geval die integrasie as negatief gesien kan word). Óf die integrasie geskied op so 'n wyse dat dit wat die karakter aanvanklik tot marginaliteit verdoem het, aanvaar word deur die sentrum en dat die sentrum sodoende verruim word (positiewe integrasie, dus).

sentrum in 'n gegewe maatskappy). Indien die uitbeelding van die karakters die leser dwing om die redes waarom die betrokke karakters gemarginaliseer word, weer in oënskou te neem, is die situasie uiteraard anders en is daar waarskynlik wel sprake van sosiale kritiek.

Dit is voor die hand liggend dat die maniere waarop 'n karakter as 'n sosiale uitgeworpene geklassifiseer kan word, verskil. In afdeling 3.1.1 sal daar na twee breë kategorieë van sosiale uitgeworpenes gekyk word: haweloses en die proletariaat. Bedelaars soos Sylvia (*Erf*) word geïnkorporeer onder haweloses – nie weens enige sosiologiese of narratologiese redes nie, maar weens die pragmatiese rede van 'n bondige, sinvolle bespreking. Gegewe die noodsaaklikheid om liminale figure te bespreek (soos sal geskied in hoofstukke 4 en 5) en om die karakters in groepe te verdeel ten einde so 'n bespreking moontlik te maak (hoe kunsmatig so 'n verdeling ook mag wees), word ander sosiale uitgeworpenes – soos Fanny Alexander in *Buller se plan* (1999) – wat sterk liminale kenmerke toon (sterker liminale kenmerke as marginale kenmerke) in latere hoofstukke bespreek. Die verstrengeldheid van die twee konsepte en die moeite waarmee karakters in groepe verdeel word, het twee implikasies. Eerstens, dat die wyse waarop (Westerse) mense geneig is om ander te kategoriseer besonder sinteties is, aangesien sodanige kategorisasie steun op die identifikasie van en (waarde-) oordeel oor 'n sekere aantal kenmerke, terwyl ander kenmerke geïgnoreer word, én omdat sodanige klassifikasie die indruk skep dat 'n gegewe groep homogeen is. Tweedens, dat Viljoen/Winterbach se hantering van die konsepte juis die leser se aandag hierop wil vestig. Hierdie hoofstuk het dus die uitgangspunt dat Viljoen/Winterbach pleit om 'n (positiewe) integrasie van die marge en 'n verruiming van die sentrum.

In hierdie hoofstuk sal daar aandag geskenk word aan die wyse waarop Viljoen/Winterbach marginale karakters uitbeeld en hoe hierdie karakters gelees kan word. As deel van die bespreking sal die kwessie van wie toegang het tot taal en wie taal gebruik (en op watter wyse dit geskied) ook aandag geniet. Indien daar aanvaar word dat marginale figure geen of weinig sosiale spreekbeurte het, moet daar gekyk word na die manier waarop hulle in 'n literêre werk 'n spreekbeurt gegun word of ontsê word. Wat gee die outeur Viljoen/Winterbach – as wit, middelklasvrou – per slot van rekening die reg om namens die stemloses² die woord te voer? (Die verhouding tussen outeur, geïmpliseerde outeur, verteller en fokalisator is hier ter sprake. Viljoen/Winterbach gebruik vertellers en fokalisators wat – in sommige gevalle – ooreenkomste toon met hâar persoonlike lewe. Dit beteken egter nié dat die vertellers en fokalisators noodwendig Viljoen/Winterbach se menings en oortuigings verwoord nie.)

² Die gebruik van die woord 'stemloos' is doelbewus dubbelsinnig – veral wanneer dit van toepassing is op bruin en swart persone in pre-1994 Suid-Afrika (of bruin en swart karakters wat in 'n verhaal optree wat afspeel in pre-1994 Suid-Afrika).

Sosiale uitgeworpenes is relatief sterk verteenwoordig in Viljoen/Winterbach se eerste ses prosawerke (kortverhale uitgesluit) – veral in *Klaaglied vir Koos* en *Erf* (1986). Hoewel hulle byna afwesig is in *Belemmering* (1990), *Karolina Ferreira* (1993) en *Landskap met vroue en slang* (1996), verskyn hulle skielik weer in *Buller se plan* (1999) in die gedaantes van die supermarkwaentjie-mans en Mfazakhe Mhikize. Die afname van die sosiale uitgeworpenes gaan gepaard met ’n toename in die hoeveelheid swaksinniges en gekke. Soos reeds aangedui, hou hierdie klemverskuiwing in Viljoen/Winterbach se werk moontlik verband met ’n poging om ’n stem te gee aan diegene wat geen stem het nie, of wat nie normaalweg ’n spreekbeurt gegun word nie. Met die koms van demokrasie en dit “wat algemeen bekend staan as die Nuwe Bedeling” (*KF*:15), het selfs die sosiale uitgeworpenes stemreg; gekke en swaksinniges het egter nie, vanweë hul verstandelike en sielkundige probleme, hoewel hulle (vanweë ’n nuwe benadering tot menseregte) in teorie meer geleentede gegun moet word om hul stem te laat hoor én te laat geld. In die volgende drie afdelings sal daar aangedui word hoe Viljoen/Winterbach sosiale uitgeworpenes sowel as swaksinniges en gekke uitbeeld en die wyse waarop hulle ’n stem gegun of ontsê word.

3.1 Sosiale uitgeworpenes: sosiale kommentaar by uitstek

3.1.1 Haweloses

Dit is opmerklik dat Lettie Viljoen/Ingrid Winterbach se twee novelles ’n hele aantal hawelose en/of bedelende figure (altyd bruin) bevat, wat aanspraak maak op die (wit, middelklas-, vroulike) fokalisator se tyd en geld. *Erf* begin trouens nie met Bets (een van die fokalisators) se naam nie, maar met die naam van die man wat op haar erf woon: Loe-wie (*E*:1). Hierdie klem op diegene sonder woonplek kan gelees word as ’n aanklag teen die Wet op Groepsgebiede (1950) wat bepaal het waar elke ‘bevolkingsgroep’ mag woon. Die ontworteling (hetsy fisies, hetsy sielkundig) van hervestigde gemeenskappe word deur hierdie hawelose karakters gesimboliseer. Die hawelose karakters ondermyn egter ook die Wet op Groepsgebiede. Aangesien bruin en swart persone heel letterlik uit stadsentra verwyder is en hervestig is op die rand van dorpe en stede – soms selfs in aparte stede soos Atlantis (“die gesonke stad A” (*KK*:19)) – is die haweloses se gedrag nie net ’n infiltrasie van die (wit) sentrum nie, maar ook ’n weiering om by die spelreëls waarop die sentrum aandring, te bly.

Die gebrek aan ’n huis of eiendom dui egter ook op ’n gebrek aan ’n geleentheid om ’n stem uit te oefen. Algemene stemreg is in 1854 in die Kaapkolonie toegeken – stemgeregtigdes is gedefinieer as alle volwasse mans (oor een-en-twintig, dus) wat eiendom bewoon het ter waarde van £25 of meer (Saunders 1988:128). Hoewel stemreg in Suid-Afrika teen die laat twintigste eeu nie gekoppel is aan eiendomsbesit nie, is dit tog moontlik om die verband te lê tussen die hawelose se gebrek aan ’n huis en sy (of haar) onvermoë om ’n impak te hê op die rigting wat die maatskappy inslaan. Eiendomsbesit verleen status en in ’n sisteem waar sekere groepe ’n

stem ontsê word (nie noodwendig stemreg nie), is die lede van daardie groepe wat nie statussimbole het nie, die verste verwyder van die sentrum en kan hulle sodoende die minste impak hê op die sisteem.

Die interaksie tussen die haweloses en die verskillende fokalisators kan gelees word as 'n interaksie tussen die marge en die sentrum (hoewel die ek-verteller in *Klaaglied vir Koos* en Bets in *Erf* uitgebeeld word as karakters wat relatief afgesonder is van ander verteenwoordigers van die sentrum). Die impak wat die verteenwoordigers van die marge het op die verteenwoordigers van die sentrum, is nie altyd ewe maklik naspeurbaar nie, maar dit is onteenseglik daar. Die interaksie neem verskillende vorme aan. Daar is die verhoudings tussen bedelaar en weldoener, of werknemer en werkgewer. Die hawelose karakter kan ook as 'n stimulus vir die sosiale gewete van die fokalisator (en sodoende die leser) dien, óf hy of sy kan die bedreigende Ander wees, wat die goeie orde omver kan werp.

Oor die algemeen verskyn die haweloses in Lettie Viljoen/Ingrid Winterbach se werk in pare of groepe. So is daar Frans en Betty, groepe bruin kinders, 'n anonieme bruin man en vrou, en Nevil en sy naamlose vrou (almal in *Klaaglied vir Koos*), Loe-wie en sy harem en Sally Williams en Cyril die tuinier (in *Erf*). Alleenlopende³ hawelose karakters verskyn aanvanklik net in *Klaaglied vir Koos* (Sylvia en Sam) en daarna weer in *Buller se plan* (Mfazakhe Mhikize). Daar is 'n verskeidenheid moontlikhede waarom voorkeur oënskynlik aan groepe (of pare) hawelose karakters gegee word eerder as aan alleenlopendes (die skuif van groepe na alleenlopendes in Viljoen/Winterbach se oeuvre sal later bespreek word). Eerstens word die marge en die sentrum teenoor mekaar opgestel.⁴ Die marginale figure is nie enkelinge wat geïgnoreer kan word nie, maar groepe figure wat (byna) spieëlbeelde is van die groeperinge in die sentrum (dikwels die fokalisator en haar man of minnaar). Tweedens word daar klem gelê op die feit dat die marginale figure nie in isolasie bestaan nie: hulle het dieselfde behoeftes (fisies en emosioneel) as diegene in die sentrum. Sodoende word die ooreenkomste tussen die sentrum en die marge ook uitgelig, eerder as wat daar slegs op die verskille gefokus word. Dertens is groepe dikwels meer bedreigend as enkelinge en deur hierdie bedreiging as sowel 'n rasse- en 'n sentraliteitskonflik uit te beeld, skeep Viljoen/Winterbach 'n mikrokosmos van die Apartheidsamelewing. Die wisselwerking tussen verskillende 'bevolkingsgroepe' tydens die Apartheidstydperk word gereduseer tot die kleinste moontlike gemene delers: twee (of drie) verteenwoordigers van die marge word opgestel teenoor een verteenwoordiger van die sentrum. Op hierdie manier kan daar ook aandag geskenk word aan die interaksie tussen sogenaamde

³ Hiermee word slegs bedoel dat hulle sonder 'n entourage verskyn in die prosawerk, nie dat hulle totaal onverbonde is of dat daar geen melding is van familie- of ander verwantskappe nie.

⁴ In Apartheid Suid-Afrika het die marge natuurlik die grootste persentasie van die bevolking uitgemaak.

verligte (of liberale) wittes (die ek-verteller in *Klaaglied vir Koos* en Bets en Agnes in *Erf*) en die mense oor wie se integrasie tot die (politieke) sentrum hulle klaarblyklik begaan is.

3.1.1.1 Die miskenning van die haweloses: “Hy is tog nie ’n persoon nie”⁵

Die basiese beginsel van Apartheidsideologie was die idee dat almal wat nie wit is nie, ’n tipe minderwaardige mens is. Hierdie idee het die weg gebaan vir ’n verskeidenheid beleide en wette om ‘bevolkingsgroepe’ in Suid-Afrika te skei sodat die wittes nie ‘negatief’ beïnvloed sou word deur kontak met ‘mindere rasse’ nie en sodat bruines en swartes die geleentheid sou kon hê om hulself op te hef. Soos reeds aangedui, is die kontak tussen die wit fokalisators en die bruin haweloses ’n deurbreking van die Apartheidsgedragskodes. Die kontak tussen die haweloses en die fokalisators verhoed ook dat die Ander in terme van abstraksies (‘die swartes’) gesien word en beklemtoon ook *interpersoonlike* kontak. Die verhouding tussen die hawelose karakters en die onderskeie fokalisators enersyds en die fokalisators se verhoudings met die proletariaat (byvoorbeeld die vroue wat betrokke is by die struggle – veral in *Erf*) andersyds, verskil aangesien die haweloses meer (egter geensins volkome) afhanklik is van die goedgesindheid van die fokalisators.

Die siening dat bruines en swartes ‘diere’ is (eerder as mense) of dat haweloses voldoen aan die stereotipe van die edele barbaar (oftewel “the noble savage”) wat naby aan die natuur leef en slegs dit wat nodig is gebruik, word sowel uitgebuit as verwerp in Viljoen/Winterbach se werk.⁶ Sy situeer telkens die hawelose karakters iewers tussen die uiterstes wat hierdie stereotipes verteenwoordig, sodat hulle nooit volkome aan een van die twee stereotipes voldoen nie.

Dit is veral Loe-wie en sy entourage wat op hierdie twee wyses beskryf word. Loe-wie se seksuele daade word byvoorbeeld vergelyk met dié van “animals at play” (*E*:53) en sy vroue word “wyfies” genoem (*E*:22). Loe-wie se “irisse het weer daardie besondere, amberkleurige gloed van die oë van die kleiner ape” (*E*:44) en hy word by tye vergelyk met ’n “vasgetrekte jakkals” (*E*:23), “kewers” en ’n “onsigbare wurm wat vlie in die nag” (*E*:53).⁷ Hy word ook ’n “aasdier” genoem (*E*:31). Hierdie beskrywings van Loe-wie beteken nie noodwendig dat Bets hom deurentyd as ’n dier beskou nie, maar Viljoen/Winterbach speel hier met die leser se opvattinge en met bestaande (literêre) stereotipes in verband met die swart of bruin man wat dierlik voorgestel word (in veral die ouer Afrikaanse literatuur).⁸ Sy gebruik beelde wat vir die

⁵ *E*:22.

⁶ Hierdeur word Loe-wie se menslikheid telkens beklemtoon, aangesien Viljoen/Winterbach weier om te volhard met ’n fetisjistiese uitbeelding van hom as edele barbaar (vergelyk White 1982:183).

⁷ Die beeld van die vlieënde wurm is afkomstig uit William Blake se gedig “The Sick Rose” (gepubliseer in 1794 in *Songs of Innocence and of Experience*). “O Rose, thou art sick. / The Invisible worm / That flies in the night / In the howling storm // Has found out thy bed / Of crimson joy, / And his dark secret love / Does thy life destroy.” (Blake 1993:36).

⁸ Vergelyk Britz (1987:9).

leser bekend behoort te wees sowel as ander wat minder bekend – of selfs verregaande – is (Loe-wie as “die onsigbare wurm wat vlie in die nag” val duidelik nie binne die ‘normale’ patroon van vergelykings tussen mense en diere nie). Sodoende ondermyn sy die stereotipe assosiasie van die bruin man met ’n dier. Die verwysings na ‘dierlike’ aspekte van veral Loe-wie beklemtoon paradoksaal genoeg sy menslikheid – juis vanweë die assosiasies wat die metaforiese gebruik van (byvoorbeeld) die woord “jakkals” het. Hierdie dierebeelde word telkens gebruik in Loe-wie en Bets se stryd om beheer van die erf. Die dierebeelde kontrasteer met die planne wat hy oënskynlik in die mou voer om aan te bly op die erf en bevestig sodoende eintlik sy menslikheid.

Die verromantiseerde aspekte van Loe-wie se lewenswyse as edele barbaar kom na vore wanneer Bets haar verbeel hoe Loe-wie en “sy gevolg” “swerf met die riviere langs op soek na avontuur” en sy hom vergelyk met Hernan Cortez, die conquistador (E:16). Die wyse waarop Bets die groep se lewe in die seraglio (reeds ’n besonder verhewe naam vir Loe-wie se skuiling) visualiseer (E:33-4), is ook duidelik ’n idealisering sowel as ’n ironisering van dié lewenswyse (soos ook gedeeltelik gebeur in die beskrywing van Sally Williams se lewe (E:47-8), hoewel daar ander elemente is in die beskrywing van Sally Williams se bestaan wat later aan bod sal kom). Sodanige idealisering kontrasteer dramaties met die werklikheid en kan moontlik die leser daartoe lei om te besef hoe haglik die lewensomstandighede van haweloses is. Dit kan ook help om die stereotipe van die edele barbaar te bstry, aangesien die konsep belaglik gemaak word deur die oordrewe beskrywings. Die leser word sodoende gedwing om die hawelose (selfs net ’n hawelose karakter) as ‘mens’ te erken en te konfronteer, eerder as om terug te val op stereotipes. Die ironisering funksioneer op twee vlakke. Eerstens dien dit as ’n afstandskoppende meganisme (sien onderafdeling 3.1.1.3 vir ’n bespreking van hierdie meganisme). Tweedens verhoed die humor wat deur die ironie geskep word dat die leser totaal oorweldig word deur die haglikheid van die hawelose se lewensomstandighede.

Dit is belangrik om daarop te let dat daar gesuggereer word dat Loe-wie van San-afkoms is; sy lyf word beskryf as “geel” (E:24, 31 en 33) en daar word aangedui dat “[n]ie een van die geblaasde troepie hoër [is] as die gemiddelde witman se tepelhoogte nie” (E:16). Deur middel van hierdie suggestie aktiveer Viljoen/Winterbach ’n hele aantal idees. Ten eerste is daar die stereotipe van die edele barbaar wat (weereens) na vore kom. Tweedens word die idee van die mens as dier ook weer betrek wanneer daar in gedagte gehou word dat die San gejag is deur sowel die suidwaarts bewegende swart stamme as die wit koloniste.⁹ Derdens word daar deur

⁹ Die feit dat daar ’n diorama van die San en ander etniese groepe uit Afrika in die Suid-Afrikaanse natuurhistoriese museum in Kaapstad sedert 1957 tot die middel jare negentig was (terwyl groepe uit Suid-Oos Asië se kulture uitgebeeld word in die *Kultuurhistoriese* museum – ook in Kaapstad), moet sekerlik hier vermeld word. (Vir ’n bespreking van die etiek van antropologiese uitstallings in musea, sien Lidchi (1997).)

hierdie verwysing aangedui hoé kolonisasie en Apartheid die oorspronklike bewoners van Suid-Afrika onteien het. Vierdens (en meer positief vanuit die perspektief van die marge) kan dié verwysing ook 'n aanduiding wees van die manier waarop figure of groepe wat gemarginaliseer is, daartoe in staat is om te oorleef en nie deur die sentrum uitgewis kan word nie, ten spyte van daadwerklike pogings om sodanige uitwissing te bewerkstellig.

As teenvoeter vir die oordrewe idealisering (en ironisering) van haweloses se leefwyse én vir die assosiasie hawelose–dier, word daar in Loe-wie en Sally Williams se verhale (besonder kortstondige) oomblikke ingebou waar hulle die geleentheid gegun word om ander gedagtes te verbaliseer as net dit wat te make het met dinge wat hulle nodig het vir oorlewing. In Sally Williams se geval voer sy en Cyril die tuinier gesprekke “oor die dood, oor die lewe” (E:47) en oor die “lewe van geeste” (E:48). Loe-wie (aan wie veel meer verteltyd afgestaan word) eindig ironies genoeg een van sy onderhandelingsessies met Bets “met 'n paar uitsprake oor genade” (E:45). Wanneer Bets hom en sy besittings van die erf afsit, gebruik hy ook 'n reël uit Vergilius se *Aeneïs*: “Flectere si nequeo superos, Acheronta movebo”.¹⁰ Juis die onwaarskynlikheid dat hy die Latyn sal ken, laat die vraag ontstaan omtrent die reikwydte van sy kennis en stuur die leser sodoende weg van 'n vereenvoudigde, stereotipiese beeld van hawelose figure.

Soos reeds aangedui, kan selfs die marge 'n marge hê. Na aanleiding van Julia Kristeva beweer Toril Moi (1988:167) dat patriargale kulture vroue as 'n marge gebruik om die manlike lede van die kultuur teen die ‘chaos’ buite die kultuur te beskerm. Ongelukkig word die verskil tussen die marge en dit waarteen dit die sentrum moet beskerm, so klein dat die marge ook geassosieer word met dit wat bedreigend is – hulle deel in die “disconcerting properties of *all* frontiers” (Moi 1988:167). Dit wil voorkom of dieselfde geld in die wêreld van haweloses – ten minste die wêreld van haweloses soos uitgebeeld deur Viljoen/Winterbach. Dit is telkens die vroue wat die onderspit delf. In die geval van Sally Williams word sy deur Cyril die tuinier geslaan “dat sy soos 'n nat kardoos weerklink” (E:47) en word sy “in haar moer vervloek” (E:48). Wat egter nog belangriker is, is dat sy 'n stem geweier word; Cyril “het haar geleer silence is golden” (E:48). Net soos wat sy “een van die heel geringstes is op die ranglys van onsterflikes [sic]” (E:47), is sy ook een van die heel geringstes wat haar posisie in die samelewingshiërargie betref: sy word deur marginale figure (wat eweneens deur die sentrum 'n stem ontsê word) aangemoedig om stil te bly. Hierteenoor is Loe-wie se vrou¹¹ besonder luid wanneer hy haar aanrand (vergelyk E:54).

¹⁰ *Aeneas*, Boek 7, reël 213. John Dryden vertaal dit as: “If Jove and Heav'n my just Desires deny, / Hell shall the Pow'r of Heav'n and Jove supply.” (Keener 1997: reëls 412-3).

¹¹ Of vroue – aanvanklik is daar melding van meer as een, maar teen die einde van die verhaal wil dit voorkom of Loe-wie slegs een vrou het.

Daar word meer aandag geskenk aan die fisieke geweld wat Loe-wie se vrou(e) moet verduur as dit wat Sally Williams moet deurstaan. Wat interessant is omtrent die geweld waarmee Loe-wie se vrou moet saamleef, is Loe-wie se houding jeens geweld teen vroue. Hoewel hy haar self dikwels slaan (vergelyk byvoorbeeld *E:54*), reageer hy besonder veroordelend op die geweld van die twee jong wit mans wat hulle by die brug aanval (*E:41*); hy beweer dat “[j]y kyk net na [sy vrou] dan huil sy” (*E:44*). ’n Moontlike verklaring vir die teenstrydigheid in Loe-wie se houding is die uitspraak: “’n [v]rou ... is ’n *ding* wat jy baie lief moet hê voor” (*E:44*, my kursivering). Daar kan dus afgelei word dat Loe-wie se vrou(e) besittings is en dat hy met hulle kan maak soos hy wil, maar dat ander sy persoon en sy besittings moet respekteer – jong wit mans het dus nie die reg om sy vrou aan te rand nie; hy behou homself daardie reg voor.¹² Binne die raamwerk van ’n marge–sentrum analise van die (fiktiewe) samelewing, kan daar ook geargumenteer word dat die jong wit mans die rangorde waarbinne geweldpleging plaasvind, geminag het. Omdat hulle aansienlik nader aan die sentrum staan as Loe-wie, het hulle – binne ’n besonder verwronge wêreldbeeld – die ‘reg’ om Loe-wie aan te rand, maar dit is (volgens dieselfde logika) Loe-wie se ‘reg’ om sy vrou(e) aan te rand. Deur sowel Loe-wie as sy vrou te slaan en te skop, eerbiedig die jong mans nie die rangorde waarbinne geweldpleging plaasvind nie en dit is dáárom dat Loe-wie ontsteld is oor die aanranding van sy vrou.

Hierdie besonder verwronge beeld van menslike interaksie beklemtoon egter Loe-wie se menslikheid en sy plek in die samelewing. Deur die verband te trek tussen die jong wit mans (juis diegene wat sentraal staan binne die samelewing en diegene wat die mag het) en Loe-wie, wat almal Loe-wie se vrou slaan, word Loe-wie en die jong wit mans gelyk gestel aan mekaar. Loe-wie en die ander haweloses word nie gereduseer tot diere of tot geïdealiseerde tipes nie (hoewel beide tegnieke van representasie gebruik word in die uitbeelding van haweloses, word dit juis gebruik om die stereotipes wat hierdie konstruksies meebring, te ondermyn). Die menslikheid van die haweloses en veral die manier waarop hulle ooreenkomste toon met die verteenwoordigers van die sentrum, word uitgelig. Deur die verskille tussen bruin haweloses en wit bourgeoisie tot niet te maak, word die hele ideologiese basis van Apartheid ondermyn.

3.1.1.2 Die verhouding tussen die *bourgeoisie* en die haweloses: “Ons kan hulle net ondersteun.”¹³

Die geweld wat uitgeoefen word teen die haweloses en ander marginale figure, is grotendeels struktureel.¹⁴ Dit neem twee vorme aan. Die eerste (en mees voor die hand liggende) is die

¹² Valerie Smith (1998:5) wys in navolging van Angela Davis (1986:172) daarop dat “rape laws, as a rule, were framed originally for the protection of men of the upper classes whose daughters and wives might be assaulted”. Die assosiasie tussen vrou en besitting is dus nie iets eie aan die Suid-Afrikaanse situasie nie.

¹³ *KK:11*.

wyse waarop die sosiale bestel die gemarginaliseerde figure in 'n marginale posisie hou deur hulle 'n stem te ontsê. Ten tweede is daar die haweloses se afhanklikheid van Bets of die ek-verteller in *Klaaglied vir Koos* vir kos en skuiling. Die situasie is natuurlik aansienlik meer genuanseerd as wat die voorafgaande sin suggereer. Daar is die kwessie of dit moreel verantwoordbaar is om iemand wat reeds deur die sisteem soveel ontsê is, kos en skuiling te weier. Dit blyk ook dat die haweloses daartoe in staat is om te oorleef sonder die hulp van Bets of die ek-verteller in *Klaaglied vir Koos*, maar dat dit aansienlik makliker is om telkens aan dieselfde deur te klop vir ondersteuning (van watter aard dan ook). Die stereotipe van volkome afhanklike hawelose word dus in Viljoen/Winterbach se werk bestry met dieselfde intensiteit as die stereotipe van die volkome onafhanklike hawelose – die moderne edele barbaar.

Die huis (of erf) waar die haweloses en die onderskeie fokalisators ontmoet, is die punt waar die haweloses die sentrum probeer binnedring. Dit is opmerklik dat daar telkens pogings van Bets en die ek-verteller in *Klaaglied vir Koos* se kant is om hierdie indringing te stuit, hoewel daar terselfdertyd 'n besef is dat die haweloses gemarginaliseer is en dat hulle nie 'n gemaklike bestaan voer nie. Die fokalisators en haweloses ontmoet mekaar selde “op gelyke grond of op straat” (KK:65). Interaksie vind gewoonlik plaas met die ek-verteller in *Klaaglied vir Koos* of Bets wat “die beskerming van die soliede huis” (KK:65) geniet tydens enige ontmoeting. Die “begenadigde huis” (KK:50) is nie alleen 'n “soliede vesting” (KK:57) waarin die ek-verteller in *Klaaglied vir Koos* of Bets haarself kan terugtrek en isoleer wanneer sy bedreig voel deur die haweloses nie (dit is opmerklik dat daar telkens ná elke onderhandelingsessie aangedui word dat die deur toegemaak of gesluit word), maar dit is ook 'n merker van dit wat die fokalisator en die hawelose skei: 'n vaste tuiste, gekoppel aan 'n plek in die sentrum.

Die verskil tussen dit waaroor die fokalisator beskik en dit waaroor die hawelose(s) beskik, word op verskillende maniere duidelik gemaak – veral in *Klaaglied vir Koos*. Die mees blatante hiervan is direkte vergelykings tussen die vertellers en fokalisators en haweloses. Die ek-verteller beweer dat Nevil se slaapplek “tussen die asbesplaat en die skildery op masonite ... ongeveer 'n agt-en-veertigste van [haar] erf beslaan, indien soveel” (KK:67). Hierteenoor het sy “die beskerming” van haar “vier mure” (KK:52), wat sy veelseggend genoeg haar “hawe” noem (KK:52). Effe minder blatant, maar steeds treffend, is die wyse waarop die ek-verteller haar huis beskryf as “obseen van die oorfloed” (KK:6). Hierdie beskrywing is 'n indikasie dat die ek-verteller nie gemaklik is met 'n situasie waarin “die armes en die wurms die koejawels [in haar tuin] vreet” (KK:6) nie.

¹⁴ Johan Galtung (1969:170) gebruik die term ‘strukturele geweld’ vir situasies waarin “nobody is committing direct violence”, waar geweld nie toegeskryf kan word aan 'n bepaalde instelling nie (Galtung 1969:187). Die term word veral (maar nie uitsluitlik nie) binne die Marxistiese teorie gebruik (Degenaar 1980:85).

Die mate waarin die haweloses die ek-verteller verontrus, blyk duidelik uit die feit dat sy nie graag voor haar huis se vensters verskyn nie, omdat sy “bang is om gesien te word, aangespreek te word, deur die armes, die honger kinders, Frans en Betty, silwer (fucked) Sylvia” (KK:39). ’n Deel van hierdie vrees hou verband met haar behoefte aan isolasie (vergelyk KK:22) en ’n deel spruit klaarblyklik uit die feit dat dit nooit haar “erns, of op enige manier [haar] intensie [is] om afstand te doen van [haar] lewenswyse nie” (KK:14) – ten spyte van haar (sporadiese) betrokkenheid by politieke bedrywighede. Die ek-verteller bevind haar dus hier in die (stereo)tipiese posisie van die (wit) Suid-Afrikaanse liberaal¹⁵: ’n behoefte aan politieke verandering maar ’n onwilligheid om terselfdertyd ’n verandering in lewenstyl te ondergaan.¹⁶

Ten spyte van die feit dat die haweloses haar verontrus en ontstem, én dat sy eintlik van hulle ontslae wil raak, hou die ek-verteller – net soos Bets in *Erf* – aan om geld en kos uit te deel. Normaalweg skep die uitdeel van aalmoese en geskenke nie alleen ’n patroon-afhanklike verhouding nie, maar dit bevestig ook ’n magsverhouding deurdat die weldoener die ontvanger moreel gesproke (indien nie werklik nie) onder ’n verpligting plaas. Die verhouding tussen die fokalisators en die verskillende haweloses is egter nie so eenvoudig nie. Die mans (Loe-wie, Nevil, Frans en Sam) verrig almal van tyd tot tyd take in die tuin. Vir werk, soos die komposhoop skuif of die gras sny, ontvang hulle betaling – in welke geval hulle hul “arbeid verkoop” (KK:45 en E:19) en nie net aalmoese ontvang nie. Loe-wie verrig egter ook take waarvoor hy nie betaling kry nie: hy help Bets byvoorbeeld om ’n verstopte drein skoon te maak (E:64) en sit elke week die vullissakke uit voordat Bets die geleentheid kry om dit te doen (E:64). Hierdie onbetaalde arbeid kan gesien word as ’n manier om huur te betaal (dit is opmerklik dat Nevil en Loe-wie, wat van die haweloses die meeste werk in tuine verrig, beide op die fokalisators se erwe woon) en is ’n aanduiding dat die verhouding tussen fokalisator en hawelose (of marge en sentrum) nie uitsluitlik een is waar die hawelose karakter “slingerend en onbevange van dag na dag van die hand na die mond op genade en van genade leef” nie (KK:34).

Dit mag voorkom of die haweloses telkens uitgebeeld word as die stemlose verontregtes wat willoos heen en weer geslinger word deur die (wit gedomineerde) sisteem. Viljoen/ Winterbach se uitbeelding van die haweloses is egter veel meer genuanseerd as dit. Dit blyk duidelik dat –

¹⁵ ‘Liberaal’ is ’n term wat verskillende assosiasies het vir verskillende mense. Hier word verwys na diegene wat bang is vir die “heavy hand of government and seek to liberate the individual from state oppression” (Balaam en Veseth 1996:39). Heywood (1997:41-2) wys daarop dat die beklemtoning van individualisme, die noodsaaklikheid van (individuele) vryhede en (mense)regte, sowel as ’n aandrang op gelykheid en toleransie van kardinale belang vir liberale is.

¹⁶ Die probleme rondom die prioriteite van die wit liberaal kom na vore in die ek-verteller se huiwering om te ontaard in ’n “[w]it vrou wat haar arms swaai oor eiers” (KK:26). Hierdie insident toon sterk ooreenkomste met ’n insident in Nadine Gordimer se *Burger’s Daughter* (1979) (sien J.M. Coetzee (1992a:366-7) se kommentaar hierop).

hoe moeilik die bestaan van die hawelose karakters ook mag wees – hulle ook weet hoe om die sisteem uit te buit en die (wit) fokalisators se skuldgevoel te gebruik vir eie gewin. Na Sylvia se verskyning wonder die ek-verteller in *Klaaglied vir Koos* byvoorbeeld of “almal op die *fringes*, die spiritsdrinkers en die haweloses” weet “dat [sy] vrou-alleen in die huis woon en manipulêrbaar is?” (KK:33, my kursivering). Sowel die ek-verteller as Bets word deur die haweloses gemanipuleer. Wanneer Frans en Betty opdaag by die ek-verteller se huis, is Frans “reg met sy storie” terwyl Betty ’n “perfek rehearsed ondersteuningsrol” vervul (KK:24). Die indruk word dus geskep dat beide van hulle toneelspel ter wille van kos of geld – in hierdie spesifieke geval onder die voorwendsel dat hulle wil werk. Sodoende word die tradisionele konnotasies van weldoener en bedelaar omvergewerp, aangesien die weldoener emosioneel afgepers word om iets te gee en daar sodoende weinig sprake van skuld kan wees. Die stryd wat Bets voer om Loe-wie van haar erf af te kry, wentel ook om toneelspel: Bets maak of sy onbewus is van Loe-wie en sy geselskap nadat sy hulle van die erf gejaag het en hulle weer ‘ongesiens’ terugkeer. Dit is eers nadat sy hom kos geweier het (E:78) dat sy hom twee maal buite die huis konfronteer. Loe-wie maak of hy gehoor gee aan Bets se versoek, maar reken daarop dat sy “te saf in die kop” (E:54) is om hom weer te vra om die erf te verlaat en speel sodoende in op Bets se skuldgevoel.

Die kontak tussen fokalisators en haweloses lei daartoe dat die hawelose nie net as ’n abstraksie gesien kan word nie, maar dat die marge ’n herkenbare gesig kry. In plaas daarvan dat daar nét na ‘haweloses’ verwys word, is daar identifiseerbare karakters met wie Bets en die ek-verteller in *Klaaglied vir Koos* ’n verskeidenheid verhoudings het. Daar sou geargumenteer kon word dat ideologieë (of soortgelyke analitiese raamwerke) geneig is om te veralgemeen en groepe oor dieselfde kam te skeer, sonder inagneming van verskille binne ’n spesifieke groep¹⁷ (homogeniteit is, per slot van rekening, makliker om te hanteer as heterogeniteit). Die verbloemende mag van ideologieë word deur die ek-verteller in *Klaaglied vir Koos* aangedui wanneer sy beweer dat Frans en Betty se geskiedenis die soort feite bevat “wat ideologie nodig maak” (KK:21). Hierdie stelling is sowel ironies as ambivalent. Die ironie spruit uit die feit dat die grootste gedeelte van hul lyding die gevolg is van die Apartheidsideologie en hul geskiedenis juis as ’n argument téén so ’n ideologie gebruik kan word. Die ambivalensie hou verband met die wyse waarop ideologieë ontstaan as gevolg van waarnemings of van interpretasies van die geskiedenis (die Apartheidsideologie het berus op spesifieke interpretasies van die geskiedenis en van feite rakende biologie en fisiologie), maar dan spoedig ook daardie geskiedenis verbloem. ’n Ideologie soos die Marxisme of Sosialisme is ’n intellektualisering

¹⁷ Vergelyk Gayatri Chakravorty Spivak (1988:272 en verder) se kritiek op (onder andere) Michel Foucault en Gilles Deleuze.

van mense se sosiale toestande en die werklikheid van haweloosheid of uitbuiting kan maklik vergeet word tydens intellektuele debatte.

Die impak van die haweloses (veral Frans en Betty) op haar bestaan, beskryf die ek-verteller egter as volg:

Ek weet nie wat alles agter skerms aangaan nie, ek vermoed daar is nie 'n gebrek aan *teorie* of *analise* nie, ek vermoed 'n verskeidenheid van private oplossings vir private hang-ups, vir diegene wat nie meer gemeensaamheid met die gemeenskap ervaar nie [...]

Maar ek *verloor perspektief*, ek sien te veel van diegene wat op die *grense* van my eiendom beweeg. Silwer (befokte) Sylvie, spaced-out Frans en Betty, die honger kinders, die ouer armes (KK:35, my kursivering).

Die marge speel nie net 'n bewusmakingsrol in die prosawerke nie (vergelyk Le Roux 1985:9). In *Klaaglied vir Koos* en *Erf* is die uiteindelijke wisselwerking tussen die marge en die sentrum een van twee breë strategieë vir die inkorporasie van die marge deur die sentrum.

3.1.1.3 Negatiewe en positiewe inkorporasie: “[D]reigende belofte”¹⁸

Daar is reeds aangedui dat die ek-verteller in *Klaaglied vir Koos* soms bedreig voel deur die haweloses wat aan haar deur klop vir geld en kos. In *Erf* voel Bets ook bedreig deur hulle, soos duidelik blyk uit haar koorsdroom (E:84-5) en die feit dat sy eers kyk “of sy Loe-wie gewaar” en dan buitentoe “skarrel” om die vullis in die drom te stop of wasgoed van die draad af te haal (E:77). Hierdie vrees vir die Ander lei tot twee strategieë om die wisselwerking tussen die marge en die sentrum te reguleer.

Bets volg 'n strategie van negatiewe inkorporasie. Sy probeer eers die marge relegier tot 'n posisie waar dit haar nie meer steur nie: sy verban vir Loe-wie van die erf af. Dat só 'n strategie nie 'n effektiewe een is vir interaksie met die marge nie, blyk uit die feit dat Loe-wie en sy gevolg weer terugkeer na die erf en dat hulle, elke keer wat Bets hulle konfronteer of hul skuiling vernietig, telkens “nader aan die huis as vroeër” (E:44) beweeg en uiteindelik “die gevoeligste deel van die agtertuin [binnedring]” (E:74). Die konflik tussen die marge en die sentrum word duidelik gemaak in dié interaksie tussen Bets en Loe-wie. Bets slaag wel daarin om van Loe-wie ontslae te raak (hoewel hy steeds in haar drome figureer) nadat sy verskeie male sy skuiling afgebreek het¹⁹ en hom kos weier. Wanneer hy egter van die erf weg is, lyk dit

¹⁸ B:160.

¹⁹ Dit is belangrik om daarop te let dat die laaste maal wat Bets Loe-wie se skuiling afbreek, sy bygestaan word deur Harie. Hoewel Harie kwalik voldoen aan die stereotipe van patriargale, wit, Afrikaner-man, is hy (as wit Afrikaanse man) 'n verteenwoordiger van die binnekring van die sentrum. Die finale verwydering van die marge word dus bereik wanneer verskillende verteenwoordigers van die sentrum kragte saamsnoer.

of Bets berou kry oor haar aksies (of ten minste nostalgies word) en die verdwene seraglio²⁰ herbou. Dit is die tweede stap in haar negatiewe inkorporasie van die marge. Die nuwe somerpaleis is nie dieselfde as die aanvanklike een nie: die vloer word byvoorbeeld met “vierkantige sementblokke” uitgelê (E:99). Die rekonstruksie van die somerpaleis is om twee redes belangrik. Ten eerste dui dit aan dat ander reëls geld vir die gedrag van diegene in die sentrum as vir diegene in die marge. Bets mag byvoorbeeld agt-en-veertig riete afkap én sy mag die bas van die piesangbome afstroop sodat sy die gedroogde pulp vir matte vir die seraglio kan gebruik (E:99). Dit kontrasteer sterk met Bets se reaksie toe Loe-wie van die riete afgekap het om vir homself ’n skuiling in die rietbos te maak. Ten tweede is Bets se rekonstruksie van die seraglio ’n appropriasie van elemente uit die marge wat sy aanneemlik vind, sonder dat die marge self geïntegreer word in die sentrum. Loe-wie moet verwyder word omdat Bets sy gedrag steurend en bedreigend vind, maar Bets eien haar die reg toe om die “lofryke dae van die seraglio” (E:54) te herskep met haar gerekonstrueerde somerpaleis. Sy trek dus voordeel uit ’n geïdealiseerde beeld van die marge, sonder dat die marge werklik daar is om haar illusies tot niet te maak deur haar te konfronteer met die werklikheid.

Teenoor Bets se negatiewe integrasie staan die ek-verteller in *Klaaglied vir Koos* se positiewe integrasie. Hoewel die proses van integrasie in *Klaaglied vir Koos* nie voltooi word nie, is daar wel ’n sterk aanduiding dat die ek-verteller haar houding teenoor die marge verander het en dat sy na integrasie streef sonder die appropriasie wat teenwoordig is by Bets. Sy kom haar vrees vir die marge te bowe en besluit dat sy “voortaan nie meer van binne die huis onderhandel nie, maar saam met die befoktes, die haweloses, die besittingloses, saans so [haar] huis omsirkel, in waaragtige meeewing” (KK:66). Hierdie besluit vind plaas nadat sy en Nevil saam beplan watter veranderinge aan die tuin aangebring gaan word en sy verskeie ooreenkomste tussen hulle raaksien. Albei van hulle word met diere vergelyk en “albei het moeite om [hul] lewens te orden” (KK:66). Sentraal tot die ek-verteller se veranderde benadering tot die marge is ’n “intense begeerte om méé te leef met die sosiaal uitgeworpenes” (KK:66). Die dubbelsinnigheid van meeewing is duidelik: daar is sowel sprake van patos as van ’n noodsaaklikheid om met die marge saam te leef onder een (metaforiese) dak – indien die ek-verteller hierdie idee van meeewing tot ’n uiterste voer, moet sy Nevil in haar “huis inneem” (KK:69). Die ek-verteller se behoefte aan integrasie kan moontlik toegeskryf word aan ’n besef dat sy nie geïsoleerd kán lewe nie (moontlik ’n verholde boodskap vir die wit enklawe in Apartheid Suid-Afrika). Dit is ook ’n set deur Viljoen/Winterbach om die ek-verteller en haar man se dade te kontrasteer; die

²⁰ Die gebruik van die woorde “seraglio” en “somerpaleis” om Loe-wie se skuiling te beskryf dui op ironisering deur Viljoen/Winterbach, maar is ook ’n aanduiding van die manier waarop Bets haarself probeer distansieer van Loe-wie se armoedige bestaan deur daardie bestaan met oordrewe, verromantiseerde terme te beskryf. Hierdie beskrywings van Loe-wie se woonplek kan gekontekstualiseer word binne ’n kolonialistiese diskoers waarin die Ander gedurig op ’n afstand gehou word, gedurig as ‘anders’ aangebied word (vergeelyk Said 2003:207).

ek-verteller bly (en word toenemend) betrokke by die uitgeworpenes terwyl die man (wat die land verlaat het om vir die uitgeworpenes te veg) geen kontak met hulle het nie. Die ek-verteller “voel ... alleen (verlate selfs)” (KK:64) tydens politieke vergaderings, maar dit blyk dat sy toenemend minder verlate voel in die teenwoordigheid van die haweloses – ’n aanduiding dat betrokkenheid by politieke bedrywighede nie op sigself gaan lei tot enige verandering in menseverhoudinge nie.

Die verandering in die verhouding tussen Nevil en die ek-verteller is, ten minste kortstondig, noemenswaardig – in so ’n mate dat, wanneer Nevil een aand “stormdronk” (KK:67) by die deur aanklop, hy ’n “sjokolade vir die kind” (KK:67) van die ek-verteller aan haar oorhandig. Dit is dus die marginale karakter wat, in die veranderende wisselwerking tussen marge en sentrum, as weldoener kan optree.²¹ Daar word egter gesuggereer dat die veranderde verhoudings tussen die ek-verteller en Nevil, enersyds, en die ek-verteller en Sylvia, andersyds, van korte duur is. Sylvia laat wel die ek-verteller met ’n “gevoel van verlies” (KK:69) wanneer sy aan die einde van die novelle aanklop op soek na klere vir haar dogtertjie, maar die aksent op die bepaalde lidwoord beklemtoon die kortstondigheid van hierdie gevoel: “[d]ié keer laat sy [die ek-verteller] met ’n gevoel van verlies” (KK:69). ’n Volgende keer mag die ek-verteller dalk hoop dat sy haar nie weer sien nie (vergelyk KK:34). Die ek-verteller voorsien ook dat “die dreigende bure” Nevil sal wegdryf en “nie sal skroom om die polisie te bel as hy en die vrou by hom hulle stemme (weer) verhef nie” (KK:69). Nevil bly dus ’n slagoffer van die sentrum se pogings om die marge te verwyder, of ten minste so onsigbaar moontlik te maak, en dit wil nie voorkom of die ek-verteller beoog om hom te beskerm nie, ten spyte van haar pogings om op ’n gelyke vlak met hom te verkeer.

In die beskrywings van sowel Bets as die ek-verteller in *Klaaglied vir Koos* se verhouding met die haweloses, handhaaf Viljoen/Winterbach dikwels ’n sterk ironiese toon. Ironie is lank reeds ’n hulpmiddel om sosiale kommentaar te lewer (sien byvoorbeeld Hutcheon 1995:30), maar dit is ook ’n afstandskeppende meganisme (Hutcheon 1995:49 en verder). Gevolglik sou daar geargumenteer kon word dat Viljoen/Winterbach deur die toon van haar vertelling reeds ’n aanduiding aan die leser gee oor die moontlikhede vir integrasie. Die vraag is nie alleen of negatiewe of positiewe integrasie plaasvind nie, maar of integrasie enigsins moontlik (en wenslik is). Die ironiese toon suggereer moontlik dat selfs in gevalle waar daar pogings tot positiewe integrasie is, daardie integrasie nie werklik kan geskied nie.

²¹ Simon Dagut (1997:4) beweer egter dat, in gevalle waar die werknemer (of die persoon laer af in die sosiale hiërargie) ’n geskenk gee aan die werkgewer (of persoon hoër op in die sosiale hiërargie), hy of sy probeer om ’n paternalistiese reaksie by die werkgewer (of persoon met hoër status) uit te lok – die persoon met laer status inisieer dus doelbewus ’n patroon-afhanklike verhouding.

Die mate waartoe gelyke interaksie tussen die sentrum en die marge – wat nog te sê positiewe integrasie van die marge – kan geskied in ’n bestel waar daar nie eens die skyn van gelykheid (politiek, geregtelik, sosiaal, ensovoorts) tussen die sentrum en die marge is nie, is debatteerbaar. Dit is miskien om hierdie rede dat die ek-verteller in *Klaaglied vir Koos* en Bets in *Erf* nie daarin slaag om ’n volhoubare positiewe verhouding met die haweloses aan te knoop nie. Die vraag is egter of sodanige pogings tot positiewe integrasie moontlik is in ’n post-Apartheidbestel waarin daar wel veronderstel is om algehele gelykheid te wees en waarin almal veronderstel is om ’n stem te hê. Soos dit sal blyk uit die bespreking in onderafdeling 3.1.1.4, is die veronderstelling dat almal gelyk is, nie ’n waarborg vir gelykheid nie – ten minste nie in die wêreld van Viljoen/Winterbach se prosakuns nie.

3.1.1.4 Mfazakhe Mhikize: “Pity has a human face”²²

Mfazakhe Mhikize is om verskeie redes ’n belangrike karakter wanneer haweloses in Lettie Viljoen/Ingrid Winterbach se oeuvre bespreek word. Hy is die eerste hawelose wat beduidend kontak het met ’n fokalisator sedert *Klaaglied vir Koos* en hy is ook die eerste hawelose karakter wat optree in ’n post-Apartheidsroman deur Viljoen/Winterbach. Verder is hy die eerste hawelose karakter wat ’n van het en dit wil voorkom of hy die eerste swart hawelose karakter is in Viljoen/Winterbach se werk. Daarbenewens wil dit voorkom of hy, wat die kategorie van sosiale uitgeworpenes betref, ’n tipe tussenfiguur is – hoewel hy duidelik geen blyplek het nie en moet bedel om te oorleef, word die indruk ook geskep dat daar ’n mate van geestesverstoordheid by hom is.²³

Viljoen/Winterbach se uitbeelding van Mfazakhe Mhikize as hawelose, verskil grootliks van haar uitbeelding van haweloses in haar twee novelles. Eerstens word hy, anders as die haweloses in *Klaaglied vir Koos* en *Erf*, telkens by sy naam én van genoem, terwyl Loe-wie, Nevil en ander soortgelyke karakters slegs by hulle voorname genoem word. Dit beklemtoon sy etnisiteit en dui ook aan in hoe ’n mate die Suid-Afrikaanse samelewing verander het. Mfazakhe Mhikize het nie ’n “witnaam” (E:9) nie en die kombinasie van naam én van omseil die gevoel van familiariteit of van ongelyke magsverhoudinge wat deur die gebruik van slegs die voornaam geskep word. Tweedens word daar gedurig klem geplaas op die negatiewe impak wat sy lewenswyse op hom het. Van die eerste ontmoeting tussen hom en Ester, word daar aangedui dat hy sukkel om te praat, dat sy klere nie goed aan sy lyf sit nie, dat hy siek is. Die ironiese toon, die “waas van bittere humor” (Ester 1985:74), wat teenwoordig is in beskrywings

²² BP:107.

²³ Hoewel Sylvia aan die einde van *Erf* beskryf word as “onsamehangender, kleiner, dronk of haar kop net helemáál geblaas” (E:68), word sy nie vir die volle novelle só uitgebeeld nie en is die alternatief van dronkenskap wat deur die ek-verteller verskaf word, ’n goeie moontlike verklaring vir haar gedrag. By Mfazakhe Mhikize word alkohol nooit genoem nie en is daar daarom ’n groter moontlikheid dat hy sielsiek is.

van Loe-wie, Nevil *et al*, is afwesig in beskrywings van Mfazakhe Mhikize en die gevolg is dat die lewe van 'n hawelose gestroop is van die romantiese element (weliswaar getemper deur 'n ironiese toon) wat by tye in Viljoen/Winterbach se twee novelles teenwoordig is. Ten derde lewer Mfazakhe Mhikize drie maal pertinent kommentaar op sy situasie – iets wat die ander haweloses in Viljoen/Winterbach se werk nie doen nie:

Hy verstaan dit nie, sê hy – dink Ester hy sê – waarom sy lewe is soos dit is [...] Elke dag weet hy dit weer nie, sê hy... (BP:69-70).

Hy roep, sê hy, hy skree, en niemand help hom nie. Niemand om hom te red nie (BP:120).

Daar is nie werk nie, sê hy. Hy is nie siek nie, sê hy, hy is net arm. (Het 'n arme dit al ooit op dié manier vir haar gesê? Sy dink nie so nie – dit bly altyd op die een of ander manier versweë. Net arm. Hierdie man sê dit asof hy goed besef dat hy deur sy armoede van 'n ander soort lewe weerhou word.) (BP:81).

Die laaste uittreksel uit *Buller se plan* word gevolg deur 'n verklaring deur Mfazakhe Mhikize van hoe hy kos soek. Die kombinasie van hierdie selfrefleksiwiteit en die sobere beskrywings van sy lewenswyse, maak Mfazakhe Mhikize 'n ander tipe hawelose karakter as dié wat in Viljoen/Winterbach se twee novelles verskyn. By hóm is daar niks van die “jollie Hotnot”²⁴ nie. Nevil en Loe-wie voldoen eerder aan daardie stereotipe insoverre hulle beide soms vrolik is en ook luidrugtig is wanneer hulle dronk raak. Die stereotipe van die “jollie Hotnot” geld egter andersins nie vir Nevil, Loe-wie of enige van die ander haweloses in Viljoen/Winterbach se oeuvre nie. In plaas daarvan is daar 'n aanduiding van 'n positiewe uitkyk (soos gesuggereer in “Betty se optimistiese klein pruimgesiggie” (KK:49)); dit ontbreek egter geheel en al by Mfazakhe Mhikize. Dit wil ook nie voorkom of Mfazakhe Mhikize “soveel keuses het” (KK:66) soos Nevil nie.

Mfazakhe Mhikize en Ester Brand ontmoet mekaar voor die historiese kerk in Steynshoop – 'n plek waar sy ook die wanstaltige kind teëkom en gevolglik 'n liminale sone waar interaksie tussen die sentrum en die marge kan plaasvind. Op “die bankies onder die plataanbome” is Ester en Mfazakhe Mhikize “twee gelyke siele” (BP:99). Hierdie gelykheid van siele beteken egter nie dat Mfazakhe Mhikize en Ester werklik gelyk is nie. In die Nguni-kulture is dit tradisioneel dat die persoon met groter mag eerste groet of 'n gesprek open; Mfazakhe Mhikize bly by hierdie patroon deurdat hy “wag om aangespreek te word” (BP:99). Hy besef dus wat die magshiërgie is en respekteer dit. Ester bly ook steeds die weldoener wat Mfazakhe Mhikize onderhou – hoewel hy uit die tradisionele patroon breek en haar telkens vir 'n spesifieke bedrag vra by die bedrag wat sy hom reeds gegee het.

²⁴ Gerwel (1979:11) definieer die stereotipe van die “jollie Hotnot” as “'n beeld van luidrugtige (gewoonlik dronkemans-) vrolikheid, weining getemper deur verantwoordelikheid en slegs in rare oomblikke afgewissel deur oppervlakkige ervaringe van verdriet”.

Mfazakhe Mhikize probeer homself doelbewus inskryf in die sentrum. Dit gebeur op twee vlakke. Eerstens soek hy telkens Ester se geselskap op wanneer sy by die historiese kerk sit. Hoewel hy oor die algemeen Ester se magsoorsisie respekteer wanneer dit by gesprekvoering kom, is dit hý wat hom met hul eerste ontmoeting tot haar rig en nie omgekeerd nie (BP:69). Tweedens skryf hy sy naam heel letterlik tussen die kopiereëls van 'n advertensie in 'n koerant, in plaas daarvan om die groot wit marge te gebruik, wanneer Ester hom vra om sy naam te skryf (BP:81-2). Sy interpreteer sy daad as “agorafobie” (BP:82), maar deur sy naam te skryf “tussen die kleingedrukte swart woorde” (BP:82) skryf Mfazakhe Mhikize homself in die teks in, in die sentrum in en weier hy om gereleger te word tot die marge – hoe ruim daardie marge ook mag wees. Hierdie daad maak Mfazakhe Mhikize die mees uitsonderlike van die haweloses. Hoewel die ander deur daad van ondermyning of manipulasie probeer om nader aan die sentrum te beweeg, kry hulle dit nie reg nie en moet die marge steeds deur verteenwoordigers van die sentrum geappropriëer (hetsy negatief, hetsy positief) word om deel te hê aan die sentrum.

Mfazakhe Mhikize se betrokkenheid by die diefstal van Mevrouw Kriek se eiendom ná haar moord, verskil ook van die ander haweloses se gedrag. Daar is hier nie sprake van Loe-wie wat in Bets se verbeelding die bure se kat ontvoer “en wil stowe” (E:42) nie – dit is humoristies ten spyte van (of miskien juis weens) die gruwelikheid inherent aan die beeld. Mfazakhe Mhikize se moontlike betrokkenheid by die moord op Mevrouw Kriek dui op 'n donker kant van haweloses, wat weens hul omstandighede gedryf word tot betrokkenheid by misdaad. Op hierdie wyse is haweloses nie meer die produkte van 'n bestel wat aktief (sosiale) ongelykheid bevorder nie (en waar die interaksie tussen hawelose en fokalisator die wanbalans tussen sentrum en marge illustreer). Daar word eerder aangedui dat sosiale euwels (misdad, in hierdie geval) vererger (of moontlik veroorsaak word) deur sosiale ongelykheid – ongeag of die politieke regime aktief daardie ongelykheid bevorder of bestry.

Deur Mfazakhe Mhikize op sy eie uit te beeld, word die moeilike lewenswyse van alle haweloses in die nuwe bedeling – waarin die positiewe verruiming van die sentrum veronderstel is om te geskied – aangedui en word hul posisie eintlik meer aangrypend uitgebeeld. Hy is die gevallestudie wat ondersoek word en aan wie die leser gedurig herinner word deur die verskeidenheid (gesiglose) mans wat telkens deur die loop van die roman met supermarkwaentjies vol vreemde objekte, soos rolle draad (BP:17 en 60), iets wat lyk soos opgerolde skilderdoek (BP:17), 'n gekruiste stok (BP:59), boeke (BP:63), of leë sementsakke (BP:119), op en af beweeg in die strate van Steynshoop.²⁵

²⁵ Ironies genoeg hou die lewe in Steynshoop vir 'n hele aantal karakters in *Buller se plan* nie besonder veel hoop in nie.

3.1.2 Die proletariaat

Die groot verskil tussen die karakters in die kategorieë proletariaat en haweloses (benewens die feit dat eersgenoemde groep almal huisvesting en semipermanente werke het), is dat die onderskeie fokalisators feitlik geen kontak het met manlike lede van die proletariaat nie. Die kontak wat die fokalisators wel het met lede van die proletariaat sentreer ook hoofsaaklik om politieke bedrywigheid óf spruit uit politiek gemotiveerde kontak.

3.1.2.1 Die verhouding tussen vroue: “Makhosikazi manyanani”²⁶

Kontak met vroue uit die swart en bruin gemeenskappe (haweloses uitgesluit) geskied in *Klaaglied vir Koos* en *Erf* grotendeels by politieke byeenkomste of die byeenkomste van verskillende vroue-organisasies. Die politieke aktiwiteite van vroue is beperk tot die twee novelles, maar in *Klaaglied vir Koos*, *Erf* en *Landskap met vroue en slang* is daar ook ’n aantal huiswerkers (huishulpe, bediendes) wat kontak het met die onderskeie fokalisators. Die politieke skakeling tussen vroue wissel. In *Klaaglied vir Koos* word dit gedurig gekenmerk deur verwysings na die geskiedenis en in *Erf* sentreer dit om Agnes se wedervaringe in die vroue-organisasies. In die ander romans is vroue as lede van die proletariaat grootliks afwesig, tensy dit is as huiswerkers.

Viljoen/Winterbach beskou die geskiedenis allermins as iets monolities (vergelyk *KK*:20-1); die geskiedenis van vakbonde is byvoorbeeld “’n alternatiewe geskiedenis van die land” (*KK*:49). Die onbepaalde lidwoord dui aan dat daar meer as een alternatiewe geskiedenis is. Dit impliseer egter ook dat die geskiedenis van wit Suid-Afrika nie ’n alternatiewe geskiedenis is nie, maar die dominante geskiedenis, die geskiedenis wat sentraal staan binne die geskiedenisboeke terwyl alle ander geskiednisse gereleë word tot die marge (indien dit hoegenaamd opgeteken word). Die ek-verteller se interaksie met die geskiedenis van die marge is interessant, omdat sy daardie geskiedenis wil binnedring, nie om daaruit te neem wat sy kan vir eie gewin nie, maar eerder om deel te word daarvan en afstand te doen van haar eie geskiedenis, wat sy as ’n “verwaterde, perverse wit geskiedenis” beskryf (*KK*:38). Sy probeer dit doen deur kennis te neem van alternatiewe geskiednisse (vandaar ook waarskynlik haar belangstelling in Frans en Betty se geskiedenis (*KK*:21)).

Haar pogings om van haar eie geskiedenis “ontslae te raak” (*KK*:38) lei tot ’n “versugting ... na ’n nabye verhouding met swart mense wat plaasvervangende ouers” kan wees (*KK*:38), ’n versugting na ’n “Inheemse Moeder” (*KK*:54, sien ook *KK*:36). Dit is natuurlik ’n verromantisering en ’n stereotipering van swart persone – veral swart vroue. Die stereotipering is myns insiens egter geleë by die karakter van die ek-verteller, eerder as by

²⁶ *KK*:64.

Viljoen/Winterbach. Die feit dat die ek-verteller nooit 'n "Inheemse Moeder" (KK:54) vind nie, sou gelees kon word as 'n aanduiding dat sodanige inheemse moeders slegs die konstruksies is van wit persone en dat die inheemse moeders – soos gevisualiseer deur die ek-verteller – nie bestaan nie.

Terselfdertyd probeer die proletariaat ook 'n "intrede [bewerkstellig] in die maak van hul eie geskiedenis" (KK:48) (vergelyk Berkhofer 1998:124-5) en is daar sodoende sprake van die ondermyning van die metanarratief van die Suid-Afrikaanse Apartheidsgeskiedenis, waar die aandag geskenk is aan die dade van grootse wit mans en nie swart of bruin werkers nie. Die politieke byeenkomste wat hulle bywoon, maak nie net geskiedenis (KK:19, 49) omdat dit deurbrake en waterskeidings is nie (KK:19), maar ook omdat dit "bevreemdend" (KK:19) is. Dit vervreem diegene wat deel het daaraan van die 'amptelike' wit geskiedenis en skep sodoende 'n alternatiewe sentrum. Die proletariaat is dus besig om toegang tot die sosiale en politieke sentrum te bewerkstellig, maar dit word gedoen deur die marge so te versterk dat dit uiteindelik die sentrum van 'n "Nuwe Bedeling" (KK:49) kan vorm.

Erf bevat 'n duideliker blik op die politieke interaksie tussen vroue van verskillende rasse as *Klaaglied vir Koos*. Grotendeels sentreer die blik op die interaksie tussen die marge en die sentrum op die interaksie tussen wit vroue (veral Agnes en Esther), bruin vroue en swart vroue. Die wyse waarop die wit vroue steeds deel is van die sentrum en slegs tydelik in die marge kan vertoef, word met ironiese oordrywing aangedui. "[A]lmal" gaan byvoorbeeld op 'n gegewe dag "aan die struggle meedoen" (E:18) maar teen "vieruur is Agnes moeg en ry sy saam met Esther ... terug na haar huis" (E:19). Die proses van "meedoen aan die struggle" blyk ook meer van 'n stokperdjie te wees vir die wit vroue²⁷ as vir die swart en bruin vroue, wat daagliks onder moeilike omstandighede (geskep deur 'n sisteem wat nie interaksie tussen die sentrum en die marge toelaat nie en wat die marge so veel as moontlik uit die weg wil ruim – sowel letterlik as figuurlik) moet oorleef en dus nie noodwendig tyd het vir politieke aktiwiteite nie:

Nou werp Agnes haar volkome in die stryd en vergader weekliks met die vroue van die dorp se wit, swart en bruin gebiede in 'n saal. Die wittes doen moeilike toertjies en swaai aan die kandelare, die bruines hou hulle ferm by demokratiese metodes, die swartes sê min en daag dikwels nie op nie (E:19).

Die vertelperspektief hier (dit wil voorkom of die vertelperspektief in hierdie geval nie deur middel van die fokalisator, Agnes, funksioneer nie) gebruik stereotipering tipies van 'n rasbehepte samelewing op 'n ironiserende wyse om die belaglikheid van die wit vroue se optrede duidelik te maak. Die suggestie is dat die wit vroue "moeilike toertjies" (E:19) doen om hul lojaliteit aan die struggle te bewys, maar dat hul toertjies klaarblyklik niemand beïndruk nie

²⁷ Soos Britz (1987:9) dit stel, leef hulle "ook nie werklik geïnspireerd binne die nuwe, ondergrondse orde waarin hulle beland het nie".

en dat hulle gevolglik slegs as ontsnapte sirkusartieste voorkom, eerder as ernstige politieke aktiviste. Die “moeilike toertjies” (E:19) wat die wit vroue uithaal, kontrasteer sterk met die bruin vroue se aandrang op demokratiese werkswyses – ’n moontlike teregwysing vir sowel die wit vroue as vir die (wit) leser, dat verbluffende kunsies nie nodig is nie, maar eerder ’n doelgerigte poging om die land in sy geheel in ’n demokrasie te verander. Die aandrang op “demokratiese metodes” (E:19) kan ook gesien word as ’n poging om enige marginalisering binne die marge so veel moontlik te beperk. Tradisioneel bied demokrasieë beperkinge op magsakkumulering en bied die manier waarop ’n demokratiese sisteem funksioneer ook die moontlikheid om (deur middel van geheime stemming) ampsdraers en aksieplanne te kies op grond van hoe effektief hulle sal wees. In teorie (want die praktyk verskil drasties) speel geslag, ouderdom, klas, ras en persoonlike verwantskap nie ’n rol binne demokratiese verkiesingsprosedures nie en word magsverhoudinge gedurig gerekonfigureer. Dit is ook interessant dat dit die bruin vroue is – wat binne die Apartheidsbestel gemarginaliseer is en wat grotendeels binne die ‘Nuwe Suid-Afrika’ ook gemarginaliseer word – wat aandrang op hierdie “demokratiese metodes” (E:19). Hulle probeer klaarblyklik hul eie marginalisasie voorkom.

Die swart vroue se oënskynlike gebrek aan betrokkenheid kan gelees word as die stereotipe van ‘die lui swarte’, maar dit kan ook gelees word as ’n aanduiding van hulle marginalisering binne die sosio-politieke bestel van Apartheid Suid-Afrika. Vermoedelik het die swart vroue – wat weens die trekarbeidstelsel op hulle eie na groot gesinne moes omsien en self ook moes probeer werk om geld te verdien – nie die nodige tyd om na hulle families om te sien, te werk én politieke betrokke te wees nie. Daar moet onthou word dat dit die swart vroue is wat werk vir ‘liberale’, wit vroue soos Agnes en wat dit gevolglik moontlik maak vir die ‘liberale’, wit vroue soos Agnes om politieke betrokke te wees, aangesien hulle nie self na hul huishoudings hoef om te sien nie.

Wat egter nog belangriker is, is dat die wit vroue wat betrokke is by die politiek “nie ag [slaan] op die vermiste egpare wat soos sloepe ... verbyvaar” (E:20) in die straat nie. Dit blyk dus duidelik dat pogings tot die skepping van ’n alternatiewe sentrum nie genoeg is om integrasie van die marge en die sentrum te bewerkstellig nie. Dit is moontlik dáárom dat Sally Williams se verhaal met Agnes s’n vervleg word: die aanleer van “demokratiese werkswyses” (E:36) – wat veronderstel is om dié metodiek te wees om die integrasie van die marge en sentrum te bewerkstellig en om elkeen in die marge (heel letterlik) ’n stem te gee – help niks indien figure soos Sally Williams as gemarginaliseerde hawelose moet probeer oorleef sonder dat sy eens raakgesien word deur verteenwoordigers van die sentrum nie.

Die huiswerkers is in ’n meer ambivalente posisie as die meerderheid van die proletariaat, aangesien hulle in die middelpunt van die wit gesin verkeer, maar tog nie deel is van daardie gesin nie (Cock 1980:87-8, 100). In baie gevalle is die huiswerker bewus van probleme of

geheime binne die gesin of familie vir wie sy werk, maar is hulle nie bewus van probleme wat sy ondervind nie (vergelyk Cock 1980:94-5). Die verhouding tussen die huiswerker en die gesin of familie vir wie sy werk, hang grotendeels af van die werkgewer se houding jeens die huiswerker en sy of haar behoefte om “the proper degree of social distance between themselves and their servants” te handhaaf (Cock 1980:91; sien ook Cock 1980:94, 100). Die huiswerker funksioneer dus binne die sentrum sonder dat sy deel is daarvan.

Viljoen/Winterbach wys op die verskillende funksies wat die huiswerker vervul binne ’n huishouding – veral in *Klaaglied vir Koos* – wanneer sy sowel die vroulikheid as die moeder-elemente van dié marginale figuur se identiteit beklemtoon. Wanneer die ek-verteller verlang na ’n swart vrou wat (soos ’n moeder) vir haar sal sing, beweer sy dat ’n swart moeder “in die vorm van [haar] huishulp” ook “okay” is (KK:36). Dit kontrasteer sterk met die wyse waarop sommige werkgewers huiswerkers behandel; Cock (1980:102) beskryf die paternalistiese verhouding tussen werkgewer en huiswerker as een waarin die huiswerker as “a perpetually irresponsible child” behandel word. ’n Tweede manier waarop Viljoen/Winterbach hierdie eendimensionele (en neerbuigende) uitbeelding van huiswerkers teenwerk, is om klem te lê op ander elemente van hul identiteit benewens dié van werknemer (vergelyk Cock 1980:94); sy beklemtoon die feit dat die huiswerker ook ’n vrou is. Wanneer sy, byvoorbeeld, die sprinkaan wat broei aan die huiswerker uitwys;

sê [sy] vir die vrou, die bediende, pasop die sprinkaan, sy broei. Die vrou/bediende sê, ja, sy het haar juis nie opgemerk nie (KK:37, my kursivering).

Die dubbele identiteit wat in hierdie sinne aan die huiswerker toegeken word, is ook ’n aanduiding van die dubbele bestaan wat die huiswerker voer – binne die sentrum en in die marge. Dit word verder beklemtoon deur die aanduiding dat die huishulp swart is, maar dat sy met haar kinders Afrikaans praat (KK:36).²⁸ Sy praat dus die taal van die onderdrukker met haar kinders – moontlik in ’n poging om hul kanse op integrasie in die sentrum in (of ten minste hul bruikbaarheid vir die sentrum) te vergroot.²⁹

Die mate waartoe die huiswerker gebruik word deur die sentrum, kom na vore wanneer Agnes ’n “reuse pampoene in die oond vir hulle vriende” bak (E:14). Dié groente, word die leser meegedeel, “kom uit haar swart bediende se tuin” (E:14). Daar is nooit enige verklaring vir die wyse waarop Agnes die pampoene bekom het nie, óf vir die rede(s) waarom die huiswerker dit aan haar gegee het nie. Wat die insident nog meer aangrypend maak, is dat die uitbuiting

²⁸ Dit kontrasteer met die jong vrou by die politieke vergadering wat die ek-verteller bywoon, wat “triumfantelik bruin” is en Engels praat met ’n “Afrikaanse aksent” (KK:64). Hier is die keuse vir Engels moontlik as *lingua franca*, maar ook moontlik as ’n weiering om die taal van die politieke maghebbers te gebruik.

²⁹ Sien egter ook afdeling 3.3.

uitgevoer word deur Agnes, wat “volkome” deel is van “die stryd” (E:20) ter bevryding van sulke marginale figure soos die huiswerker.

Die kwessie van uitbuiting word verder geïmagineer indien daar in ag geneem word dat “[t]he role of employer is a male role, [...] [t]he sexual role of servants is feminine, submissive, subordinate” (Whisson en Weil 1971:37). Ten spyte daarvan dat al die werkgewers wat genoem word, vroue is, vervul hulle dus steeds ’n manlike rol ten opsigte van hul verhouding met die huiswerker; hierdie rol word versterk in die afwesigheid van ’n manlike eggenoot, aangesien die vrou alleen verantwoordelik is vir die huishouding en gevolglik die man se rol oorneem. Binne so ’n konteks word die huiswerker byna die vroulike eggenoot in die verhouding tussen werkgewer en huiswerker. In die geval van die ek-verteller in *Klaaglied vir Koos* is hierdie verwydering van die man, wat die plot betref, besonder belangrik en lei dit ook tot ’n treffende ironie. Haar man verlaat haar juis om te veg vir die bevryding van (onder andere) swart of bruin huiswerkers; hy vervul dus nie die tipiese rol van die onderdrukkende patriargale figuur nie, maar die bestel waarin hulle leef, plaas hom steeds in daardie rol. Wanneer hy vertrek, word die ek-verteller sy plaasvervanger, maar sy verwyrt terselfdertyd diegene om wie se bevryding hy gaan veg het, omdat hulle hom van haar ‘weggeneem’ het (vergelyk KK:10, 54-5, 60 en 64).

Ander karakters, soos die ek-verteller se man in *Klaaglied vir Koos* (wat ook nou betrokke is by die bevrydingstryd), is egter wel bewus van die probleme en uitbuiting van, onder andere, huiswerkers. In ’n droom van die ek-verteller is die “swart bediende ... ’n jong kind” (KK:9) wat op die “man se skoot” sit en hom “vertel ... van haar siekte” (KK:10). In hierdie droom word die man wel as patriargale magsfiguur voorgestel, maar die feit dat die huiswerker hom “van haar siekte” kan vertel, dui aan dat hy gewillig is om haar te help – ’n gewilligheid wat duidelik blyk deurdat hy toelaat dat iemand wat “vuil” is met ’n kop “vol luise” (KK:10) op sy skoot sit; hy is dus gewillig om met diegene wat vuil en sosiaal onaanvaarbaar is, te assosieer. Sy behandeling (“[h]y druk haar anus soos ’n puijie” (KK:10)) lyk egter of dit nie besonder van pas is vir die “siekte” nie – ’n moontlike indikasie dat sy bereidwilligheid om te help nie genoeg is nie, aangesien die optrede wat hy volg om ’n kuur te bewerkstellig, nie noodwendig korrek is nie. Die suggestie is dus dat selfs die verteenwoordigers uit die sentrum wat die marge wil help, nie noodwendig die korrekte roete volg om te help nie en dat hulle dit dikwels op ’n neerbuigende wyse doen.

Die droom-gegewe word verder gekompliseer deurdat daar sprake is van ’n eroties gelade subteks binne die droom: die ek-verteller se man verkeer relatief intiem met die huiswerker in die gedaante van “’n jong kind” (KK:9). Hierdeur word die kwessie van seksuele verhoudings tussen werknemers en werkgewers onder die leser se aandag gebring. Dit is nie net die ongelyke magsverhouding tussen werknemer en werkgewer wat hier aanwesig is nie, maar ook dié tussen kind en volwassene. Daar is dus ’n suggestie dat dit seksuele uitbuiting is, eerder as

'n 'normale' seksuele verhouding. 'n Analise van die verhouding tussen die ek-verteller se man en die huiswerker in die vorm van 'n jong kind, word ook gekompliseer deurdat dit die 'jaloerse' eggenoot is wat die droom het – daar sou dus geargumenteer kon word dat die ek-verteller jaloers is omdat haar man haar verlaat het ter wille van die verontregtes en dat sy hierdie 'mededinging' om haar man se aandag, binne haar droom, uitleef as seksuele kompetisie.

Die huiswerkers in *Klaaglied vir Koos* en *Erf* bly naamloos; in *Belemmering* werk Fransiena vir Hannah se gesin en in *Landskap met vroue en slang* werk Faith Mbatha en Ruta onderskeidelik vir Lena Bergh en Molly Bloem. Hierdie naamgewing vir huiswerkers is van belang, maar die waarde daarvan moet ook nie oorskat word nie. Dit dui wel daarop dat die huiswerkers 'n afsonderlike identiteit buite hul beroep gegun word – daar kan dus verwys word na die karakter 'Fransiena' in plaas van Hanna se ma se huiswerker – maar die (wit) fokalisators kry ook toenemend name vanaf *Erf* en hierdie tipe naamgewing moet dus as 'n tendens in Viljoen/Winterbach se werk gesien word, eerder as 'n spesifieke proses van identiteitskepping vir huiswerkers. Wat wel oor hierdie huiswerkers gesê kan word, is dat die leser meer van hulle te wete kom as in *Klaaglied vir Koos* of *Erf*. So word die leser meegedeel dat Fransiena dood is aan kanker in die hospitaal en dat die “stomende vleispotte ... háár ook nie [kon] red nie” (B:103). Dit is nie veel meer gedetailleerd as die verhaal van Sally Williams nie, maar dit bevat meer inligting omtrent die huiswerker as wat in *Klaaglied vir Koos* en *Erf* beskikbaar is.

Die mededeling omtrent Fransiena se dood het drie belangrike implikasies. Eerstens is daar 'n duidelike aanduiding dat Hannah bewus is van Fransiena se lewe buite haar rol as huiswerker. Die feit dat sy weet hoe Fransiena gesterf het, kontrasteer met Bets se vriendin in *Erf*, wat nie weet waarom 'haar' huiswerker nie teruggekom het van vakansie af nie (E:11). Tweedens is daar 'n aanduiding dat Fransiena ook voordeel getrek het uit haar werk by Hannah se gesin – sy is nie toegang tot die “stomende vleispotte” (B:103) geweier nie.³⁰ Derdens word Fransiena se lot met dié van Hannah se gesin verbind deur die aksent op “háár”; die implikasie is dat Hannah se gesin se welvaart hulle nie kon red nie, en dat die toegang wat Fransiena gehad het tot die “stomende vleispotte” (wat as simbool vir welvaart en luukses gelees kan word) haar ook, uiteindelik, nie veel gebaat het nie. In hierdie geval beklemtoon Viljoen/Winterbach die verband tussen die huiswerker en die gesin by wie sy werk. Dit wil egter voorkom of die tipe integrasie wat hier ter sprake is (dit lyk of Fransiena 'deel van die familie' is, al het sy “in die

³⁰ Daar is natuurlik 'n mate van ironie betrokke by hierdie stelling. Indien die “stomende vleispotte” as simbool vir welvaart en luukses gelees word, is dit baie duidelik dat Fransiena nié toegang daartoe gehad het nie, anders sou sy nie in haar werkgewer se agterplaas gebly het nie. Indien die “stomende vleispotte” slegs as voedsel funksioneer, dan word die kwessie van betaling deur middel van goedere (in plaas van geld) belangrik (sien Cock 1980:101-2 en Whisson en Weil 1971:41 en verder).

agterplaas in 'n kamer met haar man gewoon" (B:103)) nie voldoende is nie, aangesien dit nóg Hannah, nóg Fransiena kon "red" (B:103).

Anders as die ek-verteller in *Klaaglied vir Koos* se huiswerker, is Faith Mbatha en Ruta nie "onbereikbaar" (KK:36) nie. Die leser leer meer van hulle en hul werkgewers neem kennelik meer kennis van hul gemoedstoestand – veral Faith Mbatha s'n. Hoewel Hattingh (1997) argumenteer dat die "swart mede-karakters figureer as stereotipiese huishulpe", blyk daar meer betrokkenheid te wees as in *Klaaglied vir Koos*, waar die ek-verteller nie vra oor die "swart skaduwee op [die huiswerker] se bolip" (KK:36) nie, of *Erf*, waar 'n vriendin van Bets vertel dat "haar huishulp ... nie teruggekom [het] van vakansie nie" (E:11), maar waar 'n gebrek aan betrokkenheid by die huiswerker se situasie daartoe lei dat geen rede vir hierdie optrede blyk nie. Daar is 'n aantal verklarings vir hierdie skuif. Eerstens is die fokus van die twee novelles anders as *Landskap met vroue en slang* s'n – in *Klaaglied vir Koos* en *Erf* is die ek-verteller en Bets telkens besig met 'n proses van toenemende self-isolasie, 'n doelbewuste poging om bande met die samelewing te sny. In beide novelles is daar aan die einde wel 'n aanduiding dat Bets en die ek-verteller in *Klaaglied vir Koos* weer beweeg in die rigting van kontak met die samelewing, maar in beide gevalle is haar verhoudings met mense radikaal anders as wat dit was toe haar man/minnaar haar verlaat het. In *Landskap met vroue en slang* bly Lena verbonde aan haar man (Jack) en soek sy gedurig na maniere om haarself aan te pas by haar nuwe omgewing en om weer kreatief te kan werk. Gevolglik neem Lena Bergh meer notisie van Faith Mbatha se gemoedstoestand. Tweedens vorm die wisselwerking tussen Faith Mbatha, Ruta, Lena Bergh en Molly Bloem deel van die plot en word daar meer verteltyd aan Faith Mbatha en Ruta afgestaan. Derdens het die politieke en sosiale toestand in Suid-Afrika verander vanaf die tagtigerjare toe *Klaaglied vir Koos* en *Erf* verskyn het. Die politieke magsentrum het verander. Wittes behoort steeds tot die groep wat oor die algemeen op ekonomiese terrein 'n sentrale posisie beslaan, maar dit is nie noodwendig so op sosiale gebied nie en definitief nie meer op politieke terrein nie. Gevolglik is daar 'n verandering moontlik in die verhouding tussen werkgewer en werknemer. Die verskil tussen die ou marge en die nuwe marge word geïllustreer in Molly Bloem en Lena Bergh se verskillende tegnieke om Ruta se "slanderous tales" te hanteer (LVS:33-4). Molly en Dyf Bloem leef steeds in die ou paradigma waarin swartes "se koppe anders werk as [wittes] s'n" (LVS:34) – 'n insinuasie dat swartes dommer, minder logies, meer gevaarlik, meer emosioneel en so meer, is as wittes. Lena Bergh wys egter daarop dat Dyf (as gevolg van hierdie mentaliteit) "nie 'n besonder goeie track record met swart mense het nie" (LVS:34); hy handel dus steeds volgens die pre-1994-skeidslyne tussen marge en sentrum.

Ten spyte van hierdie (effe) gunstiger posisie behoort Faith Mbatha nóg tot die narratiewe sentrum van die verhaal, nóg tot die politieke, sosiale of ekonomiese sentrum van die wêreld waarin sy leef.

Sy woon op die *grens* tussen skaarste en oorvloed. Haar lewe kan van oomblik tot oomblik van plesier in rou gedompel word (*LVS*:188, my kursivering).

Die mate waarin Faith Mbatha op hierdie skeidslyn leef, word geïllustreer deurdat sy van pyn met die moord op haar suster (*LVS*:11), na “geluk” (*LVS*:33) en ’n “gunstiger seisoen” (*LVS*:80) en terug na ’n toestand van rou (*LVS*:204) beweeg in die loop van die roman.

Van al die huiswerkers is Betta (in *Niggie*) waarskynlik die interessantste. Sy sit die patroon van swygsaamheid, wat deur Mfazakhe Mhikize geïniseer is, voort en word, net soos Mfazakhe Mhikize, besonder simpatiek uitgebeeld. In ’n sekere sin is sy die prototipe-huiswerker: sy verskyn in ’n roman wat afspeel voor Uniewording in 1910, voordat daar werklik van Suid-Afrika gepraat kon word en voor die instelling van wetgewing soos die Wet op Groepsgebiede (1950) en die berugte “Naturellen Grond Wet” (1913). Binne die konteks van ’n bestudering van vroulike lede van die proletariaat is sy om twee redes belangrik. Eerstens is sy die een huiswerker wat in ’n duidelike paternalistiese verhouding met haar werkgewer verkeer. Sy en Jeremia is “getrou tot die dood” (*N*:188) aan die wit familie by wie hulle werk – in so ’n mate dat hul seuns “saam met mans op kommando” (*N*:188) is.³¹ Dit wil voorkom of Niggie die rol van “quasi-father” (sien Dagut 1997:5) oorneem in die afwesigheid van Johannes, Anna se man. Om hierdie rede word Jeremia en Betta toegelaat om die huisgodsdienis saans by te woon (*N*:187) soos enige lid van die (wit) familie (hoewel hulle op “die grond in die een hoek van die eetkamer” (*N*:187) sit), terwyl hulle normaalweg nie as deel van die familie gesien word nie.

Tweedens is sy die één huiswerker wat die maklikste in die patroon pas van intieme betrokkenheid by die familie vir wie sy werk, terwyl sy ook baie duidelik uitgesluit word. Die wyse waarop sy uitgesluit word, word op verskillende maniere aangedui. Waar die ander huiswerkers duidelik ’n lewe van hul eie het, wil dit voorkom of Betta absoluut geen lewenslus het nie. Sy praat nie, sy “hou haar blik altyd afgewend” (*N*:188), en sy “stuur onsiende in die kombuis” (*N*:216) verby Reitz. Dit is feitlik onmoontlik om enige afleidings oor haar te maak. Tweedens word haar marginalisasie aangedui deurdat sy en Jeremia tydens huisgodsdienis “op die grond in die een hoek van die eetkamer” (*N*:187) sit. Hulle mag dus duidelik nie saam met die familie en hul gaste (Ben en Reitz) om die eetkamertafel sit nie, maar word (byna soos stout kinders) in die hoekie geplaas. Derdens is daar die feit dat sy nooit praat nie – ten minste nie wanneer Reitz teenwoordig is nie. Die implikasie is dus dat niemand na haar sal luister wanneer sy praat nie, óf dat sy geleer is om nie te praat nie. Hierdie stilte kan, myns insiens, nie gelees word as “muted rituals of rebellion” (Cock 1980:103) nie. Dit wil eerder voorkom of Betta

³¹ Met hierdie inligting aktiveer Viljoen/Winterbach die kwessie van swart betrokkenheid by die Suid-Afrikaanse oorlog (1899-1902). Sy skakel ook in by die jongste tendense in geskiedskrywing, sowel deur haar keuse van onderwerp as haar gedurige fokus op die Lyotardiaanse kleingeskiedenis (vergelyk Thompson 2004:29 en 121), iets wat bewerkstellig word deurdat sy deurentyd op ‘onbelangrike’ persone fokus eerder as op ‘belangrikes’ of op ‘groot’ ‘historiese’ gebeure.

sielkundig totaal geknak is en dat haar stilte net nog 'n simptome is van haar lewlose bestaan. Laastens word sy ook deur sowel Niggie as Reitz by die ondergeskiktes ingedeel: sy vorm deel van die “swart hulp” (N:179) en is een van die “bediendes” (N:216), nie een van die familie nie. Betta se betrokkenheid by Anna en Niggie se familie, blyk egter intiem te wees. Sy was, onder andere, Lena (Anna se susterskind) se maandverbande (N:210) (vergelyk Cock 1980:88) en, soos reeds aangedui, veg haar seuns saam met die Boeremagte.

Die kombinasie van 'n paternalistiese verhouding met haar werkgewer sowel as die wyse waarop sy intiem betrokke is by 'n familie, maar duidelik nie daarby hoort nie, is 'n duidelike aanduiding van hoe gemarginaliseer Betta is. Hiertoë kan nog bygevoeg word dat sy deel is van 'n groep binne die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing wat tot baie onlangs óók gemarginaliseer is – swartes wat hulle by die Boere geskaar het tydens die Suid-Afrikaanse oorlog.³² By Betta is daar 'n duidelike aanduiding dat gemarginaliseerde groepe ook ánder kan marginaliseer, selfs in 'n stelsel waar marginalisasie van een groep (op grond van sekere kenmerke) nie 'n amptelike beleid is nie (soos wat dit tydens Apartheid was). Wat die marginalisasie van vroulike huiswerkers betref, verteenwoordig Betta dus 'n uiterste. Binne Viljoen/Winterbach se oeuvre verteenwoordig Faith Mbatha as huiswerker wat 'n duidelike bestaan het buite haar werk ('n bestaan waarvan haar werkgewer bewus is) die ander uiterste (met Fransiena en die ander huiswerkers iewers tussen die twee), maar dit is egter nie 'n uiterste wat volledige integrasie by die sentrum versinnebeeld nie. Hierdie uiterste is slegs 'n mindere mate van marginalisasie.

3.1.2.2 Mans en die verteenwoordigers van die sentrum: “[M]et die werkers betree ek reeds heilige grond!”³³

Soos met die vroulike lede van die proletariaat, val die manlike lede van die proletariaat ook in twee breë kategorieë. Eerstens is daar die munisipale werkers in *Klaaglied vir Koos* en tuiniers soos Boas in *Landskap met vroue en slang*. Tweedens is daar die politieke aktiviste soos Mbuyisile in *Erf*.³⁴ (En anders as met Betta in *Niggie*, val Jeremia nie gemaklik in 'n kategorie nie – hy is nóg 'n munisipale werker, nóg 'n politieke aktivis.) Net soos die vroue wat betrokke is by politieke aktiwiteite, is die tweede groep mans problematies omdat hulle, sonder veel moeite, as liminale karakters geklassifiseer kan word in plaas van marginale karakters. Die wyse waarop hulle egter (as swart Suid-Afrikaners) volkome uitgesluit is uit die politieke

³² Dit is moeilik om te bepaal in hoe 'n mate swartes – veral swart plaaswerkers – hulle vrywillig by óf die Boere- óf Britse magte geskaar het, aangesien daar in beide gevalle vanuit die staanspoor ongelyke magsverhoudinge was. Vir 'n baie bondige bespreking van die betrokkenheid van swartes by die Suid-Afrikaanse oorlog van 1899 – 1902, sien Pakenham (1988) en Warwick (1988).

³³ *KK*:29.

³⁴ Dit wil voorkom of die nege mans in die berghut in *Belemmering* almal wit is (vergelyk die beskrywing van die mans en Deneyesen se indrukke wanneer hy hulle vir die eerste maal sien (*B*:10 en verder)).

hoofstroom en gemarginaliseer is op sosiale en ekonomiese terrein in pre-1994-Suid-Afrika is die vernaamste motivering(e) vir hul klassifikasie as marginale karakters in hierdie tesis.

Wat interessant is omtrent die swart werkers in *Klaaglied vir Koos*, is dat die ek-verteller hulle aanvanklik herken “aan hulle helderkleurige plastiekbekkings” (KK:26). Later word die leser meegedeel dat die werkers “die kleure van die reënboog”³⁵ dra (KK:27) en dat hulle “onmiddellik herkenbaar” is “aan hulle helderkleurige uniforms: geel en groen plastiekoorpakke vir beskerming teen die lentereëns” (KK:27). Die werkers is herkenbaar vanweë hul kleredrag, nie die werk wat hulle verrig nie; hulle word dus op hul uiterlike getakseer en nie op enige vaardighede waarvoor hulle moontlik mag beskik nie. Die gebruik van uiterlike kenmerke om die marge te identifiseer, is een tegniek wat gebruik word deur die sentrum om die marge as iets afsonderliks te behou. Hierdie klem op uiterlike kenmerke beteken egter ook dat die marge nie maklik geïgnoreer word wanneer dit in kontak kom met die sentrum nie; aangesien daar onmiddellik klem is op die ‘andersheid’ kan die ek-verteller “die werkers nie langer miskyk nie”, al hou sy haar “oë neergeslaan” (KK:27).

Die ek-verteller beskou die aksie van individualisering as iets wat “moed” verg (KK:29). Sy doen dit nie – sy sien “[s]panne werkers ... daagliks, maar kon nog nooit een se gesig herroep nie” (KK:29). Sy sien die werkers steeds as ’n versameling “groen pakke” wat hulself “rangskik en herrangskik ... in immer veranderende, maar statiese taferele” (KK:29), nie as individue nie. Deur die werkers as ’n groep te behou en te beskou, is dit makliker om hulle te hanteer – hulle waar te neem of te ignoreer soos nodig – sonder dat hulle aanspraak maak op haar (hetsy emosioneel, hetsy materieel). Marginalisasie geskied makliker wanneer ’n hele groep tegelykertyd gemarginaliseer word as wanneer dit individu vir individu plaasvind. Indien sy hulle as individue waarneem, is dit moontlik dat sy by hul lot betrek kan word. Dit is om hierdie rede dat sy nie die “moed” het “om in hul gesigte te kyk” (KK:29-30) nie. Die selfrefleksiwiteit waarmee hierdie gedrag gepaard gaan, dui egter aan dat die ek-verteller (ten minste ten dele) bewus is van die wyse waarop sy meedoen aan die marginalisasie van die werkers.

In *Klaaglied vir Koos* en *Erf* kom twee karakters voor wat sterk ooreenkomste met mekaar toon: N en Mbuyisile (oftewel Dennis). Dit is nie net die sterk ooreenkomste wat hulle belangrik maak nie, maar ook die feit dat hulle nie voldoen aan die stereotipe van ’n swart jeugdige betrokke by die struggle nie. Beide van hulle speel klassieke (Westerse) musiekinstrumente – N speel “op die fluit (Händel)” (KK:39) en Mbuyisile speel klarinet (E:82) – en skep sodoende ’n verstrengeling van marginale en sentrale kenmerke. As swart jeugdige betrokke by die

³⁵ Terugskouend is dit ironies, aangesien daar in post-1994-Suid-Afrika ’n voorliefde is om die bevolking voor te stel as die ‘reënboognasie’.

bevrydingstryd, kan hul musiek gesien word as 'n appropriasie van dit wat deel vorm van die kulturele definisie van die sentrum. Hulle bewys dus (doelbewus al dan nie) dat dit wat 'eie' is aan die sentrum nie onaantasbaar is nie en dat dit ook nie as 'n definiërende kulturele kenmerk van die sentrum gesien kan word nie, aangesien dit so maklik deur die marge toegeëien kan word. Ironies genoeg word N se fluit deur die polisie gebruik om hom aan te rand (KK:50) – hy word deur verteenwoordigers van die sentrum fisieke leed aangedoen met 'n instrument wat veronderstel is om die sentrum se verfyndheid en kulturele meerderwaardigheid te simboliseer.

Die interaksie tussen Mbuyisile en Bets in *Erf* is interessant as 'n voorbeeld van die interaksie tussen 'n swart jeugdige en 'n relatief liberale wit vrou, wat tog nie van al haar vooroordele ontslae kan raak nie, en uiteindelik, soos so baie ander vroue, haar “uitsprake baseer op hoorsê en Boeresielkunde” (E:78). Mbuyisile staan as sodanig in die teks bekend (hy verskyn slegs in die gedeeltes waar Bets die fokalisator is), maar word deur Bets as Dennis aangespreek, omdat sy hom “so leer ken” het (E:9, 66). Bets dwing dus 'n Eurosentristiese identiteit op die jong man af en dui sodoende aan dat sy, as verteenwoordiger van die sentrum, die identiteit van marginale figure kan bepaal. Die feit dat Mbuyisile as Dennis aan haar voorgestel is, beteken egter ook dat ander mense (en moontlik hyself ook) sy identiteit aanpas om in wit kringe (dit wil sê in die sentrum) in te pas en sodoende sy 'andersheid' en marginaliteit te onderbeklemtoon. Mbuyisile se verhouding met die sentrum word verder gekompliseer deurdat hy “in beginsel nie Afrikaans” praat nie (E:65). Hy weier om die taal van die maghebbers te gebruik, maar wend hom terselfdertyd tot 'n taal wat in die wêreld 'n redelik sentrale plek het as kommunikasietaal én wat in die Suid-Afrikaanse geskiedenis wél die taal van die onderdrukker was, naamlik Engels. Sy weiering om Afrikaans te praat, forseer Afrikaanssprekendes wat met hom wil kommunikeer, om 'n taal te praat waarmee hulle nie so bekend is as hul moedertaal nie. Hulle word sodoende effe vervreem en gedeeltelik die veiligheid wat die sentrum aan hulle bied, ontnem.

Bets se houding teenoor Mbuyisile is moeilik om te peil. Sy sien eenmaal “nie kans vir kuier met die jong swarte nie” (E:78) – gedrag wat Harie “onvergeeflik” vind (E:78) – maar by twee ander geleenthede praat sy met hom oor die telefoon, wanneer hy haar bel (E:82-3), en dit wil nie voorkom of daar enige antagonisme tussen hulle is nie. Wat egter opmerklik is, is dat elke keer wanneer Bets beduidende kontak het met Mbuyisile, sy siek of koorsig word. “'n Paar dae” nadat Mbuyisile haar gebel het, “word Bets siek” (E:83) en die aand na Mbuyisile se besoek aan haar huis oor die fiets, “het Bets koors” (E:68). Daar is twee moontlike verklarings vir hierdie verskynsel. Eerstens is Mbuyisile se ‘indringing’ in Bets se lewe, vanuit 'n sekere perspektief, gelykstaande aan 'n bakteriële of virale infeksie, wat die liggaam binnedring en die sisteme van die liggaam aantast en ontwig totdat daardie infeksie uitgedryf kan word. Bets se siektetoestand is dus 'n parallelle beeld vir die versteuring wat Mbuyisile in die sentrum veroorsaak deur sy optrede. Tweedens word siekte dikwels beskou as sowel 'n aanduiding van

as 'n motivering vir marginalisasie – die sosiale uitwerping van mense met VIGS (veral in die jare tagtig van die vorige eeu) is een voorbeeld hiervan³⁶ – en Bets se kontak met Mbuyisile kan dus geles word as 'n aanduiding van die manier waarop sy haarself marginaliseer deur kontak te hê met die gemarginaliseerdes. As gevolg van haar assosiasie met Mbuyisile, word Bets ook geassosieer met die 'kontaminerende' invloed van die swart woonbuurte. Hier bevind die leser sigself weer terug by Moi (1988:167) en haar waarneming dat dit wat die skeidslyn tussen die marge en die sentrum aandui, uiteindelik met die marge geassosieer word. Enersyds is dit 'n aanklag teen die patriargale sentrum wat die marge as 'n stortingsterrein vir ongewenste persone gebruik. Andersyds is dit 'n waarskuwing dat, wat politiek in die tagtigerjare betref, dit onmoontlik is om op die politieke draad te sit: enige mate van betrokkenheid (al is dit ook telefoongesprekke met jong swart mans) lei tot 'kontaminasie' en verwerping deur die sentrum.

Bets en Harie se verskillende benaderinge tot die proletariaat word, onder andere, geopenbaar in die wyse waarop Harie die fiets (wat iemand in Bets se tuin gelaat het) vir Mbuyisile gee, sonder om Bets in die saak te ken (E:66). Bets wil die fiets verkoop aan Joe G se seun terwyl Harie dit aan Mbuyisile "gee" (E:66). Bets perpetueer duidelik 'n kapitalistiese siklus van eienaarskap, terwyl Harie se benadering aansienlik minder gegrond is op beginsels soos geld in ruil vir goedere. Deur hul verskillende benaderings kom twee lede van die proletariaat ook teenoor mekaar te staan (sonder dat hulle ooit daarvan bewus is). Joe G verteenwoordig die klas vir wie besittings belangrik is (soos duidelik word wanneer hy en sy "uitbundige geselskap" die motor wat hy by Bets gekoop het en wat hy stelselmatig herstel het, kom haal (E:94)).³⁷ Mbuyisile is die jong man wat om "verandering" (E:96) baklei. Dit is Joe G wat die stryd om die fiets wen – 'n aanduiding dat hy meer konformeer tot die sentrum se behoeftes en eise as Mbuyisile. Die 'stryd' tussen Joe G en Mbuyisile kan gesien word as emblematisies van die wyse waarop die sentrum verskillende verteenwoordigers van die marge teen mekaar afspeel en sodoende die potensiaal van die marge om die sentrum te bedreig of binne te dring (of, in die geval van die Suid-Afrikaanse politiek, te vervang), te ondermyn en teen te werk.

³⁶ Indien daar na die gesprek tussen Mbuyisile en Bets oor sy siekte gekyk word, asook Harie se ontwykende reaksie op Bets se navrae (E:69), én Bets se beskrywings van Harie wat toenemend skraler word, is dit moontlik om te argumenteer dat sowel Harie as Mbuyisile MIV-positief is (Die eerste geïdentifiseerde gevalle van MIV-Vigs in Suid-Afrika was in 1982 onder homoseksuele mans en in 1986 onder heteroseksuele (Phillips 2004:33)). Hierdie lesing is veral aanloklik indien daar aanvaar word dat Harie en Mbuyisile se verhouding meer as net vriendskaplik is. Aangesien die aanduidings in die teks egter so vaag is, is dit slegs een van vele (almal ewe waarskynlik) verklarings.

³⁷ Sedert die laat jare sewentig was die Apartheidsregering besig met 'n program waarvolgens 'n swart middelklas (die *petit bourgeoisie*, in Marxistiese terme) geskep sou word, wat te veel (besittings) sou hê om te verloor sou 'n kommunistiese regering aan bewind kom en wat sodoende eerder die Apartheidsregime sou steun as die onderskeie vryheidsorganisasies. Lipton (1985:358) wys in haar studie oor die geleidelike ondergang van Apartheid (as gevolg van ekonomiese redes) daarop dat gedeelde belange tussen wittes en "blacks, including Africans" bestaan het tydens Apartheid en dat "many Africans see their welfare as bound up with that of whites, who are perceived, not just as exploiters and oppressors, but as making a crucial contribution to the economy" (Lipton 1985:358).

Waar Mbuyisile klaarblyklik maklik met wittes interaksie het, blyk dit dat Jeremia se verhouding met Niggie en Anna se familie grotendeels een is van paternalisme. Wat Jeremia se verhouding met die familie egter onderskei van Betta s'n, is dat hy (tot Reitz en Ben se koms) die enigste man in die huishouding was. Dit plaas hom in 'n ambivalente posisie. Enersyds is hy 'n swart werker wat in 'n paternalistiese verhouding met sy werkgewer verkeer binne 'n bestel waar swartes allermens sentraal staan, andersyds is hy die enigste man in 'n patriargale wêreld. Dit is hý wat die “groentetuin aan die gang [kry] by die eerste fontein” en dit is hý wat “soms iets vir die pot” skiet (N:182). Selfs tydens Ben en Reitz se verblyf op die plaas, wil dit voorkom of Jeremia steeds die funksie vervul wat Johannes (Anna se man) normaalweg sou vervul. Die familie is dus op 'n besondere manier afhanklik van 'n lid van die proletariaat vir hul oorlewing.

Net soos die ander lede van die proletariaat is Jeremia egter nie besonder spraaksaam nie – hy is “nooit gretig om 'n gesprek aan te knoop nie” (N:216).³⁸ Hy praat soms wel met Reitz, maar in hierdie gesprekke kom sy beperkte kennis en sy marginalisasie na vore. Hy voer byvoorbeeld aan dat hy glad nie vir Esegiël ken nie, slegs “die mense op die buurplase” (N:188). So 'n stelling plaas hom onmiddellik in 'n marginale posisie, aangesien die gebied waar die plaas lê, nie besonder dig bevolk is nie, nie van besondere politieke of ekonomiese belang is nie, en ook nie as 'n kulturele metropool bestempel kan word nie. Jeremia is dus afgesonder van alle sentra en selfs binne die sosiale opset van die plaas, word hy uitgeskuif na die marge (soos duidelik blyk in sy en Betta se posisie tydens die huisgodsdien). In die uitbeelding van Jeremia gebruik Viljoen/Winterbach eerder 'n aanslag wat sy situasie duidelik belig en sodoende ook die teenstrydighede daarvan uitlig in plaas daarvan om haar te wend tot die wisselwerking tussen verskillende stereotipes (soos die geval was met die haweloses).

Deur in haar werk op persoonlike verhoudings te fokus eerder as op ‘gebeure’, lewer Viljoen/Winterbach op 'n ongewone manier kommentaar op die politieke, ekonomiese en sosiale situasie in Suid-Afrika. Terselfdertyd kan haar werk nie uitsluitlik as sosiale kommentaar of betrokke literatuur gelees word nie. Haar hantering van sosiale uitgeworpenes is egter 'n aanduiding van die wyse waarop die politieke, ekonomiese en sosiale sfere impakteer op interpersoonlike verhoudings en ook hoe daardie verhoudings die marge–sentrum-konflik openbaar. Deur te fokus op die (soms tragi-komiese) interaksie tussen (wit) fokalisators en (nie-wit) sosiale uitgeworpenes, ondermyn sy 'n hele aantal stereotipes en fokus sy op die manier

³⁸ Reitz wonder of Jeremia “van nature stroef is en of hy onwennig is om met iemand wat hy nie ken nie te praat oor iemand wat hy as 'n vreemdeling beskou” (N:188). Later wonder hy of Betta en Jeremia voel “dat hy en Ben wederregtelik ... in die huis woon, dat hulle die plek van Johannes, die man van Anna, wil inneem” (N:216). Dit is egter moontlik dat Jeremia ongelukkig is omdat die koms van die twee wit mans sy belangrikheid binne die familie aantas en hom terug verplaas na die marge, waar hy gewoonlik is wanneer Johannes op die plaas is.

waarop sosiale en ander ongelykhede (soos dit veroorsaak deur Apartheid) mense se interaksie met mekaar belemmer. Die fokus is dus deurgaans op mense en menseverhoudinge, eerder as op abstraksies soos ‘bevolkingsgroepe’ of ‘rasseverhoudinge’.

3.2 Swaksinniges en gekke: marginaliteit in die marge

Anders as die haweloses en die lede van die proletariaat, is die swaksinniges en gekke in Viljoen/Winterbach se werk nie almal bruin of swart nie – die meeste van hulle is trouens wit. Deur middel van hierdie skuif, breek Viljoen/Winterbach weg van die stereotipe wat veral tydens die Europese koloniale tydperk ’n relatief algemene troep in die wêreldliteratuur was, dat ‘gekleurde’ bloed lei tot sielkundige onstabieliteit³⁹ of ’n gebrek aan intelligensie (sien byvoorbeeld Young 1995:16,104 en 146). Sy slaag ook daarin om aan te dui hoe diegene wat teoreties deel van die magsentrum is, gemarginaliseer kan word wanneer hulle nie aan die sentrum se kriteria vir ‘normaliteit’ voldoen nie. ’n Marginale posisie is nie net die gevolg van velkleur nie, maar is eerder die gevolg van afkeuring deur die sentrum omdat daar nie aan sekere vereistes voldoen word nie.

Die swaksinnige en sielkundig versteurde karakters verskyn merendeels in Viljoen/Winterbach se latere werk. Marie Duvenhage – wat definitief nie aan die reëls vir normale emosionele en sosiale gedrag voldoen nie – verskyn in *Belemmering*, terwyl Dafnie Abrahamson in *Buller se plan* verskyn en Jong Abraham en Seun in *Niggie*. Die verskuiwing in die tipe marginale karakters wat in Viljoen/Winterbach se werk verskyn, kan moontlik toegeskryf word aan die veranderde politieke toestand in Suid-Afrika, waar die politieke magsentrum dramaties verander het. Dit beteken nie dat haweloses skielik nie meer marginaal is nie (die karakter Mfazakhe Mhikize en die verskillende supermarkwaentjie-mans maak dit baie duidelik), maar eerder dat die tipe romans wat Viljoen/Winterbach skryf, sedert 1994 verander het: hulle is nie meer so polities gelade en betrokke by die Suid-Afrikaanse politieke situasie soos haar novelles en eerste roman nie.⁴⁰ Dit wil voorkom of daar, in ’n bestel waar die sentrum nie openlik deur middel van wetgewing die marge gemarginaliseerd probeer hou nie, ander maniere gevind moet word om die posisie van marginale figure te openbaar.

3.2.1 Swaksinniges

Dafnie, Selene Abrahamson se suster, en Seun vervul twee heeltemal verskillende rolle in die romans waarin hulle verskyn en hulle beeld twee kante van die marginalisasie van verstandelik

³⁹ Sien byvoorbeeld Charlotte Brontë (1998) se *Jane Eyre* – oorspronklik gepubliseer in 1847. Die afwykings van die ‘gekleurde’ is nie beperk tot sielkundige welstand of verstandelike vermoëns nie, maar sluit ’n hele reeks ‘seksuele afwykings’ ook in. Sien byvoorbeeld Menno ter Braak (1964) se *Dr. Dumay Verliest...* wat oorspronklik in 1933 verskyn.

⁴⁰ *Karolina Ferreira* bevat wel duidelike politieke kommentaar, maar *Karolina Ferreira* is in baie opsigte a-tipies binne die Viljoen/Winterbach oeuvre.

vertraagdes uit. Van die twee is Seun 'n meer ooglopend gemarginaliseerde karakter – hy bly weg van die normale sosiale kringe tydens 'n oorlog en teen die einde van die roman is hy geheel op sy eie. Hierteenoor is Dafnie deel van 'n familie (weliswaar 'n bruin familie wat in die onderdorp woon en gevolglik as gemarginaliseerd gesien kan word) en vind die leser nie veel van haar uit nie; juis die feit dat daar so min inligting omtrent haar is, dui egter aan hoe sy gemarginaliseer is.

Dafnie (in *Buller se plan*) kan beskryf word as 'n voorbeeld van die 'gelukkige', 'meer sosiaal aanvaarbare' gesig van verstandelike vertraging – “sy lag almal deurentyd met kuiltjies in die wange toe” (*BP*:14). Haar verstandelike vertraging (uit die beskrywing van haar liggaam wil dit voorkom of sy aan Down-sindroom ly (vergelyk *BP*:14)) insuleer haar klaarblyklik teen die werklikheid en die indruk word geskep dat sy deurentyd gelukkig is, ongeag wat met haar of om haar gebeur. Die eerste aand wanneer Ester Zorgenfliess by Antie Rose se huis is, word daar twee keer melding gemaak van die feit dat Dafnie Ester of die wêreld “met diep kuiltjies in die wange” toelag (*BP*:14, 19). Selfs kort na haar suster se dood is sy dus klaarblyklik gelukkig. Wanneer Fanny lyk “soos die bruid wat haar bruidegom enige uur te wagte is” (*BP*:160), merk Ester op dat Dafnie “afgesluit van die wêreld” is “deur die eenvoud van haar gees” (*BP*:160). Dafnie merk dus nóg hartseer, nóg blydschap in ander op.

Deurdat Dafnie afgesny is van die wêreld, wil dit ook voorkom of die wêreld sig afsluit van haar. Sy verskyn nooit buite die huis nie, slegs in die kombuis (*BP*:14, 19, 73, 100-1 en 160). Aangesien die kombuis tradisioneel die vrou se gebied is, weg van die manlike sfeer waar belangrike besluite geneem word, óf waar die proletariaat werskaf om hul werkgewers gevoed te hou, is Dafnie se situering in die kombuis 'n dubbele aanduiding van die manier waarop sy buite die sentrum staan. Dit is ook belangrik om daarop te let dat belangrike gesprekke wat in die roman plaasvind ná Selene se dood, óf in Antie Rose se tuin plaasvind, óf in die Steynhuis; nooit in die kombuis nie. Weens haar verstandelike gebreke word Dafnie dus gerelegeer tot 'n gebied waar sy buite die oog is en waar sy nie besonder baie interaksie met mense het nie. Sy het geen mag nie en het nie die vermoë om 'n impak te hê op gebeure nie – nie alleen vanweë haar verstandelike vertraging nie, maar ook omdat daardie vermoë haar nooit deur die ander karakters gegun word nie.

In *Niggie* word Seun se verstandelike gebreke aansienlik minder positief uitgebeeld as Dafnie s'n – hy kan gelees word as 'n voorbeeld van die negatiewe aspekte (en gevolge) van die toestand van verstandelike vertraging, sowel as die negatiewe persepsies wat mense van

verstandelike vertraging het.⁴¹ Waar Dafnie geen aanduiding gee dat sy wil kommunikeer nie, probeer Seun wel kommunikeer, maar weens sy verstandelike vertraging en sy haaslip, geskied dit slegs “deur middel van handgebare en onverstaanbare geluide” (*N:40*) wat hy “met moeite ... uitkry” (*N:52*). Net soos Dafnie, is dit ook hierdie onvermoë om te kommunikeer wat hom van die wêreld afsny. Hy kommunikeer slegs met Esegiël en Gert Smal (*N:40*). Wanneer Reitz na Willem en die ander gaan soek, kommunikeer hy en Seun wel in ’n mate, maar hulle het duidelik probleme om mekaar te begryp. Seun se onvermoë om Reitz te vertrou (moontlik gekoppel aan sy onvermoë om die situasie waarin hy hom bevind, ten volle te begryp) lei daartoe dat hy die berge in vlug, eerder as om saam met Reitz te gaan. Hy maksimaliseer sodoende sy marginalisasie, wat van die begin van die roman reeds besonder groot was.

Dafnie en Seun verskil nie net met betrekking tot die manier waarop Ester en Reitz verstandelike vertraging ervaar nie, maar hulle beïnvloed ook vir Ester en Reitz op verskillende wyses. Dafnie het weinig impak op Ester. Die wyse waarop sy “afgesluit van die wêreld [is] ... deur die eenvoud van haar gees” (*BP:160*), is ’n skrilte kontras met ander karakters se handel en wandel – in Steynshoop weet die intelligentsia klaarblyklik altyd wat ander mense doen, sê of dink én blyk hulle besonder goed ingelig te wees omtrent gebeure buite die dorp, die geskiedenis, kuns, literatuur en ’n magdom ander kennisvelde. Seun speel ’n baie meer aktiewe rol in die lot van Ben en Reitz. Sy siekte gee Ben en Reitz die geleentheid om Oompie sonder Gert Smal te besoek en lei daartoe dat Reitz met sy oorlede vrou in aanraking kom. Dit is ook Seun wat die nuus van die kamp se verwoesting aan Reitz oordra – hoewel dit wil voorkom of Seun nie alles weet van die gebeure nie; of nie alles begryp nie. Laastens word Seun ook met die triekstervrou verbind deurdat Reitz ’n koorsdroom het waarin Seun ’n “mak meerkatjie op sy arm” het (*N:228*). Hiermee word terugverwys na die “!Kora of Gonnahottentotte” (*N:20*) wat die mans teëkom, van wie een ’n mak meerkat het en “’n klossie vere” (*N:21*) wat sterk herinner aan die triekstervrou se verehoedjie (*N:7-9*). Dit sou gelees kon word as ’n waarskuwing vir Reitz oor sy verhouding met Anna, hoewel die waarskuwings en optrede van trieksterfigure selde as goeie advies opgeneem kan word (soos uiteengesit sal word in hoofstuk 5).

Seun se verdwyning en die “leë eggo” (*N:228*) wat Reitz hoor wanneer hy na Seun roep, is ’n aanduiding van wat gebeur wanneer die marge verdwyn of tot ’n haas onsigbare posisie gerelegeer word en nie ten volle op ’n positiewe wyse in die sentrum geïnkorporeer word nie.

⁴¹ John (1998:246 en verder) voer aan dat die teenwoordigheid van kinders in Afrikaanse romans grotendeels as aktivering dien van die kontras tussen kinderlike onskuld en die “wreedheid en ongeregtheid van die grootmensewêreld”. In die geval van swaksinniges – wat veronderstel is om in ’n permanente toestand van kinderlike onskuld te verkeer – word hierdie gegewe verder gekompliseer. Binne die konteks van Viljoen/Winterbach se oeuvre (en spesifiek vanuit die analitiese invalshoek wat in hierdie tesis gebruik word) kan daar egter geargumenteer word dat Seun nie primêr as ’n onskuldige kind gelees moet word nie, maar eerder as ’n aanduiding van die wyse waarop diegene wat verstandelik ‘abnormaal’ is, dit wil sê afwyk van die ‘norm’, gemarginaliseer kan word – ongeag hulle ouderdom.

Reitz (een van die verteenwoordigers van die sentrum in so verre dit moontlik is om sodanige karakters in *Niggie* te identifiseer binne die marginale Afrikaner-gemeenskap) se geweld teenoor 'n verteenwoordiger van die marge (hy klap Seun herhaaldelik teen die kop nadat Seun hom per abuis met 'n kluit raakgegooi het (*N*:125-6)) lei daartoe dat hy uiteindelik volledig geïsoleer is – ten minste tydelik. Indien die sentrum die marge relegeer tot 'n onbereikbare posisie, word kennis verloor (in hierdie geval inligting omtrent die verwoesting van die kamp), maar ook kontak met ander mense. Wanneer Reitz yl tydens sy koorsdrome, sien hy slegs marginale karakters: Seun en Esegiël.⁴² Dit is 'n aanduiding dat hy eintlik graag kontak wil hê met die marge.

Ten spyte van die verskille tussen Seun en Dafnie en ten spyte van die feit dat die tyd waarin die romans af speel met byna een honderd jaar geskei word, is daar ook ooreenkomste tussen Dafnie en Seun. Beide van hulle is verstandelik verdrag, beide van hulle het ook 'n fisieke gebrek. Albei is as gevolg van hul verstandelike verdrag gemarginaliseer: Dafnie word gerelegeer tot die kombuis, en Seun bevind hom aanvanklik in 'n kamp vol mans wat nie meer geskik is vir oorlogvoering nie en later op sy eie in die veld. Die feit dat *Buller se plan* en *Niggie* byna een honderd jaar uitmekaar af speel, is 'n aanduiding dat die posisie van verstandelike verdragdes in die samelewing nie veel verander het nie. Hulle bevind hulle steeds weggesteek – hetsy binnenshuis, hetsy buite die perke van beboude gebiede – en gerelegeer tot die marge deur 'n samelewing wat oënskynlik glo dat so 'n taktiek die redding van die gemarginaliseerdes sowel as die sentrum sal wees (vergelyk Foucault 2003:5). Daar mag “nuwe grense” (*BP*:12) wees op politieke terrein in Suid-Afrika, maar die grense wat verstandelik verdragdes van die ‘normale’ gedeelte van die samelewing skei, is steeds daar.

3.2.2 Gekke⁴³

In 'n samelewing waar die Ander nie aangedui word deur middel van ras nie, is sielkundige welstand waarskynlik dié merker van sentraliteit of marginaliteit. Indien 'n persoon swaksinnig is, kan hy of sy moontlik wel 'n bydrae lewer tot die samelewing, maar 'n persoon wat sielkundig onstabiel is, kan nie 'n bydrae lewer nie. Hulle is egter nie net ‘nutteloos’ nie, hul andersheid is ook bedreigend omdat hulle nie by die ‘normale’ sosiale kodes hou nie. Die vergelyking werk egter ook in die teenoorgestelde rigting. Diegene wat nie by die sentrum se gedragskodes, waardes of norme hou nie, of wat daardie kodes, waardes of norme bevraagteken, kan gerelegeer word tot die marge as gevolg van aantygings dat hulle sielkundig onstabiel is.

⁴² Reitz se koorsdrome toon tematiese ooreenkomste met Bets s'n in *Erf*. Parallele kan dus getrek word tussen die effek van die koorsdrome op Reitz en sy verhouding met die marge, enersyds, en Bets en hár verhouding met die marge, andersyds.

⁴³ Die leser word weereens daarop gewys dat ‘gek’ gebruik word ter wille van die assosiasie wat dit ook het met die *fool* of hofnar en nie om neerhalend te wees teenoor diegene wat sielkundig versteurd is of teenoor hul familieledede nie.

Binne 'n sisteem waar die rasionele hoogty vier, is 'n afwesigheid van rasionaliteit erg genoeg, maar die grootste bedreiging is die verlies van rasionaliteit – om ‘gek’ te word of om as ‘gek’ gebrandmerk te word. Viljoen/Winterbach benader die verlies van rasionaliteit vanuit 'n ander hoek. Sy ondersoek die wyse waarop ‘gekheid’ lei tot marginalisasie eerder as om slegs die verlies van rasionaliteit te betreur. Hier sluit Viljoen/Winterbach gedeeltelik aan by die tradisie van gekke in die Westerse literatuur, veral by die gek in Shakespeare se werk, wat gedurig op die rand van die gebeure beweeg. Anders as in die Shakespeariaanse tradisie, is Viljoen/Winterbach se ‘gek’ nie “the true-teller whose real insight was thinly disguised as a form of insanity” (Welsford 1961:239)⁴⁴ nie, dit is 'n jong man wat glad nie kan kommunikeer met die res van die wêreld nie.

Hoewel Viljoen/Winterbach se werk wemel van vreemde karakters, is die enigste karakter wat werklik as ‘gek’ beskryf kan word Jong Abraham in *Niggie*.⁴⁵ Weens trauma wat hy tydens 'n veldslag opgedoen het, het hy hom klaarblyklik geheel en al van die wêreld afgesonder op 'n sielkundige vlak. Meer as Seun, is dit Jong Abraham se karakter wat die plot dryf in *Niggie*. Ben, Willem en Reitz gebruik sy geestestoornis as 'n verskoning om weg te kom van kommandant Senekal se kommando en dit is ook Reitz se besorgdheid oor Jong Abraham en Willem wat hom die reis na Gert Smal se kamp laat onderneem en hom sodoende weer in kontak bring met Seun.

Jong Abraham praat nie “samehangend” nie (N:18), hy uiter slegs “los frases, verwarde krete” (N:18) – veral wanneer diegene om hom gespanne of rusteloos is.⁴⁶ Hierdie onvermoë tot kommunikasie tussen die mans en Jong Abraham kan gelees word as 'n parallel met die gebrek aan kommunikasie en interaksie (én die onvermoë om beide te laat geskied) wat soms tussen die sentrum en die marge bestaan. Die mans beseft dat Jong Abraham rusteloos is en Jong Abraham beseft dat daar spanning bestaan tussen die mans in die kamp, maar nóg die mans, nóg Jong Abraham weet waarom daardie rusteloosheid of spanning daar is en is ook nie in staat om dit te begryp óf te verwerk nie. Taal is, soos reeds aangedui by die bespreking van die proletariaat, 'n manier om toegang te verkry tot die sentrum – die onvermoë om die taal van die maghebber te praat of verstaan, beteken dat enige verteenwoordiger van die marge uitgesluit word uit die sentrum of maklik geïdentifiseer kan word as 'n marginale figuur en sodoende afgesonder of uitgesonder kan word.

⁴⁴ Sien Welsford (1961:255 – 273) se bespreking van die *fool* in *King Lear*.

⁴⁵ Dit is belangrik om daarop te let dat Jong Abraham as wit man slegs op grond van sy sielkundige welsyn geskei word van die groep (wit mans) wat hom na sy familie neem. Binne daardie groep kan die Ander nie geïdentifiseer word op grond van ras of geslag nie, slegs deur sielkundige welsyn.

⁴⁶ Sy ‘taal’ herinner aan Peter Blum se “Man wat mal word” uit *Enklaves van die lig* (1958:21).

Die feit dat Jong Abraham tydens 'n veldslag getraumatiseer is, fokus die aandag op die wyse waarop die sentrum die marge probeer oorheers en approprieer.⁴⁷ Hoewel die 'Afrikaner' na 1910 die politieke sentrum in Suid-Afrika beset, was dié groep tydens die Suid-Afrikaanse oorlog van 1899 tot 1902 marginaal – nie alleen in die wêreldpolitiek nie, maar ook in Suid-Afrika. Die Britse ryk was – soos 'n hele aantal state in Europa en die Amerikas tydens die negentiende eeu – besig om gebied uit te brei en te konsolideer deur middel van geweld.⁴⁸ Die Britse ryk wou graag toegang hê tot die goudneerslae in die Zuid-Afrikaanse Republiek en die Oranje Vrystaat, maar was aanvanklik nie geneë om die (wit) burgers van die twee republieke op dieselfde wyse te behandel as (wit) burgers van die Britse ryk nie. Dit is dus weer 'n voorbeeld van appropriasie, deur die sentrum, van elemente uit die marge wat nodig is vir die sentrum se voortbestaan sonder dat die marge ten volle (op 'n positiewe wyse) geïntegreer word by die sentrum. Jong Abraham se oorlogstrauma lei daartoe dat hy die simbool word vir die verguisde marge. Hierdie gesig van die verguisde marge is anders as die een wat normaalweg met die Suid-Afrikaanse oorlog vereenselwig word – dié van vroue en kinders in die Britse konsentrasiekampe – en Viljoen/Winterbach slaag sodoende daarin om die leser attent te maak op die feit dat die marge nié homogeen is nie.

Die gebrek aan homogeniteit binne die marge word verder duidelik gemaak deur die karakters wat Viljoen/Winterbach in *Niggie* gebruik. Die magsentrum in die roman lê grotendeels by Gert Smal en sy trawante – die wit, Afrikaner-mans. Hierdie mans is egter baie anders as die mans in *Belemmering* wat hulself vereenselwig met die guerrilla-oorlog tydens die Suid-Afrikaanse oorlog; hulle is nie belese nie, hulle is nie heldhaftig nie. Venter (2002:7) argumenteer dat dit 'n aanduiding is dat die Afrikaner nie 'n homogene groep is nie. Dit is wel so – Viljoen/Winterbach ondermyn die mite van Afrikaner-weerstand tydens die Suid-Afrikaanse oorlog. Sy dui egter ook aan dat die marge nie homogeen is nie en dat daar selfs binne die marge verskillende magsentra is. Gert Smal het mag omdat hy Ben, Reitz en Kie met geweld dreig sou hulle probeer om weg te beweeg van die kamp, maar terselfdertyd is die Britse magte besig om die oorlog te wen en sal die Afrikaner gerelegeer word tot die politieke marge. Gert Smal en sy groep is in 'n mate sosiale uitgeworpenes. Gevolglik is dit nog meer treffend dat Jong Abraham selfs binne hierdie groep gemarginaliseerdes uitstaan as 'n marginale karakter. Om marginaal te wees binne die marge is waarskynlik sowel die duidelikste aanduiding dat die marge nié eenduidig is nie as 'n indikasie van die magteloosheid van die gek.

⁴⁷ Dit is ook 'n aanduiding van die manier waarop die samelewing marginale figure skep én die wyse waarop hulle dan deur die samelewing behandel word. Jong Abraham se marginalisasie is nie, soos Dafnie en Seun s'n, sedert sy geboorte aanwesig nie – dit is geskep deur geweld.

⁴⁸ Een van die kenmerke van 'n staat is dat dit 'n monopolie het oor dwangmeganismes (“means of coercion”) en oor geweld (“force”) (vergeelyk byvoorbeeld Alford en Friedland 1992:44).

3.3 Die marginale karakters se taalgebruik en spraak: stemhebbend en stemloos

Een van die doelstelling van hierdie hoofstuk – soos aangedui in die inleidende paragrawe – is om aandag te skenk aan taal en spraak én aan moontlike redes waarom Viljoen/ Winterbach as wit, middelklas vrou die woord voer namens die stemloses. Die veronderstelling dat Viljoen/Winterbach as segspersoon optree vir die stemloses is egter nie onproblematies nie. Na aanleiding van Shirley en Edwin Ardener, beweer Elaine Showalter (1988:346) dat “all language is the language of the dominant order, and women, if they speak at all, must speak through it”. Binne die Suid-Afrikaanse konteks, waar die politieke sentrum verskuif het sedert Lettie Viljoen/Ingrid Winterbach haar eerste novelle gepubliseer het, is haar posisie binne die magskringe waaruit die samelewing bestaan, problematies. Praat sy die taal van wit mans of van swart mans? Of is daar ’n skuif: praat sy in haar twee novelles en eerste twee romans die taal van wit mans en in haar laaste drie romans dié van swart mans? Of verseker die gekompliseerde en veranderende magsverhoudinge in Suid-Afrika dat sy ’n mengeltaal praat?

Om die probleem op ’n heel basiese vlak aan te spreek, moet daar erken word dat Viljoen/Winterbach in Afrikaans skryf – voorheen die taal van die onderdrukker, maar ’n taal wat nie meer die bevoorregte posisie van die verlede beklee nie. Dit bly egter ’n taal van persone met mag in Suid-Afrika. Maar dit is terselfdertyd ook (soos wat dit ook onder Apartheid was) die moedertaal van (sommige van) diegene wat onderdruk is of voorheen benadeel is. Die taal waarin Viljoen/Winterbach kies om letterkunde te ‘pleeg’, is dus ambivalent. Hierdie slotsom dien egter nie as oplossing vir die probleem van wie se magstem Viljoen/Winterbach gebruik wanneer sy skryf en woorde in (marginale) karakters se monde plaas nie.

Wanneer daar gepoog word om ’n stem te gee aan diegene wat nie ’n stem het nie, is daar altyd die gevaar dat die persoon of persone wat probeer om die stemlose ’n stem te gun, hul *eie* stem laat hoor en hul *eie* idees verwoord. Spivak (1988:295) spreek hierdie probleem aan en kom tot die konklusie dat dit onmoontlik is om as antropoloog, politieke wetenskaplike, historikus en sosioloog (en mens sou kon byvoeg, prosateur) te werk om informasie uit die “silenced areas” van die stemloses te verhaal, sonder dat die werk wat gedoen word saamval met “the work of imperialist subject-constitution, mingling epistemic violence with the advancement of learning and civilization.” Gevolglik bly die stemlose “as mute as ever” (Spivak 1988:295). So ’n veralgemening is egter gevaarlik, aangesien die logiese uiterste hiervan is dat slegs swart lesbiese vroue in rolstoel vir ander swart lesbiese vroue in rolstoel kan praat; uiteindelik kan elkeen dan slegs vir sigself praat en word enige stryd teen sosiale ongelykhede sowel sinloos as onmoontlik. Nietemin is dit ’n goeie riglyn om krities te luister waar daar ’n moontlikheid is

dat iemand ‘namens’ iemand anders praat. Met dit in gedagte, moet daar na Viljoen/Winterbach teruggekeer word.

In hierdie hoofstuk is daar aangedui dat Viljoen/Winterbach gebruik maak van ’n verskeidenheid karakters wat op die rand van die samelewing beweeg en wie se stem selde of nooit gehoor word. Soos blyk uit die bespreking in afdelings 3.1 en 3.2, word hierdie karakters stiller hoe meer resent die verskyning van die prosawerk is. In *Klaaglied vir Koos* en *Erf* is die haweloses besonder spraaksam en selfs lede van die proletariaat – soos Joe G. – kry die geleentheid om iets te sê. Mfazakhe Mhikize stotter en stamel egter, Seun praat selde (en indien wel, met moeite), Dafnie is volkome stil en wanneer Jong Abraham wél iets sê, verstaan niemand dit nie – waarskynlik nie eens hyself nie. Die tendens is dus dat marginale karakters in Viljoen/Winterbach se werk toenemend hul stem verloor – ironies indien daar in ag geneem word dat die marge, die voorheen benadeeldes (benadeel om welke rede dan ook) sedert 1994 veronderstel is om toenemend ’n stem gegun te word – sowel deur die aanvang van algemene stemreg vir alle burgers ouer as agtien jaar, as deur die grondwet wat vryheid van spraak waarborg. Viljoen/Winterbach weier dus dat hierdie marginale karakters hul stem verstaanbaar verhef, maar terselfdertyd plaas sy nie woorde in hul mond nie. Sy doen nie mee aan die “continuing construction of the subaltern” (Spivak 1988:294) nie.

In haar laaste drie romans approprieer Viljoen/Winterbach nie die stem van die stemloses nie en dit verhoed sodoende, paradoksaal, dat sy hulle stilmaak. Sy skep eerder karakters wie se stilte of gebrek aan spraakvermoë (of spraakgeleentheid) opvallend is. Dit is dus baie duidelik dat die betrokke karakter(s) slegs aan die leser bekend is deur middel van die tussentrede van die fokalisator. Op hierdie manier maak Viljoen/Winterbach die fokalisator sigbaar, eerder as wat sy die literêre ekwivalent van ’n negentiende-eeuse, positivistiese wetenskaplike is; die fokalisator, deur wie die leser die marginale karakter ervaar, is baie duidelik nie ’n onpartydige waarnemer wat slegs inligting aan die leser oordra nie (vergelyk Spivak 1988). Deur die marginale karakter byna ontoeganklik te maak, plaas Viljoen/Winterbach klem op die verhouding tussen die fokalisator, die marginale karakter en die ander karakters (en verhoed sodoende dat een karakter ‘namens’ ’n ander die woord kan voer). Deur die ‘andersheid’ van die marginale karakter oënskynlik te beklemtoon, word die leser ook die geleentheid gegun om dit wat die marginale karakter skei van die ‘norm’, te herevalueer en te oorweeg of inkorporasie in die sentrum nie ’n beter opsie is nie – vir die heil van sowel die (fiksionele) marginale figure as die (fiksionele) verteenwoordigers van die sentrum.

Hoofstuk 4:

Marginaal én liminaal: niemandsland

Ik zoek een plek waar protesten tegen de geest van het androcentrisme en de mannenheersappij zichtbaar worden. Mystiek, opgevat als *cognitio Dei experimentalis*, is een dergelijke plek, niet alleen omdat vrouwen hem telkens opnieuw hebben gevonden maar ook omdat de religiositeit van de mystiek, haar 'inhoud', de basisvoorwaarden van het patriarchale denken, namelijk macht en heersappij over 'het andere', ook het andere geslacht, de natuur of de rassen en beschavingen, probeert te overwinnen.

Dorothee Sölle. *Mystiek en verzet*: 77.

In spite of its lunatic fringe, the maturer forms of mysticism satisfy the claims of rationality, ecstasy, and righteousness.

The New Encyclopædia Britannica. S.v. "Religious Experience": 583.

Hierdie hoofstuk is 'n tussengebied. Dit verteenwoordig die punt waar die konsepte van marginaliteit en liminaliteit sny, waar karakters wat nie tuis hoort in hoofstukke 3 en 5 nie, bespreek kan word. Die karakters wat hier bespreek word, is nie grotendeels marginaal met liminale kenmerke nie (soos die karakters wat in hoofstuk 3 bespreek is nie) en hulle is ook nie oorwegend liminaal met marginale eienskappe nie (soos dié wat in hoofstuk 5 aan bod sal kom). Hulle word moeilik vasgepen (en in hierdie sin is hulle dus almal sterk liminale karakters), maar terselfdertyd is hulle marginale kenmerke van so 'n aard dat hulle nie in hoofstuk 5 bespreek kan word sonder dat die leser gedurig daarop gewys word dat hulle die uitsondering eerder as die reël is nie. In 'n sekere sin is hierdie hoofstuk dus ook 'n liminale hoofstuk.

4.1 Mistici: wanneer die teenswoordige wêreld te veel word

Die liminale aard van die karakters wat in hierdie hoofstuk bespreek word, blyk duidelik uit die feit dat hulle mistici is of 'spirituele' ervarings van een of ander aard beleef. Hulle is tussengangers tussen die teenswoordige wêreld en die buitengewone (paranormale gebeure, spirituele ervarings of verligte denke). Terselfdertyd is hulle ook in 'n tussengebied. Met die moontlike uitsondering van die meester (in *Landskap met vroue en slang*), streef hulle na 'n eenwording met die buitengewone sonder dat hulle dit werklik bereik. Hulle hoort dus nie meer tot die gewone wêreld nie, maar is ook nie (altyd) tuis in die buitengewone nie. Turner (1969:107) wys daarop dat die "institutionalization of liminality" nêrens so duidelik aangedui en gedefinieer is as in die monastiese en bedelende ordes van die groot wêreld-religieë nie. Binne die monastiese en bedelende ordes (waartoe mistici altyd hoort indien hulle aantygings van duiwelbesetenheid en godslastering wil vryspring) word "[t]ransition ... a permanent condition" (Turner 1969:107). Die marginale kenmerke van hierdie mistieke karakters spruit hieruit voort. In *Buller se plan* sonder Fonny Alexander haarself doelbewus af van ander mense (en beplan sy om in 'n blokhuis buite die dorp te woon) omdat sy haarself in gereedheid wil hou vir mistieke ervaringe. Boetie Karel(tjie) (ook in *Buller se plan*) kry aanvalle wat dit laat lyk of hy eerder by die gekke en swaksinniges ingelyf moet word.

Benewens die karakters wat mistieke ervarings beleef, sluit Viljoen/Winterbach in haar werk ook verwysings in na 'n hele aantal mistici en geestelikes wat werklik bestaan het. Sy kontekstualiseer dus haar mistici-karakters binne 'n model van werklike mistici; die maniere waarop haar karakters verskil van die model wat sy self aktiveer, sal 'n belangrike gedeelte van die bespreking vorm. Dit is ook belangrik om daarop te let dat sowel die karakters wat as mistici geklassifiseer kan word as die werklike mistici slegs in *Karolina Ferreira, Landskap met vroue en slang* en *Buller se plan* voorkom. Soos duidelik sal blyk in die bespreking, verskil die mistici-karakters in *Buller se plan* van dié in die ander twee romans én met die model van werklike mistici. Meer aandag sal in afdeling 4.1.2 hieraan gewy word.

4.1.1 Mistici in Viljoen/Winterbach se werk

Soos reeds aangedui, gebruik Viljoen/Winterbach verwysings na werklike mistici om 'n model te skep wat gebruik kan word om kommentaar te lewer op mistieke ervaringe, op die posisie van die vrou en op die wyse waarop die sentrum, selfs in 'n tussengebied, steeds die marge kan domineer. Sy skep hierdie model deur grotendeels op vroulike mistici te fokus – van die mistici na wie Viljoen/Winterbach verwys, is slegs een (die heilige Ignatius Loyola) 'n man. Sodoende vermag sy tegelykertyd twee dinge. Eerstens fokus sy op die vrou se ervaring van die mistieke. Tweedens was (sommige gender-kritici sou sê *is*) daar, in kerklike kringe, 'n neiging om vroue en vroulikheid met liggaamlikheid te verbind (terwyl mans en manlikheid met rasionaliteit verbind is) en terselfdertyd 'n verband te lê tussen spiritualiteit en manlikheid (Jantzen 1997:47). In gevalle waar vroue wel mistici was – feitlik altyd binne kloosters – was daar dikwels grootskaalse pogings om hul mistisisme aan bande te lê (Jantzen 1997:158). Viljoen/Winterbach is nie besig met 'n grootskaalse herskrywing van die geskiedenis nie. Deur haar uitbeelding van karakters en deur die tipe karakters wat sy uitbeeld, bewerkstellig sy 'n klemverskuiwing en ondermyn sy die patriargale magsistiem wat eeue reeds bestaan, sowel binne die mistisisme self as in letterkunde óór die mistisisme (vergeelyk Jantzen 1997:24).

Die marginalisering van die vroulike mistikus is meer kompleks as wat dit aanvanklik voorkom. In Middeleeuse Europa tel vroue definitief onder die gemarginaliseerdes en, meer as in die twintigste eeu, het die vrou se klas en geletterdheid 'n belangrike rol gespeel om te bepaal hoe gemarginaliseerd sy sou wees en of daar 'n moontlikheid sou wees dat sy haar nader aan die sentrum kan posisioneer. Vroue wat in kloosters geplaas is deur hulle families, of wat self besluit het om hul toevlug tot 'n klooster te neem, is oënskynlik die mees gemarginaliseerde van 'n reeds gemarginaliseerde groep. Daar moet egter onthou word dat dogters wat op 'n vroeë ouderdom na kloosters gestuur is, dikwels van welgestelde, adellike families was en dat hulle (en selfs diegene wat nie deel was van die elite nie) die moontlikheid gehad het om hul kennis uit te brei deur blootstelling aan boeke. Indien hulle binne die magshiërgie van die klooster vordering kon maak, óf indien hulle 'n reputasie gehad het vir buitengewone piëteit, kon hulle besonder invloedryk word. As daar in ag geneem word dat Middeleeuse Europa deur die kerk

beheer is, is 'n magsposisie binne die kerk (ten spyte van die afsondering wat die lewe in 'n klooster noodwendig meebring het) 'n groot tree in die rigting van sentraliteit.¹ Vroulike mistici bevind hulself dus in 'n ambivalente posisie – aansienlik meer ambivalent as manlike mistici. Enersyds is hulle (selfs binne die kerklike opset) weerhou van mag as gevolg van hul geslag en is hulle verder tot die marge gereleger deur hul isolasie in kloosters. Andersyds verskaf hul affiliasie by dié belangrikste instelling in die Middeleeue hulle met 'n bepaalde hoeveelheid mag en word hierdie mag uitgebrei deur hul mistieke wedervaringe. Die model wat Viljoen/Winterbach skep, moet teen hierdie historiese agtergrond (en veral teen die inherent ambivalente posisie van vroulike mistici) gekontekstualiseer word.

Mistikus/Geestelike/Heilige	Data	Roman
die heilige Barbara	c. 200 n.C.	<i>LVS</i>
die heilige Ignatius Loyola	1492 – 1556	<i>LVS</i>
die heilige Teresa (de Avila)	1515 – 1582	<i>LVS</i>
Jeanne d'Arc	c. 1412 – 1431	<i>BP</i>
María de San Joseph		<i>KF</i>
Artemesia Gentileschi	1597 – 1651?	<i>LVS, BP</i>

Tabel 4.1 Werklike mistici in die werk van Lettie Viljoen/Ingrid Winterbach²

In die onderafdeling wat volg sal aandag geskenk word aan die manier waarop Viljoen/Winterbach die ervaringe van werklike mistici in haar werk inbou om 'n model te skep waarvolgens vroulike seksualiteit, sensualiteit, geestelikheid en magsposisies in heroënskou geneem word.

4.1.1.1 Liggaamlikheid en verbeelding: “[E]kstatiese eensaamheid”³

In *Karolina Ferreira* (138 en 141) verwys Adelia Farber na die ervaringe van “sewentende-eeuse mistici”. Uit die name wat Viljoen/Winterbach gebruik, blyk dit egter dat sý, ten minste wat vroulike mistici betref, eerder fokus op sestiende-eeuse mistici. Vanaf *Karolina Ferreira* gebruik sy ook name wat vir die leser bekend behoort te wees (met die moontlike uitsondering van die heilige Barbara (*LVS*)) en maak sy dit sodoende makliker vir die leser om binne 'n bekende kennisraamwerk te funksioneer. Hieruit wil dit dus voorkom dat Viljoen/Winterbach nie minder bekende mistici onder die leser se aandag wil bring nie, maar eerder nuwe lig wil werp op diegene wat reeds bekend is, of ten minste bekend behoort te wees. Wat die mistici in

¹ Dit is ‘bemagtiging’ in die besonder letterlike betekenis van die woord – die vroulike mistici het meer mag verkry. Die moderne konnotasies (veral binne die Suid-Afrikaanse konteks) waarmee die woord ‘bemagtiging’ gepaard gaan, lei egter daartoe dat dit nie 'n gepaste beskrywing van die Middeleeuse situasie is nie.

² Hoewel Artemesia Gentileschi nóg as 'n mistikus, nóg as 'n heilige kwalifiseer, word die kommentaar omtrent haar martelaarstatus en die rol wat sy speel in Fanny se ontwikkeling belangrik genoeg geag om haar, as historiese figuur, by hierdie lys in te sluit.

³ *LVS*:31.

haar werk betref, wil dit voorkom of Viljoen/Winterbach in *Karolina Ferreira* en *Landskap met vroue en slang* meer fokus op die liggaamlike aard van vroulike mistisisme. In *Buller se plan* word die mistisisme nie meer gesien as “’n potensiële ruimte ... waarin [’n vrou] ten minste in haar verbeelding vry kon beweeg” (KF:141) nie. Soos duidelik sal blyk uit ’n bespreking van die karakter Fanny Alexander, bly die mistisisme nie die private sfeer waarin vroue se “oortredende begeerte potensieel” (KF:141) gestalte kan vind nie.

In *Karolina Ferreira* word die klem geplaas op die vrou se mistieke ervaring ten tyde van die nagmaal, iets wat, volgens Adelia Farber “’n betekenisvolle omkering van menstruasie – die vroulike swakheid” – is (KF:138).⁴ Die vroulike mistikus se beleving van die nagmaal – wat in sommige gevalle gepaard gegaan het met visioene – hou egter met meer verband as net die inversie van vroulike swakheid. Grace Jantzen (1997:210) voer aan dat “feasting, particularly eating the body and drinking the blood of Christ in the eucharist, was central to women’s piety”. Baie vroulike mistici het slegs geleef van die nagmaal wat hulle elke dag ontvang het en geen ander voedsel of vloeistof ingeneem nie.⁵ Jantzen bied ’n aantal verklarings hiervoor. Eerstens het die asketiese houding van baie vroulike mistici hulle die bewondering van belangrike (manlike) figure binne die kerk besorg (Jantzen 1997:213). Tweedens kon hulle, weens hul omgang met voedsel en die wyse waarop dit geskied het, in ’n beperkte mate beheer uitoefen oor manlike familieleden of priesters (Jantzen 1997:214). Derdens is die behepthed wat vroulike mistici met voedsel en voeding gehad het, ’n verlenging van hul rol as diegene wat kos op ’n daaglikse grondslag voorberei (Jantzen 1997:211). Die nagmaal en die vroulike mistikus se beleving daarvan het dus, in ’n mate, aan hulle mag besorg wat nie beskore was vir vroue in die Middeleeue nie.

Binne die Rooms-Katolieke tradisie is die verband tussen bloed, brood en liggaam eksplisiet, maar dit wil voorkom of vroulike mistici se interpretasie van transsubstansiasie (gekoppel met die faktore wat hierbo genoem is) daartoe gelei het dat hulle spirituele ervarings anders kon wees – meer eroties gelade kon wees – as dié van manlike mistici (vergelyk Jantzen 1997:138). Die beskrywing van Maria de San Joseph (wat in ’n briefwisseling met Teresa van Avila betrokke was) van die manier waarop “die mond van haar siel die wond van Jesus *gepenetreer* en oorvloedig van sy warm bloed gedrink het” (KF:138, my kursivering), bring egter ’n verdere kenmerk na vore. Die erotiese element aanwesig in die werk van vroulike mistici is nie net dié

⁴ Hierdie gesprek vind plaas tydens die “piekniek by die spruit” (KF:137) waartydens daar nie alleen oorvloedig geëet en gedrink word nie. Adelia Farber “skink vir hulle rooi wyn in die kristalglase” (KF:138) en sy “breek die brood, gee vir elkeen ’n stuk” (KF:139) in ’n nie-religieuse versie van die nagmaal.

⁵ In hierdie verband skryf Jantzen (1997:208): “A disproportionate number of women saints of the period practised fasting with such severity that scholars who have traced the motif in their lives and writings speak in terms of ‘holy anorexia’, with, sometimes, a doubt about whether the severity should be seen as ‘holy’ or as an obsessive-compulsive disorder of the personality.”

van passiwiteit wat oor die algemeen van vroue verwag is nie (Jantzen 1997:43-4); die vrou speel 'n meer aktiewe rol in die proses. Dit is nie net 'n "ontkenning van fallosentrisme" (KF:138) nie, maar 'n inversie daarvan. Die vroulike mistikus approprieer die seksuele rol wat normaalweg vir mans gereserveer is, ook omdat sy haar deur haar visioene nader aan die sentrum posisioneer.

So 'n appropriasie kan egter nie gesien word as 'n negering van die fallo(go)sentrisme nie, tensy dit gepaard gaan met 'n mate van ondermyning of disrupsie.⁶ Soos Jantzen (1997:52) aantoon, was dit gebruikelik om na "women of spirit" te verwys in manlike terme. Indien die vroulike mistikus slegs verander in 'n man in vroue-vorm, kan daar kwalik sprake wees van ondermyning van die (patriargale) sentrum. In *Karolina Ferreira* is die enigste tekens van ondermyning te bespeur in Adelia Farber se interpretasie van die mistici se dade en visioene. Sy beweer byvoorbeeld dat "[o]m Christus se bloed te drink ... 'n betekenisvolle omkering van menstruasie" is (KF:138) en dat die "mistieke ervaring vir die vrou ... 'n potensiele ruimte geskep [het] waarin sy ten minste in haar verbeelding vry kon beweeg" (KF:141). Die inligting wat oor die mistici (by name María de San Joseph) verstrekkend word, is dubbelsinnig wat die ondermynende aard daarvan betref. In *Landskap met vroue en slang* blyk die situasie nie veel anders te wees nie: Teresa van Avila bly passief wanneer sy "met die pyl van die liefde deurboor word" (LVS:31).

Wat egter wél as ondermynend van die (patriargale) sentrum gesien kan word, is dat die vroulike mistici oor die algemeen almal alleen is wanneer hulle mistieke ervaringe het. Enersyds is dit heel voor die hand liggend. Diegene wat hul toetrede maak tot 'n religieuse orde het meer geleentheid om hulself af te sonder van ander en sodoende alleen mistieke ervarings te beleef. Andersyds is dit egter van belang dat dit vroue is wat hierdie ervarings alleen het – oënskynlik buite die bereik en beheer van manlike figure. Waar hulle binne die normale sosiale konteks omring deur en bemoeid met die sorg van familieledes sou wees en hul identiteit ten volle bepaal sou word deur hul sosiale rol, het hulle die geleentheid om in "ekstatische eensaamheid" (LVS:31) mistieke ervaringe te beleef. Wat van nog groter belang is, is dat hierdie ervaringe 'n sterk erotiese element bevat wat geskied sonder die aanwesigheid van 'n man (binne die Christelike tradisie word die godheid as manlik verpersoonlik, maar binne dieselfde tradisie word dit ook nie as gepas beskou om eroties-gelade kontak met die godheid te hê nie). Die vernaamste 'bestaansrede' van die vrou – dat sy daar is om aan die man se seksuele behoeftes te voldoen en om kinders te baar (soos verwoord in Genesis) – word sodoende genegeer. Die vrou is, ten tyde van mistieke gewaarwordinge, op haar eie, maar word tog "deur die pyl van die liefde verwond" (LVS:75).

⁶ Vir 'n deeglike uiteensetting van die manier waarop disrupsie en appropriasie funksioneer in *Karolina Ferreira*, sien Viljoen (1995).

Dat hierdie verwonding slegs geskied in die “verbeelding” (KF:141) van die vroulike mistikus is nie noodwendig ’n bevestiging van die mag van die patriargale sentrum nie. Dit is eerder ’n ondermyning daarvan, aangesien vroue nie volgens Middeleeuse denke veronderstel was om in staat te wees tot enigiets meer as liggaamlike luste en liste nie. Dat die vroulike mistikus, eerstens, ’n verbeelding het en in staat is tot denke en, tweedens, in staat is om haar erotiese gevoelens nie fisiek nie maar intellektueel te kan uitleef, is ’n ondermyning van die heersende denke oor die vrou en oor vroulike seksualiteit.

Botha (1995:7) sien hierdie “uiteensetting van die mistieke ervaring ... as uitbreiding van die ruimte van die vrou”. Sy sien dit ook as “grensoorskryding, transformasie” (Botha 1995:7). Soos duidelik sal blyk uit die volgende onderafdeling, word die ekstatische hoogtes wat vroulike mistici bereik, gebalanseer deur ontsettende laagtepunte van angs en pyn. Sodanige ervarings is natuurlik alles behalwe bevrydend of ondermynend.

4.1.1.2 Martelaarskap: “Geëstetiseerde pyn”⁷

Byna aan die einde van *Landskap met vroue en slang* kom daar ’n verwysing voor wat ’n klemverskuiwing in Viljoen/Winterbach se gebruik van werklike mistici aandui. ’n Poskaart van Mara Darboven in Lena Bergh se kombuis word as volg beskryf:

Teen die ander muur ’n poskaart van ’n religieuse prosessie in Sicilië ... die prosessie van die heilige Barbara (beskermheilige van begrafnis); teelaarde van die Mafia, het Mara agterop geskryf (LVS:153).

die heilige Teresa van Avila en Maria de San Joseph (en ook die heilige Ignatius Loyola) behoort tot die ‘kanon’ van mistici. Daar is geen twyfel omtrent hul bestaan nie en hulle het ’n mate van invloed binne die kerk gehad. Hierteenoor is die heilige Barbara se “authenticity ... highly questionable and her legend is probably spurious” (*The New Encyclopædia Britannica* 2002:s.v. “Barbara, Saint”). Sy is ook ’n martelaar wat, volgens Middeleeuse legende, gefolter is en deur haar eie pa onthoof is (*The New Encyclopædia Britannica* 2002:s.v. “Barbara, Saint”). Deur hierdie verwysing na die heilige Barbara, bring Viljoen/Winterbach die donkerder sy van mistici en heiliges na vore – daar is nie net “ekstatische eensaamheid” (LVS:31) nie, maar ook geweld, bloedvergiëting en dood. Hierdie punt word verder beklemtoon deur die feit dat die heilige Barbara se prosessie plaasvind in Sicilië, die “teelaarde van die Mafia” (LVS:153) en dat daar ’n assosiasie geskep word tussen die Mafia se geskiedenis van misdaad en geweld en “die heilige Barbara” (LVS:153).

Die heilige Barbara kom egter ’n tweede maal voor in *Landskap met vroue en slang* (hoewel dit chronologies voor die vorige aanhaling verskyn). In die tweede geval word die effek wat sy, as

⁷ KF:142.

heilige, het op ander – veral die Ander – beklemtoon. In ’n gedeelte wat Lena oor *duende*⁸ lees, word daar beweer dat diegene wat na ’n sangeres luister wat met *duende* sing, “later hulle klere ritmies skeur, soos Karibiese negers saamgebondel voor ’n beeltnis van die heilige Barbara” (LVS:116). Hier word die heilige Barbara duidelik met die gemarginaliseerdes geassosieer én met praktyke wat definitief nie deur die kerk gesanksioneer is nie. Dat passie sowel negatiewe as positiewe konnotasies het, word aangedui deur die dubbelsinnigheid waarmee die sang en die gebeure “voor ’n beeltnis van die heilige Barbara” (LVS:116) beskou word. Hierdie ambivalensie kan weer teruggelei word na die heilige Barbara, wat vanweë die twyfelagtigheid van haar bestaan reeds as liminaal beskou kan word.

’n Tweede figuur, wat veral in *Buller se plan* ’n belangrike intertekstuele funksie vervul, is Artemesia Gentileschi – ’n sewentiende-eeuse skilder wat ook, ten dele, gelyk het as gevolg van haar pa se optrede. Gentileschi is op agtienjarige ouderdom verkrag deur Agostinho Tassi, ’n skilder en kollega van haar pa (ook ’n skilder) wat in haar pa se huis gewoon en gewerk het op Gentileschi senior se uitnodiging (Opfell 1991:3 en Garrard 1989:20). Gentileschi senior het ’n klag van verkragting teen Tassi gelê en, in ’n poging om groter geloofwaardigheid te verleen aan haar eie getuienis (wat sterk in twyfel getrek is), het Gentileschi vrywillig foltering deur die sibille⁹ ondergaan (Opfell 1991:3 en Garrard 1989:20-1). Die saak is uiteindelik uit die hof gegooi (Garrard 1989:22). Die saak het Gentileschi gestigmatiseer en, hoewel sy die slagoffer was én besondere durf getoon het, het sy nie veel openbare simpatie of steun geniet nie.

’n Derde vrou is Jeanne d’Arc of Johanna van Arkel, wat (soos die heilige Barbara) in ’n terloopse verwysing haar opwagting maak (BP:49). Die heilige Jeanne d’Arc is verhoor en as ketter ter dood veroordeel deur ’n Engels gedomineerde kerklike hof in 1431, vanweë haar betrokkenheid by die Franse leër tydens die honderdjarige oorlog. Hoewel sy nie fisies gemartel is nie, was haar verhoor sielkundig uitmergelend – in so ’n mate dat sy voor haar dood ingestem het om ’n skuldbekentenis te teken, maar later daardie bekentenis teruggetrek het. Soos die heilige Barbara is die heilige Jeanne ook ’n ambivalente figuur. Sy is aanvanklik as ’n held beskou, daarna verbrand as ’n ketter, ’n aantal jare na haar dood gerehabiliteer en uiteindelik gekanoniseer in 1920 (*The New Encyclopædia Britannica* 2002:s.v. “Joan of Arc”).

In al drie gevalle is deel van die vroue se marteling (hetsy fisies, hetsy sielkundig) die feit dat die regsproses hulle nie gunstig gesind was nie, omdat hulle gemarginaliseer was en grense oorskry het wat hulle, volgens die norme van die samelewing waarin hulle geleef het, nie moes nie. Die heilige Barbara is gemartel ná ’n verhoor deur die provinsiale prefek omdat sy haar tot

⁸ Deur die *Concise Oxford* verklaar as passie of ’n bouse gees (*The Concise Oxford English Dictionary* 2002:s.v. “duende”).

⁹ ’n Folterinstrument “similar to the thumbscrew, in which metal rings around the fingers are tightened by strings” (Felleman 2001).

die Christelike geloof bekeer het (dus 'n grens oorgesteek het) en geweier het om afstand te doen van haar geloof (*The New Encyclopædia Britannica* 2002:s.v. "Barbara, Saint"). Artemesia Gentileschi is gemartel in 'n poging om Tassi skuldig te bevind, maar omdat dit ongewoon was dat vroue gewilde lede van die kunstgemeenskap aankla van verkragting en omdat sy self iets 'onvrouliks' gedoen het soos skilder, kon sy geen steun kry nie. Jeanne d'Arc is skuldig bevind omdat sy haar nie gehou het by die kerklike leer van die tyd nie, manskler gedra het, en oorlog gevoer het soos 'n man (*The New Encyclopædia Britannica* 2002:s.v. "Joan of Arc"). Daarbenewens het sy ook die verkeerde politieke konneksies gehad in die oë van die hof wat haar verhoor het.

Wanneer die heilige Barbara, Artemesia Gentileschi en Jeanne d'Arc ter sprake is, is die kwessie van pyn en marteling dus sterker op die voorgrond as wanneer daar verwys word na Teresa van Avila (hoewel sy nouliks 'n gemaklike lewe gelei het). Dit wil egter nie voorkom of Viljoen/Winterbach dit aanbied as "[g]eëstetiseerde pyn" (KF:142) nie. Dit is slegs in Artemesia Gentileschi se geval waar 'n verromantiseerde beeld van haar lewe aangebied word deur Fonny Alexander, maar dit word gebalanseer deur kommentaar van Bennie Potgieter en Ester Zorgenfliess. Ester "wys Fonny nie summier daarop dat sy van haar kop af is nie" (BP:50), maar aangesien die leser gebeurde deur haar oë ervaar, temper haar kommentaar Fonny se byna ekstatische geesdrif vir 'n lydensweg. Daar kan dus nie sprake wees daarvan dat Viljoen/Winterbach 'n estetika van pyn bedryf deur haar verwysings na martelaar-figure nie. Sy plaas eerder die klem op die figuur self, as op die marteling – soos duidelik blyk uit die terloopse verwysings na Jeanne d'Arc en die heilige Barbara. Sodoende spreek sy wel die onderwerp van marteling (veral binne die religieuse raamwerk) aan sonder om skuldig te wees aan "erotic fascination" (Coetzee 1992a:365) óf "a questionable dark lyricism" (Coetzee 1992a:366).¹⁰ Sy vermy ook die risiko van 'n stereotipiese uitbeelding van sowel die martelaar as die gemartelde.

Viljoen/Winterbach bevind haar nie meer in die 'óf ... óf'-situasie waarna Coetzee (1992a:368) verwys nie, maar skep vir haarself 'n alternatief. Behalwe in die geval van Artemesia Gentileschi, is haar tegniek om die verwysings na historiese martelaars só bondig te hou dat die leser sêlf die inkleding van die figuur moet behartig – Viljoen/Winterbach skets slegs 'n buitelyne. Die terloopsheid van die verwysings (veral na 'n relatief obskure figuur – binne die Suid-Afrikaanse konteks – soos die heilige Barbara) skep ook die indruk dat die leser weet na wie sy verwys, dat die leser onmiddellik die verwysing en die konnotasies wat die verwysing moet oproep, sal begryp. Viljoen/Winterbach vermy die slaggate waarna Coetzee (1992a)

¹⁰ Die karakter Fonny Alexander trap wel in hierdie slagat – sy sien in haar eie wedervaringe parallels met die lewe van Artemesia Gentileschi en kry klaarblyklik 'n mate van genoegdoening uit haar selfopgelegde status as 'martelaar'.

verwys deur die lêser verantwoordelik te maak vir ’n representasie van die figuur. Uit haar werk (nie noodwendig die konteks waarin die verwysing verskyn nie, maar die prosateks as geheel) blyk dit egter in watter rigting sy die leser se interpretasie wil stuur. Die aard van hierdie interpretatiewe rigting sal hieronder bespreek word.

4.1.1.3 Beheer oor liggaam en gees: “[S]uiwering van die siel”¹¹

Die enigste manlike heilige en mistikus wat Viljoen/Winterbach betrek in haar werk, is die heilige Ignatius Loyola, die stigter van die Jesuïete. Hy word slegs drie maal in *Landskap met vroue en slang* genoem en in al drie gevalle is daar sprake van sy “spirituele oefeninge” (*LVS*:15, 81 en 82) waardeur ’n “suiwering van die siel” (*LVS*:82) bewerkstellig word. Ignatius Loyola word dus in Viljoen/Winterbach se werk gekenmerk deur pogings om sy siel te suiwer en sy liggaam te beheer, in teenstelling met die vroulike mistici en geestelikes wat visioene het en deur ander persone gedwing word om op ’n bepaalde wyse op te tree. Verder verskil Loyola se geskiedenis ook van dié van die vroulike mistici en geestelikes. Waar die vroue almal (na bewering) maagde was – met die uitsluiting van Artemesia Gentileschi, wat verkrag is – het Loyola voor sy ‘spirituele ontwaking’ moreel gesproke nie ’n blaamlose lewe gelei nie (*The New Encyclopædia Britannica* 2002:s.v. “Loyola, Saint Ignatius of”). Vir hom was spirituele suiwerheid dus van besondere belang, omdat sy verlede altyd bygesleep sou kon word, indien hy sou optree op ’n manier wat deur die kerk bevraagteken sou kon word.

Deur die klem te plaas op Loyola se spirituele oefeninge, suggereer Viljoen/Winterbach moontlik dat mans groter klem moet plaas op die beheersing van hul liggaamlike behoeftes en keer sy só die tradisionele assosiasie van manlikheid-rasionaliteit en vroulikheid-liggaamlikheid ten volle om. By die vroulike mistici en geestelikes is daar nie sprake van spirituele suiwering nie (hoewel hulle ongetwyfeld na spirituele suiwerheid gestreef het) en ook nie van die ontberinge wat hulle beleef het nie (behalwe by die verwysings na Artemesia Gentileschi). Ignatius Loyola se “spirituele tegnieke” word selfs direk gekontrasteer met Artemesia Gentileschi se benadering tot kuns en die lewe ná haar verkragting (*LVS*:81). Hierdie kontras sal later weer ter sprake kom wanneer die mistisisme van die meester in *Landskap met vroue en slang* met Fonny Alexander se mistisisme gekontrasteer word.

Deur die leser se aandag te vestig op die ekstatiëse en pynlike bestaan van vroulike mistici en die beheersde lewenswyse van Ignatius Loyola, vestig Viljoen/Winterbach óók die leser se aandag op die feit dat die spelreëls wat deur die sentrum opgestel word – die dominante gedragskodes – nie noodwendig konsekwent is of konsekwent toegepas word nie. Sy suggereer

¹¹ *LVS*:82.

ook moontlik dat teenoorgestelde spelreëls binne die marge en binne die sentrum geld¹² – as man kon Ignatius Loyola in die teenswoordige wêreld sy drifte uitleef omdat hy deel van die maghebbende groep was. Binne die wêreld van die monastiese orde kon hy egter net tot die sentrum van daardie orde deurdring indien hy sy siel ‘suiwer’ en juis besonder baie selfbeheersing aan die dag lê. In hierdie opsig blyk die marge ’n spieëlbeeld te wees van die sentrum. Dit word ook duidelik dat die marge nie ’n sone is waar daar algehele chaos heers nie; daar is binne die marge ook magstrukture, magsentra en spelreëls. In die volgende onderafdelings sal dit duidelik word dat hierdie magstrukture, magsentra en spelreëls binne die marge dikwels deur die sentrum gegenerer word en dat pogings tot bemagtiging binne die marge soms in realiteit ’n proses van ontmagtiging is.

4.1.2 Karakters as mistici

Karakters wat as mistici of geestelikes beskou kan word, kan geanaliseer word deur hulle te vergelyk met die model van werklike mistici, soos in afdeling 4.1.1 beskryf. Hierdie model bestaan uit potensieel ondermynende liggaamlike ervarings, pyn en martelaarskap en (rasionele) beheer oor die liggaamlike in ’n poging om die siel te suiwer. So ’n model moet egter nie as ’n bloudruk vir karakters se optrede gesien word nie, maar eerder as ’n patroon waarmee karakters se dae en woorde vergelyk kan word.

4.1.2.1 Mistieke ervaringe: “’n [S]oort religieuse manie byna”¹³

Dit is insiggewend dat die twee karakters wie se mistieke ervaringe die meeste aandag geniet (kort verwysings word hier uitgesluit), ’n bruin vrou en ’n kind is en dat beide van hulle in *Buller se plan* verskyn: Fonny Alexander en Boetie Karel(tjie). Beide van hulle kan as gemarginaliseerd beskou word. Fonny Alexander is gemarginaliseerd omdat sy onder die Apartheidsregime deur middel van wette uit die sentrum gehou is en klaarblyklik tydens die nuwe bedeling steeds nie ten volle toegang tot die sentrum nie het – ten dele omdat sy ’n vrou is, ten dele vanweë haar ras. Binne tradisionele Afrikaner-gesinne het volwassenes toegang tot die magsentrum; kinders word egter mag ontsê.¹⁴ Boetie (Oompie) Karel(tjie) se ouderdom belet hom toegang tot die sentrum, al is hy wit en manlik. Aangesien hy klaarblyklik tot ’n

¹² Dit is natuurlik ’n oop vraag of die monastiese ordes in die Middeleeue werklik as deel van die marge gesien kon word vanweë hulle politieke en sosiale mag. Die Jesuïete was veral in Spanje ’n belangrike groepering. Hoewel die praktyk radikaal anders was, was die monastiese ordes egter veronderstel om nie hulself te bemoei met die teenswoordige wêreld nie en om hulself aan kontemplasie en naastediens te wy. Om hierdie rede word die monastiese ordes as deel van die marge gesien.

¹³ *KF*:154.

¹⁴ Hiermee word nie bedoel dat daar nie by kinders ’n magshiërgie is nie – binne die patriargale tradisie van sowel Afrika as die Weste het manlike kinders meer mag as vroulike kinders, wit kinders het meer mag as swart of bruin kinders, kinders uit hoër sosio-ekonomiese strata het mag oor kinders uit laer klasse, ensovoorts. Teenoor volwassenes (en definitief teenoor volwassenes van dieselfde ras) het kinders egter oor die algemeen betreklik min mag, hoewel magsverhoudinge gekompliseer word deur verskille in ras, geslag en klas tussen die kind en die volwassene.

Afrikaanse familie behoort wat tydens die Suid-Afrikaanse oorlog ontmagtig is deur die Britse regime (*BP:27*), behoort hy (ten minste ten tyde van sy mistieke ervaringe) soos Seun (in *Niggie*) tot die marge.

'n Tweede belangrike punt rakende beide karakters is die wyse waarop hul mistieke ervaringe ooreenkom. Hul fisieke gedrag tydens die ervaring word met dié van 'n dier gelyk gestel: sowel Fanny as Boetie Karel staan op hul “hande en voete” (*BP:57*), “hande-viervoet” (*BP:60* en *166*) “soos 'n dier” (*BP:57* en *166*). Daar is ook ander elemente in veral Fanny se mistieke ervaringe. Dit is insiggewend dat daar tydens Fanny se ervaringe geen kwessie van kalmte of meditasie is nie, maar eerder 'n ontmensliking. (Dit kontrasteer baie sterk met die geestelikheid van die meester wat in afdeling 4.1.2.2 bespreek sal word.) Hierdie ontmensliking is egter 'n proses wat Fanny deurmaak in die loop van die roman en wat weer aangespreek sal word in hierdie onderafdeling.

Boetie Karel(tjie) se mistieke ervaringe toon sterk ooreenkomste met Fanny s'n. Daar word egter aansienlik meer inligting oor Fanny se ervaringe gegee en, wat van groter belang is, daar word ook kommentaar gelewer op haar en haar mistieke ervaringe – veral deur Ester Zorgenfliess en Bennie Potgieter. Die keuse van kommentators is van belang. Ester is, as buitestander in die dorp Steynshoop, nie direk betrokke by enige van die gebeure nie en tree dikwels eerder as waarnemer op en nie as deelnemer nie. Sy verkeer telkens op die rand van gesprekke en gebeure en het daarom, ten minste binne Steynshoop, marginale status. Bennie Potgieter, daarenteen, is een van Fanny se “goeie vriende” (*BP:75*) en meer nog:

Bennie bly tog vir 'n groot deel op die dorp, hy is dikwels [daar] ... hy moet baie kontakte [daar] hê, soos [Daan] vir Bennie ken, sal hy presies weet wat in die dorp aangaan, en in die omgewing, en in die stad, en in die hele land, en nog buite die land ook. Niks, wat die moeite werd is, sê Daan, ontglip ooit Bennie se aandag nie ... 'n Medewerker in elke hawe, sê Stefan die ou is nogal uncanny, en saam met Jonah Voorsanger het hulle seker maklik 'n vinger op elke pols; 'n kontakpersoon in elke stad (*BP:136*).

Deurdát Ester en Bennie kommentaar lewer op Fanny, kry die leser sowel 'n buitestander as 'n binnestander se perspektief op gebeure; sowel 'n perspektief uit die marge as 'n perspektief uit die sentrum. Dit is veral laasgenoemde perspektiewe wat van belang is, aangesien dit wil voorkom of Bennie se posisie binne die sentrum deurslaggewend is in sy oordeel oor Fanny se mistieke ervaringe en haar dade.

Wat insiggewend is omtrent Fanny se ervaringe van 'n eenwording met God, is dat dit gewoonlik geskied wanneer sy een of ander trauma beleef, veral traumas wat om mans sentreer. Sy het vir die eerste keer in jare 'n mistieke ervaring nadat sy alleen 'n nag in die blokhuis deurgebring het (*BP:57*). Sy isoleer haarself in die blokhuis vanweë 'n byna moorddadige aanval op haar deur twee mans, 'n aanval wat plaasgevind het met die medewete van (of selfs in opdrag van) haar eertydse vriend, Petrus (*BP:50*). Hierdie ervaring was die eerste sedert haar tienerjare, toe sy 'n “paar keer baie intense ervarings gehad het” (*BP:94*) nadat haar pa verdwyn

het; “[d]ie eerste keer sedert sy ’n jong kind was” (BP:94). In beide gevalle is Fanny se mistieke ervaringe dus ’n manier om die trauma te verwerk en haarself te oortuig dat sy geliefd is. In die ervaring(e) na die aanranding is daar ook ’n erotiese komponent aanwesig – soos duidelik blyk uit haar beskrywing daarvan (BP:57). In ’n bepaalde opsig is dit egter ’n veilige tipe erotiek – die man, die persoon wat verantwoordelik was vir haar trauma – is verwyder uit die ervaring; sy beleef ’n eenwording met die godheid waartydens die erotiese ervaring spiritueel is en nie fisiek nie.

Fanny se ervaringe voldoen nie net aan die erotiese aspek van die model van mistieke ervaringe wat reeds beskryf is nie, maar dit is klaarblyklik ook ’n poging om mag te verkry. Haar ervaringe plaas haar op ’n meer verhewe vlak as Petrus (wat uit jaloesie die aanval op haar gereël het) aangesien sy, na haar mening, deur God uitgekies is om sodanige ervaringe te beleef. Binne ’n religieuse opvatting weeg ’n posisie nader aan die godheid swaarder as een nader aan ’n bron van fisieke (gewelddadige) krag wanneer dit kom by die bepaling van ’n magsentrum. Fanny se hunkering na mistieke ervaringe lei egter daartoe dat sy binne die teenswoordige wêreld (al is dit dan ook die teenswoordige wêreld soos uitgebeeld in ’n roman) ontmagtig word. Ten dele kom hierdie ontmagtiging na vore wanneer sy aan Ester vertel dat sy, as gevolg van haar mistieke ervaringe, “tekort skiet” en “tot sterwens toe alleen” voel (BP:58). In ’n poging om meer gereeld mistieke ervaringe te beleef, wil sy

in ’n blokhuis uit die Anglo-Boereoorlog in die middel van die veld ... gaan woon – omdat dit waarskynlik strook met een of ander idee wat sy het van ’n lewe in volslae afsondering sodat sy altyd in volkome gereedheid kan wees vir haar ontmoetings met God (BP:86).

Hierdie onttrekking uit die samelewing het byna die teenoorgestelde impak as wat dit tydens die Middeleeue vir vroue gehad het. Tydens die Middeleeue was ’n soortgelyke onttrekking uit die samelewing een manier waarop vroue wel ’n mate van mag kon bekom, ten minste oor hul eie liggame en waarop hulle ten dele vir hulself ’n stem kon bewerkstellig. Fanny se onttrekking uit die gemeenskap van Steynshoop gaan gepaard met die vernietiging van al haar kunswerke. Ironies genoeg is dit haar kuns, waarvoor sy na skool “voluit” (BP:94) geleef het, wat haar “’n tyd lank gered het” (BP:94). In ’n poging om meer mistieke ervaringe te beleef, vernietig Fanny dit wat haar kon help om haar trauma te verwerk, dit wat haar die geleentheid kon gee om kommentaar te lewer op die samelewing waarin sy haarself bevind en dit wat haar die moontlikheid gegee het om grense te oorskry (sowel fisies as sosiaal). Fanny vernietig sodoende haar stem en verseker dat sy in ’n gemarginaliseerde posisie bly. Die enigste geleentheid wat sy het om grense oor te steek, is binne ’n religieuse raamwerk.¹⁵ Fanny is dus besig met ’n proses van selfontmagtiging en ’n stroping van haar eie identiteit. Tussen haar

¹⁵ En daar moet onthou word dat ’n tradisionele Christelike raamwerk nie besonder goedgesind was (is) teenoor vroue nie, soos wat Jantzen (1997:43) aandui.

mistieke ervarings bevind sy haarself in 'n gryns "woestyn" (BP:128) waarin sy "[u]itwissing ... vrees" (BP:129) en nie kan slaap nie en ook nie wakker kan wees nie (BP:129). In hierdie toestand is haar "gees ... in verwarring en [in] donkerte gedompel" (BP:161). Fanny se liminaliteit is dus baie beperk in die sin dat sy 'n geestelike grens kan oorstek, maar dat sy nie self bepaal wanneer hierdie grens oorgesteek word of op watter manier dit oorgesteek word nie – sy kan nie self die aard en tydstip van die grenservaring bepaal nie. Die religieuse raamwerk waarbinne sy funksioneer, gun haar nie soveel moontlikhede vir grensoorskryding nie en die proses van grensoorskryding lei nie tot enige wesenlike ondermyning van die sosiale orde nie, maar eerder tot 'n ondermyning van die self.

Van deurslaggewende belang in Fanny se mistieke ervarings, is dat sy haarself as 'n martelaar sien (BP:44 en 95). Sy is gewillig om te ly aangesien dit deel uitmaak van haar eenwording met God. Fanny identifiseer duidelik baie sterk met Artemesia Gentileschi. Ironies genoeg het Gentileschi se kunstenaarsloopbaan eers werklik begin na haar verkragting en die hofsak teen Tassi, terwyl die aanval op Fanny juis die einde van haar loopbaan as kunstenaar beteken. Dit is 'n aanduiding dat Fanny nie identifiseer met Gentileschi as kunstenaar nie, maar eerder met Gentileschi as vrou wat geweld aangedoen is deur mans en die patriargale sisteem. Sy fokus telkens op die "bloed van martelare" (BP:44 en 95), wat klaarblyklik vir haar dien as 'n simbool van pyn en lyding ter wille van 'n spesifieke oortuiging.

Fanny se proses van self-isolasie gekoppel aan haar oënskynlike waansin en haar religiositeit, toon ooreenkomste met die relatief algemene skisofrenie in Wes-Ierland wat Nancy Scheper-Hughes (2001) bespreek. Scheper-Hughes probeer die bo-gemiddelde voorkoms van skisofrenie in Wes-Ierland koppel aan 'n repressiewe lewenswyse veroorsaak deur die morele dogmas van die Rooms-Katolieke kerk en deur 'n tradisie van onttrekking en afsondering wat deur die vroeë missionariese gevestig is (Scheper-Hughes 2001:169). Sy lê 'n verband tussen Westerse samelewings en "many non-western and so called primitive societies" waar

the symptoms of life-crisis "reactive" schizophrenias are often identified with religious conversion of mystical experience, and the individual may be elevated to the role of prophet or shaman.

(Scheper-Hughes 2001:145)

In die Weste van Ierland (veral County Kerry)

the high rates for long-term occupancy of mental hospital beds might also be examined within the historical and cultural context of the retreat to isolation and confinement, particularly during periods of stress and cultural distortion. The "search for asylum" in County Kerry can be witnessed in the history of the primitive monk cells of Scellig Mhichil and Mount Brandon ... and in the great stone monstrosity of the county mental hospital itself.

(Scheper-Hughes 2001:169, my kursivering)

Fanny se onttrekking uit die gemeenskap van Steynshoop, gekoppel aan die hernuwing van haar mistieke ervarings, sou dus nie alleen geïnterpreteer kon word as skielike religieuse waansin

nie, maar as 'n poging om die aanval wat sy oorleef het, te verwerk. Die geval Fanny Alexander is ook 'n goeie aanduiding van die dun skeidslyn tussen mistieke ervaringe en sielkundige onstabieleit.

Klaarblyklik is Ester die enigste karakter binne Fanny se vriendekring wat werklik besorg is daaroor dat sy haarself doelbewus marginaliseer. Hoewel "Jonah-hulle" aanvanklik aandrings dat Fanny 'n klag teen Petrus indien (BP:95), toon niemand uit daardie betrokke kring besondere belangstelling in Fanny se latere doen en late nie. Dit is slegs die vroue in die Steynhuis wat ontstig is deur die feit dat Fanny al haar kunswerke verbrand het (BP:86). Bennie Potgieter, wat oënskynlik een van Fanny se vriende is en wat meer weet omtrent haar situasie as die vroue in die Steynhuis, lyk egter nie besonder bekommerd oor Fanny nie. Hy sê aan Ester dat Fanny "daarop aandrings om haar ervaring [...] binne die raamwerk van 'n powerful patriargale metafoor aan te bied" (BP:112), dat "[e]lke metafoor sy eie reëls en wetmatighede" het (BP:75), maar dat Fanny veilig is "[b]inne die terme van haar eie metafoor" (BP:75). Bennie intellektualiseer dus Fanny se posisie en aanvaar dat "[s]y weet wat sy doen" (BP:111-2), ten spyte van die feit dat sy duidelik getraumatiseer is deur die aanval op haar. In hierdie opsig verteenwoordig Bennie juis die patriargale bestel wat rasionele optrede te alle tye voorhou as 'n toelatingsvereiste tot die sentrum.

Anders as Bennie, is Ester nie so geneë daarmee om Fanny se self-marginalisering te aanskou nie. Wanneer Fanny aankondig dat sy haar werk verbrand het en in die blokhuis gaan bly, voel Ester dat "Fanny ... van haar kop af is", "van haar verstand af" is en "haar gesonde verstand kwyt [is] na die aanval" (BP:50). Ester erken dus, soos Bennie, dat Fanny haar lewe probeer lei binne 'n raamwerk van religieuse metafore, dat die 'verhaal' van die martelaar die 'verhaal' is waarvolgens Fanny haar lewe lei (vergelyk BP:129). Net soos Bennie, sien Ester ook Fanny se optrede as 'n manier om haar trauma te verwerk. Anders as Bennie, sien sy dit egter nie as die gevolg van 'n rasionele besluit nie, eerder as sielkundige onstabieleit. Bennie aanvaar klaarblyklik dat Fanny op 'n rasionele wyse tot die gevolgtrekking gekom het en dat haar optrede doelbewus en voorafbepland is. Ester sien Fanny se optrede as 'n ontsporing as gevolg van haar trauma – 'n ontsporing waarvoor sy nie besonder baie beheer het nie.

Waar die aanklag van 'malheid' sedert die negentiende eeu gebruik is om ongewenste persone uit die samelewing te verwyder (vergelyk Foucault 2003), is daar sedert die jare sewentig van die twintigste eeu beweer dat 'malheid' – ten minste by vroue – gelees kan word as 'n simbool

van die ondermyning van die patriargale bestel.¹⁶ Marta Caminero-Santangelo (1996:125) redeneer egter dat sielkundige onstabiliteit die illusie van mag skep, terwyl dit werklik net 'n simboliese oplossing is wat uiteindelik tot groter magteloosheid lei. Ester sien klaarblyklik in dat Fanny se mistieke ervaringe en onttrekking uit die samelewing nie (slegs) 'n doelbewuste keuse deur Fanny is nie, maar dat dit saamhang met samelewingsverskynsels wat, eerstens, die aanval op haar moontlik gemaak het en, tweedens, dit vir haar moontlik maak om haarself te marginaliseer deur middel van religieuse oortuigings (vergelyk Caminero-Santangelo 1996:125).

Ironies genoeg is Fanny se pogings om 'n gewelddadige patriargale sisteem te ontsnap deur middel van mistisisme, slegs 'n voortsetting van daardie patriargale sisteem binne 'n ander raamwerk. Sy slaag slegs daarin om haarself verder te marginaliseer en, wat nog belangriker is, om haar eie ondermynende stem (vergelyk *BP*:86 em 112) stil te maak. Fanny se mistisisme-as-ontsnapping kontrasteer met die mistisisme van die meester in *Landskap met vroue en slang* wat in die volgende onderafdeling aan bod sal kom.

4.1.2.2 Beperking van gehegtheid: “Met 'n leë kop, én aandagtig”¹⁷

Beskrywings van die meester se mistisisme in *Landskap met vroue en slang* bevat elemente wat herinner aan dié van Ignatius Loyola en van die karakter Jess in *Karolina Ferreira* (wat 'n aanhanger van die Zen-Boeddhisme is). In den brede verskil die meester se mistisisme van Fanny s'n op twee punte. Eerstens is dit nie iets wat in isolasie beoefen word nie; daar is nie 'n permanente onttrekking uit die samelewing nie. Tweedens wil dit voorkom of daar nie hoogtes en dieptes van dieselfde uiterste is as wat Fanny ervaar nie.

Daar is egter ook ooreenkomste tussen die meester en Fanny en dit is raadsaam om eers daaraan aandag te skenk voordat daar na die (beduidende) verskille gekyk word. Net soos Fanny, lyk dit asof die meester 'n buitestander is. (Die inligting wat die leser oor die meester kry, word feitlik alles aangebied in 'n aantal hoofstukke waar Lena en Jack hulle aansluit by 'n groep mense op 'n plaas in die Karoo.) Die meester is Hongaars (*LVS*:144 en 157) en lyk gevolglik nie ten volle tuis in die Karoolandskap nie – in hierdie opsig sou hy as marginaal beskryf kon word. Dit wil voorkom of hy nie graag sosiaal met die groep mense in die huis meng nie (*LVS*:147), net soos wat Fanny haar toenemend uit die sosiale wêreld van die Steynhuis verwyder. En hy is ook, net soos Fanny, op soek na 'Verligting' (hoewel die term binne Fanny

¹⁶ Gilbert en Gubar (1979:79) argumenteer as volg: “In projecting their anger and dis-ease [sic] into dreadful figures, creating dark doubles for themselves and their heroines, women writers are both identifying with and revising the self-definitions patriarchal culture has imposed on them [...] Such a radical misreading of patriarchal poetics frees the woman artist to imply her criticism of the literary conventions she has inherited even as it allows her to express her ambiguous relationship to a culture that has not only defined her gender but shaped her mind.”

¹⁷ *KF*:167.

se religieuse raamwerk wel iets anders beteken – sy soek eerder verligting van die grys gebied tussen mistieke ervaringe).

Hul benadering tot mistieke ervaringe is egter baie verskillend. Waar die klem gedurig op Fanny se passiwiteit is en die wegkwaltering van haar identiteit, is die meester baie meer aktief in sy soeke na Verligting: hy “sing ... sag op een toon of mediteer; slyp sy gees steeds skerper” (*LVS*:146). Hy “duld geen nonsens” (*LVS*:145) wanneer dit kom by die opheffing van “slegte gewoontes” (*LVS*:144) nie. Sy optrede herinner aan Ignatius Loyola se “spirituele oefeninge” (*LVS*:15, 81 en 82) wat bedoel was om die siel te suiwer en die liggaam meer onder die beheer van die (rasionele) denke te plaas.¹⁸ Hierdie beheer oor die mistieke ervaring is natuurlik die teenoorgestelde van Fanny se onvoorspelbare eroties gelade ervaringe.

Die meester is ook, soos reeds aangedui, tussen mense. Hy was klaarblyklik een van vele dissipels van die “geliefde vorige meester” (*LVS*:145) en die onderrig wat hy gee, geskied klaarblyklik sowel individueel as in groepsverband (vergelyk *LVS*:144 en 148). Die atmosfeer op die plaaswerf herinner ook besonder sterk aan ’n kommune. Hy sonder hom wel van tyd tot tyd af, maar dit wil nie voorkom of sy mistieke belewinge daarop berus dat hy in isolasie moet wees nie, anders as wat met Fanny die geval is.

Die belangrikste verskil tussen die meester (en sy mistisisme) en Fanny (en haar mistisisme) is dat Verligting (in die Zen-Boeddhistiese tradisie) kan geskied as gevolg van iets absurds, nie as gevolg van eenwording met die godheid nie. Mevrouw Tanaka verkry Verligting omdat sy gelag het vir die absurditeit van die vorige leermeester se woorde en dade (*LVS*:148) en omdat sy klaarblyklik geleer het om haarself, diegene om haar én haar geestelike lewe nie so ernstig op te neem nie. By die meester is daar dus baie duidelik tekens van die ondermynende karnevaleske lag (vergelyk Bakhtin 1994:200 en verder) wat geheel en al afwesig is by Fanny (wie se mistisisme niemand, benewens haarself, ondermyn nie). Fanny verbind haar mistieke ervaringe met die bloed van martelare, die meester verbind syne aan “’n helse, ongelooflike poep” (*LVS*:148).

Terselfdertyd is die meester se mistisisme nie een van gedurige belaglikhede nie, maar is dit eerder oorwegend rigtinggewend van aard. Hy wil hê Lena moet die “slegte gewoontes van meer as veertig jaar breek” (*LVS*:144). Hy raai haar aan om te leer uit situasies wat sy nie kan vermy nie (*LVS*:148) en om nie geheg te raak aan die verlede nie (*LVS*:148). Later vind die leser uit dat hy ook iets oor pyn gesê het (*LVS*:153). Dit wat die meester aan Lena oordra, toon sterk ooreenkomste met die Boeddhisme. Tesame met die idee van onthechting is daar die

¹⁸ Die groot kulturele verskil hier is natuurlik dat rasionaliteit vir Loyola, binne die Westerse tradisie aan die einde van die Middeleeue, van groot belang sou wees terwyl die meester, as ‘Zen-Boeddhis’, waarskynlik nie veel bemoed so wees met rasionele denke nie.

konsep van “onmiddellikheid, van onverdeelde aandag” (*LVS*:173) vir die hier en nou – idees wat albei reeds in *Karolina Ferreira* in Jess en Karolina se gesprekke opgeduik het.

Wÿbenga (1995:103) voer aan dat “’n sekere passiwiteit, voorwaarde [is] vir die mistieke belewenis”. ’n Mate van passiwiteit kenmerk inderdaad sowel die meester se mistisisme as Fanny s’n. Passiwiteit word gewoonlik as ’n vroulike eienskap gesien: daar word oor die algemeen in patriargale samelewings verwag dat vroue passief en ontvanklik sal wees (nie alleen tydens die geslagsdaad nie, maar te alle tye). Sowel die meester as Fanny se mistisisme sou dus ‘vroulik’ genoem kon word en hierdie mistisisme sou gevolglik ’n teenvoeter kon wees vir die eng patriargale raamwerk waarin mens slegs suksesvol kan wees indien jy aktief sekere doelwitte najaag. Fanny en die meester se mistisisme verskil egter in die manier waarop die mistici sodanige passiwiteit ervaar en hanteer. Vir Fanny beteken passiwiteit lyding, binne die meester-agtige mistisisme is die oogmerk juis om lyding te ervaar, maar ook om nie daaraan vas te klou nie.

Oor die algemeen wil dit voorkom of die meester se mistisisme opgestel kan word teen die ekstreme estetika van pyn en ekstatische eensaamheid wat Fanny beleef, omdat Fanny vasklou aan die pyn wat sy ervaar tydens haar mistieke belewenisse. Binne die Boeddhisme is daar gedurig ’n strewe na die aflegging van begeerte; die “realization of absolute Nothingness is in Zen the realization of one’s true Self” (Abe 1986:187).¹⁹ Fanny verheerlik sowel haar lyding as haar ekstase en beweeg sodoende gedurig van die een ekstreem na die ander. Wanneer sy haar in die tussengebied bevind, vind sy haarself “in verwarring en [in] donkerte gedompel” (*BP*:161). Dit is opmerklik dat al die eksponente van die meester-agtige mistisisme (die meester, Jess en Lena Bergh se eggenoot, Jack) mans is. Dit beteken nie dat die meester se tipe mistisisme beperk is tot mans nie, slegs dat die vernaamste eksponente van hierdie mistisisme mans is, terwyl ’n vrou die grootste eksponent van die ekstreme, liggaamlike mistisisme is. Aanvanklik wil dit voorkom of dit stereotipering aan Viljoen/Winterbach se kant is. Hierdie verdeling moet egter gesien word in terme van mag: Fanny se mistisisme (so naby aan die malheid wat deur Gilbert en Gubar (1979) beskryf word) lei tot haar ontmagtiging. Op dieselfde manier het die ekstatische eensaamheid en die estetika van pyn vir Middeleeuse vroulike mistici die illusie van mag gegee, terwyl hulle in werklikheid nie mag gehad het nie. In die beste scenario’s is hulle ’n beperkte mate van mag gegun, maar dit kon nooit vergelyk word met die mag wat mans binne die sentrum gehad het nie. Binne die meester se mistisisme

¹⁹ Voorts beweer Abe (1986:187): “Nothingness opens up the deepest ground of one’s Subjectivity which is beyond every form of subject-object duality, including the so-called divine-human relationship. Enlightenment takes place only through the realization of absolute Nothingness which is beyond every form of duality. This is not faith in the divine mercy nor salvation by a divine, other power, but Self-Awakening – the Self-Awakening of the true Self.” Binne die kader van die Zen-Boeddhisme is ervarings soos Fanny s’n dus teenproduktief wat die bereiking van Verligting betref.

kan enigeen Verligting bereik – die fokalisators wat onderrig word, is almal vroue en daar word pertinent melding gemaak van hoe Mevrouw Tanaka Verligting kry.

Dit wil nie voorkom of Lena (of Karolina Ferreira onder leiding van Jess) konsekwent probeer om 'n Boeddhistiese (of soortgelyke) lewenswyse te handhaaf nie óf konsekwent Boeddhistiese filosofieë aanhang nie. Op hierdie wyse word die mistisisme van die meester wel ondermyn en bevraagteken. Dat Lena wel kontak het met die meester (oënskynlik as leerling) dui egter aan dat die meester se mistisisme voorkeur geniet bo iets soos Fonny s'n, in die lig van die afkeur wat daaroor uitgespreek word by monde van Ester Zorgenfliess. Daar sou dus geargumenteer kon word dat Viljoen/Winterbach effe ambivalent daaroor is dat haar karakters “lig en aandagtig” (*LVS*:9) deur die lewe reis, maar terselfdertyd is daar baie duidelike afkeur vir Fonny se intense ervaringe wat haar, tussen ervaringe, in 'n gryswaas laat waar sy kwalik bestaan. Dit sou moontlik wees om hierdie logika tot 'n uiterste te voer en te redeneer dat Viljoen/Winterbach die Boeddhisme as leer bo die Christendom verkies, maar vir so 'n kru vereenvoudiging is Viljoen/Winterbach se werk oor die algemeen gans te genuanseerd. 'n Beter stelling sou wees dat die meester se mistisisme nie die ervaring van pyn, lyding en skuldgevoelens tot 'n deug verhef nie en sodoende nie 'n mistisisme van martelaarskap is nie. Daarenteen is Fonny se mistisisme duidelik een van selfopgelegde martelaarskap waartydens lyding byna fetisjistiese proporsies aanneem. Hierdie mistisisme lê haar uiteindelik lam en stroop haar van haar identiteit. Die meester se mistisisme stel hom beter in staat om grense te kruis as wat Fonny se mistisisme haar toelaat om te doen – sy is klaarblyklik vasgevang binne 'n begrensde gebied waarvan sy geeneen van die grense kan oorsteek nie.

Hoofstuk 5:

Liminale karakters: ‘grensliteratuur’

Skamerig antwoord Alice: “Ek – ek weet nie eintlik nie, meneer – ek bedoel ek weet nie *nou* nie – ek weet wie ek *was* toe ek vanoggend opgestaan het, maar ek dink ek het intussen ’n hele paar keer verander.”

Lewis Carroll. *Die avonture van Alice*: 48.

Identiteit kunnen we opvatten als een proces van wording dat verschillende lagen kent. In de eerste plaats is identiteit geen vaststaand gegeven, maar een proces dat veranderlijk is.

Ester Captain en Halleh Ghorashi. “Tot behoud van mijn identiteit. ’ Identiteitsvorming binnen de zmv-vrouwenbeweging”: 154.

Kim Crenshaw zegt ergens: ‘Alleen een gek leeft op een kruispunt’, maar de werkelijkheid is dat we allemaal op kruispunten leven, alleen zijn sommigen van ons zich daar meer van bewust dan anderen.

Gloria Wekker en Helma Lutz. “Een hoogvlakte met koude winden. De geschiedenis van het gender- en enticiteitsdenken in Nederland”: 41.

Vir diegene wat in ’n multikulturele samelewing woon, is dit waarskynlik voor die hand liggend dat identiteit nie ’n monolitiese gegewe is nie, maar dat dit eerder ’n veelvlakkige konstruksie is wat deur ’n verskeidenheid faktore bepaal word. Wekker en Lutz (2001:39) identifiseer na aanleiding van Williams (1998) vyf asse van “maatschappelijke betekenisgeving”: geslag, etnisiteit, klas, nasionaliteit en seksualiteit.¹ Die snypunkte van hierdie verskillende asse bepaal identiteit, hoewel ’n individu geforseer kan word (of self kan kies) om sommige asse se bestaan te ignoreer of te minimaliseer. In hierdie hoofstuk sal die idees rondom die sogenaamde kruispuntdenke (soos uiteengesit deur Wekker en Lutz (2001)) gekombineer word met Turner se konsep van liminaliteit. Die asse van maatskaplike betekenisgewing wat onderliggend is aan die vaslegging van identiteit kan, vanuit ’n ander perspektief en met behulp van ’n ander stel metafore, gelyk gestel word aan die grense wat liminale karakters oorskry.

Die mate waartoe die liminale karakters daarin slaag om gedurig grense te oorskry, bepaal of hulle as tydelike liminale karakters gesien kan word en of hulle eerder swerwende liminale karakters is. Eersgenoemde groep funksioneer grotendeels binne ’n bepaalde raamwerk en slaag slegs by tye daarin om grense te oorskry, terwyl laasgenoemde groep heen en weer kan beweeg tussen verskillende raamwerke, oor verskillende grense heen. Dit wil voorkom of laasgenoemde groep ook meer ‘suksesvolle’ bemiddelaarsfigure² het (daar sal later in hierdie hoofstuk presies aangedui word waarom die beskrywing ‘suksesvol’ problematies is). Die

¹ Ander ‘asse’ soos ouderdom sou ook hierby gevoeg kon word. Wekker en Lutz (2001:46) noem in ’n voetnoot ander faktore en wys daarop dat dit “een empirische kwestie [is] welke factoren in een bepaalde situatie geanalysseerd moeten worden”.

² ’n Liminale karakter hoef natuurlik nie ’n bemiddelaar te wees nie. Bemiddelende karakters is egter dikwels liminaal omdat hulle ander karakters help (of ten minste probeer help) om grense oor te steek.

liminale karakters kom klaarblyklik nie voor in *Klaaglied vir Koos* nie, hoewel daar moontlik geargumenteer sou kon word dat die hawelose karakters oor 'n mate van liminaliteit beskik.

In dié hoofstuk sal daar geargumenteer word dat die liminale karakters se gedaantewisseling gelees kan word as 'n poging om die mag van die (politieke, sosiale of ekonomiese) sentrum te ondermyn, maar dat hul oorskryding van sekere grense terselfdertyd die bestaan van daardie grense beklemtoon. Dit is ook insiggewend dat die liminale karakters grotendeels voorkom in Viljoen/Winterbach se latere werk. Dit sou 'n aanduiding kon wees dat Viljoen/Winterbach nie die nuwe bedeling sien as 'n bedeling waarin grense opgehef is nie, maar eerder een waarin grense steeds bestaan en waarin dit nodig is om grensoorskrydend met die wêreld om te gaan.

5.1 Sieners en bemiddelaars: van die wal in die sloot?

Sieners is liminale figure aangesien hulle die grens tussen die hede en die toekoms of die normale en die buitengewone (paranormale) oorsteek. Anders as met die mistici, wat net gedeeltelik liminaal is, wil dit voorkom of sommige van die sieners in Viljoen/Winterbach se werk die vermoë het om na willekeur te beweeg tussen die hede en die toekoms. In ander gevalle het die siener nie soveel beheer oor die proses nie. In hierdie afdeling sal daar gekyk word na die korrelasie tussen die 'sukses' van die siener en haar of sy vermoë om die proses van grensoorskryding te beheer.

5.1.1 Sieners

5.1.1.1 Diegene wat oë het om te sien: “Ek sien, ek sien hier”³

'n Paar interessante tendense is sigbaar in 'n analise van die verskillende sieners. Ten eerste verskyn geeneen van die fiktiewe sieners in Viljoen/Winterbach se twee novelles of haar eerste roman nie. Tweedens is vyf van die agt sieners vroulik. Een van die manlike sieners na wie verwys word (Siener van Rensburg, wat in *Belemmering* en *Buller se plan* genoem word), het werklik bestaan. Van die vroulike sieners het een die gawe van toekomsvoorspelling, verloor, een se visioene bly onbekend en 'n derde een se visioene bly vals te wees. Derdens wil dit voorkom of daar nie 'n korrelasie is tussen ouderdom en heldersindheid nie, óf tussen beroep en heldersindheid nie (vier van die sieners – twee vroue en twee mans – maak klaarblyklik uit hul vermoëns as sieners 'n bestaan). Dit wil dus voorkom of daar nie 'n stereotipiese siener in Viljoen/Winterbach se werk voorkom nie. As groep toon die sieners nie dieselfde homogeniteit as, byvoorbeeld, die haweloses wat in hoofstuk 3 bespreek is nie.

Soos met die bespreking van die mistici is dit raadsaam om hierdie onderafdeling te begin met 'n kort bespreking van die relevante historiese figuur, voordat daar aandag aan

³ KF:12.

Viljoen/Winterbach se karakters geskenk word. In hierdie geval is die historiese figuur Siener van Rensburg. Niklaas van Rensburg het 'n visioen gehad van

'n stryd tussen 'n grys bul (Duitsland) en 'n rooi bul (Brittanje), wat deur die grys bul gewen word. Ook het hy die nommer 15 gesien op 'n donker wolk waaruit bloed vloei, en daarna [genl. Koos] De la Rey sonder hoed, gevolg deur 'n rytuig bedek met blomme.

(Spies 1988:236)

Hierdie visioen is vertolk as 'n "triomf" (Spies 1988:236) vir De la Rey en ander bevelvoerders betrokke by die rebellie van 1914 teen Suid-Afrika se deelname aan die Eerste Wêreldoorlog. Die geldigheid al dan nie van Siener van Rensburg se visioen is nie hier ter sprake nie, maar wel die interpretasie wat daaraan gegee is (vermoedelik deur Van Rensburg self). Onderweg van Pretoria na Potchefstroom is Koos de la Rey op 15 September 1914 deur die polisie by Langlaagte doodgeskiet omdat die motor waarin hy gereis het, deur 'n padblokkade gejaag het (Spies 1988:237).

Siener van Rensburg se teenwoordigheid in Viljoen/Winterbach se werk – beperk tot slegs twee verwysings (*B*:54 en *BP*:32) – is om verskillende redes van belang. Eerstens skep dit, soos by die mistici, 'n model waarmee karakters vergelyk kan word. Die foutiewe interpretasie van sy eie visioene deur Van Rensburg kan vir die leser as 'n waarskuwing dien dat nie alle sieners suksesvol is of hul eie visioene korrek interpreteer nie. Die leser (en diegene wat sieners raadpleeg) moet gevolglik versigtig omgaan met sodanige voorspellings en visioene. Tweedens is Van Rensburg binne die konteks van Apartheid-Suid-Afrika 'n volksheld – hoewel nie noodwendig ewe belangrik vir alle lede van die Afrikaanse en Afrikaner-gemeenskappe nie.⁴ Viljoen/Winterbach koppel dus haar karakters aan volkshelde en in die geval van *Belemmering*, help dit om Oom se karakter geloofwaardig te maak (Oom vertel telkens verhale wat te make het met die Afrikaner-geskiedenis (vergelyk Viljoen 1993a:322, Viljoen 1993b:9 en verder)). In *Buller se plan* word die Afrikaner-geskiedenis juis ondermyn deur die verwysing na Siener van Rensburg, aangesien meneer Mbulelo, oftewel die *talking head*, deur Salmon Senekal "Siener van Rensburg redivivus" en die "Swart Siener" genoem word (*BP*:32). Derdens is die manier waarop sowel Oom as Salmon Senekal met Siener van Rensburg se verhaal omgaan, 'n tipe toeëiening van die geskiedenis, meer spesifiek die kleingeskiedenis (aangesien nie alle geskiedskrywing omtrent die 1914-rebellie verwys na Van Rensburg nie) en die gepaardgaande ondermyning van die meesternarratief.⁵ Die tradisionele verdeling tussen "official history and family history" (Viljoen 1993b:12) word veral in *Belemmering* ondermyn – die klem val telkens op menslike feilbaarheid eerder as op grootse daade deur 'groot' mans.

⁴ Van Rensburg word byvoorbeeld nie in alle geskiedenisboeke opgeneem nie – sommige Afrikaner-geskiedskrywers het hom klaarblyklik nie belangrik genoeg geag vir die nasionalistiese projek nie.

⁵ Viljoen (1993b:10) wys daarop dat 'n soortgelyke proses plaasvind in *Belemmering*, waar die mans in die berghut nie ten volle die meesternarratief ondermyn nie, maar die fokus verander sodat die Afrikaner 'n vryheidsvegter word, eerder as 'n onderdrukker.

Nie een van die ander (fiktiewe) sieners kan as deel van die sentrum beskryf word nie. Die karakter wat die naaste aan die sentrum staan, is óf Anna in *Niggie*, óf mevrou Kriek in *Buller se plan*. Anna is egter 'n Afrikaner-vrou en, soos reeds uitgewys, was die Afrikaner ten tyde van die Suid-Afrikaanse oorlog alles behalwe deel van die sentrum (hoewel hulle minder gemarginaliseerd was as nie-wit Suid-Afrikanders).⁶ As vrou is sy (ten spyte van die ophef wat ná die Suid-Afrikaanse oorlog gemaak is van die opofferinge van vroue) verder gemarginaliseerd. Anna se liminale status blyk baie duidelik wanneer Reitz opmerk dat sy “skielik ... vir hom mooi” is “[s]oos 'n tussenganger mooi is tussen die lewendes en die dooies” (N:200). Hierteenoor is mevrou Kriek 'n wit (vermoedelik Afrikaanssprekende) vrou in die post-Apartheidsera. Sy is dus deel van die marge wat voorheen 'n posisie relatief naby aan die politieke magsentrum gehad het. Die weerloosheid van haar posisie blyk uit die feit dat sy vermoor word en dit word versterk deur die droom wat sy twee dae voor haar dood gehad het waarin 'n wurm onder 'n klip “niks teen die oormag van die miere” wat dit aanval, “doen nie” (BP:108).

Hierteenoor is die *talking head* in *Buller se plan* deel van die onlangs bemagtigdes – in teorie nie meer deel van die marge nie, vanweë die verskuiwing in die magsbalans op ekonomiese, politieke en sosiale terrein. Tegnies is hy egter steeds deel van die marge. Hy bly in 'n klein nedersetting noord van die township (BP:146) waar daar “niks” is nie – “nie bome nie, nie tuine nie, nie skaduwee nie, nie water nie, nie diere nie” (BP:147). Die moeilikheid wat Daan en Kie het om die *talking head* op te spoor, is 'n verdere aanduiding van sy marginalisering – ten minste op 'n ruimtelike vlak. Hoewel die *talking head* visioene het teen betaling, wil dit voorkom of die proses van ‘sien’ hom fisies uitput, in so 'n mate dat Jakes erken dat dit vir hom lyk of daar “lekkerder en makliker maniere [is] om 'n fast buck te maak” (BP:149). Dit sou gevolglik moeilik wees om te argumenteer dat die *talking head* homself probeer verryk (ekonomies meer sentraal probeer posisioneer) deur sy visioene, aangesien die fisieke tol wat dit eis so hoog is.

In 'n verwerking van die *talking head* in *Buller se plan*, gebruik Oompie in *Niggie* 'n swart kop in 'n bottel om die toekoms te voorspel (N:92). In teenstelling met meneer Mbulelo, is Oompie se voorspelling omtrent die einde van die Suid-Afrikaanse oorlog aansienlik minder kripties (soos in die volgende onderafdeling sal blyk, bly selfs meneer Mbulelo se mins metaforiese voorspellings dubbelsinnig) en sou dit selfs vergelyk kon word met die uitsprake van die vrou in die karavaan by die Wimpy in *Karolina Ferreira*. Oompie is, soos die *talking head*, geografies afgesonder en is soos die ander wit mans in *Niggie* gemarginaliseer omdat hy 'n Afrikaner is. Binne die diskoers van rassesseiding in pre-Apartheid- en Apartheid-Suid-Afrika is Oompie

⁶ In die Afrikaner-mitologisering van die oorlog was die Afrikaner wél deeglik deel van die sentrum.

ook deel van die marge aangesien sy vel “blas” is en daar “[i]ets Oosters” aan hom is (*N*:43); hy is nie ‘suiwer’ wit nie.⁷ Benewens sy liminale status as gevolg van sy vermoë om die toekoms te voorspel, is hy dus ook wat ras betref liminaal, omdat hy in meer as een kategorie geplaas sou kon word, sonder dat daar enige sekerheid is tot watter ras hy ‘behoort’.

Die vrou wat Karolina se toekoms voorspel terwyl sy en Willie op pad is Voorspoed toe, kontrasteer besonder sterk met Oompie, hoewel sy ook ondubbelsinnig uitsprake maak oor Karolina se toekoms. Dié vrou is, van al die sieners in Viljoen/Winterbach se werk, die naaste aan die stereotipiese fortuinverteller. Sy woon in ’n karavaan, in ’n ruimte wat “tot oorlopens toe vol is” van “rokoko-oorvloed” (*KF*:12). Haar voorkoms is uitsonderlik, met haar hare wat soos ’n “vergulde nes” “tot teenaan die dak reik” (*KF*:12). Sy lees Karolina se palm (waar ander sieners haarlokke lees of met koppe in bottels kommunikeer) en sê as gevolg van wat sy daar sien “ongegronde, vergesogte dinge” (*KF*:29) oor liefde en vriendskap (twee terreine waarop fortuinvertellers tradisioneel kommentaar lewer), maar uiteindelik blyk dit tog dat haar uitsprake korrek is. Binne Viljoen/Winterbach se oeuvre is die vrou in die karavaan die mees ongewone siener, aangesien haar voorspellings besonder positief is en ook omdat die interpretasie daarvan uiteindelik redelik maklik is vir sowel die karakter vir wie die voorspelling gedoen word as vir die leser.⁸

Katarzyna Kedzierzawska, “die Tsjeggiese vrou met die Poolse naam” (*LVS*:91), oftewel die Kafka-vrou, is die enigste ander siener wat palms lees. Volgens Keet het elkeen van haar voorspellings vir hom waar geword (*LVS*:91), maar reeds tydens haar eerste ontmoeting met Lena Bergh beweer sy dat sy “die kuns verloor” het (*LVS*:91).⁹ By ’n latere ontmoeting vra Lena egter dat die Kafka-vrou na haar hande kyk en by dié geleentheid kom sy vorendag met die uitspraak: “Vergeet wat verby is ... Sit dit agter jou.” (*LVS*:125). Hierdie uitspraak toon ’n ooreenkoms met die meester se advies aan Lena (*LVS*:148) omtrent die verlede en met Jess se uitleg aan Karolina dat slegs “[d]ie hier en nou ... van belang” is (*KF*:82). Die Kafka-vrou se lewensraad aan Lena val dus nie in dieselfde kategorie as die uitsprake van ander sieners nie; dit

⁷ Oompie se voorkoms (en gedaanteverwisseling) sal na behore bespreek word in die volgende afdeling wanneer trieksters aan bod kom.

⁸ Die ongewoonheid van die fortuinverteller het moontlik ook te make met die ongewoonheid van *Karolina Ferreira*. Dit is die roman met die mees positiewe romantiese intrige in Viljoen/Winterbach se oeuvre en ook die een met die grootste mate van sluiting in die slot.

⁹ Dit blyk dat Karel in *Belemmering* handpalms kan lees, maar dit “afgesweer” het omdat dit “toorkuns” is (*B*:168). Boet verbind die vermoë om palms te lees veelseggend met ’n vermoë om met die “kardinale punte” te “konnekteer” (*B*:168) – ’n indikasie dat voorspellings oor die toekoms rigtinggewend is en dat die persoon wat die voorspelling maak, self bewus moet wees van watter rigtings aangedui word.

is eerder ‘wysheid’ as wat dit ’n ‘toekomsvoorspelling’ is.¹⁰ Dit verskil ook oënskynlik van die wyse waarop sy Keet se palm gelees het; aangesien “elke enkele ding ... waar” was (*LVS*:91) wil dit voorkom of Keet se ervaring stereotipiese fortuinvertelling behels het. Lena word eers ’n blik op haar toekoms ontsê omdat die Kafka-vrou haar kuns verloor het en kry dan slegs lewensraad in plaas van ’n voorspelling. Die Kafka-vrou toon in haar interaksie met Lena kenmerke van mevrou Kriek in *Buller se plan*, wat “[h]eldersiene” is, maar eerder “lewensraad” uitdeel (*BP*:15).

Sowel die Kafka-vrou se marginaliteit as haar liminaliteit word aangedui deur die beskrywing van haar as die “Tsjeggiëse vrou met die Poolse naam” (*LVS*:91) en die wyse waarop sy byna van gedaante verander na gelang van die hoeveelheid Poolse vodka in haar sisteem (vergelyk *LVS*:91 en 124). Deur die klem te plaas op haar etniese herkoms, word die aandag gevestig op die manier waarop sy nie tuis hoort in die Suid-Afrikaanse konteks nie (veral nie met Kafka as haar studie-gebied nie).¹¹ Eers wanneer sy iets het ‘van die huis af’, kan sy ontspan en glimlag en word die leser se aandag nie meer gevestig op haar voorkoms (wat haar brandmerk as Oos-Europees) nie. Sy is dus gemarginaliseer vanweë haar nasionaliteit en funksioneer gevolglik as buitestander-figuur, maar sy is ook paradoksaal gemarginaliseer vanweë haar spesialisasiegebied. As intellektueel moet sy, in teorie, deel vorm van die sentrum omdat sy ondersoek instel na dit wat (in Europa) as ‘hoogkultuur’ beskou word. In Suid-Afrika is ondersoek na sogenaamde ‘hoogkultuur’ van minder belang (soos wat die teenwoordigheid van Dyf en Molly Bloem en Ruta en Faith Mbatha in dieselfde roman die leser gedurig herinner). Die Kafka-vrou is deel van ’n buitelandse elite wat spesialiseer in ’n onderwerp wat oënskynlik nie ter sake is vir die Suid-Afrikaanse werklikheid nie. Dat sy ook heldersiene is, beklemtoon haar ‘andersheid’ verder.

Die vreemdste van die sieners is die wanstaltige kind in *Buller se Plan*. Haar status as sener is effe twyfelagtig, aangesien die leser slegs deur Ester Brand se kommentaar aflei dat die kind visioene het (*BP*:78) en daar geen ander ‘getuienis’ daarvoor is benewens Ester se spekulasies nie. Nietemin word daar in hierdie tesis aanvaar dat Ester se kommentaar genoegsame rede is om die wanstaltige kind as ’n sener te beskou. Hoewel die wanstaltige kind – aldus Ester – “soos ’n mistikus die vagevuur in al sy helse glorie aanskou en die hemele in al hulle onomskryfbare heerlikheid” sien (*BP*:78), is haar liminale kenmerke aansienlik groter as haar

¹⁰ Indien die leser in ag neem dat die Kafka-vrou soms Katarzyna K genoem word en dat die meester se getrouste dissipel in die Karoo “mevrou K” genoem word, is dit moontlik om die twee vroue met mekaar te verbind en sodoende ’n verwantskap te lê tussen die Kafka-vrou en die meester. Die verband tussen die Kafka-vrou en die meester word verder versterk deurdat hulle albei uit die voormalige Oosblok kom – die meester uit Hongarye (*LVS*:145) en die Kafka-vrou uit Tsjeggië (*LVS*:91).

¹¹ In hierdie opsig is haar onvanpastheid ’n parallel vir Lena se onvermoë om in die Natalse landskap in te pas.

marginale kenmerke.¹² Ester sien haar die eerste keer voor die historiese kerk (soos reeds aangedui kan dié ruimte as liminaal beskou word) terwyl sy wag vir Selene se begrafnis (*BP:22*). Begrafnisse word as liminaal beskou aangesien die persoon die grens tussen lewe en dood oorsteek en die begrafnis die ritueel is wat daardie oorgang formeel bevestig (vergelyk Van Gennep 1977:146 en 163). Die lesers eerste kennismaking met die wanstaltige kind is dus binne ’n liminale ruimte terwyl Ester wag op ’n liminale gebeurtenis.

Die kind se voorkoms beklemtoon ook haar liminale status. Dit is “moeilik om te sê hoe oud sy is” (*BP:23*); Ester skat haar ouderdom as “agt, nege” (*BP:77*), maar terselfdertyd toon haar “duidelik onderontwikkel[de]” (*BP:23*) liggaam “die eerste (allergeringste) swelsel van ontluikende borste ... onder haar rok” (*BP:77*).¹³ Of so wil dit voorkom. Wanneer Ester die kind vir die tweede maal sien, bevraagteken sy telkens haar eie waarnemings – veral dié wat te make het met die kind se voorkoms. Dit lyk wel of sy seker is dat die kind met die tweede ontmoeting

[k]leiner [is] as wat Ester haar onthou van die vorige keer, haar kop nog dieper in die nek ingedruk, die effense boggel sigbaarder [...] Haar gesig is geen sorgvrye kindergesig nie – die uitdrukking daarop is steeds gekwel (*BP:77*).

Wat egter duidelik blyk uit Ester se waarneming van die wanstaltige kind, “wie se ervaringswêreld so duidelik so min te make het met die werklikheid van haar ma óf Ester” (*BP:78*), is dat die kind se aandag nie gefokus is op die ‘werklikheid’ waarin Ester leef nie. Die kind kan gevolglik gesien word as die teenoorgestelde van die ander sieners – wat hulself almal in die werklikheid van die ‘hier en nou’ bevind en wat soms die grens oorsteek na die toekoms of die bonatuurlike ter wille van visioene. Sy leef klaarblyklik geestelik in ’n ander wêreld en toon nie besonder baie belangstelling in die ‘hede’ of ‘werklikheid’ waarin Ester haarself bevind nie. Dit is miskien ook belangrik dat Ester nooit weet watter visioene die wanstaltige kind het nie.

5.1.1.2 Die waarde van die visioen: “Wat wóú hy hoor?”¹⁴

Die gebrek aan inligting oor die wanstaltige kind se visioen(e) is ’n uitdaging vir die lesers, aangesien die visioene in Viljoen/Winterbach se werk altyd bekend gemaak word. Ander sieners se visioene is in ’n meerdere of mindere mate dubbelsinnig, maar is ten minste bekend sodat die karakters (en die lesers) dit kan interpreteer. In hierdie onderafdeling sal daar gekyk word na die manier waarop visioene in Viljoen/Winterbach se werk gebruik word, sowel as moontlike verklarings vir die wanstaltige kind se onbekende visioene.

¹² Iwatake (1992:92) voer aan dat die kind (binne die Japannese tradisie) ’n liminale wese is.

¹³ Die oorgang van kind na vrou kan natuurlik ook as liminaal bestempel word.

¹⁴ *BP:149*.

Dit wil voorkom of 'n belangrike komponent van die interaksie tussen die siener en die kliënt (by gebrek aan 'n beter woord) die kliënt se verwagtinge oor die interaksie is. Dit wil voorkom of die kliënt se gretigheid om 'n antwoord te kry dikwels lei tot 'n dubbelsinnige antwoord of 'n visioen wat op verskeie maniere geïnterpreteer kan word, terwyl diegene wat nie 'n antwoord soek nie of nie 'n visioen te wagte was nie, 'n eenvoudiger antwoord kry (ondubbelsinnige antwoorde bestaan egter feitlik nie). Dit word die duidelikste geïllustreer in Daan Theron se soektog na en kontak met die *talking head* (*Buller se plan*).

Dit is Daan wat die dryfveer is agter die groep mans se soektog na die *talking head*. Wanneer hy egter die geleentheid kry om die *talking head* te raadpleeg, ontvang hy (via die *talking head*) 'n vreemde visioen waarvan die interpretasie besonder moeilik is, maar wat hy uiteindelik 'oplos' deur te sê meneer Mbulelo "ken sy Bybel"¹⁵ (*BP*:152). Wanneer Jakes Jones hom vra wat hy "wou hoor", "wat wou hy hê die man moet vir hom sê" en of hy wou gehad het "die man moet vir hom iets spesifiek sê" (*BP*:149), antwoord Daan vreemd genoeg dat hy nie meer weet nie. Daan se antwoord is self dubbelsinnig – dit kan wees dat hy nie meer weet waarna hy op soek was nie, óf dat hy nie meer weet of hy na iets op soek was nie. Hierteenoor kry Salmon Senekal 'n antwoord wat steeds dubbelsinnig is, maar definitief minder metafories as Daan s'n is. Die *talking head* het aan Salmon gesê "daar is 'n man wat vir hom wag. Die man is sy pa. Hy wag al dertig jaar om Salmon te sien" (*BP*:149). Hierdie visioen kan óf beteken dat Salmon se pa op soek is na hom of vir hom wag om hóm te soek, óf dat Salmon se pa dertig jaar lank reeds dood is en dat Salmon binnekort gaan sterf. Benewens die dubbelsinnigheid van die visioen is dit ook interessant dat Salmon die *talking head* geraadpleeg het, aangesien daar nie elders in die roman aangedui word dat Salmon in die *talking head* of sy visioene belangstel nie. Wanneer Daan aanvanklik oor die *talking head* praat, is Salmon selfs redelik negatief omtrent die onderwerp: hy verwys na die voorspellings as "[s]oliede stukke kak" (*BP*:32) en verwys ook skertsend na die *talking head* as "Siener van Rensburg redivivus" (*BP*:32).

In teenstelling met gebeure rondom die *talking head*, is Karolina Ferreira nie op soek na 'n siener wanneer sy die vrou in die karavaan by die Wimpy raadpleeg nie. Hoewel die voorspelling wat sy kry kwalik ondubbelsinnig is,¹⁶ is dit aansienlik minder verwarrend as die visioen waarmee die *talking head* Daan Theron gelaat het. Dit is moontlik juis as gevolg van Karolina se skeptisisme jeens die fortuinverteller en haar visioene dat sy oop bly vir verskillende interpretasies en nie die visioen op 'n spesifieke manier – gegrond op haar

¹⁵ 'n Oortuiging wat sommige lesers moontlik deel en 'n uitspraak wat ook gemaak sou kon word omtrent Viljoen/Winterbach, in die lig van die aantal karakters met Joodse name of vanne in haar werk.

¹⁶ Voordat die leser (en waarskynlik ook Karolina) besef dat die man wat "Karolina altyd sal liefhê" (*KF*:12) – selfs die sintaksis is dubbelsinnig – Jess Jankowitz is en die vrou, " 'n goeie vriendin, wat haar nooit in die steek sal laat nie" (*KF*:12) Adelia Farber is, dink sy baie na oor haar verlede in 'n poging om die korrekte persone te identifiseer.

verwagtinge – probeer lees nie. Soos vroeër in hierdie hoofstuk aangedui is, is die visioen egter relatief generies indien dit vergelyk word met dié van sieners soos Anna of mevrou Kriek.¹⁷ In die geval van Karolina Ferreira verleen die sprokiesagtige kwaliteit van die voorspelling ook ’n ‘gelukkig tot in alle ewigheid’-komponent aan die verhaal. Die visioen gee ’n mate van geslotenheid aan die teks aangesien die leser weet dat Jess altyd vir Karolina sal lief wees (of moontlik omgekeerd?) en dat Adelia nooit vir Karolina in die steek sal laat nie. Die vrae wat lesers gewoonlik na die einde van die teks besig hou, word dus reeds aan die begin van die verhaal beantwoord – tensy Jess en Adelia nie die man en vrou is na wie die sener verwys het nie. Viljoen/Winterbach laat die leser toe om aan te neem dat hierdie twee karakters die mense in die visioen is, maar dit word nooit onomwonde gestel nie – die sener is nie beskikbaar vir ’n bevestigende visioen nie. Die dubbelsinnigheid van die visioen ondermyn sodoende enige gevolgtrekkings wat Karolina én die leser daaromtrent probeer maak.

Nog ’n geval waar Viljoen/Winterbach die leser se verwagtinge manipuleer deur middel van ’n visioen is in Anna se voorspelling van haar man se dood in *Niggie*. Weens die waarheid van Oompie en die gebottelde kop se voorspelling omtrent die einde van die oorlog en Niggie se mededeling dat Anna “in kontak met die dooies” (*N*:190) is, wil die leser wat hoop op ’n gelukkige einde, glo dat Anna die toekoms sien wanneer sy sê dat sy ’n “gevoel” (*N*:200) het dat sy haar man nie weer sal sien nie. Wanneer die verhouding tussen Anna en Reitz ontwikkel, word die indruk geskep dat dit meer as ’n kortstondige oorlogsromanse is, ten spyte van Tante se waarskuwing dat sy nie “altyd op hierdie gevoelens [kan] reken” nie (*N*:200). Weereens is dit egter ’n geval van verwagtinge wat die interpretasie van ’n visioen bepaal. Anna droom dat ’n wa (op pad na die kerkhof op die plaas) waarop haar oorlede suster sit, stilhou sodat haar man kan opklim (*N*:200). Daar word egter nie aangedui dat hy wel opklim nie en gevolglik kan daar nie met sekerheid aanvaar word dat hy sal sterf in die oorlog nie. Anna se behoefte aan ’n man nader aan haar eie ouderdom (vergelyk *N*:240) – iemand wat sy in Reitz vind – beïnvloed haar interpretasie van haar droom.

By die ander sener in *Niggie*, Oompie, dien die voorspelling dat die oorlog “[e]inde Mei, begin Junie ... afgelope” is (*N*:93) nie dieselfde doel nie. Eerstens is dit nie besonder dubbelsinnig nie en vergroot dit Reitz en Ben se onvergenoegdheid met die Suid-Afrikaanse oorlog. Tweedens maak dit Oompie se kragte aan sowel Ben en Reitz as die leser bekend (wat belangrik is vir die latere wending waarin Reitz sy oorlede vrou probeer kontak), maar dit kontekstualiseer ook

¹⁷ Daar sou geargumenteer kon word dat die *talking head* se visioene – veral die een wat Daan ontvang – ook generies is, gesien die metaforiese aard daarvan. Dit is miskien om hierdie rede dat Daan ’n Bybelse interpretasie aan sy visioen heg en binne daardie raamwerk die visioen duideliker probeer maak. Sy poging misluk egter, aangesien hy slegs die vrou met die juwele kan identifiseer as die hoer van Babilon, “op wie se voorkop staan: Verborgeneid” (*BP*:153). Sy interpretasie is nog nie ’n ontsluiting van die visioen nie – hierdie kwaliteit ondermyn die ‘generiese’ kenmerke van die visioen.

Oompie se kragte as iets wat nie ten volle ‘goed’ is nie. Oompie word dus geïdentifiseer as ’n karakter wat meer met die ‘slegte’ sy van die bonatuurlike te make het as die ‘goeie’.¹⁸ Derdens versterk die voorspelling die gevoel dat die karakters op die marge beweeg – hulle neem lankal nie meer aktief deel aan die oorlog nie en het ook nie behoefte om weer deel te neem nie.

Oompie se interpretasie van die visioen voeg egter nog ’n dimensie daaraan toe. Hy beweer dat die stryd vergeefs was wanneer hy reeds sy kop weggehaal het van die bottel (*N:93*). Dit is dus sy eie kommentaar en nie deel van die visioen nie, maar aangesien dit so kort op die visioen volg, beïnvloed dit tog die interpretasie daarvan. Reitz en Ben word gevolglik meer terneergedruk oor hul situasie en dit is moontlik om hierdie rede dat Reitz toenemend aan sy oorlede vrou dink. Benewens Anna is Oompie die enigste sieners wat sy eie visioen interpreteer – ’n moontlike aanduiding dat interpretasie selfs vir sieners ’n onbegonne taak is.

By Oompie en by die ander sieners (met die uitsondering van mevrou Kriek), is die leser aangewese op leidrade in die teks om iets te wete te kom omtrent die proses van fortuinvoorspelling en omtrent moontlike interpretasies van die visioen(e). Mevrouw Kriek verskaf egter ’n eerste-handse verslag van die proses wat betrokke is:

Sy het nooit vir hulle gesê as sy iets slegs sien nie. Sy het net die goeie dinge gesê, en die skrikwekkende dinge op ’n aanvaarbare manier probeer aandui. Tensy sy kon sien dat dit onafwendbaar was. Dan het sy ’n paar oomblikke lank haar kop laat sak, die persoon se hande in hare geneem en geluidloos tot God gebed dat hy [sic] hulle genadig sou wees en krag gee in die beproewing wat vir hulle voorlê (*BP:107*).

Wat ’n “aanvaarbare manier” is, bly onduidelik.

Mevrou Kriek verskil van die ander sieners deurdat sy baie sterk identifiseer met die kliënt. Dit wil voorkom of Oompie sy eie agenda het – gewoonlik om “vir ’n ou man iets lekkers” te bekom (*N:92*). Dit lyk ook nie of die *talking head* veel betrokkenheid by sy kliënte toon nie en wanneer hy klaar hul haarlokke gelees het, word dit “in ’n plastiekemertjie onder die bed” gegooi (*BP:149*). Die vrou in die karavaan by die Wimpy is ’n stereotipiese fortuinverteller en gevolglik is identifikasie met haar kliënte hoogs onwaarskynlik (Karolina se verslag van die gebeure is ook so oppervlakkig dat dit moeilik is om af te lei of daar enigsins sprake van identifikasie is, al dan nie). Die Kafka-vrou gee wel aandag aan Lena, maar dit gebeur slegs kortstondig en dit wil nie voorkom of die Kafka-vrou inligting weerhou van Lena omdat dit “iets slegs” (*BP:107*) is nie. Mevrouw Kriek se interaksie met haar kliënte is dus iets unieks onder die sieners in Viljoen/Winterbach se werk. Haar gebed om genade toon sterk ooreenkomste met haar gebed dat haar eie lyding ten tyde van haar dood (wat sy klaarblyklik gedeeltelik voorsien), nie uitgereg sal word nie (*BP:108*). Gevolglik sou daar gesê kon word dat sy deurentyd haar kliënte soveel pyn moontlik probeer spaar, net soos wat sy self pyn gespaar

¹⁸ Soos duidelik sal blyk in die volgende afdeling, is hierdie beskrywing egter simplisties – daarom die aanhalingstekens.

wil word – die Christelike interteks hier strook dan ook met haar religieuse oortuiging. Moontlik is dit ook hierdie oortuiging wat die dryfveer is agter haar optrede as siener, hoewel so ’n aanname blote spekulasie is.

Die een siener oor wie se visioene en motiverings daar niks bekend is nie, is die wanstaltige kind. Hierdeur word die dubbelsinnigheid wat gewoonlik sinoniem is met visioene tot ’n uiterste gedryf. Aangesien die visioen geheel en al onbekend is, is dit onmoontlik om dit te interpreteer, maar is dit ook, paradoksaal, moontlik om enige interpretasie denkbaar daaraan te heg. Ester sien dit as visioene van die hemel en hel (*BP:78*), maar daar is geen bewyse daarvoor dat haar aanname korrek is nie. Deurdad Ester ook gedurig na die bankies voor die historiese kerk gaan in die hoop om die wanstaltige kind te sien, is daar ook ’n indikasie dat sodanige open- en geslotenheid van interpretasie vir haar belangrik is. Die meesternarratief van die sentrum (wat oor die algemeen gerig is op slegs een moontlike interpretasie van feite) word deur hierdie interpretatiewe moontlikhede wat die wanstaltige kind bied, ondermyn. Dit is aanloklik om hierdie afwysing van die meesternarratief en die openheid van die visioen te lees as kommentaar op interpretasie in die algemeen – insluitende literêre interpretasie.¹⁹ So ’n interpretasie is egter self-ondermynend, aangesien die interpretasie sy eie geldigheid binne die pluraliteit van interpretasies aantast en uiteindelik tot sy eie opheffing as ’n geldige interpretasie lei.

Ongeag die individuele waarde of nut van elke siener se visioene en ongeag die interpretasies wat daaraan geheg is, het almal een eienskap gemeen: al die sieners word op een of ander manier verbind met die dood. Dit is die een meesternarratief wat nie ondermyn kan word nie.

5.1.1.3 Sieners en die dood: “Dit was soos om by die dood in te gaan”²⁰

Die sieners is op verskillende wyses almal verbind met die dood. Die een vlak waarop dit geskied, is die wisselwerking tussen toekomsvoorspelling en die dood. Stereotipies gaan mense na sieners of fortunevertellers om uit te vind wat hul toekoms behels en, by implikasie, wanneer hulle gaan sterf. Dit is ook die een seker element in enige persoon se lewe – almal moet op ’n sekere tydstip sterf (terselfdertyd is daar ook ’n groot mate van onsekerheid by betrokke aangesien niemand met sekerheid kan sê waar en wanneer hulle gaan sterf nie). Om te voorspel dat iemand gaan sterf, is dus geen kuns nie, hoewel dit moeiliker blyk om die presiese tyd te

¹⁹ Viljoen (1993a:318) stel voor dat die bestudering van die kaarte in *Belemmering* “gelees word as ’n interpretasieproses” en Pakendorf (1991) voel “die alewige bestudeer van kaarte, die soeke na die roetes en vaststelling van grense [is] ’n metafoor vir die ontsyfering van die teks”. Die verskil tussen *Belemmering* en *Buller se plan* is egter dat die mans wél soms die kaarte kan lees, terwyl die wanstaltige kind se visioene volkome onontsyferbaar bly.

²⁰ N:158.

voorspel – soos duidelik blyk uit Anna se voorspelling omtrent haar suster Marta (N:200) en, meer nog, haar man.

Die vrou in die karavaan buite die Wimpy en die Kafka-vrou het oënskynlik niks te make met die dood nie, maar daar is tog ’n verband tussen hul uitsprake en die dood – benewens die punt wat reeds hier bo genoem is. Die vrou in die karavaan buite die Wimpy gebruik die woorde “altyd” en “nooit” (KF:12) in haar voorspelling – hierdie woorde is egter problematies, aangesien nóg Karolina, nóg die man en vrou na wie die voorspelling verwys, vir ewig gaan leef. Wat sy bedoel, is dat die man Karolina sal liefhê (of moontlik omgekeerd?) solank as wat hý leef en dat die vrou Karolina nooit in die steek sal laat solank sý leef nie. Waar dit aanvanklik lyk of die voorspelling implisiet te make het met Karolina se doodsuur, het dit eerder te make met dié van die man en vrou in die visioen. Implisiet in die vrou se voorspelling is die feit dat die man, die vrou en Karolina eendag sal sterf. Haar voorspelling se rakleef tyd is dieselfde as die lewens van die man en die vrou. In die geval van die Kafka-vrou se advies dat Lena die verlede moet vergeet, is die implikasie dat sy in die “hier en nou” (KF:82) moet leef, eerder as die verlede. Dié aanmaning om die dag aan te gryp, hou natuurlik verband daarmee dat die dood se koms vir die gewone mens onseker is – jy moet dus die geleentheid in die hede aangryp in ’n poging om nie “spyt [te] hê in die aangesig van die dood nie” (KF:82).

Hoewel Lena ’n karakter in *Landskap met vroue en slang* is, kom die aanhalings wat hierdie lesing van die verwantskap tussen die Kafka-vrou en die dood illustreer, uit *Karolina Ferreira*. Die vernaamste rede hiervoor is dat daar, soos reeds aangedui is, ’n parallel is tussen die Kafka-vrou en die meester. Gevolglik kan daar ook parallelle getrek word tussen die Kafka-vrou en Jess – ten minste wat Boeddhistiese lewensbeskouings betref. Die Boeddhistiese riglyne waaraan Lena en Karolina blootgestel word, is (soos aangedui in hoofstuk 4) nie presies dieselfde nie, maar toon genoeg ooreenkomste om die twee karakters – en gevolglik hul ‘leermeesters’ – te verbind.

Landskap met vroue en slang en *Karolina Ferreira* toon op ’n aantal vlakke ooreenkomste – nie net op die terrein van sieners nie – en dieselfde geld vir *Buller se plan* en *Niggie*. In laasgenoemde twee romans word die verband tussen sieners en die dood baie meer eksplisiet aan die leser oorgedra. Anna is, volgens Niggie, “in kontak met die dooies” (N:190), hoewel sy self beweer dat sy “geen konneksie” met die dooies het nie (N:206). Haar visioenêre drome hou klaarblyklik almal verband met die dood. Weereens word dit egter duidelik dat om te voorspel dat iemand sal sterf, nie so gekompliseerd is as om die uur van daardie sterfte vooraf te bepaal nie. Daar is geen indikasie dat Anna kon sê presies wanneer Marta sal sterf nie, slegs dat sy sterwend was. Dit is ook logies om te aanvaar dat ’n man wat ouer as Anna is en wat ’n “asmatiese hoësie” het omdat hy “[p]robleme met sy bors” het (N:240), waarskynlik nie lewend van die slagveld sal terugkom nie. Gepaardgaande daarmee het Anna se eie behoefte dat hy nie

moet terugkom nie, waarskynlik daartoe gelei dat sy haar droom omtrent hom interpreteer as 'n voorbode van sy dood.

Oompie is, meer nog as Anna, verbind met die dood. Hy voorspel die toekoms deur na 'n menskop in 'n bottel te luister. Hy gee ook vir Reitz die mengsel wat hom in aanraking met sy oorlede vrou bring. Die lesing wat Oompie vir Reitz gee oor hoe om met die dooies om te gaan, skep die indruk dat hy self reeds met hulle in kontak was (anders as Anna, wat slegs drome het). Dit wil dus voorkom of Oompie 'n meer betroubare tussenganger is tussen die lewendes en dooies as Anna. Hy is daartoe in staat om hulle op te roep – of ten minste om mense deur middel van chemiese stowwe onder die indruk te laat verkeer dat die dooies opgeroep word. In beide gevalle wil dit voorkom of die sielkundige manipulerings van die persoon wat iets wil weet omtrent die dooies of die dood, van deurslaggewende belang is.

Hierteenoor is daar by die *talking head* nie sprake van manipulasie van die kliënt nie, maar is daar wel 'n duidelike verband met die dood. Die naam *talking head* self kan verbind word met die Keltiese mitologie, waarbinne koppe en skedels geassosieer is met bonatuurlike krag en wysheid (Mac Cana 1987:225) en waarin koppe dikwels bly lewe en praat het nadat hulle van 'n lyf losgesny is (Meslin 1987:224 en *The New Encyclopædia Britannica* 2002:s.v. “Brân”).²¹ Dikwels kan hierdie koppe ook die toekoms voorspel. Die *talking head* na wie Daan Theron op soek is in *Buller se plan*, kan dus, vanweë die feit dat hy 'n *talking head* is, binne hierdie tradisie van pratende visioenêre (doods)koppe gesien word. Die verband tussen die *talking head* en die dood word versterk deurdat die *talking head*, na sy visioen, verval in 'n toestand wat soos die dood lyk (BP:148). Daar is ook reeds verwys na die dubbelsinnigheid van die visioen wat Salmon via die *talking head* ontvang en dat dit sou kon impliseer dat hy binnekort sal sterf. Wat egter nog nie genoem is nie, is dat Daan se soeke na die *talking head* en die manier waarop hy met die visioen omgaan – klaarblyklik in 'n poging om struktuur en sin te verleen aan sy lewe – vergelyk kan word met die pogings wat mense aanwend om, deur middel van religie, struktuur te gee aan die onbekende van die dood en die ‘lewe na die dood’.

Dit is moeilik om 'n verklaring te bied vir die verskil in die manier waarop sieners in *Niggie* en *Buller se plan*, enersyds, en *Karolina Ferreira* en *Landskap met vroue en slang*, andersyds, omgaan met die dood. Dit het moontlik te make met die paradoksale aard van die dood – almal weet hulle sal sterf, maar niemand weet waar, hoe of wanneer nie. Die verwarrende of dubbelsinnige voorspellings sou met hierdie paradoks verbind kon word. Verder sou daar geargumenteer kon word dat die sieners wat meer dubbelsinnig is in hul uitsprake, ook elemente

²¹ Die bekendste “oracular head” (Meslin 1987:224) in die Keltiese mitologie is dié van Brân ap Llyr, wie se kop ná sy dood die terugreis van sy volgelinge van Ierland na Brittanje (oor 'n tydperk van 87 jaar) presies voorspel het (Sykes 1952:s.v. “Bran” en Roth en Duval 1974:351).

van die triekster bevat – dit is nie hulle doel om ’n reguit antwoord aan hul kliënte te verskaf nie, maar eerder om ‘die waarheid’ so te verhul dat dit verwarrend is.

Die dood is die een grens wat moeilik ’n tweede maal oorgesteek word. Baie min liminale figure kan hierdie grens met veiligheid oorstek. Oompie het oënskynlik ’n poeier wat so ’n proses vergemaklik, maar geeneen van die ander sieners het tegnieke om dié grens oor te steek nie (hoewel die *talking head* redelik naby kom, steek hy nie die grens oor nie). Die enigste sener wat dit wel in ’n mate doen, is mevrou Kriek. Sy het klaarblyklik ’n gawe om te voorspel wanneer iemand anders die grens van lewe na dood sal oorstek en voorsien ook enkele dae voor haar dood dat dit met haar sal gebeur. Sy is egter nie daartoe in staat om die grens fisies te oorskry nie – sy word nie weer lewend nie. (Hoewel dit nie ’n voorwaarde vir liminaliteit is dat ’n bepaalde grens in meer as een rigting oorskry moet word nie, verhoog dit ’n karakter se liminale status indien hy of sy wel heen en weer oor grense kan beweeg.) Hiermee word die beperkinge van sieners as liminale figure aangedui. Hulle is daartoe in staat om die grense tussen die hede en die toekoms of die gewone en die buitengewone wêreld te oorskry – maar hierdie grensoorskryding geskied nooit fisies nie. Dit berus op ‘drome’, ‘voorgevoelens’ of kommunikasie met vreemde objekte wat as tussengangers dien. Die sener kan dus nie na willekeur self grense oorstek nie; die liminaliteit van sieners ondermyn dus nie grense nie, maar vestig eerder die aandag daarop.

5.1.2 Tydelike bemiddelaars

5.1.2.1 Politieke bemiddelaars: “‘Ons ondersoek tog die tussenterrein’”²²

Daar is in hoofstuk 3 reeds verwys na die wit vroue wat betrokke is by die politiek en na Mbuyisile (oftewel Dennis). In daardie hoofstuk is dit reeds gestel dat hulle ook as liminale karakters bespreek sou kon word, maar dat hulle marginale kenmerke uiteindelik deurslaggewend was by hul insluiting in hoofstuk 3. In hierdie hoofstuk oor liminale karakters sal hierdie politieke aktiviste almal weer ter sprake kom vanweë hul liminale geaardheid (en vanweë die liminaliteit wat van politieke aktiviste – wat die kunsmatige gaping tussen rasse wou oorbrug – vereis is). Hulle sal egter nie in detail bespreek word nie, maar sal slegs dien as ’n vergelykingsbasis waarteen Geelgert (in *Belemmering*) geanaliseer sal word.

In *Belemmering* bevind ’n aantal Afrikaanse mans hulself in ’n berghut waar hulle kaarte bestudeer in ’n poging om die heersende regime te ondermyn. Geelgert is klaarblyklik hul bevelvoerder; hy bly egter nie in die berghut nie en dit is verantwoordelik vir ’n groot gedeelte van die intrige in die verhaallyn waarin die mans optree. Geelgert is klaarblyklik verantwoordelik vir kommunikasie tussen die mans in die berghut en die wêreld daarbuite. Hy

²² B:51.

arriveer met nuus en opdragte (B:29). Hy is ook die een van wie al die mans in die berghut verwag dat daar 'n antwoord op hul probleme sal kom (vergelyk byvoorbeeld B:25, 248). Dit wil dus voorkom of Geelgert die bemiddelende figuur is tussen die mans en die buitewêreld. Hy is nie net die konnekteerende skakel nie, maar gee ook vir hulle aanduidings oor hoe hulle die buitewêreld moet interpreteer en hoe hulle daarmee moet omgaan. Hy oorskry sodoende nie alleen die denkbeeldige grens wat die berghut van die res van die wêreld afsonder nie, maar ook die ideologiese grens wat die (wit politieke) sentrum van die mans in die berghut skei. In hierdie sin toon hy ooreenkomste met die (wit) aktiviste in Viljoen/Winterbach se twee novelles.

Geelgert se andersheid en sy mediërende funksie word beklemtoon in die beskrywings wat Deneysen van hom verskaf. Hy is

van gemiddelde lengte, en ook baie stewig gebou. Sy skouers dra hy effens vorentoe gebuig (dit suggereer 'n stoehouding, iets onwrikbaars); hy het 'n kort, bruin, ruie Anglo-Boereoorlogbaard; breë, Mongoolse wangbene, blou Tartaarse oë en 'n gelerige gelaatskleur (vandaar die naam? wonder Deneysen) (B:27).

Geelgert het dus nie 'tipiese' wit gelaatsstrekke nie en sy gelaatskleur plaas hom ook byna in die 'kleurling'-kategorie. Sodoende word Apartheidskategorisering nie alleen ondermyn nie, maar sal enige kategorisering van Geelgert hom in 'n ambivalente tussengebied plaas wat etnisiteit of rasseherkoms betref. Hy is ook 'n mediator tussen die bevrydingsgeskiedenis van die Afrikaner (in die vorm van die Suid-Afrikaanse oorlog) en die mans in die berghut se bevrydingstryd wat gevoer word téén Afrikaner-gesag en ter wille van die onderdrukte nie-wit meerderheid.

Sy liminaliteit word verder beklemtoon deur sy taalgebruik. Hy is daartoe in staat om "harde, selfs gruwelike feite af [te wissel] met grappe en anekdotes uit sy groot en skunnige versameling" (B:28). Verbaal beweeg hy dus oor grense. Sy taal is besonder beeldryk (B:115), word ook as "ruig, soepel, kragtig" (B:27) beskryf en hy beskik oor goeie "taalbeheersing" (B:115). Hy steek dus nie per toeval taalgrense oor nie, maar doen dit doelbewus en beheerd. Dit is ook van belang dat sy taal 'n "sterk metaforiese dubbele bodem" (B:27) bevat. Hierdeur word gesuggereer dat sowel hy as sy taalgebruik ambivalent is, "dat die betekenis van wat hy sê nie maklik vasgevang kan word nie" (Viljoen 1993a:319). Sy taal oorskry dus nie net grense nie, maar kan vanweë die dubbelsinnigheid daarvan tegelykertyd aan weerskante van 'n bepaalde grens wees.

Geelgert tree ook op as katalisator binne die groep: sy teenwoordigheid lei tot 'n "uitgelate stemming" (B:27). Terselfdertyd is hierdie uitbundigheid egter gevaarlik: dit word byna "onbeteuelbaar" (B:27) – moontlik 'n aanduiding van die gevare wat Geelgert as mediator inhou en van die feit dat hy, uiteindelik, onsuksesvol as tussenganger sal wees. Sy teenwoordigheid (of afwesigheid) lei ook tot tweespalt binne die groep. Wanneer hy aanwesig is, ding die mans mee om sy aandag (B:27 en verder). Wanneer hy afwesig is, blyk dit dat die groep nie tot

besluite kan kom nie en ontstaan daar verdeeldheid oor watter rigting hulle strategieë moet inslaan. Die besluit oor die oopblaas van die bergspleet wat die groep verdeel, kan byvoorbeeld nie sonder Geelgert geneem word nie (B:236).

Karel tipeer Geelgert as “jou aartstrickster, jou wáre poetsbakker, jou argetipiese gedaante-verwisselaar” (B:181). Tog is hy nie deurentyd ’n suksesvolle liminale karakter nie en kan hy daarom nie werklik as ’n triekster beskou word nie. Hy sterf terwyl hy ’n rivier kruis – aangesien riviere dikwels as grense dien, is die implikasie dat hy gesterf het terwyl hy ’n grens probeer oorskry het. Dat hy dit nie na behore kon doen nie, moet gelees word as ’n onsuksesvolle poging tot liminaliteit. Om hierdie rede kan Geelgert nie as ’n suksesvolle bemiddelaar gesien word nie. Daar is wel triekster-elemente in sy karakter: hy is sowel ondersteunend as ondermynend wat die mans in die berghut betref. Enersyds inspireer hy die mans, maar andersyds word hulle uiteindelik lamgelê deurdat hulle vir hom wag om opdragte of goedkeuring uit te deel en sodoende nie tot aksie oorgaan nie. Polla se besluit om op sy eie die spleet oop te blaas, hang dus nou saam met Geelgert se dood. Laasgenoemde is ’n bevrydende gebeurtenis wat die mans daartoe in staat stel om tot aksie oor te gaan, hoewel hulle nie bewus was van die gebeurtenis tot ná Polla se optrede nie. Vanweë sy verhouding met Geelgert, kan Polla se daad ook beskou word teen die agtergrond van ’n oedipale kompleks. Met Geelgert se eerste besoek aan die berghut, wil Polla graag vir Geelgert beïndruk, “[h]y daag hom telkens uit soos ’n kind sy pa met slim stoutighede en parmantige, uitdagende tussenwerpsels” (B:29). Polla se aanvanklike verheerliking van Geelgert verander egter deur die loop van die roman in ’n behoefte om hom van Geelgert te onderskei, om Geelgert se gesaghebbendheid te ondermyn.

Geelgert se karakter bevat nie die ambivalensie wat ander karakters in die roman kenmerk nie. Wanneer Deneysen en van die ander mans die pakkies wat Geelgert afgelewer het, aan Joe Mashishi en Patrick Ngubane oorhandig (B:36 en verder), kondig Joe Mashishi aan dat hy en Patrick “albei Doppers” is (B:37). Patrick voeg hierby toe dat hulle “nie net Doppers” is nie, maar ook “nog Voortrekkers” (B:37). Die verwarring rondom identiteit wat hierdie stellings inhou, word verder gevoer deurdat Patrick beweer dat dit is wat “party mense” van hulle dink (B:37) – die leser weet egter nie of hulle met hierdie siening saamstem of nie en om watter redes “party mense” tot sodanige gevolgtrekkings sou kom nie. By Geelgert is daar egter nooit sprake van so ’n paradoksale identiteit nie: sy taalgebruik is wel dubbelsinnig, maar dit is nie paradoksaal nie.

Geelgert se bemiddelaarstatus word nie net aangetas deur die feit dat hy onsuksesvol is nie (en ook nie so ambivalent is soos wat hy aanvanklik voorkom nie), maar ook deurdat hy tog in ’n sekere mate die bestaande (patriargale) orde verteenwoordig. In hierdie sin is hy dus nie volkome ’n liminale figuur nie. Geelgert se aandeel in die patriargale bestel word beklemtoon deurdat Polla hom as ’n tipe vader-figuur eien. Hy rebelleer aanvanklik verbaal teen Geelgert se

gesag (B:218) en blaas later, onafhanklik van die ander mans en van 'n opdrag van Geelgert, die spleet oop (B:236).²³ Terselfdertyd soek hy egter Geelgert se aandag en tree hy op (soos reeds aangehaal) soos “'n stout kind [wat] sy pa met slim stoutighede en parmantige, uitdagende tussenwerpsels” probeer beïndruk (B:29). Geelgert word dus duidelik geplaas binne 'n gesagsraamwerk en die gesprekke omtrent mag waarby Geelgert se naam gedurig betrek word, versterk die indruk dat Geelgert wel deel vorm van die magsentrum – hoewel dit die magsentrum van die ‘nuwe’ Afrikaner is, in plaas van die ‘ou’, Apartheidondersteunende Afrikaner. Daar sou geargumenteer kan word dat dit Geelgert se onvermoë is om homself los te wikkkel uit die magsentrum wat uiteindelik tot sy ondergang tydens die rivierkruising lei.²⁴

Net soos Mbuyisile, wat in 'n mate in die sentrum in gekoöpteer word, en die wit vroue betrokke by die politiek, wat nooit werklik los kan kom van hul eie wêreld en begrip kan toon vir die wêreld van die Ander nie, is Geelgert uiteindelik tog deel van die sentrum. Sy ras en sy geslag maak hom deel van die sentrum van politieke, sosiale en ekonomiese mag tydens die Apartheidsjare. Hoewel hy daardie sentrum op 'n baie meer aktiewe wyse probeer ondermyn as die wit vroue, is hy steeds deel daarvan. Sy betrokkenheid by die sentrum is ook nie, soos in die geval van Mbuyisile, 'n kwessie van (doelbewuste?) kulturele appropriasie nie. Hy wil die bestaande sentrum omver probeer werp en tree om daardie rede op 'n liminale wyse op (hoewel sy liminaliteit uiteindelik onsuksesvol blyk te wees), maar dit wil ook voorkom of hy slegs een sentrum met 'n ander probeer vervang en dit is onduidelik of die nuwe sentrum meer tolerant sal wees teenoor die marge.

Die indruk word geskep dat al die mans in die berghut wit is. Die meeste van hul politieke kontakte is ook wit – die bruin en swart politieke kontakte beweeg op die marge. Die mans gaan altyd weg van die hut om kontak met mense (mans!) van ander rasse te maak. Dit wil voorkom of die twee mans wat by hulle asiel soek, ook wit is. Boet word beskryf as iemand met 'n “effens bruinerige vel” (B:137), maar dit beteken egter nie dat hy bruin is nie. Die berghut bly dus, ten spyte van die stryd wat die mans voer teen die heersende Apartheidsmagte, 'n wit enklawe. Dit is ook van belang om daarop te let dat die mans in die hut is as gevolg van 'n voorstel deur Geelgert (B:14); hy het dus 'n impak op die interaksie wat hulle met ander mense het – veral indien die respek wat die mans vir Geelgert se besluite het, in ag geneem word. Die berghut word sodoende 'n ironiese parallel van die sentrum van die Suid-Afrikaanse samelewing tydens die Apartheidsera. Dit word beset deur wit mans wat dink hulle is besig met iets wat van belang of van waarde is vir die Suid-Afrikaanse bevolking en wat van tyd tot tyd kortstondige kontak het met mans van ander rasse.

²³ Die konnotasies van nutgevonde seksuele onafhanklikheid kan natuurlik nie geïgnoreer word nie.

²⁴ Die “skunnige vondste” wat Geelgert “skynbaar soos ryp pampoene van die land af stroop op sy togte” (B:187) toon ooreenkomste met die pampoen wat Agnes (in *Erf*) uit haar huiswerker se tuin kry (E:14).

In die loop van die verhaal bly Geelgert dominant ongeag of hy aan- of afwesig is. Binne die bestaande orde sou hy (indien dit nie vir sy politieke oortuigings was nie) deel gevorm het van die maghebbers. Binne die ondermynende orde van die vryheidstryd roep hy “onderwerpingsgedrag” op (B:37, 133); daar word ook gesê “hy lei graag mense” (B:132). Hy sien “oral mag” (B:114), het ’n “geweldige preokkupasie met mag” (B:133), hy “ken van mag in sy gebeente” (B:14) en hy het ook ’n “behoefte aan volgelinge” (B:181). Om dus te sê dat mag vir Geelgert belangrik is, is om dit sagkens te stel. Daar is ook niks wat suggereer dat Geelgert, wanneer die bestaande orde omver gewerp is, van sy dominante posisie afstand sal doen nie. Een magsentrum sal dus waarskynlik vir ’n ander verruil word, sonder dat daar noodwendig veel verander, behalwe die uiterlike kenmerke van die magsentrum.

Wat miskien meer kommerwekkend is vir dié wat ten gunste is van ’n positiewe integrasie van die marge en wat die dominasie van die sentrum probeer beveg, is dat Geelgert “vanuit sy dominante posisie die vrese van die groep [waarvan hy op ’n gegewe oomblik deel vorm] artikuleer” (B:115). Hoe raak so ’n artikulasie ook mag wees, ontnem dit steeds die res van die groep wat nie in ’n dominante posisie verkeer nie, die geleentheid om hul eie vrese te artikuleer. In Spivak (1988) se terme laat Geelgert dus nie diegene sonder mag toe om te praat nie, al veg hy oënskynlik “vir die belange van die breedste deel van die bevolking” (B:112-3).

Dit wil dus voorkom asof van Geelgert se triekster-eienskappe paradoksaal genoeg is dat hy eintlik nie ’n triekster is nie, maar eerder iemand wat ter wille van mag en die “belange van die breedste deel van die bevolking” (B:112-3), oftewel dit wat hy as die sodanige belange beskou, sekere dade uitvoer. Dit is daarom nie vreemd dat hy verdrink terwyl hy die rivier probeer kruis nie, aangesien sy grensoorskrydende kenmerke en bemiddelende funksie nie alleen tydelik is nie, maar ook (ten spyte van wat Karel beweer) kunsmatig. Geelgert se preokkupasie met mag plaas hom eerder aan die kant van die maghebbers wat ten gunste is van sentralisasie as aan die kant van trieksters en ander liminale figure, wie se optrede ’n desentreerende aksie inhou.

5.1.2.2 Uit die mond van die suigeling: “Fok jou, Tante”²⁵

Die kind (Mirandah) in een van die twee ander verhaallyne in *Belemmering* stel haarself nie in een van haar gesprekke met familieledes soos Hannah of Oom en Tante (by wie sy bly terwyl haar ouers “veldwerk in Afrika doen” (B:9)) op as ’n tussenganger nie – anders as Geelgert. Haar status as liminale karakter in *Belemmering* is grotendeels daaraan toe te skryf dat sy “ouer” en “groter” word (B:224), dat sy binnekort – “hoe voortydig ook al” – “tekens van ontluiking” kan begin toon (B:226). Sy is dus besig om die grens wat die kinderjare van puberteit skei, te nader. Daar word telkens klem geplaas op haar band met Hannah én op haar andersheid. Die

²⁵ B:224.

kommentaar wat sy lewer in die roman funksioneer byna soos 'n eggo: dit bevat Hannah se woorde en sieninge, maar verdraai dit, sodat dit nie ten volle dieselfde is as dit wat Hannah uiter nie. Gevolglik dwing sy Hannah (en die leser) om self-refleksief te wees. Haar status as grensoorskrydende figuur is dus ook te wyte daaraan dat sy haar soms begeef in die wêreld van die (volwasse) politieke retoriek en daar uitsprake maak wat Hannah dwing om haar eie opinies omtrent die politiek en politieke betrokkenheid in heroënskou te neem.

Van die begin van die roman af word daar 'n band tussen Hannah en Mirandah gelê. Naas Hannah word sy eerste aan die leser bekendgestel en deur die loop van die roman wil dit voorkom of Hannah 'n surrogaat-moederfiguur word. Die kind noem Hannah dan ook uit die staanspoor “Tante, asof sy die skraal familieband tussen hulle wil beklemtoon” (B:9). Terselfdertyd dien hierdie benaming ook as 'n afstandskeppende meganisme: Hannah kan nie 'n plaasvervanger vir die afwesige moeder word nie, omdat sy “Tante” is. Mirandah posisioneer haarself dus baie duidelik in 'n familiale tussensone. Deur die familieband te beklemtoon, kan sy aanspraak maak op Hannah se aandag, maar sy hou haar ook terselfdertyd deur dieselfde benaming op 'n afstand.

Mirandah²⁶ se verskyning in die roman beklemtoon ook haar liminale kenmerke. Sy is “ongeveer agt of nege jaar oud” (B:9) en gevolglik in die pre-puberteitsfase waarin haar liggaam begin om van kind na vrou te ontwikkel. Daar is “[i]ets anderwêrelds aan die gesig” (B:9).²⁷ En met die eerste ontmoeting tussen haar en Hannah, is sy “pas klaar gebad” (B:9). Uit die manier waarop hierdie spesifieke mededeling geformuleer is, is dit aanvanklik onduidelik of dit Hannah of Mirandah is wat “pas klaar gebad het” (B:9). Dit is eers wanneer Mirandah beskryf word met saamgekoekte nat hare, dat die leser beseft die verwysing is op Mirandah van toepassing. Die dubbelsinnigheid suggereer moontlik ook die liminale sone waarin Hannah en veral Mirandah verkeer – 'n sone waarin identiteit nie onmiddellik seker en vaspenbaar is nie. Dat Mirandah aanvanklik gewas en sonder naam verskyn, herinner aan 'n inisiasierite, waar sy van haar vorige identiteit gestroop (skoon gewas) word en 'n nuwe een ontvang. Teen die einde van die roman wil dit voorkom of Mirandah reeds besig is met die oorgang na volwassenheid. Wanneer Hannah na haar hand kyk – eers na die “plomp, warm, vlesige kussinkies” van die palm en dan na die rugkant (B:240) – lyk die rugkant van die hand “soos dié van 'n ouer kind – dit is lank en slank” (B:240). Die was-‘ritueel’ aan die begin van die roman is dus baie duidelik die eerste

²⁶ Daar moet ook in gedagte gehou word dat Mirandah 'n wisselvorm is van Miranda – die toewenaar Prospero se dogter in William Shakespeare se *The Tempest*. Hiermee word Mirandah dus assosiatief gekoppel aan sieners en trieksterfigure (want Prospero is ten dele 'n trieksterfiguur).

²⁷ Dit wil voorkom of Mirandah ouer is as Lena Bergh se dogter, Natalie (in *Landskap met vroue en slang*). Nogtans sou daar geargumenteer kon word dat, soos in Natalie se geval, “die grense van haar wêreld” nog “onvas” is (LVS:138), hoewel die “oorgang tussen onwerklik en waarskynlik” (LVS:138) vir haar groter is as vir Natalie, omdat Mirandah ouer is.

deel van 'n inlywingsrite wat sowel Mirandah en Hannah se verhouding betref as Mirandah se volwassewording.

Benewens die liminaliteit wat gesuggereer word in die eerste ontmoeting tussen Hannah en Mirandah, word die proses van liggaamlike en sielkundige verandering wat Mirandah ondergaan, vanuit twee hoeke belig. Fisies word haar (verwagte) ontluiking aangedui deur die sywurm wat Mirandah huis toe bring en wat “met soveel dreigende belofte” (B:160) in Hannah se kamer aangehou word. Soos die sywurm-papie toegewikkel in haar kokon, gee Mirandah “nog geen aanduiding van die komplekse prosesse van metamorfosering” (B:160) wat na verwagting met haar sal gebeur nie. Daar sou ook geredeneer kon word dat die “tastende, eensame bestaan” (B:160) – Hannah se interpretasie – wat die mot lei, gelykgestel kan word aan die ‘bestaan’ van baie van die karakters in die roman en dat dieselfde lot daarom op Mirandah wag.

Mirandah se emosionele ontwikkeling kan gevolg word deur haar verskillende uitlatings oor die dood met mekaar te vergelyk. Die maklikste manier om dit te illustreer, is deur te wys op die verskil in haar houding omtrent Neanderthal. Aanvanklik wil sy “na Neanderthal gaan” om te “gaan kyk” (B:56). As fokalisator merk Hannah op dat “'n [a]nder markante vooruitgang van hierdie kultuur ... die ... hantering van hulle dooies” was (B:57). Later is Neanderthal egter vir Mirandah die oorsaak van “rillings” (B:226). Mirandah ontwikkel dus 'n groter besorgdheid oor (en moontlike afkeer van) die dood. Sy droom toenemend oor die dood en dink aan haar “pa se dood” (B:183) sowel as die manier waarop sy sal doodgaan (B:183).²⁸

Haar aanvanklik makabere oortuiging (hoewel moontlik skertsend bedoel) dat dit “eintlik beter [sou] wees as die dooies nie in die grafte was nie” maar dat hulle “liewer bo-op die grafte lê, dat mense hulle beter kan sien” (B:58) óf dat “hulle ... liewer die dooies aan die bome” moet hang (B:58), verander ook. Na Mirandah se besoek aan haar ouers deel sy Hannah mee dat sy nie veras of begrawe wil word nie, want “[v]eras is seer, en onder die grond is benoud” (B:183). Wanneer Hannah haar medeel dat sy veras wil word, vra Mirandah “beangs” (B:184) wie “dan saam met [haar] daar onder [sal] lê” (B:184). Een oplossing vir Mirandah se probleem is natuurlik dat haar liggaam bo-op die graf geplaas word óf dat sy aan 'n boom gehang word. Hierdie oplossing besweer egter nie Mirandah se vrese omtrent die dood nie – veral nie die pyn wat moontlik met die dood gepaard gaan nie. So vra sy byvoorbeeld vir Hannah of “jy met pyn dood[gaan] as jy pille drink” (B:226). Sy is ook “tevrede” wanneer Hannah haar voorstel, dat jy

²⁸ In een van hierdie drome besoek sy ook “die wêreld van die geeste” (B:207).

jouself inspuit “en in die aand as jy in jou bed klim”, sterf, as “’n ideale manier” beskryf (B:226).²⁹

John (1998:246) voer aan dat, binne die Afrikaanse letterkunde, die “wêreld van die kind ... amper sonder uitsondering geassosieer [word] met onskuld en gekontrasteer [word] met die wreedheid en ongeregtigheid van die grootmensewêreld.” Dit is waar van Mirandah in dié sin dat sy van haar kinderlike idees omtrent die dood afskud. Haar toetrede tot politieke retoriek en haar uitlatings omtrent marteling (sien die bespreking hieronder), sowel as haar makabere droom omtrent haar pa wat koeldrank maak uit gesmelte babas (B:219-220), dui aan dat sy nie onskuldig is nie (in die sin van vry van en onkundig omtrent alles wat ‘sleg’ en ‘boos’ is; dat sy vry is van alle korrupsie), maar dat sy eerder onkundig is omtrent die volle implikasies van dit wat sy sê, sien of hoor. Hierdie onkunde (eerder as volkome onskuld) plaas haar nader aan John (1998:263) se kategorie van “jong volwassenes” wat “gekenmerk word deur ’n meer aktiewe intellektuele lewe, in aansluiting by hul nadere en intenser interaksie met die groter sosiale werklikheid”. Mirandah se ambivalente posisie as kind/jong vrou word dus gedeeltelik geïllustreer deur die reikwydte én perke van haar kennis en haar vermoë om met die “sosiale werklikheid” (John 1998:263) om te gaan.

Waar politieke gesprekke tussen Hannah, Tante en Oom sentreer rondom die geskiedenis van die (wit) Afrikaner se “struggle and final triumph over adversity” (Viljoen 1993b:9), het gesprekke tussen Hannah en Mirandah te make met ‘die grens’. Hierdie gesprekke verwys natuurlik na die werklike grensoorlog wat in daardie stadium gewoed het en dit is van belang omdat die grensoorlog gehandel het oor die beskerming van grense. Die nasionalistiese regering wou verhoed dat ‘terroriste’ en ‘kommuniste’ die grens oorsteek, maar die oorlog is ook gevoer sodat Suid-Afrika nie die politieke-ideologiese grens moes oorsteek en die kleurgrense binne die land moes ophef nie. Twee gesprekke wat Hannah en Mirandah voer, handel oor juffrou Theron³⁰ se seun en die besering wat hy opgedoen het in ’n bizarre landmynongeluk (B:202-3 en 223-4). In albei gevalle reageer Hannah heftig op die ongeluk terwyl Mirandah redelik neutraal daaroor berig en “onemfaties” (B:203) op Hannah se woede-uitbarstings reageer. Mirandah se oënskynlike kilheid sou gelees kon word as ’n parallel vir die destydse regering en ’n groot gedeelte van die (wit) bevolking se reaksie op die grensoorlog en

²⁹ Daar sou natuurlik ’n verband tussen hierdie manier van sterf gelê kon word en Mirandah se behoefte om meer te weet van bewusteloosheid (B:91) – ’n toestand waartydens die liggaam lyk of dit “slaap maar nie meer droom nie” (B:91). Bewusteloosheid kan as ’n liminale toestand beskryf word, aangesien die bewustelose persoon nie slaap in die konvensionele sin van die woord nie, nie dood is nie en ook nie wakker en aktief is nie.

³⁰ Hoewel Theron ’n relatief algemene van is, noep die gedurige klem wat in die roman geplaas word op die Afrikaner se geskiedenis rondom die vorige eeuwending – en spesifiek die Suid-Afrikaanse oorlog – die leser om sigself af te vra of daar nie ’n verband tussen juffrou Theron se seun en die Boere-held Danie Theron gelê kan word nie.

dien sodoende as sterk kontras vir Hannah se aggressie. Hannah bestempel die oorlog as 'n "verkeerde oorlog", diegene wat betrokke is, is "verdomde mense" en "verdomde ape" en sy "slaan met haar hand op die stuurwiel" (B:203). Die kind se ambivalente posisie word aangedui deurdat sy nie vir of téén die oorlog is nie, maar slegs verslag doen.

Mirandah se opmerkings in haar 'politieke' gesprekke met Hannah verskaf egter vir Hannah en die leser stof tot nadenke. Sy lewer, in 'n neutrale, onemfatiese stem, kommentaar wat besonder kripties is:

"Nou moet die vyand éers uitgeroei word, nè!" sê Hannah. "Kyk net wat doen hulle! Maar ek sê vir jou hulle is onnosel, hulle is verdomde ape!" sê Hannah. (Baie hard.)

"Jy is 'n aap, Tante," sê die kind, onemfaties.

"Ja, maar die verskil is, ek is 'n slim aap!" sê Hannah.

"O, nee. Jy is 'n dom aap," sê die kind (B:203).

"Is hy toe blind?" vra [Hannah]. (Vol onaangename voorgevoel, bang om te verneem.)

"Hy is toe blind, ja," sê die kind. (Stem neutraal.)

"Die fokken mense!" Hannah slaan op die stuurwiel.

"Fok jou, Tante," sê die kind. Onemosioneel, maar nadruklik. "Vloek jouself. Vervloek jouself." (B:224).

In beide gevalle gebruik Mirandah woorde wat Hannah gebruik het en maak dit op Hannah van toepassing. Sy verwyder sodoende die skeidslyn van 'ons' en 'hulle' wat Hannah probeer handhaaf. Hannah word gedwing om na haarself, haar eie optrede en haar eie oortuiging te kyk. Dit word aan sowel Hannah as die leser gelaat om te bepaal waarom sy 'n "dom aap" (B:203) is. In beide gevalle is die implikasie dat Hannah onlosmaaklik deel is van diegene wat sy as dom afmaak; die aandadigheid van wittes – selfs van diegene wat teen die grensoorlog en/of Apartheid was – by die politieke bestel word beklemtoon. Deur die 'ander' te vervloek, vervloek sy ook haarself. Verder is Mirandah se taalgebruik teenoor Hannah ook 'n tipe opstand. Sy oortree twee taboes rondom taalgebruik: die gebruik van vloekwoorde en (verbale) respek vir ouer mense. Haar opstand is egter nie net beperk tot die verbreking van taboes nie, dit het ook te make met 'n tipe opstand teen die gesag wat jong mans grens toe stuur en wat 'n sisteem van eksploitasie in die land in stand hou. Indien Hannah deel is van die 'hulle', is sy ook aandadig aan die geweld wat plaasvind op die grens. Die politieke opstandigheid wat begin deurskemer in Mirandah se gedrag, is ook sigbaar in een van die drome wat sy oor haar pa het. Sy droom dat die polisie hom martel "deur skerp goed in hom te steek" (B:223). Dit klink onwaarskynlik dat 'n kind van ongeveer tien bewus sal wees van polisie-marteling tydens die Apartheidsera. Desnieteenstaande figureer sodanige marteling in Mirandah se droom en besluit sy dat dit "beslis 'n nagmerrie" was (B:223). Mirandah se taalgebruik teenoor Hannah is dus moontlik die ontkieming van 'n weerstand teen die ouer geslag wat betrokke is by en aandadig is aan die verminking van jong mans op die grens. Hierdie opstand word dan ook aangedui deur die (tydelike) opheffing of bevraagtekening van grense.

Mirandah nader die fisieke grens tussen kind en volwassene – ’n grens wat mense natuurlik oorsteek, maar wat net in een rigting oorgesteek kan word. Terselfdertyd word sy toenemend bewus van die dood – die finale grens wat oorgesteek moet word. Haar status as tydelike bemiddelaar is daaraan toe te skryf dat sy al hierdie grense waarvan sy (en die leser) bewus word, slegs eenmaal sal oorsteek. Hierdie proses word ook aangedui deurdat sy wegbeweeg van liminale ruimtes (die begraafplaas wat sy saam met haar pa besoek (B:58), die museumstookkamer “met geweldige hoë plafonne waar die prehistoriese faunale oorblyfsels in rakke tot teenaan die dak gestoor word” (B:57) wat sy saam met Hannah besoek). Sy begin egter in haar taal met ’n opheffing van grense en konvensies en behou sodoende ’n mate van liminaliteit. Die beperkte liminaliteit waaroor sy beskik, maak haar ’n tydelike bemiddelaar eerder as ’n volwaardige trieksterfiguur of sjamaan.

5.2 Sjamane en trieksters: gesanksioneerde liminaliteit

Dit mag dalk voorkom asof liminaliteit gedurig teen die sentrum gemik is, asof beweging oor grense die sentrum uitdaag en ondermyn en ’n sekere mate van mag aan die marge gee. In werklikheid word liminaliteit egter dikwels op verskillende vlakke en op verskillende wyses gekondoneer en gesanksioneer deur sowel die maghebbers as die samelewing in die algemeen. Sekere beroepe so uiteenlopend soos dié van sielkundiges en spioene is, byvoorbeeld, van nature liminaal – dit is veral beroepe wat te make het met mense se geestelike welsyn wat as liminaal geklassifiseer kan word. Op ’n soortgelyke manier kan die trieksterfiguur – met al die ondermynende aspekte wat hierdie figuur behels – ook gesanksioneer word deur maghebbers en deur die samelewing. Die rol van trieksters binne die wêreldmitologie dui aan dat hulle wel ’n plek gegun word – dit is per slot van rekening makliker om met een figuur wat grense oorskry, om te gaan, as om ’n hele aantal van hulle te hanteer. Dikwels kan mense hul idees (fantasieë?) omtrent grensoorskryding vir ’n beperkte tydperk of binne ’n beperkte konteks uitleef, en vir die grootste gedeelte van hul lewe binne vasgestelde grense funksioneer. Net soos wat die karnaval tydelike verligting bied aan die aggressie van die gepeupel (vergelyk Bakhtin 1994:199 en verder), sou daar geargumenteer kon word dat gesanksioneerde liminale figure ook sielkundige verligting bied vir die massas. Op dieselfde manier as wat die sondebok die skuld van die gemeenskap dra, kan één figuur wat grense oorsteek die behoeftes van baie bevredig sonder dat dit vir hulle nodig is om grense oor te steek. Sodoende bly die status quo ook grotendeels behoue.

5.2.1 Sjamane

Sjamane is by uitstek bemiddelaars en begeleiers. Die sjamaan is verantwoordelik vir die verdediging van die “psychic integrity of the community” (Eliade 1987:s.v. “Shamanism: An Overview”). Sjamane funksioneer verskillend binne verskillende kulture, maar in die algemeen kan die sjamanisme beskryf word as iets wat lewe, gesondheid, vrugbaarheid en die wêreld van

‘lig’ verdedig teen die dood, siekte, steriliteit, rampe en die wêreld van ‘donkerte’ (Eliade 1987:s.v. “Shamanism: An Overview”). Om as begeleidende figuur op te tree, beskik die sjamaan oor meer kennis as die deursnee-lid van die gemeenskap – dikwels is hierdie kennis nie net tot kennis van geneesmiddels en rituele beperk nie, maar het dit ook te make met taal. Mircea Eliade (1987:s.v. “Shamanism: An Overview”) wys daarop dat

[t]he poetic vocabulary of a Yakut shaman contains twelve thousand words, whereas the ordinary language – the only language known to the rest of the community – has only four thousand. The same observation applies to the shamans of other regions, such as North and South America, Oceania, and Australia.

Die sjamaan se grensoorskrydende (geestelike) reise gaan dus gepaard met ’n manipulasie van die wêreld deur middel van taal – nie net taal soos wat dit normaalweg gebruik word nie, maar kreatiewe taalgebruik.

In die volgende onderafdeling sal daar aandag geskenk word aan drie figure wat as begeleiers of bemiddelaars beskryf sou kon word: Willie (in *Karolina Ferreira*) en Esegiël en Niggie (beide in *Niggie*). Niggie se insluiting in hierdie afdeling is problematies, aangesien sy besondere sterk triekster-elemente het en selfs op ’n gegewe moment in die roman duidelik met die triekster verbind word. Haar vernaamste rol is egter dié van ’n begeleier – dit is sy wat Reitz en Ben na die plaas help vervoer nadat hulle geskiet is. Dit is ook telkens Niggie wat siekes en sterwendes versorg. Sy tree ook op as bemiddelaar tussen die mans en die vroue op die plaas. Die klem word dus geplaas op die manier waarop sy as ’n tipe bemiddelaar en begeleier optree. Dit beteken nie dat sy nié ’n triekster is nie – die manier waarop haar triekster-eienskappe verhul word, maak haar juis ’n besonder gevaarlike triekster. Nogtans sal die grootste deel van die bespreking van haar karakter binne hierdie onderafdeling val weens die manier waarop Reitz (as fokalisator) haar karakter ervaar.

5.2.1.1 Bevestiging van grense?: “[D]ie grenservaring is belangrik”³¹

Grensoorskryding kan ondermynend wees, aangesien dit die bestaande orde en bestaande grense uitdaag en (soms) belaglik maak, maar terselfdertyd bevestig die aksie van grensoorskryding die bestaan van die grens wat deurbreek word (vergelyk Lang 1987:s.v. “Culture heroes”). Waar die figuur wat die grense deurbreek dit met die ‘toestemming’ van die maghebbers doen, word die beklemtoning van die grense des te groter en versterk die grensoorskryding eerder die grense as om hulle te deurbreek. Willie, Esegiël en Niggie oorskry en bevestig nie op dieselfde wyse grense nie. Daar sal vervolgens gekyk word na die verskillende maniere waarop hulle grense bevestig en ondermyn deur middel van hul bemiddelende rolle.

In hierdie onderafdeling sal daar geargumenteer word dat die begeleidende, bemiddelende karakter die fokalisator(s) die geleentheid gee om bepaalde grense oor te steek – die

³¹ LVS:182.

begeleidende karakter help dus met die fokalisator se eie grensoorskryding. (Die fokalisators word egter nie altyd in staat gestel om hierdie grensoorskrydingsmoontlikheid aan te gryp nie.) In hierdie proses word fokalisators soos Reitz of Karolina Ferreira soms bewus van bestaande grense en word hierdie grense ook aan die leser uitgewys en beklemtoon. Die bevestiging van grense moet dus nie net as iets in diens van die status quo gesien word nie, aangesien elke grens – in teorie – die moontlikheid van die oorskryding van daardie spesifieke grens inhou. ’n Hele aantal grense sal ter sprake kom: wat betref politiek, ras, ideologie, geslag,, ensovoorts. Die belangrikste grense het egter te make met stereotipes en vooroordele – sowel dié van karakters as dié van die leser.

Dit is interessant dat die fokalisators in al Viljoen/Winterbach se prosawerke wit is. Die begeleiers en bemiddelaars is egter by geleentheid bruin (Willie) en swart (Esegiël). Die bemiddelaar/begeleier is dus die Ander in terme van ras – waarskynlik die grootste sielkundige skeidslyn in Suid-Afrika. (Niggie is wit, maar sy bly Reitz se Ander aangesien sy vroulik is.) Deel van die bemiddelaar se ‘taak’ het dus te make met die oorskryding van grense ten opsigte van rasseverhoudinge. In beide gevalle waar die bemiddelaar nie-wit is, is ras ook ’n belangrike politieke vraagstuk in die roman: in *Niggie* is die “ding van Kaffergelykheid” (*N*:151) ’n bron van kommer vir die (wit) (Afrikaner-) mans (*N*:150 en verder) en in *Karolina Ferreira* is politieke geweld en politieke intimidasie deur die (wit) polisie belangrik, ten spyte van die naderende “Nuwe Bedeling” (*KF*:15). In die gevalle van Ben en Reitz, enersyds, en Karolina Ferreira, andersyds, is daar egter nie sprake van rassisme by hierdie karakters nie. Ben en Reitz doen weliswaar niks om die rassistiese status quo binne Gert Smal se kamp te ondermyn nie, maar daar is nie ’n aanduiding dat hulle self doelbewus diskrimineer op grond van ras nie – hulle aanvaar net dat Esegiël sekere take sal verrig (daar sou dus sprake kon wees van ’n internalisasie van ’n rassistiese diskoers). As fokalisator wys Karolina slegs op Willie se ras wanneer sy in ander mense se teenwoordigheid is (vergelyk *KF*:19) – sy ras word as ’n moontlike verklaring vir hulle gedrag aangebied, nie vir haar eie nie.

In sekere opsigte voldoen Esegiël aan die stereotipe van die vernuftige, diensbare, edele barbaar. (Of ten minste as ’n besonder bekwame agterryer.) Hy bou vir die mans skerms (*N*:36), hy is “verantwoordelik vir water haal, hout kap,³² pap maak, perde versorg” (*N*:59) en hy het klaarblyklik ’n groentetuin begin (*N*:54). Daarbenewens sing hy terwyl hy werk (*N*:50) – ’n teken dat hy selde in ’n slegte bui is – en is hy die enigste van die groep mans wat Generaal Bergh te wagte was met sy skielike verskyning by die kamp (*N*:68). Sy bemiddelende en begeleidende aspekte kom egter ook baie sterk na vore.

³² Hierdie werksverdeling herinner sterk aan Josua 9:21 waar die Gibeoniete verdoem is tot die rol van “houthakkers en waterdraers van die hele volk [van Israel]”. Hierdie teksvers is dikwels gebruik in die Apartheidsteologie om die rol van swartes as handarbeiders te regverdig.

In al drie gevalle dui die ontmoeting met die bemiddelaar 'n nuwe fase in die lewe van die fokalisator(s) aan. Karolina ontmoet Willie op pad Voorspoed toe en beskou hulle ontmoeting as “voorbesteding, hoewel sy tot op hede nie in so 'n verskynsel geglo het nie” (KF:31). Esegiël en Gert Smal kom af op Ben, Reitz en Kie wanneer hulle rigtingloos en uitgehonger deur die veld dwaal; Willem het egter 'n “gevoel” dat hulle “naby mense” is (N:32). Niggie en Anna vind Ben en Reitz nadat hulle in die hinderlaag geskiet is (N:177) – vir sowel Ben as Reitz is dit die begin van 'n proses van herintegrasië in die samelewing en veral in die teenwoordigheid van vroue. Daar sou dus geargumenteer kon word dat die bemiddelaar die fokalisator(s) begelei vir die eerste gedeelte van 'n nuwe stadium in hul lewe.

Al drie bemiddelaars word sterk verbind met heling en genesing. Niggie “was verpleegster” (N:180) en sien om na Ben en Reitz se welsyn. Willie soek natuurlik gedurig na botaniese geneesmiddels en “hy help meneer Isayago die Argentyn met die voorbereiding van geneesmiddels” (KF:20). Esegiël blyk die mees eksotiese van die drie genesers te wees. Benewens die kere wat hy Ben help om Reitz reg te ruk na laasgenoemde se ontmoetings met sy ‘vrou’, gebruik hy ook “toorgoed” (N:168) van onbekende oorsprong om Jong Abraham te help kalmere (N:168).³³ In al drie gevalle help die bemiddelende figuur – ongeag wie die persoon is wat genesing benodig. Niggie help vreemdelinge wat moontlik drosters sou kon wees, Willie help enigeen wat sy hulp nodig het, insluitende diegene wat verantwoordelik is vir probleme in Voorspoed se swart woonbuurt, Esegiël help wit mans wat hom onderdruk en in 'n minder bevoorregte posisie hou. Al drie het dus te make met die beskerming van lewe en die bevordering van die gesondheid van diegene in hul nabye omgewing.

Sowel Niggie as Esegiël word ook met vuur verbind. Niggie het rooi hare en Esegiël word gedurig beskryf as besig om vuur te maak, of in die omgewing van die vuur – dikwels net buite die ligkring waarbinne die wit mans funksioneer. Vuur word verbind met die positiewe eienskappe van lig, warmte, lewe en reiniging (Cirlot 1982:s.v. “Fire”), maar word ook in verband gebring met vernietiging (Cirlot 1982:s.v. “Fire”). Dit sou as 'n aanduiding kon dien dat sowel Niggie as Esegiël nie net positiewe eienskappe het nie, maar dat hul bemiddelaarstatus ook negatiewe komponente het. Bemiddeling geskied nie net tussen die aarde en die wêreld van die gode nie, maar ook tussen die aarde en die onderwêreld (en die bese wat binne religieuse raamwerke daar skuil). Wanneer die grensoorskryding van die begeleidende figure beskryf word, sal meer hieroor uitgewei word.

Anders as Niggie en Esegiël, blyk dit dat Willie 'n besondere aanvoeling het vir ander mense. Hy kan ‘voorspel’ watter fisieke en geestelike probleme hulle het, gehad het en moontlik sal hê.

³³ Dit is veelseggend dat Gert Smal eerder Oompie se toorgoed vertrou om Seun te genees as Esegiël se “[k]affermedisyne” (N:169).

van hierdie grense geskied het, te verwyder. Willie se politieke bedrywighede (hoe gering ook al) het nie net te make met grensoorskryding nie, maar ook die verwydering van grense. Die noodsaaklikheid van sodanige verwydering van grense word baie duidelik wanneer dit blyk dat Gert Els en die magistraat betrokke is by die faksiegevegte in die townships.³⁶ Die verwydering van grense strek egter verder – daar is ook sprake van die verwydering van die grense tussen ‘persoonlike’ en ‘politieke’ sake. Dit is juis Karolina se belangstelling in die persoonlike sake van die inwoners van Voorspoed én haar belangstelling in Willie, wat lei tot haar betrokkenheid (hoewel dit besonder gering is) by die ‘politieke’ gebeure in Voorspoed. Hoewel sy aanvanklik “geen begrip van die geheel, of van die samehang van al hierdie verskriklike en meedoënlose elemente het nie” (*KF*:51), ontwikkel sy toenemend groter begrip en belangstelling as gevolg van Willie se mediasie. Kannemeyer (1993:30) fouteer dus wanneer hy beweer “[d]ie “maters” van die “struggle” interesseer haar veel minder as die “minnaars” – hulle interesseer haar nie alleen ewe veel nie, maar die “minnaars” en die “maters van die struggle” is in ’n hele aantal gevalle dieselfde persone.

In teenstelling met Willie is nóg Esegiël, nóg Niggie ten gunste van die verwydering van grense – dit lyk ten minste of hulle eerder grense ondermyn as verwyder. Niggie se grensoorskryding het grotendeels te make met uitsprake wat sy maak. Sy is duidelik nie ten gunste van die oorlog nie (*N*:204) en skroom nie om dit te sê nie. Sy praat ook “dikwels uit haar beurt” (*N*:205), volgens Anna. Benewens die ander grense as taalgrense wat sy sodoende oorskry, beteken dit ook dat sy die grense van betaamlike gedrag vir ’n (Afrikaner-)vrou oorskry. Belangriker as haar eie grensoorskrydende gedrag, is die feit dat sy ander aanmoedig tot grensoorskryding. Reitz se verhouding met Anna ontstaan grotendeels as gevolg van die inligting wat Niggie aan Reitz verskaf omtrent Johannes, Anna se man. Dit wil voorkom of Niggie die verhouding aanmoedig – sy spreek in ieder geval nooit haar teenkanting daarteen uit nie. Binne ’n morele konteks moet Reitz en Anna se grensoorskryding as negatief beskou word, maar binne ’n konteks van sielkundige herstel en ontvlugting van alleenheid, het dit wel positiewe eienskappe. Dit is dus moeilik om te sê of Niggie se aanmoediging as positief of negatief gesien moet word. Die ambivalensie van haar grensoorskryding sal in die volgende onderafdeling aan bod kom.

Esegiël se grensoorskryding is minder ambivalent as Niggie s’n. In sy geval – in ’n aansienlik meerdere mate as by Willie of Niggie – is die grensoorskryding ’n bevestiging van die bestaande grense, maar ook ’n aanklag teen diegene wat verantwoordelik is vir die opstel en behoud van daardie grense. Esegiël is die gewillige, onderdanige werker. Hy word geminag

³⁶ Die faksiegevegte en beweerde polisiebetrokkenheid herinner natuurlik sterk aan die beweringe wat in die vroeë jare negentig gemaak is oor sogenaamde derdemagbedrywighede. Dit beklemtoon ook dat die politieke grense wat bestaan, kunsmatig is en erge verdeling skep binne ’n gemeenskap wat liever saam moet staan teen ’n eksterne bedreiging.

deur sy ‘werkgewers’ (die woord ‘base’ is miskien hier meer van pas) en word in beskrywings gedurig genoem net voor of net na Gert Smal se hond. In die eerste beskrywing van Gert Smal se volgeling word ’n duidelike hiërargiese benadering gevolg, en word Esegiël ná die hond genoem. Die implikasie is duidelik dat Esegiël net soveel – of selfs minder – werd is as ’n hond en oor presies dieselfde hoeveelheid status beskik.³⁷ Nietemin blyk dit dat Esegiël oor ’n besondere geheue en ’n besonderse algemene kennis beskik (ten minste wat betref die Bybel en “die geskiedenis [...] [n]ie Kaffergeskiedenis of Kakiëgeskiedenis nie” (N:34)). Gert Smal voer met trots aan dat daar “[i]n die hele land ... geen Kaffer [is] wat sy gelyke is nie” (N:49). Dit wil egter voorkom of daar ook geen wit man in die land is wat sy gelyke is nie: wanneer hy gevra word na president Steyn se geslagsregister en dit opsê, is Reitz (wat moet verifieer of dit korrek is) se reaksie dat dit “reg genoeg” klink (N:49). Reitz “se vader [was] ’n kleinneef van die ou president” (N:49) en dit wil voorkom of hy die geslagsregister slegter ken as Esegiël. Daar bestaan dus ’n besondere spanning tussen die beeld wat Gert Smal en Kie van Esegiël voorhou en die beeld waarmee die leser gelaat word – veral wanneer dit blyk dat Gert Smal en Kie drosters, leeglêers en skurke is.

Van die drie bemiddelaars is dit Esegiël se grensoorskryding wat die mees dramatiese is. Dit is egter ook in sy geval waar die grensoorskryding die meeste deur die gemeenskap waarin dit gebeur, verdra word. Dit word egter afgemaak as ’n toertjie – Esegiël tree op soos ’n sirkushond – en op hierdie manier word die waarde en belangrikheid van die grensoorskryding tot niet gemaak. In Niggie en Willie se gevalle het die grensoorskryding wel gevolge en lei dit tot grensdeurbreking by Reitz en Karolina. Niggie se verbale grensoorskryding gee aanleiding daartoe dat Reitz en Anna ’n seksuele verhouding aanknoop. Willie se grensoorskryding lei daartoe dat Karolina betrokke raak by die politieke bedrywighede in Voorspoed en as ’n tipe eksterne waarnemer van die gebeure dien. Al drie die begeleidende figure het ook trieksterelemente en hulle sal dus weer (kortliks) aan bod kom in die volgende afdeling; ’n aanduiding van hoe moeilik dit is om liminale karakters vas te pen binne netjiese kategorieë.

5.2.2 Trieksters

Die trieksterfiguur is presies dit: *tricky*, moeilik om vas te pen, polimorf en nie gebonde aan die normale morele raamwerk waarin mense (die deursnee-karakter?) funksioneer nie. Heilna Du Plooy (2004:12)³⁸ wys op die ambivalente aard van die triekster, maar beskou die trieksterfiguur in *Niggie* as iets oorwegend positiefs. Sy lê klem op die wyse waarop “[t]he novel suggests that new ways of looking at reality, new ways of thinking can be developed by activating or regenerating psychic and psychological resources” (Du Plooy 2004:15). Die trieksterfiguur

³⁷ Louise Viljoen (2003:76) beklemtoon hierdie verwantskap wanneer sy sê dat Esegiël sy kennis ten toon moet stel “soos ’n sirkusdier”.

³⁸ My dank aan prof. Du Plooy dat sy ’n kopie van haar referaat aan my beskikbaar gestel het.

word beskou as die agent van hierdie sielkundige vernuwing (Du Plooy 2004:13). Binne die wêreldmitologie (veral die orale ‘letterkunde’) is die triekster egter nie so welwillend soos wat Du Plooy aanvoer nie en om hierdie figuur te reduceer tot ’n welwillende (dog ietwat grillige) begeleier is om afbreuk te doen aan die dubbelsinnigheid van die triekster. Hierteenoor het Sullivan (1987:s.v. “Tricksters”) ’n veel meer komplekse siening van die triekster. Hy beklemtoon die “trickery and deceit” wat inherent is aan die triekster. Hy voer verder aan dat “[t]he trickster represents not a mystical contemplation of the singular but a sensuous appreciation of multiplicities and contraries” (Sullivan 1987:s.v. “Tricksters”) en word ondersteun deur Diamond (1972:xxi) wat daarop wys dat die triekster “[g]ood and evil” versinnebeeld. In hierdie afdeling – veral in onderafdeling 5.2.2.2 – sal daar meer omtrent hierdie ‘negatiewe’ aspekte van die triekster gesê word.

5.2.2.1 Die triekster se geslag en gender: “Die ambivalensie van die natuur”³⁹

Sullivan – wat werk met trieksterfigure in die wêreldmitologie – wys daarop dat die trieksterfiguur gewoonlik manlik is, maar dat “he often assumes female form in order to conceive and give birth” (Sullivan 1987:s.v. “Tricksters”). In Viljoen/Winterbach se werk is die meerderheid van die trieksterfigure ook manlik. Die spel met geslag en seksuele verleiding bereik egter ’n hoogtepunt in *Niggie*, waar die triekstervrou besonder prominent figureer. In al die gevalle waar trieksters ter sprake is, is daar sprake van ’n ondermyning van stereotipes omtrent geslag en gender⁴⁰ en ’n ondermyning van grense wat op grond van gender opgestel is. Een van die triekster se funksies is om bestaande grense te ondermyn (Pelton 1980:1). Waar daar by die sjamaan nog sprake was van die bevestiging van grense deur middel van die (paradoksale) ondermyning van daardie grense, is dit by die triekster eerder ’n kwessie van opheffing deur middel van ondermyning. In hierdie onderafdeling sal daar gekyk word na die wyse(s) waarop die trieksterfiguur grense rondom gender en seksualiteit ondermyn en probeer vernietig. Dit sou gelees kon word as ’n uitdaging van die patriargale bestel wat spesifieke genderrolle aan mans en vroue probeer voorskryf. Aangesien die romans waarin die triekster figureer, almal na 1990 verskyn het, sou hierdie uitdaging van die patriargale sisteem (wat nie net prominent is in die ‘Afrikaner’-kultuur nie) gesien kon word as ’n nuwe stryd wat deur Viljoen/Winterbach onderneem is, ’n nuwe poging om kritiek te lewer op die (bestaande) (rigiede) sosiale bestel.

³⁹ LVS:22.

⁴⁰ In hierdie tesis verwys ‘gender’ na ’n sosiale konstruksie wat gebaseer is op stereotipes van die rol wat ’n persoon van ’n bepaalde geslag behoort te vervul. Daar word dus ’n onderskeid getref tussen biologiese (geslag) en sosiale konstruksie (gender).

Gender-ambivalente karakters maak vir die eerste maal hul verskyning in *Karolina Ferreira*, waar 'n vrou die rol van 'n Iago-agtige karakter in Jurie Beyers en Manie Delarey se 'Die jaloerse eggenoot' speel. 'n Tweede en derde gender-ambivalente karakter behoort ook tot die wêreld van die kunste – albei van hulle verskyn in *Landskap met vroue en slang*. Die eerste van hierdie twee is een van die hoofkarakters in 'n moordverhaal wat Mara Darboven lees. Sy is

die dogter van 'n religieuse fanatikus wat van haar troostelose oorsprong ontsnap deur op die verhoog te gaan, waar sy in verskillende pantomimes in manlike kostuum optree. Sy is nie 'n sensitiewe kunstenaarsiel nie, sy is 'n meedoënlose moordenaar (LVS:31).

Wat van nog groter belang vir die leser is (gesien die teenwoordigheid van ander gender-ambivalente karakter in die roman – Shotsi Mendelsohn – en soortgelyke karakters in Viljoen/Winterbach se oeuvre), is Mara se interpretasie dat “cross-dressing 'n gelade beeld van metamorfose” word (LVS:31):

dit word 'n soort ontsnapping uit 'n vaste identiteit op 'n rituele manier. Dit word 'n belangrike tema in die boek – verskillende vorms van transendensie word deur middel van teatrale illusie, religieuse seremonie en rituele moord in jukstaposisie geplaas (LVS:31).

Lesers moet natuurlik alle uitsprake vanuit die roman, wat lyk of dit op die roman van toepassing sou kon wees, met agterdog bejeën. Dit sou foutief wees om te veel van Mara se uitlatings oor skryfwerk te probeer toepas op *Landskap met vroue en slang* of enige van Viljoen/Winterbach se ander werke. Nietemin moet daar wel erken word dat seksuele en gender-ambivalensie wat binne die wêreld van die teater tot 'n tipe ritueel gevoer word, wel sterk elemente van ontsnapping en transendensie bevat. Na aanleiding van die element van sosiale kritiek in Viljoen/Winterbach se werk, sou daar egter ook bygevoeg kon word dat dit ondermynend is van die bestaande bestel. Dit word duidelik gemaak deur die optrede van Shotsi Mendelsohn.

Shotsi Mendelsohn doen homself “in klein, intieme kabaretvertonings as 'n vrou” voor: “hy maak sy penis met maskeerband vas, skeer sy lyfhare, dra 'n vrouepruik met krulhare (LVS:194). “Sy welige, vlesige lyf is van kop tot toon getatoeër” (LVS:193) – 'n feit wat sy manlikheid beklemtoon.⁴¹ Hy is ook “op verskeie plekke gepierce”⁴² (LVS:194) – 'n verdere

⁴¹ Steward (1990:46-80) bied nege-en-twintig redes vir die verskynsel van tatoeëring in Westerse samelewings. Die belangrikstes (vanuit die perspektief van hierdie tesis) is sadomasochisme, manlike inisiasie-rites, beklemtoning van manlike status en “bravado, braggadocio and ‘wickedness’”.

aanduiding dat hy pyn kan verduur en gevolglik 'n man der manne is binne die logika van die macho-etos. Wanneer Sofie Brand vir Shotsi skilder, laat sy hom op 'n “groot, leerleunstoel” sit en skilder sy hom naak (*LVS*:193). Die leerleunstoel kan gelees word as 'n verdere aanduiding van manlikheid deur middel van die assosiatiewe reeks leer-jag-jagter en beklemtoon sodoende ook manlikheid en stereotipiese gender-rolle. Met Shotsi vind daar op verskillende vlakke ondermyning van identiteit as 'n monolitiese entiteit plaas. Sy voorbereidings vir die kabaretoptredes kom weliswaar ritualisties voor, maar die manier waarop hy uitgebeeld word, ondermyn die ‘eenvoudige’ stereotipe van 'n *drag queen*. Sy karakter bevat byna ‘te veel’ teenstrydighede: 'n man wat homself op die verhoog voordoen as 'n vrou, wat in die ‘werklike’ lewe homoseksueel is, maar wat tog die kodes van 'n ‘macho’-lewenswyse besig deur middel van tatoeëermerke en die Harley Davidson waarmee hy by Sofie Brand se huis opdaag.

Die vierde en vyfde gender-ambivalente trieksterfigure is Jan de Dood – die afwesige verhoogkunstenaar op wie almal wag in *Buller se plan* – en Bennie Potgieter – Steynshoop se “Wonderkind” (*BP*:15) en 'n vriend van die fokalisator, Ester Brand – (die triekstervrou is op seksuele vlak op 'n verskeidenheid wyses ambivalent en sal om hierdie rede eerder in onderafdeling 5.2.2.2 bespreek word). Jan de Dood se ambivalensie kan ook, soos dié van Shotsi Mendelsohn, die *cross-dressing* moordenaar uit die werkersklas en die venynige vriend in die toneelstuk, verbind word met die verhoog. Jan de Dood het egter “baie verskillende verhoogspersonae” (*BP*:76), onder andere die van 'n “manlike blondine met 'n swart korset aan, wit kouse en 'n shaggy blonde pruik” (*BP*:76). 'n Moontlike interpretasie vir hierdie verskillende verhoogspersonae sal in onderafdeling 5.2.2.2 bespreek word. In die res van hierdie onderafdeling sal daar gekyk word na Bennie Potgieter en sal die (grotendeels) verhooggebaseerde gender-ambivalensie van die ander karakters waarna daar reeds in hierdie hoofstuk verwys is, vergelykenderwys bespreek word.

Bennie Potgieter se gender-ambivalensie het nie soseer te make met uiterlike identiteitsmerkers soos kleredrag nie,⁴³ maar eerder die ruimtes waarbinne hy funksioneer:

⁴² Benson (2000:236) wys daarop dat tatoeëring en liggaamsdeurprieming (*body piercing*) verander het “from a marginal, predominantly masculine practice to a fashionable and decorative art form.” Benson wys ook daarop dat “the skin, the border zone between the bounded self and the social world thought to encompass that self” is (2000:235). Sy maak ook twee (verdere) belangrike punte omtrent tatoeëring en liggaamsdeurprieming. Eerstens het die tatoeëermerk binne die Weste aanvanklik gefloreer in daardie gebiede waar die staat mag gehad het om die manlike liggaam te beheer – byvoorbeeld in tronke of die leër (Benson 2000:238). Tatoeëring en liggaamsdeurprieming het dus te make met die terugciening van beheer oor die (manlike) liggaam en Shotsi Mendelsohn se liggaamskuns (*body art*) sowel as die manier waarop hy sy liggaam vir kabaretvertonings voorberei, kan gelees word as 'n poging om beheer te hê oor sy liggaam en om dit buite die beheer van ander (die sentrum?) te hou. Tweedens is liggaamsdeurprieming en tatoeëring nie alleen die resultaat nie, maar ook “the indelible trace of the process” (Benson 2000:237), die vasvang van “rites of passage” (Benson 2000:245). Shotsi Mendelsohn se tatoeëermerke en liggaamsdeurprieming is dus ook merkers van liminale status.

⁴³ Bennie het onder andere 'n “donker, welige mansbaard” (*BP*:28).

In sy ma se haarkappersalon doen Bennie Potgieter soms die boeke, of as dit baie druk gaan, help hy die vroulike klante se hare was, of gee vir sy ma die duisend en een krullertjies vir die permanente golwings aan [...] As hy nie help nie, sit hy by die toonbankie met die pienk gordyntjie, hy ontvang die geld, hy skryf kwitansies uit, hy luister na die vrouegepraat (BP:73).

In sy pa se garage doen hy ook soms die boeke, maar met sy pa wat kort-kort ongeduldig oor sy skouer kyk. Hier lê hy meesal in 'n overall onder 'n motor – sy pa het hom vroeg die beginsels van motorwerktuigkunde geleer (BP:73-4).

Bennie word uitgebeeld in twee argetipiese ruimtes: die 'manlike' wêreld van die garage, van motorherstelwerk, en die 'vroulike' ruimte van die haarkappersalon, waar skoonheid die deurslaggewende beginsel is. Die haarkappersalon is natuurlik ook die stereotipiese werkruimte vir gay mans.⁴⁴ Gewoonlik word daar van mense verwag om 'n keuse van werkruimte te maak en die uiteindelijke keuse is dan ook veelseggend omtrent die persoon (en hou gevolglik belangrike implikasies in vir identiteit en identiteitskepping). Die samelewing is oor die algemeen ten gunste van 'n 'óf ... óf'-benadering. Bennie se 'én ... én'-benadering veroorsaak (oënskynlik) nie vir die samelewing probleme nie, maar vir homself:

sy ma het die salon op die dorp en sy pa die garage so lank as wat hy kan onthou en tussen die salon en die garage is hy sedert sy vroegste kinderherinneringe hopeloos verwar: hy weet nie watter ruimte hy verkies nie (BP:73).

Indien die verteller geglo moet word, voel Bennie dat hy 'n keuse behóórt uit te oefen, dat sy 'én ... én'-benadering nie die gewenste een is nie.

Daar sou geargumenteer kon word dat die druk om een ruimte bo 'n ander te verkies, van die samelewing afkomstig is. In werksverband laat Bennie "sy energieë voortdurend versnipper deur die talle ander opsies en kanale en eksperimenteringsmoontlikhede wat hom interesseer en waarin hy homself stort" (BP:28). Dit is dus moontlik om die afleiding te maak dat hy – wat sy werk betref – geensins 'n probleem het met 'n 'én ... én'-benadering nie. Die verteller beweer wel dat Bennie die vermoë het "om stemme na willekeur uit te doof", maar terselfdertyd het hy 'n "bewonderenswaardige oor vir dialoog" (BP:17). Die leser kan dus die afleiding maak dat Bennie die vermoë het om hom te beperk tot 'n 'óf ... óf'-benadering, maar dat hy ook besonder goed kan werk met 'n 'én ... én'-benadering. Gevolglik is dit vreemd dat Bennie nie sy 'én ... én'-benadering toepas op ruimtes waarin hy tuis voel nie. Dat hy van kleins af verward voel, is 'n aanduiding van die proses van gender-identifikasie: kinders word oor die algemeen van geboorte af gekondisioneer om hulle by één geslag te skaar en één genderrol te aanvaar. Die gewone patroon is dat seuntjies met motors speel en daarvan droom om hul eie garage te hê en dat meisietjies met poppe speel en daarvan droom om hul eie haarkappersalon te besit (indien die voorbeeld van die roman nagevolg word). Daar word gewoonlik van kinders verwag om

⁴⁴ Ester wonder op 'n gegewe moment "tot watter erotiese handeling Bennie in staat of geneig is" (BP:47) en kom tot die slotsom dat "[i]n sy omhelsing ... albei partye 'n androgene ekstase [ervaar] – soos slakke wat paar" (BP:47). Daar is nêrens in die roman 'n duidelike aanduiding omtrent Bennie se seksuele oriëntasie nie en gevolglik is dit gevaarlik om daaromtrent te spekuleer.

één van die twee opsies te kies. In Bennie se geval is daar nie 'n keuse uitgeoefen nie, maar dit beteken nie dat hy nie onder druk voel om 'n keuse uit te oefen nie.

Bennie se gender-ambivalensie geskied ten spyte van (moontlike) eksterne sosiale druk om ander redes en onder ander omstandighede as dié van die ander gender-ambivalente karakters wat reeds bespreek is. Die aard van die gender-ambivalensie verskil ook gedeeltelik. In die eerste aantal gevalle, doen die karakter sig alleen voor as 'n ander geslag binne die betreklike veiligheid van die toneelwêreld – waar daar “a willing suspension of disbelief” (Coleridge 1984:6) kan plaasvind.⁴⁵ Wanneer die vrou wat die venynige vriend speel, in die kroeg verskyn, dra sy 'n “los somerrokkie” wat haar “sexy” skouers opvallend maak (KF:80). Die *cross-dressing* moordenaar tree slegs in “verskillende pantomimes in manlike kostuum” op (LVS:31) – daar is nooit enige aanduiding dat sy haar andersins as 'n man voordoen nie. Shotsi Mendelsohn mag wel homself in kabaretvertonings as 'n vrou voordoen, maar wanneer Sofie hom skilder, word hy op die manier geskilder wat sy geslag die duidelikste sal maak. Hoewel daar dus by die al drie hierdie karakters (en by Jan de Dood) sprake van gender-ambivalensie is, geskied dit slegs op die verhoog.⁴⁶ Hul gender-ambivalensie word dus beskerm teen die afkeur van die samelewing en teen druk vanuit die samelewing om 'n eenduidige gender-identiteit aan te hang. Hierteenoor is Bennie se ambivalensie blootgestel aan sosiale goedkeuring (afkeuring?). Sy identiteit – nié die van 'n verhoogspersona – kan nie deur enige persoon (homself ingesluit) vasgepen word nie en dit word duidelik gemaak deur die feit dat hy nie weet watter ruimte hy verkies nie.

Die gender-ambivalensie wat teenwoordig is in Viljoen/Winterbach se werk kan verbind word met 'n poging om bestaande idees rondom (gender)identiteit te ondermyn. In gevalle waar hierdie ondermyning doelbewus plaasvind, geskied dit in 'n relatief beskermde ruimte. In die enkele geval waar gender-ambivalensie klaarblyklik onwillekeurig bestaan, bestaan dit in 'n onbeskermde ruimte en word dit juis in stand gehou deur die karakter se onvermoë om 'n keuse uit te oefen – ten spyte van die suggestie dat daar druk bestaan om wel 'n keuse uit te oefen. In laasgenoemde geval is die gender-ambivalensie ook minder geforseerd. In die eerste drie gevalle oefen die karakters keuses uit om as die teenoorgestelde geslag op die verhoog te verskyn; sekere (fisieke) aanpassings moet gemaak word om die gehoor te oortuig dat dit wat hulle sien ‘werklik’ is en nie 'n skepping vir die verhoog nie. In Bennie Potgieter se geval word daar egter nie so 'n keuse uitgeoefen nie. Hy werk in sowel sy ma se haarkappersalon as sy pa se garage en funksioneer goed in albei, sonder dat hy hom werklik moet voordoen as iemand van die teenoorgestelde geslag. Bennie is werklik gender-ambivalent omdat hy hom nie

⁴⁵ Diamond (1972:xiii) verwys na die “reversals and risks of identity” wat moontlik is in 'n sirkusoptrede.

⁴⁶ Shotsi se gender-ambivalensie – soos reeds aangedui in hierdie afdeling – is nie ten volle beperk tot die verhoog nie, maar wel grotendeels.

permanent in een van die twee ruimtes laat klassifiseer nie. By hom is die gender-ambivalensie normale gedrag, terwyl dit by die ander gender-ambivalente figure (oënskynlik en grotendeels) slegs iets is vir die verhoog. Dit is daarom ook belangrik dat Bennie nie aantrek soos 'n vrou nie, maar dat hy binne die 'vroulike' ruimte funksioneer sowel as binne die 'manlike' ruimte. Op hierdie manier ondermyn hy werklik die alledaagse patriargie van Steynshoop.

5.2.2.2 Kreatiwiteit en vernietiging: “[D]ie energie van die dood”⁴⁷

Die trieksterfiguur – veral die gender-ambivalente triekster – word ook verbind met kreatiwiteit, skepping en die verbeeldingryke hergebruik van items. Dit inkorporeer alles van geboorte gee (Kamens 1987:s.v. “Androgynes”) tot die transformasie van reeds geskape objekte sodat hulle nuttig en bruikbaar word (Kaeppler 1987:s.v. “Polynesian Religions: Mythic Themes”). Terselfdertyd het die triekster ook 'n donkerder sy. Die triekster se optrede kan lei tot mense se vernedering, pyn of dood (Gill 1987:s.v. “North American Religions: Mythic Themes”). Soos Carse (1987:s.v. “Shape Shifting”) dit stel, is die lyn tussen “trickery and evil ... often fuzzy”. Die triekster kombineer kreatiewe en destruktiewe kenmerke (Van Baaren 1987:s.v. “Death”) en hy of sy kan sowel skepper as vernietiger wees (Diamond 1972:xxi) aangesien die wanorde wat deur die triekster geskep word, die moontlikheid vir die skepping van 'n nuwe orde daarstel (Ray 1987:s.v. “African Religions: An Overview”).

Binne Viljoen/Winterbach se oeuvre is dit die laaste punt wat van die grootste waarde is wanneer dit kom by 'n lesing van die trieksterfiguur. Nie al Viljoen/Winterbach se trieksters het negatiewe eienskappe nie en nie almal wat negatiewe eienskappe het, beskik oor dieselfde eienskappe nie. Al die trieksters – of hulle kreatief, destruktief of 'n kombinasie van die twee is – dra by tot die skepping van 'n nuwe orde (veral 'n nuwe orde vir die fokalisator(s)). Hierdie nuwe orde hoef nie dramaties te verskil van die ou orde nie, dit hoef ook nie 'n blywende verandering te wees nie. Daar móét egter aangedui word dat alternatiewe sisteme bestaan. Nie al hierdie alternatiewe sisteme is noodwendig gewens nie, maar binne enige ondermyning van die sentrum moet daar 'n alternatief gestel word. In hierdie onderafdeling sal daar gekyk word na die wisselwerking tussen kreatiwiteit en vernietiging, met die klem op die 'donker' sy van die triekster.

Die mees voor die handliggende voorbeeld van die wisselwerking tussen kreatiwiteit en destruktiewiteit is Jan de Dood. Soos reeds aangedui, het Jan de Dood verskillende verhoogspersonae en is sy trieksterstatus grotendeels daaraan te wyte dat hy besonder moeilik is om vas te pen. Die verhoognaam “Jan de Dood” forseer egter ook die leser om nie net die karakter as triekster te sien nie, maar ook die karakter as 'n personifikasie van die dood te sien.

⁴⁷ KF:98.

Dit is moeilik om 'n "samehangende beeld" van hom te vorm (BP:77), sy bewegings is "raaiselagtig" (BP:76), niemand weet ooit hoe hy gaan lyk tydens 'n optrede nie, vanweë sy verskillende "verhoogspersonae" (BP:76). Niemand weet waar hy vandaan kom nie (BP:65) en, nog belangriker, waar hy volgende gaan optree nie. In veral hierdie laaste instansie word die onvoorspelbare speelsheid van die triekster – mens kan "nooit op hom reken nie" (BP:79) – gekombineer met die onvoorspelbaarheid van die dood.

Jan de Dood se aksies – veral sy afwesigheid – is egter belangrik in *Buller se plan* aangesien sy verwagte teenwoordigheid in die Steynhuis interaksie tussen verskillende karakters moontlik maak en sodoende 'n groot impak het op die gebeure in die roman. Dit is in die Steynhuis waar Bennie Potgieter uiteindelik vir Daan Theron die adres van die *talking head* gee. Dit is in die Steynhuis waar Ester vir Hosea Herr en Samuel Levitan ontmoet, asook die groep van ses vroue. 'n Vae hoop op 'n vertoning deur Jan de Dood, gekoppel aan 'n behoefte om te weet dat Fonny veilig is, is die vernaamste redes waarom Ester aanbly in Steynshoop. In een belangrike gesprek tussen Bennie en Ester oor Fonny, word Ester se aandag afgelei deurdat Bennie vra of sy "al die video van Jan de Dood gesien" het (BP:75). Jan de Dood se teenwoordigheid en afwesigheid skep dus binne Steynshoop 'n nuwe sosiale orde.⁴⁸ Die nuwe sosiale dinamika wat (tydelik?) tot stand kom in Steynshoop verander die verhoudings tussen mense: die skilder Ross se minnaar, Sid, word buite die Steynhuis doodgeskiet; Daan Theron se soeke na die *talking head* noop hom daartoe om Bennie se hulp in te roep en dit verander vermoedelik die magsverhouding tussen hulle.⁴⁹

As parallel vir die nuwe orde wat ontstaan, is daar ook dinge wat faal, of nie ten volle gerealiseer word nie. Die vernaamste hiervan is Ester se projek om Fonny (van haarself) te red, wat gedeeltelik skipbreuk ly as gevolg van Jan de Dood – dit het natuurlik nie alleen 'n impak op die verhouding tussen Ester en Fonny nie, maar tussen Fonny en almal om haar, sowel as diegene wat belangstel in haar kuns. Daar kan dus nie gesê word dat die vrugte van Jan de Dood se afwesigheid ten volle positief óf negatief is nie. Die 'skepping' wat plaasvind, kan dus nie in terme van die binêre opposisie 'goed' en 'kwaad' gesien word nie, maar is eerder 'n vermenging van daardie elemente.

Ten spyte van die feit dat *Buller se plan* 'n roman is waarin daar besonder baie geweld plaasvind (hoewel dit slegs aan Ester vertel word; sy neem self feitlik niks van die geweld waar

⁴⁸ In *Karolina Ferreira* lei die venynige vriend se daad binne die toneelwêreld tot die dood van die generaal en sy bruid. Binne die groter ruimte van Voorspoed, dra die toneelstuk by tot die uiteindelijke konfrontasie tussen die (korrupte) polisie en die township-bewoners. Die gender-ambivalente trieksterfiguur se optrede lei hier dus tot 'n sosiale omwenteling waarin die totstandkoming van 'n gelyker bestel vir alle groepe in die dorp voorsien word.

⁴⁹ Soos aangedui in hoofstuk 3 met die bespreking van die verhouding tussen weldoener en ontvanger.

nie), kan die invloed van Jan de Dood nie as uitermate negatief of positief gesien word nie. Net soos wat sy karakter en sy verhoogspersoneae verwarrend is, is sy invloed in die roman ook ambivalent. In *Niggie* word die trieksterfigure egter toenemend negatief in die invloed wat hulle uitoefen.

Daar is reeds verwys na Oompie as siener en Esegiël as bemiddelaarsfiguur. Wat nog nie vermeld is nie, is dat die twee as deel van dieselfde trieksterfiguur gesien kan word. In *Niggie*, meer as in enige van Viljoen/Winterbach se ander romans,⁵⁰ toon karakters binne die roman ooreenkomste wat soms die indruk skep dat hulle eerder fasette is van dieselfde karakter as wat hulle aparte karakters is en dit is insiggewend dat dit veral die trieksterfiguur is wat so dikwels in die roman “in verskillende gedaantes ... verskyn” (Human 2002:28). Wanneer Reitz en Ben saam met Gert Smal na Oompie gaan, kom Oompie hulle (nadat hy hulle met klippe bestook het) “met uitgestrekte arms tegemoet, en hy dra ’n gekreukelde reënjas” (N:42). “Sommige” van die mans in Gert Smal se groep het ook reënjasse (N:119), maar Esegiël is die enigste karakter wat in sy reënjas beskryf word, in sy “verslete reënjas waarvan die stywe punte soos vlerke blink as hy in die reën aangehardloop kom met water” (N:120). Die reënjas kan gesien word as ’n verbindende element tussen Oompie en Esegiël, maar daar is ook belangrike verskille: nie een van die mans in Gert Smal se groep het ’n reënjas so “olierig soos die huid van ’n dier – ’n waterdier” nie (N:119), nie een van hulle het ’n reënjas wat sit soos ’n “tweede vel” nie (N:119).

Ten spyte van die feit dat Oompie en Esegiël beide met diere verbind word (Oompie met iets soos ’n otter en Esegiël met Gert Smal se hond), wil dit voorkom of Oompie se identifikasie geskied op grond van gedeelde kenmerke terwyl Esegiël se identifikasie geskied as gevolg van gedeelde ruimte en status. Oompie is ’n tussenganger omdat hy dieselfde kenmerke (deur middel van sy reënjas) het as ’n waterdier; Esegiël is ’n tussenganger omdat hy hom as ’n swart man in ’n wit ruimte bevind, maar binne daardie ruimte gelykgestel word aan ’n dier deur die posisie wat hy moet inneem (op die grond, langs Gert Smal se hond). Esegiël se gedurige beweging maak hom (letterlik) ’n tussenganger tussen die ligkring van die vuur, waar die mans hulle bevind, en die donkerte daarbuite, waar hy gewoonlik hurk. Hy word ’n “tussenganger tussen die ryke van die skadu en van die lig” (N:120).

Ten spyte van die feit dat Reitz se eerste indruk van Esegiël is dat hy ’n “[k]afferbeul” is (N:33), wil dit tog voorkom of Esegiël die (wit) mans meer goedgesind is as Oompie; daar sou selfs aangevoer kon word dat Esegiël ’n meer positiewe tussenganger en triekster is as Oompie. Wanneer Reitz byna verdrink weens die hallusinasies wat Oompie se kruiemengsel meebring, sê ’n stem wat Oompie s’n “kan” wees, vir hom om te spring “na die oorkantste oewer” (N:115).

⁵⁰ Sien byvoorbeeld Brink (1986) se kommentaar oor Bets en Agnes in *Erf*.

Die oorkantste oewer kan geïnterpreteer word as die “ryke van die skadu” (*N:120*), oftewel die dood. Wanneer die stem weer met hom praat, eien Reitz dit definitief as Oompie s’n wat hom aanhits om te spring. Oompie – ten minste in Reitz se verbeelding – hits hom aan om homself dood te maak. Oompie se assosiasie met die dood (in die vorm van die menskop en die vermoë wat hy klaarblyklik het om mense in kontak te bring met die dooies (en wat hom gevolglik tussengangerstatus besorg)) het in hierdie geval ’n besonder negatiewe uitwerking op Reitz. Esegïël se uitwerking op Reitz blyk egter meer positief te wees. Wanneer Reitz, Ben en Gert Smal in ’n lokval gelei word, skuil Reitz met die swaargewonde Ben en dink hy skielik dat hy Esegïël se stem hoor (*N:177*). Hy is “meteen so bly” (*N:177*) – vermoedelik omdat hy Esegïël assosieer met redding (aangesien Esegïël telkens by was wanneer Ben hom by die rivier kom red het). Met Esegïël is daar egter ook ’n tweede assosiasie – “Esegïël is mos die engel van die dood” (*N:177*). Esegïël as karakter is ’n tussenganger omdat hy tussen die vuur en die donkerte beweeg én omdat hy tussen die lewe en die dood beweeg, maar anders as die engel van die dood nie self die dood bring nie, maar mense van die dood ‘red’. Waar Oompie as triekster Reitz na sy dood probeer lei, wys Esegïël as triekster telkens ’n ander uitweg aan – Reitz ontwyk die dood met Esegïël se hulp.

Nie een van die trieksterfigure (met die uitsondering van Bennie Potgieter en Shotsi Mendelsohn) se regte name is bekend nie: Esegïël, Oompie en Niggie is nie die karakters se “regte” name nie, maar net wat “almal” hulle noem (*N:178*). Binne baie kulture is daar ’n geloof dat die besit van ’n voorwerp se ‘regte’ naam ’n mens beheer oor daardie voorwerp gee, só gee kennis van ’n persoon se regte naam enigiemand anders ’n mate van mag oor daardie persoon. Dat hierdie karakters se ‘regte’ name onbekend is, is ’n aanduiding van hul trieksterstatus. Nie alleen omdat dit impliseer dat hulle mag het oor die ander karakters (maar nie omgekeerd nie), maar ook omdat dit ’n vloeibaarheid van identiteit impliseer. Die trieksterfiguur se identiteit word dus nie vasgepen deur middel van naamgewing nie.

In Niggie se geval is dit besonder belangrik, omdat sy baie sterk met die triekstervrou verbind word. Op haar beurt word die triekstervrou weer verbind met sowel die dood (en derhalwe vernietiging) as kreatiwiteit (sowel op ’n fisieke as ’n intellektuele vlak). Die leser maak reeds op die eerste bladsy van die roman kennis met die triekstervrou (*N:7*). Vanuit die staanspoor skep sy verwarring en blyk haar identiteit vloeibaar te wees – die boer wat van haar gedroom het, “het altyd gedink dit is ’n man, maar in die droom was dit ’n vrou” (*N:7-8*). Die genderidentiteit van die triekster word verder gekompliseer deurdat die boer in sy droom uiteindelik ’n “wildvreemde man” in sy arms neem wanneer hy dink dat hy die triekstervrou omhels (*N:8*). Hierdie verwarring rondom geslag en gender word voortgesit wanneer Reitz en sy reisgenote die groep “mans ... geklee in inheemse drag” (*N:19*) teëkom. Die “kleinste, en vermoedelik jongste van die drie mans” (*N:21*) kan moontlik ’n vrou wees, aangesien hy ’n “gladde wang” het en “skielik skalks” opkyk (*N:21*). Nog belangriker is dat Reitz opmerk dat daar ’n “klossie

vere” “half oor sy gladde wang” hang (N:21). Die suggestie is dat die ‘jong man’ eintlik ’n jong vrou is en dat die gender-ambivalensie wat teenwoordig is met die triekstervrou in verband gebring moet word.

Die “ou poetsbakker” kom “[i]n een van sy of haar gedaantes” (N:8) op verskeie plekke in die roman voor. Daar is reeds verwys na die boer se droom en die ontmoeting met die drie mans in inheemse drag. Twee verdere gevalle is Ben se droom en Niggie self. In Ben se droom word die “[g]ewone vrou” (N:158) “met so ’n soort verehoedjie” (N:157) “ineens swart” (N:158) wanneer hy haar omhels. Die triekstervrou verkul dus nie alleen haar slagoffers met haar geslag nie, maar ook met haar ras. Wanneer dit by seksuele verhoudings kom, kry die man wat met haar seksueel intiem wil wees, telkens iets anders as wat hy verwag het. Op hierdie manier word die houding van die wit, heteroseksuele man ten opsigte van seksuele verhoudinge ondermyn, aangesien hy gekonfronteer word met die moontlikheid van seksuele intimiteit met iemand van ’n ander ras, of met iemand van dieselfde geslag. Wat interessant is, is dat Ben “dit heerlik” vind om met “daardie vrou” seksuele gemeenskap te hê (N:158) en dat die boer sê hy hoop dat hy “weer in sy lewe daardie hoedjie van vere sal sien” (N:9) en by implikasie ook die triekstervrou, al beteken dit dat hy weer die risiko loop om ’n man te omhels.

Om by die triekstervrou “in te gaan” “was soos om by die dood in te gaan” (N:158), in Ben se droom, en hierdeur word die verband tussen die triekstervrou en die dood (wat gewoonlik as negatief beskou word) beklemtoon. Die geslagsdaad, wat as ’n kreatiewe daad beskou kan word, het vir Ben sterk konnotasies met die dood – moontlik vanweë die feit dat die triekstervrou in sy droom ’n swart vrou word en daar sodoende ’n sterk assosiasie van ‘verkeerde gedrag’ of ‘sondige gedrag’ is. Daar is natuurlik ook die logiese einde van enige lewe, naamlik die dood.⁵¹ ’n Verdere interpretasie is dat die geslagsdaad (ongeach of dit uiteindelik wel plaasvind) met die triekstervrou nie op nuwe lewe uitloop nie, aangesien daar geen kinders kom as gevolg van die daad nie. Niggie is egter die uitsondering op hierdie reël, aangesien sy wel swanger raak (N:250).

Die verband tussen die triekstervrou en Niggie is baie duidelik. Net soos die triekstervrou het Niggie rooi hare (N:8 en 178) en wanneer sy en Reitz gaan kyk na die plek waar Gert Smal geskiet is, dra sy “ook ’n hoedjie met vere, in plaas van haar gewone kappie” (N:217). Net soos Oompie en Esegïël, bestaan Niggie se ‘poets’ daaruit dat sy Reitz oorreed om op ’n sekere manier op te tree. Hy word nie gedwing nie, maar word eerder aangemoedig om sy verhouding met Anna voort te sit. Waar Reitz as gevolg van Oompie homself probeer doodmaak het en as gevolg van Esegïël bly vasklou het aan die lewe, funksioneer Niggie se oorreringsvermoë (net soos die triekstervrou in Ben en die boer se drome) op seksuele terrein. Niggie dra daartoe by

⁵¹ En die assosiasie van die Franse *petit mort*.

dat Reitz glo dat Anna wel die toekoms voorspel het en dat Johannes Baines nie lewend na sy vrou sal terugkeer nie. Terwyl Anna gedurig daarop sinspeel dat sy nie in kontak is met die dooies nie, is dit Niggie wat (soos reeds aangedui) aanvoer dat dit wel die geval was en wat in hul gesprek met Tante die indruk wek dat Anna wel buitengewone vermoëns het wat kommunikasie met die hiernamaals betref. Soos ook reeds aangedui, vestig Niggie ook Reitz se aandag op die feit dat Johannes oud en sieklik is en dat hy waarskynlik nie die oorlog sal oorleef nie. Dit is heel waarskynlik weens Niggie se suggesties, in tandem met sy eie behoeftes, dat Reitz Anna se bed opsoek.

Venter (2002:7) voel dat Niggie nie 'n "diep en helende invloed" in die roman word nie. Dit is egter juis haar trieksterstatus wat daartoe lei dat sy nie 'n "helende invloed" (Venter 2002:7) kan wees nie. Sy is wel 'n verpleegster, maar dit beteken nie dat sy te alle tye 'n geneser moet wees en 'n helende uitwerking moet uitoefen op diegene om haar nie. As triekster ondermyn sy die opvatting dat vroue 'n helende uitwerking moet hê én is dit vir haar onmoontlik om slegs 'n positiewe uitwerking te hê. Die ambivalensie van die triekster beteken dat sy sowel 'n helende as 'n verwoestende uitwerking op diegene om haar kan hê – die feit dat sy tot heling in staat is, beteken nie dat sy kan of moet genees nie.

Niggie se streke strek egter verder. Terwyl Reitz en Anna se verhouding op niks uitloop nie, knoop Niggie klaarblyklik met Ben 'n verhouding aan. Sy en Ben trou binne ses maande na Ben en Reitz se vertrek van die plaas (N:249) en binne 'n jaar verwag sy (vermoedelik) Ben se kind (N:250). Hierdie verhouding herinner nie net aan die (manlike) triekster wat vroulik word om kinders te baar en sodoende nuwe lewe te skep nie, maar is ook 'n uittarting van Reitz en Anna. Reitz vind dit duidelik besonder erg om herinner te word aan dit wat hy en Anna potensieel sou kon gehad het, maar nooit kan hê nie; nadat hy Ben se brief gelees het, beskryf hy sy lewe as "nutteloos" en beskou hy dit as "van vooruitsig gestroop" (N:250). In Reitz se geval is die uitlokkende skalksheid van die verehoedjie aanvanklik 'n aanduiding van potensiële kreatiwiteit (aangesien dit telkens deel vorm van 'n patroon van optrede wat lei tot seksuele omgang, wat ten minste in teorie tot die skepping van nuwe lewe kan lei) wat uiteindelik tot niks lei nie. Die belofte van kreatiwiteit word dus nie verwesenlik nie.

Nie al die trieksterfigure kan ewe sterk aan kreatiwiteit en vernietiging gekoppel word nie. Die gender-ambivalente karakters figureer grotendeels binne die toneelwêreld, waar hul gender-ambivalensie deel vorm van hul kreatiewe produktiwiteit. In die geval van die triekstervrou, word gender-ambivalensie nie op dieselfde wyse met kreatiwiteit gekoppel nie. By haar lei gender-ambivalensie eerder tot 'n ondermyning van bestaande opvattinge en daardeur tot die skepping van nuwe persepsies en nuwe houdings. 'n Hele aantal van die gender-ambivalente karakters kan ook met die dood verbind word – Bennie Potgieter verskaf die adres van die *talking head* aan Daan Theron, die venynige vriend se dade op die verhoog lei tot die dood van

die generaal en sy bruid (dus dood binne die kreatiewe produk) en Jan de Dood se naam is reeds 'n aanduiding van die reeks interpretatiewe moontlikhede waartoe die leser toegang het.

Die trieksterfigure wat nie gender-ambivalent is nie, kan in 'n groter mate verbind word met kreatiwiteit en vernietiging. Oompie is nie alleen in kontak met die dooies nie (deur middel van kruiemengsels) maar hits Reitz ook aan om homself dood te maak. Esegiël verskyn telkens op die toneel wanneer Reitz die dood vryspring. Niggie versterk by Reitz die idee dat Anna in kontak is met die dooies en dat haar man dood is – gevolglik knoop Reitz 'n verhouding met Anna aan, wat hy moontlik andersins nie sou gedoen het nie. Ten spyte van sy makabere vondste in bottels, is Oompie ook daarvoor verantwoordelik dat Seun beter word en is die kruiemengsel wat hy aan Reitz gee, waarskynlik 'n hallusinogeniese middel – hy moedig dus kreatiwiteit by Reitz aan en hou Seun aan die lewe. Aangesien Esegiël telkens vir Reitz help oorleef, is daar by hom ook sterk sprake van kreatiwiteit (in die breë sin van die woord) – hy skep telkens lewe uit dit wat oënskynlik dood is. Hy is ook verantwoordelik vir die (fisieke) voortbestaan van die groep mans deurdat hy na hulle omsien, maar die feit dat hulle op hom kan neersien, dat hulle wêreldbeeld deur sy teenwoordigheid in stand gehou word, lei ook tot hul sielkundige welsyn (weereens word die term in 'n besondere breë sin gebruik). Hy dien ook as 'n wandelende ensiklopedie en kan dus, te eniger tyd, trotse oomblikke uit die 'Afrikaner-geskiedenis' laat herleef en so die mans se moraal hoog hou. Niggie se kreatiwiteit hou verband met die verhouding tussen Reitz en Anna, wat sy aanmoedig. Dit blyk egter dat die verhouding nie kan slaag nie, omdat Johannes nie dood is nie – sy lewe beteken ironies genoeg die dood van die verhouding. Niggie se optrede en die verweefdheid van kreatiwiteit en dood in Reitz en Anna se verhouding, is 'n goeie illustrasie van die kompleksiteit van die trieksterfiguur en die probleme wat ontstaan wanneer daar gepoog word om die triekster vas te pen.

Die trieksterfiguur bly – veral in *Niggie* – iets wat herkenbaar is, maar wat gewoonlik te laat herken word. Die triekstervrou verskyn telkens – veral in drome – maar elke keer in 'n effe ander gedaante. Daar kan verbande getrek word tussen Oompie en Esegiël, en uiteindelik weer tussen Esegiël en Jeremia, vir wie Reitz dikwels “vir Esegiël aansien” (N:216) – hoewel daar ook beduidende verskille tussen Oompie, Esegiël en Jeremia is. Met hierdie trieksterfigure en met die gender-ambivalente trieksterfigure wat in ander romans verskyn, vestig Viljoen/Winterbach die leser se aandag op die feit dat sekerheid – veral sekerheid omtrent identiteit – nie werklik bestaan nie.

Samevatting

Lettie Viljoen/Ingrid Winterbach se werk kan gelees word as 'n projek van uitgebreide sosiale kommentaar, waarin die normatiewe, konformistiese aard van die (Suid-Afrikaanse) samelewing uitgedaag word. Daar word in beide haar novelles en al vyf haar romans implisiet kritiek gelewer op die sentrum en die wisselwerking tussen die sentrum en die marge – veral die uitbuiting of miskenning van die marge. Die karakters wat in hierdie tesis bespreek is, is grotendeels verteenwoordigend van die marge, óf is verteenwoordigers wat die sentrum se behepthed met maklik identifiseerbare identiteitskategorieë (soms doelbewus) ondermyn deur grense te oorskry. Van die begin van hierdie tesis is daar aangedui dat die analitiese kategorieë wat hier gebruik word, nie onproblematis is nie. Selfs die baie breë kategorieë van marginale en liminale karakters het gebreke, aangesien karakters nie noodwendig in slegs een kategorie geplaas kan word nie. Hierdie kategoriseringsprobleme is geïnterpreteer as tekenend van Viljoen/Winterbach se pogings om subversief met karakters se identiteit om te gaan. Die leser se aandag is daarop gevestig dat die verdere kategorieë wat in hierdie tesis gebruik is (sosiale uitgeworpenes, trieksters, mistici ensovoorts), byna as arbitrêr beskou kan word, maar dat 'n klassifikasiesisteen nodig is: nie alleen vir die analise van literêre karakters nie, maar om die interpretatiewe moontlikhede wat tot die leser of aanhoorder beskikbaar is, te beperk. Met verwysing na Jacques Derrida is die leser ook daarop gewys dat enige klassifikasiesisteen uiteindelik 'n beperking plaas op die materiaal onder bespreking, dat dit sekere interpretasies afdwing.

In hoofstuk 3 is daar aan die hand van marginale karakters geargumenteer dat Viljoen/Winterbach ten gunste is van positiewe integrasie van die marge by die sentrum. Sodoende word die sentrum verruim deur die integrasie van die marge eerder as wat sekere elemente uit die marge gestroop word tot voordeel van die sentrum en tot nadeel van die marge. Dit is aangedui deur die analise van hawelose karakters – veral in *Klaaglied vir Koos* en *Erf* – wat toenemend nader aan die huis(e) van die wit vrou(e) beweeg en sodoende die “gevoeligste deel” (E:74) van die erf binnedring. Hierdie interpretasie word versterk deur Mfzakhe Mhikize, wat in *Buller se plan* homself tussen die letters van Ester Brand se koerant inskryf, eerder as om die groot marge te benut (BP:82).

Deur te kyk na die optrede van huiswerkers in Viljoen/Winterbach se werk, kan dieselfde gevolgtrekking gemaak word. Die ambivalente posisie van die huiswerker binne die wit gesin, waar sy toegang het tot die intiemste geheime van die familie, maar tog uitgesluit word uit die familie vanweë haar ras, ontvang kritiek in Viljoen/Winterbach se werk. Die felste kritiek kom voor in haar jongste roman, *Niggie*. Die huiswerker dien ook as verteenwoordiger van die vroulike lid van die swart proletariaat en die wyse waarop laasgenoemde as groep deur die sosiale sisteem (nie noodwendig Apartheid nie) tot die marge gerelegeer word.

Die ongelykheid van magsverhoudinge tussen die sentrum en die marge word – veral in *Klaaglied vir Koos* en *Erf* – duidelik gemaak deur die interaksie tussen die wit, swart en bruin vroue betrokke by politieke bedrywighede. Die wit vroue se betrokkenheid by die struggle blyk nie so ongekompliseerd te wees soos die van dié wit mans nie (die ek-verteller in *Klaaglied vir Koos* se man, byvoorbeeld). Hulle verbintenis tot die struggle is meer ambivalent en dit wil soms voorkom of dit 'n stokperdjie is, eerder as 'n betrokkenheid wat spruit uit ware politieke oortuigings. Hierteenoor is die swart en bruin vroue gewikkel in 'n oorlewingstryd. Deur gedurige verwysings na 'die geskiedenis' vestig Viljoen/Winterbach sowel die leser se aandag op die geskiedkundige belang van die vroue se rol in die struggle, as op die ondermynende effek van die kleingeskiedenis. Die ondermyning van die sentrum se meesternarratief is immers een van die maniere waarop die marge uitbuiting deur die sentrum kan probeer omseil.

In teenstelling met die swart vroue betrokke by die politiek, blyk dit dat die swart mans betrokke by die politiek makliker tussen die sentrum en die marge kan beweeg. Sowel N (in *Klaaglied vir Koos*) as Mbuyisile (oftewel Dennis in *Erf*) speel byvoorbeeld instrumente eie aan Westerse klassieke musiek. Deur hierdie (doelbewuste?) appropriasie dui hulle aan dat dit wat 'eie' is aan die sentrum nie onaantasbaar is nie en dat dit ook nie as 'n definiërende kulturele kenmerk van die sentrum gesien kan word nie. Die mate waartoe die swart mans makliker tussen die sentrum en die marge kan beweeg as die swart vroue (dit word ook aangedui deurdat die swart mans 'vriendskappe' het met van die wit verteenwoordigers van die sentrum, terwyl die swart vroue nie sulke vriendskappe het nie) dui óók aan in watter mate die swart vroue gemarginaliseer is. Ten spyte van die feit dat swart mans tydens die Apartheidstydperk gemarginaliseer is, was hulle steeds nader aan die sentrum as swart vroue. Dit wil voorkom of Viljoen/Winterbach argumenteer dat hierdie situasie steeds voortduur, al behoort Apartheid tot die verlede.

Die proses van marginalisasie word onder die loep geneem in die bespreking van die (manlike) swart werkers – veral die tuiniers en munisipale werkers – wat as stilswyende groepe verskyn en wat uitgeken word vanweë hul uniforms eerder as die werk wat hulle verrig. Viljoen/Winterbach skenk ook aandag aan die wyse waarop wit vroue (soos haar fokalisators en, sou die kritiese leser wou byvoeg, haarself) meedoen aan die marginalisasie van swart mans tydens die Apartheidstydperk. Implisiet in hierdie kommentaar is die suggestie dat enige groep so gemarginaliseer kan word indien hul menslikheid en individualiteit misken word. Om sodanige marginalisasie teen te werk, beskou Viljoen/Winterbach telkens mense en menseverhoudinge eerder as 'bevolkingsgroepe' en 'rasseverhoudinge'.

As agtergrond vir hierdie marginalisasie is daar die idee van kontaminasie – skeiding weens die 'kontaminerende' invloed van die Ander: óf dit Bets is wat fisies siek word na gesprekke met

Mbuyisile in *Erf*, óf Jeremia wat nie die ruimte van die wit gesin mag deel in *Niggie* nie omdat hy hulle kulturele identiteit bedreig.

'n Verdere bron van 'kontaminasie' is nié die verteenwoordiger van 'n ander ras of kultuur nie, maar die 'gek' en die 'swaksinnige'. Met behulp van Michel Foucault se teoretisering omtrent die onderwerp van geestesversteuringe, is daar gekyk na die wisselwerking tussen die sentrum en die 'ongesonde' marge. Daar is aandag geskenk aan Dafnie Abrahamson in *Buller se plan* en aan Seun in *Niggie*. In beide gevalle lei verstandelike vertraging daartoe dat hulle tot die rand van die marge gerelegeer word – Dafnie bly tuis en is totaal onbetrokke by die handel en wandel in Steynshoop en Seun is 'n lid van 'n groep drosters en uitvaagsels tydens die Suid-Afrikaanse oorlog van 1899 tot 1902. Waar Dafnie klaarblyklik onbewus is van haar marginalisasie, probeer Seun wel om met ander te kommunikeer. Uiteindelik onttrek hy hom egter volledig en laat hy Reitz sleg met die "leë eggo" (N:228) wat hy hoor wanneer hy na Seun roep. Die voorbeelde van verstandelike vertraagdes het aanleiding daartoe gegee dat daar geargumenteer is dat Viljoen/Winterbach ná Apartheid steeds aandag skenk aan die gemarginaliseerdes; dat dit slegs die rede vir marginalisasie is wat verander het, nie die verskynsel van marginalisasie self nie.

As voorbeeld van 'gek' karakters, is daar gekyk na Jong Abraham in *Niggie*. Daar is geargumenteer dat Jong Abraham se sielkundige wanbalans te wyte is aan die pogings van die politieke sentrum tydens die einde van die negentiende eeu (die Britse Ryk) om gebied te wen en die marge (in hierdie spesifieke oorlog die Afrikaner-bevolking van die Zuid-Afrikaanse Republiek en die Oranje Vrystaat) te vernietig.

Wat geblyk het uit hierdie bespreking is dat die marge nie homogeen is nie en dat Viljoen/Winterbach nie op een groep binne die marge fokus nie. Sy pas ook die fokus van haar narratiewe soeklig aan na gelang van die politieke situasie in Suid-Afrika. Tydens die jare tagtig het sy gefokus op politieke gemarginaliseerdes en (vanweë die politieke situasie in die land) op ras, maar sedert 1994 word die marginalisasie van ander groepe en die mag wat die sentrum steeds uitoefen (al het die samestelling van die sentrum verander) ondersoek.

Ten slotte is daar aandag gegee aan die kwessie van representasie en spraakbeurte. Die vraag is gevra op grond waarvan Viljoen/Winterbach as segspersoon vir die stemloses kan praat. Daar is gewys op die feit dat Viljoen/Winterbach 'n polifonie stemme in haar werk laat hoor, maar ook dat die marge toenemend stemloos word. Die marginale karakter word byna ontoeganklik. Sodoende plaas Viljoen/Winterbach die klem op die verhouding tussen die fokalisator, die marginale karakter en die ander karakters (en word daar verhoed dat een karakter 'namens' 'n ander die woord kan voer).

In hoofstuk 4 is aandag geskenk aan daardie karakters wat nóg oorwegend marginaal, nóg oorwegend liminaal is. Die karakters wat in hierdie hoofstuk bespreek is, is almal as mistici gekategoriseer. Aanleidend tot die bespreking van hierdie karakters, is daar eers gekyk na werklike mistici wat betrek word by Viljoen/Winterbach se werk, hetsy deur 'n terloopse verwysing, hetsy as belangriker interteks. Daar is aangevoer dat hierdie werklike mistici 'n model vorm waarteen die karakters geanaliseer en bespreek kan word. Een van die belangrikste kenmerke van hierdie model is dat Viljoen/Winterbach hoofsaaklik fokus op die ervaringe van vroulike mistici – diegene wat meer moes uitrig as hul manlike eweknieë om dieselfde erkenning te kry én wat 'n groter kans gehad het om nié heilig verklaar te word nie, maar gereleger te word tot die wêreld van kettere (Teresa van Avila, María de San Joseph, die heilige Barbara, Jeanne d'Arc en Artemesia Gentileschi). Daar is gekyk na die vroue se mistieke erotiese ervaringe, hul gebruik van die nagmaal, die obsessie wat hulle omtrent kos gehad het en na die estetika van pyn, geweld en martelaarskap. Op grond van hierdie model, is daar geargumenteer dat die karakters wat as mistici optree – veral Fanny Alexander in *Buller se plan* – almal in 'n mate by hierdie model inskakel, maar dat die 'mag' wat hulle dink hulle verkry, slegs 'n illusie is. In der waarheid releger hulle hulself slegs (verder) tot die marge en ontnem hulle hulself 'n stem.

In teenstelling hiermee bied Viljoen/Winterbach egter 'n ander moontlikheid van mistieke beleving, wat aangedui word deur 'n ander aspek van haar model. Die enkele manlike mistikus (Ignatius Loyola) na wie sy verwys, verval nie in eensame ekstase of 'n estetika van pyn nie, maar probeer eerder sy siel te suiwer deur selfbeheersing. Wat karakters betref, word hierdie idee verder gevoer deur die meester en Lena Berg se man, Jack (in *Landskap met vroue en slang*) en Jess in *Karolina Ferreira*. Hulle volg 'n Zen-agtige mistisisme waarin uiterstes van ekstase en pyn vermy probeer word. Waar Fanny se mistieke ervaringe haar in 'n grys gebied laat waarin sy 'n wanhopige toestand bereik, streef die meester en soortgelyke karakters na Verligting, maar nie deur uiterste ervarings of psigiese toestande nie. Daar is ook aangevoer dat hierdie uitbeelding nie 'n stereotipering is of 'n bevoordeling van die manlike nie, maar eerder dat dit kritiek van Viljoen/Winterbach se kant af is op die tipe mistisisme wat 'tradisioneel' deur vroue beoefen is en die manier waarop hulle ontmagtig is daardeur, terwyl hulle (en ander) moontlik onder die indruk verkeer het dat hulle bemagtig word.

In hoofstuk 5 is daar aangevoer dat die groot aantal liminale karakters wat in Viljoen/Winterbach se latere werk voorkom, 'n aanduiding kan wees dat haar projek van sosiale kommentaar nié met Apartheid geëindig het nie. Daar is geargumenteer dat die aantal liminale karakters 'n aanduiding is dat grense in die nuwe bedeling nié opgehef is nie, dat hulle steeds bestaan en dat dit nodig is om maniere te vind om daardie grense te oorskry. In hierdie hoofstuk is sieners en verskillende tipes bemiddelaarsfigure bespreek. Laasgenoemde kategorie is onderverdeel in tydelike bemiddelaars enersyds en sjamane en trieksters andersyds.

Daar is gearchumenteer dat nie een van die sieners deel vorm van die sentrum nie; vanweë geslag, ras, etnisiteit, klas of ouderdom is al die sieners deel van die marge (hoewel sommige meer gemarginaliseer is as ander). Al die sieners is liminaal aangesien hulle die grens tussen die hede en die toekoms (of die teenswoordige en die bonatuurlike) oorsteek. Hulle liminale status word egter ook beïnvloed deur ander faktore. Die wanstaltige kind in *Buller se plan* se liminaliteit word byvoorbeeld verhoog omdat Ester onseker is oor haar ouderdom: dit lyk of sy slegs agt of nege is, maar haar liggaam het reeds puberteit bereik.

Die sieners se liminaliteit gee ook, in tandem met die 'kliënt' se gretigheid om 'n spesifieke antwoord op 'n vraag te ontvang, daartoe aanleiding dat die antwoorde wat verskaf word, dubbelsinnig is, dat hulle maklik 'verkeerd' geïnterpreteer kan word. Dit gebeur by die *talking head* (*Buller se plan*), die vrou in die karavaan by die Wimpy (*Karolina Ferreira*) en by Anna (*Niggie*). In Oompie (ook in *Niggie*) se geval, verskaf sy visioene meer inligting omtrent sy karakter en omtrent die marginalisering van die ander karakters as wat dit inligting bied oor die 'gevaar' van dubbelsinnigheid.

Twee ander sieners se visioene blyk ook 'afwykend' te wees. Die eerste is mevrou Kriek, wat probeer om net goeie dinge aan haar kliënte oor te dra en sodoende vir hulle pyn te spaar, tensy die slegte dinge onvermydelik is. As 'goeie' siener, verskil sy dus van Oompie, wie se metode van 'sien' hom kategoriseer as 'sleg'. Omtrent die wanstaltige kind se motiewe en visioene is niks egter bekend nie. Dit is dus onmoontlik om te weet wat sy sien en, gevolglik, onmoontlik om slegs een interpretasie daaraan te heg. Die meesternarratief van die sentrum (wat oor die algemeen gerig is op slegs een moontlike interpretasie van feite) word deur hierdie interpretatiewe moontlikhede wat die wanstaltige kind bied, ondermyn

Sieners is ook verbind met die dood ('n tema wat weer betrek is in die bespreking van trieksters) aangesien hulle voorspellings dikwels te make het met die dood, of omdat dooies deel maak van hul voorspellingsparaferalia (soos in die geval van Oompie, wat 'n menskop in 'n bottel het). Die dood is ook die een meesternarratief wat nie ondermyn kan word deur verskillende interpretasies nie en is ook die grootste uitdaging vir liminaliteit, aangesien dit feitlik onmoontlik is om dié grens meer as een maal oor te steek. Gevolglik is daar gearchumenteer dat sieners en hul visioene nie werklik bestaande grense ondermyn nie, maar eerder aandag vestig op daardie grense.

In die tweede onderafdeling van hoofstuk 5 is daar gekyk na politieke bemiddelaars, veral Geelgert (in *Belemmering*). Aandag is geskenk aan Geelgert se ambivalente (vanuit 'n rassekategoriseringsoogpunt) voorkoms en sy skabreuse taalgebruik. Hy tree op as tussenganger tussen die mans in die berghut en die res van die wêreld, enersyds, en tussen die mans in die berghut en hul politieke konneksies wat die bestaande regime omver wil werp,

andersyds. Die sukses van sy mediërende rol kan egter in twyfel getrek word, aangesien die mans in sy teenwoordigheid uitgelate – byna onbeteuelbaar – is en in sy afwesigheid verdeeld en besluiteloos is oor die strategieë wat hulle moet inspan om die vyand te fnuik. ’n Ander indikasie dat Geelgert moontlik nie die bevrydende triekster is nie, is dat hy veg om die omverwerping van die onderdrukkende regime, maar dat hy self goed vertrou is met mag en dat hy onderwerpingsgedrag by ander oproep. Geelgert verteenwoordig ook in ’n mate die bestaande patriargale orde en dit is dus van belang dat Polla (wat Geelgert eers as ’n tipe vaderfiguur eien) die een is wat sy gesag uitdaag, wat uiteindelik tot optrede oorgaan en die bergspleet oopblaas (daar is geargumenteer dat hierdie gebeurtenis oedipale ondertone bevat). Uiteindelik is daar geargumenteer dat Geelgert se triekstereienskappe paradoksaal genoeg daarin geleë is dat hy nie werklik ’n triekster is nie. Sy dood terwyl hy die rivier oorsteek, kan dus gelees word as simbolies van sy onvermoë om werklik ’n liminale figuur te wees.

Die tweede politieke bemiddelaar aan wie aandag geskenk is, is die kind, Mirandah, in een van die ander verhaallyne in *Belemmering*. Mirandah is slegs liminaal omdat sy op ’n ouderdom is waar sy besig is om van kind na vrou te verander. Sy begeef haar soms ook in die wêreld van volwasse politieke retoriek en steek sodoende die grens oor van gesprekke waaraan kinders mag deel hê. Sy verdraai Hannah se woorde só dat sy sowel haar tante as die leser dwing tot self-refleksiwiteit omtrent politieke betrokkenheid en politieke oortuigings. Sy gebruik woorde wat Hannah gebruik het op só ’n manier dat Hannah gedwing word om die skeidslyn tussen ‘ons’ en ‘hulle’ wat sy self tref, te ondersoek, aangesien Mirandah nie so ’n onderskeid tref nie.

Na aanleiding van uitlatings wat Mirandah oor Neanderthal maak, is sy ook gekoppel aan die dood en is daar gekyk hoe haar houding omtrent die dood verander soos wat sy ouer word. Moontlik ook omdat sy – deur middel van die politieke geweld wat in die roman genoem word – ’n beter idee begin ontwikkel omtrent geweld en dood en sodoende haar onskuld aan die dood afstaan. Die dood is dan ook die finale grens wat oorgesteek moet word.

Nie een van bogenoemde voorbeelde is volledig liminaal nie – daar is sprake van grensoorskryding, maar daardie grensoorskryding geskied oor die algemeen slegs in een rigting: Mirandah kan nie weer haar kinderlyf terugkry wanneer sy eers ’n vrou is nie. Met sjamane en trieksters is herhaalde grensdeurbreking egter moontlik. Daar is geargumenteer dat trieksters en sjamane dikwels ondermynend is ten opsigte van die bestaande orde, maar dat hulle ook dikwels deur daardie orde getolereer word aangesien ’n mate van gesanksioneerde liminaliteit verhoed dat grensdeurbreking die norm word – die dinamika is vergelyk met die verskynsel van die sondebok.

Daar is geargumenteer dat Willie (*Karolina Ferreira*) en Esegïël en Niggie (beide in *Niggie*) nie op dieselfde wyse grense oorskry of bevestig nie, maar dat hulle almal aan die fokaliserende

karakters of aan ander karakters die geleentheid gee om sekere grense oor te steek. Die bemiddelaar begelei ook die fokalisator tydens 'n nuwe lewensfase en in hierdie nuwe lewensfase is daar dikwels sprake van genesing (hetsy sielkundig, hetsy fisiek). Niggie en Esegïel is met vuur verbind en sodoende weereens met lewe en 'n proses van katarsis.

Daar is geargumenteer dat slegs Willie werklik ten gunste is van grensverwydering. Die ander twee sjamane deurbreek ook grense, maar dit wil nie voorkom of hulle werklik ten gunste daarvan is dat daardie grense verwyder word nie. Willie se politieke bedrywighede en die manier waarop hy van meer na minder formele taal wissel, is 'n aanduiding dat hy bestaande grense ondermyn en – definitief op politieke terrein – probeer verwyder. Niggie oorskry grense deur die manier waarop sy praat en die uitsprake wat sy maak oor die oorlog. Sy tree ook soms onkonvensioneel op, maar hierdie optrede is grotendeels grensondermyning en is in sommige gevalle redelik ambivalent. Esegïel se grensoorskryding is minder ambivalent, hoewel dit eerder grense bevestig as om hulle te ondermyn en definitief geëes kan word as 'n aanklag teen diegene wat daardie grense in stand wil hou. Sy kennis van Afrikaner-geskiedenis is merkwaardig. Dit word egter deur die ander karakters as 'n toertjie wat deur 'n slim dier uitgevoer word, gesien eerder as wat dit sy menswaardigheid bevestig.

Die triekster is aansienlik meer ambivalent as die sjamaan. Dit is die bringer van sowel positiewe as negatiewe veranderinge. Waar die sjamaan grense bevestig deur hulle te ondermyn, hef die triekster eerder grense op deur middel van ondermyning. Eerstens is daar gekyk na die triekster se ondermyning van genderstereotipes. Die gender-ambivalensie van die triekster is ondersoek – dit kom veral in *Niggie* ter sprake. Daar is betoog dat die klemverskuiwing in Viljoen/Winterbach se werk van haweloses na gender-ambivalente trieksters 'n ander invalshoek vir kritiek op die rigiede sosiale bestel in Suid-Afrika bied. Die gender-ambivalente karakters (die akteur wat die venynige vriend speel in *Karolina Ferreira*, Shotsi Mendelsohn in *Landskap met vroue en slang* en Jan de Dood in *Buller se plan*) is almal binne die relatief veilige omgewing van die teater gender-ambivalent. Hulle grensoorskryding word sodoende gedeeltelik ingeperk en onskadelik gestel deur die ruimte waarbinne dit plaasvind. Hierteenoor leef Bennie Potgieter (in *Buller se plan*) sy gender-ambivalensie (wat manifesteer omdat hy nie kan kies tussen die ruimtes van die motorhawe en die haarsalon nie – hy voel ewe tuis in albei) uit in die 'regte' wêreld. Daar is geargumenteer dat sy ongemaklikheid en sy verwardheid oor die ruimte waarbinne hy tuis hoort te make het met die samelewing se aandrang op één identiteit, met die konseptualisering van identiteit as iets monolities.

In die finale onderafdeling is daar betoog dat die triekster met sowel kreatiwiteit as vernietiging verbind kan word én dat die triekster in albei hoedanighede bydra tot die totstandkoming van 'n nuwe orde wat verskil (soms op 'n dramatiese wyse, soms nie) van die bestaande orde. Deur

middel van die triekster hou Viljoen/Winterbach haar dus besig met die daarstelling van alternatiewe (sosiale) sisteme. Die ‘skepping’ wat plaasvind, kan egter nie in terme van die binêre opposisie ‘goed’ en ‘kwaad’ gesien word nie, maar is eerder ’n vermenging van daardie elemente. Dít is geïllustreer aan die hand van Jan de Dood in *Buller se plan*, wie se afwesigheid (en die gedurige wag op sy koms) veranderinge in die sosiale dinamika van Steynshoop voortbring; nie al hierdie veranderinge is egter positief nie.

Verder is daar geargumenteer dat die ‘negatiewe’ elemente van die trieksterfiguur toeneem in *Niggie*. Die sterk parallele tussen Oompie en Esegiël – nie alleen as bemiddelaars nie, maar ook as trieksterfigure – is aangedui. Ten spyte van hierdie parallele is daar ook noemenswaardige verskille tussen hulle. Oompie se kontak met die dood blyk ’n redelik negatiewe impak te hê op veral Reitz – dit is weens sy tussentrede dat Reitz ‘in kontak kom’ met sy oorlede vrou en as gevolg van die byna waansinnige toestand waarin hy verkeer, amper daarin slaag om selfmoord te pleeg. Dit is egter telkens Esegiël se teenwoordigheid wat Reitz van die dood red; gevolglik kan daar geredeneer word dat Esegiël ’n ‘positiewer’ verbintenis met die dood het.

Die drie trieksterfigure in *Niggie* se ‘regte’ name is onbekend – Esegiël, Oompie en Niggie is slegs hul noemname. Hierdie feit is gesien as ’n aanduiding van hul ambivalensie en die veelvuldige identiteite waarmee hulle omgaan – veral in *Niggie* se geval is hierdie ‘versluerde’ identiteit belangrik omdat sy sterk verbind word met die triekstervrou. Daar is aandag gegee aan die vloeibare identiteit van die triekstervrou – hoe sy sowel van geslag en ras ‘verander’ en hoe daar verwarring bestaan omtrent haar genderrol.

Die verband tussen die triekstervrou en die dood sentreer rondom die geslagsdaad, wat klaarblyklik nie te lei tot nuwe lewe nie, maar slegs tot die dood. Ben vertel dat geslagsgemeenskap met die (swart) triekstervrou “was soos om by die dood in te gaan” (N:158). Wanneer Ben uiteindelik met Niggie trou, word sy egter swanger – ten spyte van die verbande tussen haar en die triekstervrou. Daar kan dus nie geargumenteer word dat daar ’n absolute verband is tussen geslagsgemeenskap met die triekstervrou en die dood nie.

Net soos die triekstervrou, bak Niggie ook poetse – in Reitz se geval moedig sy hom aan om ’n verhouding met Anna aan te knoop, maar met Johannes (Anna se man) se terugkeer, blyk dit baie duidelik dat die verhouding tussen Reitz en Anna geen toekoms het nie. Haar verhouding met Ben kan gesien word as uittarting van Reitz en Anna (en hul mislukte verhouding). Verder verwar Niggie die leser deurdat sy die potensiaal het om helend op te tree (sy is ’n verpleegster van beroep), maar dat sy dit nie noodwendig doen nie. Sy kan heel verwoestend optree – soos blyk uit die geval van Reitz en Anna.

Die ‘sukses’ van die trieksterfiguur spruit daaruit dat hy of sy herkenbaar is, maar dat hy of sy telkens te laat herken word. Sodoende vestig Viljoen/Winterbach die leser se aandag daarop dat sekerheid, veral sekerheid omtrent identiteit, nie bestaan nie, of dat aannames misleidend en selfs katastrofaal kan wees.

Soos blyk uit hierdie samevatting is daar ’n verskuiwing in Viljoen/Winterbach se werk – waar haweloses en soortgelyke sosiale en politieke benadeeldes aanvanklik volop in haar werk was, is hulle stelselmatig vervang met ander sosiale en politieke benadeeldes (‘gekke’ en ‘swaksinniges’) en is daar ook ’n toename in liminale figure. Hierdie verskuiwing kan gelees word as ’n ondermyning van grense wat nie verval het met die val van Apartheid nie, maar slegs verander het. Viljoen/Winterbach is dus steeds besig met die uitdaging van sosiale norme en met die skepping van ondermynende sosiale sisteme. Waar daar egter in die jare tagtig ’n algemene neiging tot politieke ondermyning was (waaraan Viljoen/Winterbach meegedoen het, hoewel op ’n effens aweregse wyse), is daar in die jare negentig en die eerste paar jaar van die een-en-twintigste eeu nie ’n vergelykbare diskoers in die literêre sisteem nie. Viljoen/Winterbach se ondermynende werk is dus belangrik as volgehoue sosiale kommentaar. Verdere studies sal kan aantoon hoe hierdie kommentaar geïntegreer is in die literêre sisteem van die nuwe millennium en wat die waarde daarvan binne daardie sisteem is – veral in die lig van Viljoen/Winterbach se ‘verhoogde’ status met die toekenning van die Hertzog-prys vir *Niggie* in 2004.

Bronnelys

- Abe, Masao. 1986 (1985). *Zen and Western Thought*, edited by William R. LaFleur. Houndmills: Macmillan Press.
- Alford, Robert R. and Roger Friedland. 1992 (1985). *Powers of Theory. Capitalism, the State, and Democracy*. 6th edition. Cambridge: Cambridge University Press.
- Bakhtin, Mikhail. 1994. *The Bakhtin Reader. Selected Writings of Bakhtin, Medvedev and Voloshinov*, edited by Pam Morris. London, New York, Melbourne and Auckland: Edward Arnold.
- Bal, Mieke. 1990 (1978). *De theorie van vertellen en verhalen. Inleiding in de narratologie*. 5^e, volledig herziene druk. Muiderberg: Dick Courinho.
- Balaam, David N. and Michael Veseth. 1996. *Introduction to International Political Economy*. Upper Saddle River: Prentice Hall.
- Benson, Susan. 2000. Inscriptions of the Self: Reflections on Tattooing and Piercing in Contemporary Euro-America. In: Caplan, Jane. *Written on the Body. The Tattoo in European and American History*. Princeton: Princeton University Press: 234 – 254.
- Berkhofer, Robert F. Jr. 1998 (1995). *Beyond the Great Story. History as Text and Discourse*. Cambridge (Mass.) and London: The Belknap Press.
- Blake, William. 1993. The Sick Rose. In: Abrams, M.H. (ed.). *The Norton Anthology of English Literature. Volume 2*. 6th edition. New York and London: W.W. Norton & Company: 36.
- Blum, Peter. 1958. *Enklaves van die lig*. Kaapstad: A.A. Balkema.
- Botha, Elize. 1995. “Die spel word telkens in die tyd herhaal”: gedaantes van vernuwing in die Afrikaanse letterkunde. *Stilet*, 7(2): 1 – 10.
- Brink, André P. 1986. ’n Novelle vol uitdagings vir die ernstige leser. *Rapport*, 21 Desember: <http://www.und.ac.za/und/afrik/resensie_ erf.html#uitdagings> (1 Julie 2004).
- Brink, André P. 1987. *Vertelkunde. ’n Inleiding tot die lees van verhalende tekste*. Pretoria en Kaapstad: Academica.
- Britz, E.C. 1987. Met ’n anti-burgerlike en artistieke oog. Lettie Viljoen se ‘Erf’ verdien waardering. *Die Burger*, 12 Maart: 9.
- Brontë, Charlotte. 1998. *Jane Eyre*. Oxford: Oxford University Press.
- Brooks, Cleanth and Robert Penn Warren. 1971 (1959). *Understanding Fiction*. 2nd edition. New York: Appleton-Century Crofts.

- Caminero-Santangelo, Marta. 1998. *The Madwoman Can't Speak. Or Why Insanity is Not Subversive*. Ithaca and London: Cornell University Press.
- Captain, Esther en Halleh Ghorashi. 2001. 'Tot behoud van mijn identiteit.' Identiteitsvorming binnen de zmv-vrouwenbeweging. In: Botman, Maayke, Nancy Jouwe en Gloria Wekker (reds.). *Caleidoscopische visies. De zwarte, migranten- en vluchtelingen-vrouwenbeweging in Nederland*. Amsterdam: Koninklijke Instituut van de Tropen: 153 – 185.
- Carroll, Lewis. 1987. *Die avonture van Alice*, vertaal deur André P. Brink. Kaapstad en Pretoria: Human & Rousseau.
- Carse, James P. 1987. *The Encyclopedia of Religion. Volume 13*. S.v. "Shape Shifting". New York: Macmillan.
- Chatman, Seymour. 1978. *Story and Discourse. Narrative Structure in Fiction and Film*. Ithaca and London: Cornell University Press.
- Cirlot, J.E. 1982 (1962). *A Dictionary of Symbols*, translated by Jack Sage. 2nd edition. S.v. "Fire". New York: Philosophical Library.
- Cock, Jacklyn. 1980. *Maids and Madams. A Study in the Politics of Exploitation*. Johannesburg: Ravan.
- Coetzee, J.M. 1992a (1986). Into the Dark Chamber: The Writer and the South African State. In: *Doubling the Point: Essays and Interviews*, edited by David Atwell. Cambridge (Mass) and London: Harvard University Press: 361 – 368.
- Coetzee, J.M. 1992b (1987). Jerusalem Prize Acceptance Speech. In: *Doubling the Point: Essays and Interviews*, edited by David Atwell. Cambridge (Mass) and London: Harvard University Press: 96 – 99.
- Coleridge, Samuel Taylor. 1984. *Biographia Literaria. Or Biographical Sketches of My Literary Life and Opinions*, edited by James Ensell and W. Jackson Bate. Princeton: Princeton University Press.
- Concise Oxford English Dictionary, The*. 2002. 10th edition, revised. S.v. "duende". Oxford: Oxford University Press.
- Dagut, Simon. 1997. Paternalism and Social Distance: British Settlers' Racial Attitudes, 1850s – 1890s. *South African Historical Journal*, 37: 3 – 20.
- Davis, Angela. 1986 (1982). *Women, Race and Class*. London: The Women's Press.
- Degenaar, J.J. 1980. *Voortbestaan in geregtigheid*. Kaapstad: Tafelberg.
- Derrida, Jacques. 1987 (1978). *The Truth in Painting*, translated by Geoff Bennington and Ian McLeod. Chicago and London: The University of Chicago Press.

- Diamond, Stanley. 1972. Introductory Essay: Job and the Trickster. In: Radin, Paul. *The Trickster: A Study in American Indian Mythology*. New York: Schocken Books: xi – xxii.
- Du Plooy, Heilna. 2004. Spatial and historical interstices in *Disgrace* by J.M.Coetzee and *Niggie* by Ingrid Winterbach (Unpublished paper). Delivered at the Canadian Association of Commonwealth Literature and Language Studies's Conference: Confluence: Ideas, Identities and Place. Manitoba: University of Winnipeg: 28 – 30 May 2004.
- Eliade, Mircea. 1987. *The Encyclopedia of Religion. Volume 13*. S.v. "Shamanism: An Overview". New York: Macmillan.
- Ester, H. 1985. Intrigerend klaaglied van Lettie Viljoen. *Zuid-Afrika*, 62(3): 74.
- Felleman, Susan. 2001. Dirty Pictures, Mud Lust, and Abject Desire: Myths of Origin and the Cinematic Object – Art and Artists in the Movies. *Film Quarterly*, Fall: (no pagination) <http://www.findarticles.com/p/articles/mi_m1070/is_1_55/ai_80225750> (30 August 2004).
- Forster, E.M. 1974 (1927). *Aspects of the Novel and Related Writings*, edited by Oliver Stallybras. London: Edward Arnold.
- Foucault, Michel. 2003 (1961). *Madness and Civilization. A History of Insanity in the Age of Reason*, translated by Richard Howard. London and New York: Routledge.
- Galtung, Johan. 1969. Violence, Peace, and Peace Research. *Journal of Peace Research*, 7(3): 167 – 191.
- Garrard, Mary D. 1989. *Artemesia Gentileschi. The Image of the Female Hero in Italian Baroque Art*. Princeton: Princeton University Press.
- Gerwel, Gert. 1979. Literatuur en Apartheid. Konsepsies van 'gekleurdes' in die Afrikaanse roman tot 1948. D.Litt.-proefskrif, Vrije Universiteit Brussel, Brussel.
- Gilbert, Sandra M. and Susan Gubar. 1979. *The Madwoman in the Attic. The Woman Writer and the Nineteenth-Century Literary Imagination*. New Haven and London: Yale University Press.
- Gilead, Sarah. 1986. Liminality and the Victorian Novel. *English Literary History*, 53(1): 183 – 197.
- Gill, Sam D. 1987. *The Encyclopedia of Religion. Volume 10*. S.v. "North American Religions: Mythic Themes". New York: Macmillan.
- Gordimer, Nadine. 1979. *Burger's Daughter*. London: Johnathan Cape.
- Greimas, Algirdas Julien. 1991. *De betekenis als verhaal. Semiotische opstellen*, vertaald door William van Belle, Paul Claes, Dirk de Geest en Herman Parret. Amsterdam: John Benjamins.

- Hattingh, Marion. 1997. Landskap van vrou se stryd as kunstenaar. Waardige opvolger van Leroux se satire. *Rapport*, 12 Januarie:
<http://www.und.ac.za/und/afrik/resensie_landskap.html#stryd>. (1 Julie 2004).
- Heywood, Andrew. 1997. *Politics*. Houndmills: Macmillan.
- Human, Thys. 2002. Dié enigmatiese niggie ken baie trieks. *Rapport*, 1 Desember: 28.
- Hutcheon, Linda. 1995 (1994). *Irony's Edge. The Theory and Politics of Irony*. London and New York: Routledge.
- Iwatake, Mikako. 1992. Boundary, the Other World and the Stranger. Liminality and Space in Japanese Folklore Study. *Temenos*, 28: 81 – 99.
- James, Henry. 1972. *Theory of Fiction. Edited with an Introduction by James E. Miller, Jr.* Lincoln and London: University of Nebraska Press.
- Jantzen, Grace M. 1997 (1995). *Power, Gender and Christian Mysticism*. Cambridge: Cambridge University Press.
- John, Philip. 1997. Marginaliteit, die Afrikaanse letterkunde en die “ongedefinieerde woekering van vryheid”. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 4(2): 250 – 269.
- John, Philip. 1998. Die Afrikaanse historiese roman en die literêre kritiek: Aspekte van die verhouding tussen literêr-kritiese perspektief en literêre tradisie. D.Litt.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.
- Kaeppler, Adrienne L. 1987: *The Encyclopedia of Religion. Volume 11*. S.v. “Polynesian Religions: Mythic Themes”. New York: Macmillan.
- Kamens, Edward. 1987. *The Encyclopedia of Religion. Volume 1*. S.v. “Androgynes”. New York: Macmillan.
- Kannemeyer, J.C. 1993. ‘Belemmerende’ gang van vorige werk afgeskud. *Rapport*, 28 November: 30.
- Keats, John. 1973. Lamia. In: Barnard, John (ed.). *John Keats. The Complete Poems*. Harmondsworth: Penguin Education: 414 – 433.
- Keener, Frederick M. (ed.). 1997. *Virgil's Aeneid Translated by John Dryden*. London: Penguin Books.
- Lang, Jerome H. 1987. *The Encyclopedia of Religion. Volume 4*. S.v. “Culture Heroes”. New York: Macmillan.
- Le Roux, André. 1985. ‘Klaaglied vir Koos’ Goed begin en baie gewin. *Die Burger*, 18 April: 9.

- Lidchi, Henrietta. 1997. *The Poetics and the Politics of Exhibiting Other Cultures*. In: Hall, Stuart (ed.). *Representation. Cultural Representations and Signifying Practices*. London, Thousand Oaks and New Delhi: SAGE publications.
- Lipton, Merle. 1985. *Capitalism and Apartheid. South Africa, 1910 – 84*. Aldershot: Gower.
- Mac Cana, Proinsias. 1987. *The Encyclopedia of Religion. Volume 6*. S.v. “Head: The Celtic Head Cult”. New York: Macmillan.
- Marx, Karl. 1978 (1973). *The Revolutions of 1848. Political Writings Volume 1*, edited and introduced by David Fernbach. Harmondsworth: Penguin Books.
- Marx, Karl. 1992 (1973). *Surveys from Exile. Political Writings Volume 2*, edited and introduced by David Fernbach. Harmondsworth: Penguin Books.
- Meslin, Michel. 1987. *The Encyclopedia of Religion. Volume 6*. S.v. “Head: Symbolism and Ritual Use”. New York: Macmillan.
- Moi, Toril. 1988 (1985). *Sexual/Textual Politics: Feminist Literary Theory*. London: Routledge.
- Morton, Stephen. 2003. *Gayatri Chakravorty Spivak*. London and New York: Routledge.
- Mudrick, Marvin. 1961. Character and Event in Fiction. *The Yale Review*, 50(1): 202 – 218.
- New Encyclopædia Britannica, The*. 2002. *Volume 1 (Micropædia)*. 15th edition. S.v. “Barbara, Saint”. Chicago: Encyclopædia Britannica, Inc.
- New Encyclopædia Britannica, The*. 2002. *Volume 2 (Micropædia)*. 15th edition. S.v. “Brân”. Chicago: Encyclopædia Britannica, Inc.
- New Encyclopædia Britannica, The*. 2002. *Volume 22 (Macropædia)*. 15th edition. S.v. “Joan of Arc”. Chicago: Encyclopædia Britannica, Inc.
- New Encyclopædia Britannica, The*. 2002. *Volume 6 (Micropædia)*. 15th edition. S.v. “Joan of Arc, Saint”. Chicago: Encyclopædia Britannica, Inc.
- New Encyclopædia Britannica, The*. 2002. *Volume 7 (Micropædia)*. 15th edition. S.v. “Loyola, Saint Ignatius of”. Chicago: Encyclopædia Britannica, Inc.
- New Encyclopædia Britannica, The*. 2002. *Volume 26 (Macropædia)*. 15th edition. S.v. “Religious Experience”. Chicago: Encyclopædia Britannica, Inc.
- Opfèll, Olga S. 1991. *Special Visions. Profiles of Fifteen Women Artists from the Renaissance to the Present Day*. Jefferson (NC) and London: McFarland & Company.
- Pakendorf, Gunther. 1991. *Belemmering, maar dis ’n leeservaring*. *Die Burger*, 14 Mei: <http://www.und.ac.za/und/afrik/resensie_belemmering.html#leeservaring>. (1 Julie 2004).

- Pakenham, Thomas. 1988 (1986). Die tweede Anglo-Boereoorlog, 1899 – 1902. In: Cameron, Trehwella (red.). *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*. Kaapstad en Pretoria: Human & Rousseau en Johannesburg: Southern Boekuitgewers: 200 – 227.
- Pelton, Robert D. 1980. *The Trickster in West Africa. A Study of Mythic Irony and Sacred Delight*. Berkeley, Los Angeles and London: University of California Press.
- Phillips, Howard. 2004. HIV/AIDS in the Context of South Africa's Epidemic History. In: Kauffman, Kyle D. and David L. Lindauer (eds.). *AIDS and South Africa: the Social Expression of a Pandemic*. Houndmills: Palgrave Macmillan: 31 – 47.
- Ray, Benjamin C. 1987. *The Encyclopedia of Religion. Volume 1*. S.v. "African Religions: An Overview". New York: Macmillan.
- Rimmon-Kenan, Shlomith. 1983. *Narrative Fiction. Contemporary Poetics*. London and New York: Methuen.
- Roth, G. and P.M. Duval. 1974. The Insular Celts: Great Britain and Ireland. In: Grimal, Pierre (ed.). *Larousse World Mythology*. London: Hamlyn. 347 – 356.
- Said, Edward W. 2003 (1978). *Orientalism*. London: Penguin Books.
- Saunders, Christopher (ed.). 1988. *Illustrated History of South Africa. The Real Story*. Cape Town: Reader's Digest.
- Scheper-Hughes, Nancy. 2001 (1977). *Saints, Scholars, and Schizophrenics. Mental Illness in Rural Ireland*. 20th edition. Berkeley, Los Angeles and London: University of California Press.
- Seshadri-Crooks, Kalpana. 1995. At the Margins of Postcolonial Studies. *Ariel*, 26(3): 47 – 71.
- Showalter, Elaine. 1988. Feminist Criticism in the Wilderness. In: Lodge, David (ed.). *Modern Criticism and Theory. A Reader*. London and New York: Longman: 331 – 353.
- Smith, Valerie. 1998. *Not Just Race, Not Just Gender. Black Feminist Readings*. New York and London: Routledge.
- Smuts, J.P. 1975. *Karakterisering in die Afrikaanse roman*. Kaapstad en Pretoria: Hollandsch Afrikaansche Uitgevers Maatschappij.
- Sölle, Dorothee. 2000 (1997). *Mystiek en verzet. "Gij stil geschreeuw"*, vertaald door Harmina van der Vinne. Baarn: Ten Have.
- Spies, S.B. 1988 (1986). Unie en onenigheid, 1910-1924. In: Cameron, Trehwella (red.). *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*. 2^e druk. Kaapstad en Pretoria: Human & Rousseau en Johannesburg: Southern Boekuitgewers: 230 – 247.

- Spivak, Gayatri Chakravorty. 1988. Can the Subaltern Speak?. In: Nelson, Cary and Lawrence Grossberg (eds.). *Marxism and the Interpretation of Culture*. Houndmills: Macmillan Education: 271 – 313.
- Steward, Samuel M. 1990. *Bad Boys and Tough Tattoos. A Social History of the Tattoo with Gangs, Sailors and Street-Corner Punks 1950-1965*. New York and London: Harrington Park Press.
- Sullivan, Lawrence E. 1987. *The Encyclopedia of Religion*, vol. 15. S.v. “Tricksters”. New York: Macmillan.
- Sykes, Egerton (comp.). 1952. *Everyman's Dictionary of Non-classical Mythology*. S.v. “Bran”. London: J.M. Dent and Sons, New York: E.D. Dutton.
- Ter Braak, Menno. 1964. *Dr. Dumay Verliest...* Amsterdam: G.A. van Oorschot.
- Turner, Victor W. 1969. *The Ritual Process. Structure and Anti-Structure*. London: Routledge and Kegan Paul.
- Thompson, Willie. 2004. *Postmodernism and History*. Houndmills: Palgrave Macmillan.
- Van Baaren, Th. P. 1987. *The Encyclopedia of Religion. Volume 4*. S.v. “Death”. New York: Macmillan.
- Van Gennep, Arnold. 1977 (1960). *The Rites of Passage*, translated by Monika B. Vizedom and Gabrielle L. Caffee. London and Henley: Routledge and Kegan Paul.
- Van Gorp, Hendrik, Dirk Delabastita en Rita Ghesquiere. 1998. *Lexicon van literaire termen*. 7^e, herziene druk. S.v. “Personage”. Groningen: Martinus Nijhoff en Deurne: Wolters Plantyn.
- Van Gorp, Hendrik, Dirk Delabastita en Rita Ghesquiere. 1998. *Lexicon van literaire termen*. 7^e, herziene druk. S.v. “Polysysteem(theorie)”. Groningen: Martinus Nijhoff en Deurne: Wolters Plantyn.
- Venter, L.S. 1999. ‘Buller se plan’ ’n langdradige en onopwindende vertelling. *Beeld*, 6 Desember: 13.
- Venter, L.S. 2002. Winterbach se roman ‘Niggie’ verbeeldingryk. *Beeld*, 16 Desember: 7.
- Viljoen, Hein. 1992. *Literêre terme en teorieë*. S.v. “Sisteen (Literêre)”. Pretoria: HAUM-Literêr.
- Viljoen, Hein. 1998. Marginalia on Marginality. *Alternation*, 5(2): 10 – 22.
- Viljoen, Lettie. 1986. *Erf*. Emmarentia: Taurus.
- Viljoen, Lettie. 1987 (1984). *Klaaglied vir Koos*. 2^e uitgawe. Emmarentia: Taurus.
- Viljoen, Lettie. 1990. *Belemmering*. Bramley: Taurus.

- Viljoen, Lettie. 1993. *Karolina Ferreira*. Kaapstad en Johannesburg: Human & Rousseau.
- Viljoen, Lettie. 1996. *Landskap met vroue en slang*. Kaapstad, Pretoria en Johannesburg: Human & Rousseau.
- Viljoen, Louise. 1993a. Die roman as polifonie: diskursiewe verskeidenheid in Lettie Viljoen se *Belemmering*. *Tydskrif vir Literatuurwetenskap*, 9(3/4): 313 – 325.
- Viljoen, Louise. 1993b. Re-presenting History: Reflections on Two Recent Afrikaans Novels. *Current Writing*, 5(1): 1 – 24.
- Viljoen, Louise. 1995. Disrupsie en appropriasie in Lettie Viljoen se *Karolina Ferreira*. *Stilet*, 7(2): 32 – 45.
- Viljoen, Louise. 2003. Die triekster met die verhoedjie. *Insig*, Junie: 76.
- Warwick, Peter. 1988 (1986). Swartmense in die oorlog. In: Cameron, Trehwella (red.). *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld*. Kaapstad en Pretoria: Human & Rousseau en Johannesburg: Southern Boekuitgewers: 216.
- Wekker, Gloria en Helma Lutz. 2001. Een hoogvlakte met koude winden. De geschiedenis van het gender- en etniciteitsdenken in Nederland. In: Botman, Maayke, Nancy Jouwe en Gloria Wekker (reds.). *Caleidoscopische visies. De zwarte, migranten- en vluchtelingen-vrouwenbeweging in Nederland*. Amsterdam: Koninklijke Instituut van de Tropen: 25 – 49.
- Welsford, Enid. 1961. *The Fool. His Social and Literary History*. New York: Anchor Books.
- Whisson, Michael G. and William Weil. 1971. *Domestic Servants. A Microcosm of "the Race Problem"*. Johannesburg: South African Institute of Race Relations.
- White, Hayden. 1982 (1976). *Tropics of Discourse. Essays in Cultural Criticism*. Baltimore and London: Johns Hopkins University Press.
- Williams, Rhonda M. 1998 (1997). Living at the Crossroads. Explorations in Race, Nationality, Sexuality, and Gender. In: Lubiano, Wahneema (ed.). *The House that Race Built*. New York: Vintage Books: 136 – 156.
- Winterbach, Ingrid. 1999. *Buller se plan*. Kaapstad, Pretoria en Johannesburg: Human & Rousseau.
- Winterbach, Ingrid. 2002. *Niggie*. Kaapstad, Pretoria en Johannesburg: Human & Rousseau.
- Wÿbenga, Gretel. 1995. *Karolina Ferreira* (Lettie Viljoen). Of: Mot – metamorfose – mistiek. *Tydskrif vir Letterkunde*, 33(1): 102 – 106.
- Young, Robert J.C. 1995. *Colonial Desire. Hybridity in Theory, Culture and Race*. London and New York: Routledge.